Die lewe van ingekerkerde gemeenskappe: ’n Vergelykende studie uit kampdagboeke en -herinneringe gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902

J.E. Krugell

11044950

Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereiste vir die graad Philosophiae Doctor in Geskiedenis aan die Vaaldriehoekkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. E.S. van Eeden
Medepromotor: Dr. P.M. Möller

Mei 2017

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOORWOORD

Bedankings

Aan my Hemelse Vader kom toe al die dank, lof en aanbidding van my hart vir genade en krag om hierdie studie te voltooi.

My opregte waardering en dank aan die volgende persone vir hulle bydrae tot die afhandeling van die studie:

Prof. Elize van Eeden en dr. Pieter Möller vir hulle kritiek, kommentaar en geduld. Hulle kennis en leiding was van onskatbare waarde tydens die studie.

Die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek en in besonder me. Hester Spoelstra en me. Isabel Blom, vir hulle behulpsaamheid en vriendelikheid.

Mnr. en me. André en Claudie Jooste van Bloemfontein verdien ’n spesiale woord van dank vir hulle flinke diens met die verkryging van talle dagboeke en briewe.

Mnr. Joe Coetsee en prof. Franci Jordaan vir kundige en noukeurige taalversorging.

Me. Etna Labuschagne van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke vir haar moeite met die uitsoek en aanstuur van foto’s.

Mnr. Theuns de Klerk vir die natrek van kaarte.

Me. Marike Cockeran vir die voorstelling van statistiese gegewens.

Mnr. Henry Cockeran en me. Petra Gainsford vir die tegniese versorging van die proefskrif.

Dr. Karen van der Merwe (Vakgroep Sielkunde, NWU-Vaaldriehoekkampus) vir haar raad en hulp rakende die begrip geestesveerkragtigheid, en literatuur in dié verband.

My gesin – Jan, Waldo, Johann, Kathryn, Cobus, Marike en Henry – wat nooit moeg geword het vir al my vertellings nie en vir hulle ondersteuning, aanmoediging en bemoediging.

GLOSSARIUM VAN TERME EN BEGRIPPE

Afrikaanssprekendes: Vir die doel van die studie word die term Afrikaner en Afrikaanssprekendes gebruik om na die Afrikaans-/Hollandssprekende blankes te verwys wat tydens die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog in Suid-Afrika woonagtig was. Die term Boer word soms as alternatief gebruik.

Anglo-Boereoorlog: Die oorlog tussen Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, 1899-1902. Die benaminge “Tweede Vryheidsoorlog” en “Die Suid-Afrikaanse Oorlog” word ook gebruik. In die studie is die benaming “Suid-Afrikaanse Oorlog” of net “dié Oorlog” gebruik.

Boererepublieke: Die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat.

Dingaansdag: 16 Desember, die dag waarop die Voortrekkers se oorwinning oor die Zoeloes by Bloedrivier gedenk is.

Inkerkering: Die afsondering van persone van hulle familie, normale omgewing, lewenswyse, kultuur en sosiale lewe.

Interneer: In ’n interneringskamp gevange hou.

Interneringskamp: Beveiligde kamp waarin krygsgevangenes of politieke gevangenes aangehou word.

Joiner: ’n Boer wat gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog saam met die Engelse die wapen teen die Boeremagte opgeneem het.

Konsentrasiekampbewoners: Dit is burgerlikes wat weens hulle vereenselwiging met ’n spesifieke etniese of politieke groep aangehou word.

Krygsgevangenes: Die persone is volgens internasionale reg lede van ’n vyandelike weermag en wat deur opponerende magte gevang en aangehou is.

Oorlogskampbewoners: Gevangenes in die konsentrasie- en krygsgevangenekampe.

OVS: Republiek van die Oranje-Vrystaat.

Patriotisme: Vaderlandsliefde, ’n gevoel van lojaliteit en liefde teenoor die vaderland.

Suid-Afrika: Die benaming “Suid-Afrika” het in 1899 geografies na die twee Britse kolonies (Natal en die Kaapkolonie) en die onafhanklike Boererepublieke (Republiek van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek) verwys.

Trauma: Emosionele trauma is die verwonding van ’n mens se gees, emosies, waardigheid, geloof in jouself, die omgewing en gevoel van veiligheid en geborgenheid.

Veerkragtigheid: Dit is die universele vermoë wat individue, groepe of gemeenskappe in staat stel om skadelike gevolge van teëspoed en probleme te voorkom, te verminder, te verwerk of te oorkom.

Verskroeideaardebeleid: Britse militêre beleid waarvolgens plase wat vir militêre doeleindes gebruik is of waar vroue op die plase as spioene opgetree het, afgebrand is.

ZAR: Zuid-Afrikaansche Republiek.

GEGEWENS VIR OMSKAKELING NA METRIEKE MATE

Akker: ’n Grondoppervlak van 0,4047 hektaar.

Morg: ’n Landmaat van 100 x 100 jaart; een morg is 0,8567 hektaar.

Myl: ’n Afstand van 1,609 kilometer.

Jaart: ’n Lengtemaat van 0,91 meter.

Voet: ’n Lengtemaat van 0,3 meter.

Duim: ’n Lengtemaat van 25,4 millimeter.

Gelling: ’n Inhoudsmaat van 4,546 liter.

Pint: ’n Inhoudsmaat van 568,2 milliliter.

Pond: ’n Gewigseenheid van 453,6 gram of 0,45 kilogram.

Fahrenheit: ’n Temperatuur van 68 grade Fahrenheit is 20,0 grade Celsius.

OPSOMMING

Die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902 was ’n totale aanslag wat die inkerkering van duisende mense meegebring het. Van die 219 000 nie-Britse blanke inwoners van die Zuid-Afrikaansche en Oranje-Vrystaatse Republieke is ten minste 145 408 (66 persent) gedurende die verloop van die Oorlog in 50 konsentrasiekampe en 34 krygsgevangenekampe geïnterneer. Onmenslike lyding en ontberinge het die dood van ten minste 29 045 van dié gevangenes tot gevolg gehad.

Die inkerkering van soveel duisende nie-Britse blanke inwoners van die twee Boererepublieke was ’n traumatiese gebeurtenis in die Afrikaner se geskiedenis. Alhoewel die geskiedenis van die konsentrasiekampe vir blankes en die krygsgevangenekampe deeglik opgeteken is, is daar weinig materiaal oor sommige aspekte van hulle ingekerkerde gemeenskapslewe beskikbaar. Die doel van die studie is om ’n bydrae tot ’n ewewigtige geheelbeskouing van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se ingekerkerde gemeenskapslewe te lewer. ’n Vergelykende studiebenadering is gevolg in die bepaling van die historiese profiele van die ingekerkerde persone se gemeenskapslewe. Die fokus is op hoe beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes ’n ingekerkerde gemeenskapslewe ervaar en hanteer het.

In die studie word uitgewys hoe ’n ingekerkerde gemeenskapslewe beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se lewe fisiek en geestelik ontwrig het. Daar word ook gelet op hoe die skeiding van geliefdes en gebrek aan nuus daartoe bygedra het dat die gevangenes hulle ingekerkerde bestaan as bykans ondraaglik beleef het. Hulle verlange na en hoop op nuus van geliefdes het ook gedurende die Oorlog intenser geword. In die studie word verder uitgewys hoe die verskroeideaardebeleid, brandstigting en soveel lewensverlies by die gevangenes ’n standvastigheid en gevoel van patriotisme versterk het en hoe sommige, vir wie die verlies aan vryheid en die haglike omstandighede in die kampe oorweldigend was, verskeie pogings aangewend het om uit die gehate gevangenskap te ontvlug.

In die studie word daar ook gelet op hoe beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes, ten spyte van besonder intensbeleefde fisieke en geestelike ontwrigting, ’n oorlewingsveerkragtigheid getoon het en hoe die verskillende aktiwiteite, uitstappies, skole, die gevangenes se fyn sin vir humor en hulle diepe godsdienssin belangrike oorlewingsmeganismes in hulle hantering van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe was en dat dit tot hulle geestelike welsyn bygedra het en hulle moraal verhoog het.

Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het, ongeag verskille in fisieke en geestelike ontwrigting, ’n ingekerkerde gemeenskapslewe as ondraaglik beleef. Lewensveerkragtigheid en soortgelyke oorlewingsmeganismes het tot hulle innerlike welstand bygedra en om tog sin aan ’n ingekerkerde gemeenskapslewe te gee.

Sleutelterme

Suid-Afrikaanse Oorlog, Anglo-Boereoorlog,Tweede Vryheidsoorlog, konsentrasie- en krygsgevangenekampe, inkerkering, internering, Zuid-Afrikaansche Republiek, ZAR, Republiek van die Oranje-Vrystaat, OVS, verskroeideaardebeleid, vergelykende studies.

ABSTRACT

The South African War of 1899 to 1902 was a total onslaught that brought about the incarceration of thousands of people. Of the 219 000 non-British whites in the South African and Orange Free State Republics, at least 145 408 (66 percent) were interned during the course of the war in 50 concentration and 34 Boer prisoner-of-war (POW) camps. Inhuman suffering and hardships, resulted in the deaths of at least 29 045 of those prisoners.

The incarceration of so many thousands of non-British European inhabitants of the two republics was a traumatic event in the history of the Afrikaner. Although the history of the concentration camps for whites and the Boer prisoner-of-war camps were well documented, there is little material available on some aspects of their incarcerated community life. The purpose of this study is to make a contribution to a balanced overall view of both the concentration camp inhabitants and the Boer prisoners' of war incarcerated community life. A comparative study approach was used to determine the historical profile(s) of the incarcerated people's community life. The focus is on how both the concentration camp prisoners and Boer prisoners of war experienced and dealt with an incarcerated community life.

It is shown in this study how an incarcerated community life disrupted the Boer prisoners of war as well as the concentration camp prisoners' lives both physically and mentally. Attention is also given to how the separation from loved ones and the lack of news contributed to the fact that prisoners experienced their incarcerated life as virtually unbearable. Their longing and hope for news of loved ones became increasingly intense in the course of the War. The survey also points out how the scorched-earth policy, arson and so much loss of life awakened in the prisoners a sense of stability and patriotism and how some for whom the loss of freedom was overwhelming, made several attempts to escape from the hateful life of captivity.

The study also demonstrates how both the concentration camp inhabitants and Boer prisoners of war, despite very intensely experienced physical and mental disruption, displayed a survival, resilience and hope and how the different activities, outings,

schools, the prisoners' fine sense of humour and their profound devotion were important survival mechanisms in their coping with an incarcerated community life and that these contributed to their spiritual wellbeing and boosted their morale.

Both the concentration camp prisoners and the Boer prisoners of war, regardless of different levels of physical and mental disruption, experienced their incarcerated community life as unbearable. Their having a resilient worldview and other similar survival mechanisms, however, contributed to their inner strength and gave meaning even to an incarcerated community life.

Key terms

South African War, Second Anglo-Boer War, Anglo-Boer War, concentration camps, Boer prisoner-of-war camps, Transvaal, South African Republic, ZAR, Orange Free State, OFS, internment, scorched-earth policy, incarceration, Boer Republics, comparative studies.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD ..... **I**

GLOSSARIUM VAN TERME EN BEGRIPPE ..... **II**

GEGEWENS VIR OMSKAKELING NA METRIEKE MATE ..... **IV**

OPSOMMING ..... **V**

ABSTRACT ..... **VII**

HOOFSTUK 1: NAVORSING OOR DIE LEWE VAN INGEKERKERDE GEMEENSKAPPE VANUIT 'N VERGELYKENDE STUDIE **1**

1.1 Oriëntering **1**

1.2 Probleemstelling **5**

1.3 Navorsingsvrae **9**

1.4 Navorsingsdoelwitte **10**

1.5 Sentrale teoretiese stelling **11**

1.6 Ondersoekmetode **11**

1.6.1 Literatuurontleding 11

1.6.2 Navorsingsbenadering: 'n Vergelykende geskiedskrywing 13

1.6.3 Onderhoude 15

1.7 Betekeniswaarde van die studie **15**

1.8 Invalshoeke van die studie **15**

1.8.1 Navorsing oor die lewe van ingekerkerde gemeenskappe vanuit 'n vergelykende studie 15

1.8.2 Oorlogskampe en kampstudies in die literatuur: ’n Historiografiese besinning 15

1.8.3 Van Boererepublieke tot oorlogskampe, 1899-1902: ’n Demografies-historiese studie 16

1.8.4 Inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor 16

1.8.5 Hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog 16

1.8.6 Waaghalsige ontsnappings uit krygsgevangene- en konsentrasiekampe 17

1.8.7 Patriotisme gedy in die kampe 17

1.8.8 Geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes 17

1.8.9 Oorlogsinkerkering tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902: Terugskouend en vergelykend 17

1.9 Samevatting 18

HOOFSTUK 2: OORLOGSKAMPE EN KAMPSTUDIES IN DIE LITERATUUR: ’N HISTORIOGRAFIESE BESINNING 19

2.1 Inleiding 19

2.2 Inkerkering, veerkragtigheid, konsentrasie- en krygsgevangenekampe as begrippe tydens internering 21

2.2.1 Inkerkering 21

2.2.2 Veerkragtigheid 21

2.2.3 Konsentrasie- en krygsgevangenekampe 22

2.3 Oorlogskampe – ’n metode van oorlogvoering 23

2.4 Oorlogskampstudies – ’n historiografiese verkenning 27

2.4.1 Oorlogskampstudies teen ’n internasionale agtergrond 27

2.5 Kampstudies oor die Suid-Afrikaanse Oorlog 30

2.5.1 Sekondêre bronne en historiografiese oorsig 30

2.5.2 Dagboeke en briewe 38

2.5.2.1 Inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor 40

2.5.2.2 Hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog 41

2.5.2.3 Waaghalsige ontsnappings uit die krygsgevangene- en konsentrasiekampe 42

2.5.2.4 Patriotisme in kampe gedy 42

2.5.2.5 Geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes 43

2.6 Vergelykende navorsing oor oorlogskampstudies 44

2.7 Samevatting 46

HOOFSTUK 3: VAN BOEREREPUBLIEKE TOT OORLOGSKAMPE, 1899-1902: ’N DEMOGRAFIES-HISTORIESE STUDIE 47

3.1 Inleiding 47

3.2 Die Boererepublieke kort voor die Oorlog 47

3.2.1 Sosiaal-demografiese fasette: Die bevolkingsgesteldheid van blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat 47

3.2.2 Ekonomie en infrastruktuur 52

3.2.3 Die Afrikanersamelewing in die twee Boererepublieke in 1899 54

3.3 Sluimerende konflik: Die Suid-Afrikaanse Oorlog 56

3.3.1 Groeiende politieke en ekonomiese konflik tussen Groot-Brittanje en die Boererepublieke 56

3.3.2 ’n Volksleër *versus* ’n staande weermag 59

3.3.3 ’n Beknopte militêre verloop van die Oorlog 61

3.4 Vele kante van die Oorlog 64

3.4.1 Afbrand en verbrand: Verskroeideaardebeleid 64

3.4.2 Haweloses en ontredderdes: Boerevroue en -kinders in die veld 68

3.4.3 Die ingekerkerdes: ’n Konsentrasiekampstelsel 71

3.4.4 Ingekerkerdheid in Suid-Afrika en die buiteland: Krygsgevangenskap 78

3.5 Samevatting 90

HOOFSTUK 4: INKERKERING AS FISIEKE EN PSIGIESE ONTWRIGTINGSFAKTOR 92

4.1 Inleiding 92

4.2 Materiële en psigiese veerkragtigheid te midde van ontworteling en die vernietiging van welvaart 93

4.2.1 ’n Ontworteling van ruimte en sekuriteit 93

4.2.1.1 Die stroop van huise, lewende hawe en gesaaides 94

4.2.1.2 In een dag “doodarm gemaak” 97

4.3 Verdere ontwrigting tot inkerkering 98

4.3.1 Die vervoer van gevangenes na oorlogskampe 98

4.4 Inkerkering: Kampe as ruimtelik-ontwrigtende huisvestingsfasiliteite 103

4.4.1 Onvoldoende huisvestingsfasiliteite 103

4.4.2 Huisvestingsfasiliteite en beperkinge 105

4.4.2.1 Oorbevolking 106

4.4.2.2 Ongerief en gebrek aan privaatheid 109

4.4.2.3 Huisvestingsbeperktheid as ’n stryd teen die natuur 113

4.4.3 “Manel vijf, wat ik had was aan mij lyf” 118

4.4.4 “Te min om van te leven en te veel om van te sterven” 121

4.4.5 Ongerieflike kosmaakgeriewe en brandstofbeperkinge 127

4.4.6 Watervoorsiening en sanitasie-uitdagings 129

4.5 Die impak van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe 134

4.5.1 Die onmiddellike fisieke impak: Hoë siekte- en sterftesyfers 134

4.5.2 Die fisieke impak van ontworteling en inkerkering op die lange duur 137

4.6 Samevatting 139

HOOFSTUK 5: HOOP OP NUUS VAN GELIEFDES EN DIE OORLOG 141

5.1 Inleiding 141

5.2 Kommunikasiespore oor inkerkering en verlange na nuus van geliefdes 142

5.2.1 Versplintering van familie- en gesinslede 142

5.2.2 “... om zoover van ons dierbare verband te wezen. Het maak ons leven zoms haas ondraaglyk ...” 143

5.3 Briewe – die enigste kommunikasiemiddel 146

5.3.1 Briewe as ’n belangrike bron van nuus 146

5.3.2 Inkerkering bevorder briefwisseling 147

5.4 Voorskrifte, sensorering en omseiling van sensors 148

5.4.1 Voorskrifte rakende briewe en posstukke 148

5.4.2 Sensorering van briewe en posstukke 152

5.4.3 Vindingryke planne om sensors te uitoorlê 154

5.5 Nuus vanuit ’n ingekerkerde gemeenskapslewe 157

5.5.1 Die inhoud van kampbriewe 157

5.5.2 ’n “Onthou-my-foto” in die pos 159

5.6 “... letters are a great deal to us in this time of separation…” 160

5.7 Lyding as gevolg van ’n gebrek aan nuus 163

5.8 Koerante as nuusdraers buite heinings en mure 165

5.9 Kabelgramme en gerugte 168

5.10 Samevatting 170

HOOFSTUK 6: WAAGHALSIGE ONTSNAPPINGS UIT KRYGSGEVANGENE- EN KONSENTRASIEKAMPE 171

6.1 Inleiding 171

6.2 Veiligheidsmaatreëls by die krygsgevangene- en konsentrasiekampe 172

6.2.1 Krygsgevangenekampe – veiligheidsmaatreëls: Veelvuldig en deeglik . 172

6.2.2 Konsentrasiekampe – omhein met ’n dubbele doringdraad 175

6.3 Beweegredes vir ontsnappings 178

6.3.1 Gevangenes terdeë bewus van die gevare 178

6.3.2 Dryfvere vir ontsnappings 179

6.4 Waaghalsige ontsnappings 182

6.4.1 Ontsnappings uit die konsentrasiekampe 182

6.4.2 Ontsnappings uit die krygsgevangekampe 186

6.4.2.1 Ontsnappings uit kampe in Suid-Afrika 186

6.4.2.2 Ontsnappings vanaf Britse gevangenisskepe 190

6.4.2.3 St. Helena – ’n natuurlike gevangenis 192

6.4.2.4 Bermuda – die byna onmoontlike? 196

6.4.2.5 Ceylon – verskeie waaghalse 198

6.4.2.6 Indië – ’n merkwaardige ontsnapping 203

6.5 Samevatting 206

HOOFSTUK 7: PATRIOTISME GEDY IN DIE KAMPE 208

7.1 Inleiding 208

7.2 Krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners patrioties 209

7.2.1 Die Boerekrygers moes die stryd voortsit 210

7.2.2 Die Boere se saak mag nie skade berokken word nie 211

7.2.3 “Ik heeft vast besloten om standvastig te blyven tot het einde toe...” 212

7.2.4 Samehang tussen patriotisme en Christelike geloof 213

7.3 Patriotisme en die wapenneerlêers 215

7.3.1 Ontrouheid ’n skande 215

7.3.2 Minagting van “verraaiers” ’n weerspieëling van trou 217

7.4 Nasionale herdenkings as uitvloeisel van kamppatriotisme 223

7.4.1 Presidente Kruger en Steyn se verjaardae 223

7.4.2 Dingaansdagvieringe 225

7.4.3 Verdere opwellings en uitinge van patriotisme 229

7.5 Die vestiging van kampskole 231

7.6 Samevatting 234

HOOFSTUK 8: GEESTELIKE ONTWRIGTING EN OORLEWINGSMEGANISMES 236

8.1 Inleiding 236

8.2 Die menslike gees agter doringdraad 238

8.3 Spore van trauma 239

8.3.1 Afsondering 239

8.3.2 Die verlies aan erkenning en sosiale status 242

8.3.3 Onsekerheid oor die tydsduur van gevangenskap 245

8.3.4 Algemene onsekerheid 246

8.4 Die menslike gees se wapens in ’n oorlewingstryd 248

8.4.1 Veerkragtigheid en menslike welsyn 249

8.4.2 Humor 249

8.4.3 ’n Verskeidenheid aktiwiteite 255

8.4.3.1 Aanvanklike tydverdrywe 255

8.4.3.2 Sport en spel in die oorlogskampe 258

8.4.3.3 ’n Opbloei in kultuuraktiwiteite 263

8.4.3.4 Handwerk as oorlewingsmeganisme 267

8.4.4 Geloof as oorlewingsmeganisme 270

8.5 Samevatting 275

HOOFSTUK 9: OORLOGSINKERKERING TYDENS DIE SUID-AFRIKAANSE OORLOG, 1899-1902: TERUGSKOUEND EN VERGELYKEND 277

9.1 Die kamplewe beleef as allerverskrikliks 277

9.2 Die sielkundige impak die ergste 279

9.3 Psigiese veerkragtigheid in reaksie op die trauma van inkerkering 282

9.4 Betekenis, leemtes en waarde 291

BRONNELYS 292

LYS VAN FIGURE

Figuur 3-1: Die bevolkingsprofiel van Suid-Afrika in 1899 49

Figuur 3-2: Die taalverspreiding van Engels- en Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika in 1899 50

Figuur 3-3: Afrikaanssprekende blankes in Suid-Afrika, 1899 51

Figuur 3-4: Persentasie sterftes gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog 1899-1902 90

Figuur 4-1: Kampe met die hoogste aantal sterftes 135

Figuur 4-2: Siektes wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe tot gevolg gehad het 136

Figuur 4-3: Siektes wat die meeste lewens op St. Helena en Bermuda geëis het 137

LYS VAN FOTO'S

Foto 3-1: OM, Bloemfontein, 03: ’n Boeregesin voor hulle huis wat afbrand 67

Foto 4-1: OM, Bloemfontein, 01220: ’n Boeregesin met enkele besittings op pad na ’n konsentrasiekamp 100

Foto 4-2: OM, Bloemfontein, 03849: Krygsgevangenes word per trein na ’n kamp vervoer 102

Foto 4-3: OM, Bloemfontein, 09: ’n Boeregesin voor hulle tent in ’n konsentrasiekamp 110

Foto 4-4: OM, Bloemfontein, 02154: Krygsgevangenes in hulle hut in die Diyatalawa-kamp op Ceylon..... 111

Foto 4-5: OM, Bloemfontein, 01: ’n Sneeustorm op 10 Junie 1901 in die suidelike Oranje-Vrystaat 114

Foto 4-6: OM, Bloemfontein, 04: Wasdag by die Norvalspont-konsentrasiekamp 132

Foto 6-1: OM, Bloemfontein, 02092: Krygsgevangenes agter doringdraad in die Deadwood-kamp op St. Helena..... 173

Foto 8-1: OM, Bloemfontein, 01471: ’n Sokkerspan in die Ahmednagar-kamp in Indië..... 260

Foto 8-2: OM, Bloemfontein, 02566: Blikkiesdorp in die Deadwood-krygsgevangenekamp op St. Helena..... 269

LYS VAN KAARTE

Kaart 3-1: Blanke konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog 1899-1902 77

Kaart 3-2: Krygsgevangekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902 82

Kaart 6-1: Krygsgevangenekampe op St. Helena 193

Kaart 6-2: Krygsgevangenekampe op Bermuda 196

Kaart 6-3: Krygsgevangenekampe op Ceylon 199

Kaart 6-4: Krygsgevangenekampe in Indië 203

LYS VAN TABELLE

Tabel 3-1: Die aantal blankes in konsentrasiekampe 73

Tabel 3-2: Konsentrasiekampe vir blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Oranje-Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie 74

Tabel 3-3: Die aantal krygsgevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog 81

Tabel 3-4: Krygsgevangenekampe in Suid-Afrika 83

Tabel 3-5: Krygsgevangenekampe op St. Helena 83

Tabel 3-6: Krygsgevangenekampe op Ceylon 84

Tabel 3-7: Krygsgevangenekampe in Indië 85

Tabel 3-8: Krygsgevangenekampe op die Bermuda-eilande 86

Tabel 4-1: Aantal sterftes in die konsentrasiekampe gedurende die winter van 1901 134

Tabel 5-1: Die aantal posstukke wat gedurende Oktober 1901 in die Johannesburg-konsentrasiekamp gehanteer is 148

Nota oor die teks

In die voetnote is die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se spelwyses van kampe se name en maandname behou. Die spelwyses suggereer hulle vlak van geletterdheid en beklemtoon die gedagte dat die meerderheid gevangenes wel geskryf het om kontak met geliefdes te behou. Dit lig ook die feit uit dat die krygsgevangenes hulle adresse volledig neergeskryf het om te verseker dat pos hulle sal bereik. Die adresse is van leestekens voorsien om leesbaarheid te vergemaklik

Hoofstuk 1: Navorsing oor die lewe van ingekerkerde gemeenskappe vanuit ’n vergelykende studie

Die inkerkering van duisende mense tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 was ’n traumatiese gebeurtenis in die geskiedenis van Afrikaners. Die heroïese en die traumatiese daarvan is in der waarheid reeds omvattend bestudeer, opgeteken, opgeroep en herdenk. Ongeag omvattende studies, is daar egter met hierdie studie ’n navorsingsleemte uitgewys: dit is, naamlik, die vraag na die wyse waarop gevangenes ingekerkerdheid as groep en as individue beleef en hanteer het. Die vermoë van kampbewoners om internering fisies en psigies te hanteer en selfs te oorkom, is aspekte van belang vir die bespreking.

In die lig van die vermelde navorsingsleemte en vrae wat daaruit voortspruit, is die doel van Hoofstuk Een om ’n kontekstuele oriëntering van oorlogskampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog aan te bied, gevolg deur die probleemstelling wat veral ’n verkenning is van die sigbaarheid in bestaande literatuur ten opsigte van die belangrikste navorsingsvraag, wat op sigself ook etlike sekondêre navorsingsvrae inhou. Vanuit die navorsingsdoelwitte is ’n omvattende sentraal-teoretiese mening aangebied. Die metode van navorsing volg, asook besinning oor die betekeniswaarde van die studie. Etiese vereistes waaraan daar in die studie voldoen moet word, is ook kortliks uitgelig. As aanloop tot die res van die bespreking, is ’n voorgestelde hoofstukindeling aangebied.

1.1 Oriëntering

Die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902 tussen “Boer”[1] en “Brit”[2] was ’n volskaalse oorlog. Vanuit Britse oogpunt is daar algaande besluit dat hulle vyand anders hanteer moes word, en dat ’n inkerkering-taktiek die aangewese weg was om die gewenste resultate te verkry met die oog op ’n oorwinning. Inkerkering het

[1] ’n Verwysing na “Boer” as synde verteenwoordigend van die bewoners in die Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, soos in die laat negentiende eeu.

[2] ’n Verwysing na “Brit” as synde verteenwoordigend van die Britse Ryk (Brittanje as imperiale moondheid).

uiteindelik gegeld vir die vegtende burgers wat in skermutselings gevange geneem is, asook vir die vroue, kinders en bejaardes op veral plase wat as goedgesind teenoor die vyand beskou en behandel is.[3] Uiteindelik het hiérdie Oorlog 'n grootskaalse inkerkering van tienduisende mense meegebring. Van die 219 000 blanke nie-Britse burgerlike inwoners van beide die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en die Oranje-Vrystaatse Republiek[4] is ten minste 145 408 (66 persent) gedurende die loop van die Oorlog in kampe geïnterneer.[5]

Internering is by wyse van die verskroeideaardebeleid wat in 1900 deur die Britse bevelvoerder Frederick Sleigh Roberts begin is, ingelui.[6] Duisende Boerevroue, -kinders en bejaardes is deur hierdie wrede vorm van oorlogvoering haweloos gelaat en is, om militêre redes, na konsentrasiekampe gestuur.[7] Teen Oktober 1901 was reeds 118 408 burgerlikes in 50 konsentrasiekampe geïnterneer.[8] Alhoewel sogenaamde "verraaiers" ("hensoppers") en hul gesinne ook onder die kampburgerlikes getel het, weerspieël hierdie studie nie hulle belewing en hantering van 'n ingekerkerde gemeenskapslewe in besonderheid nie. Dit sou neerkom op 'n vergelykende studie in die kleine binne 'n vergelykende studie tussen verkillende soorte kampe wat nie as raadsaam beskou is nie. Vir hierdie studie is dit genoegsaam om kennis te neem dat "hensoppers" meestal burgers was wat aanvanklik aan Boerekant geveg het, en daarom vrywillig hul wapens neergelê het, en gewoonlik 'n eed van neutraliteit afgelê het. Hierdie "wapenneerlêers" wat in kampe 'n tydelike tuiste gevind het, het oor die algemeen in gunstiger omstandighede as die ander gevangenes gelewe.[9]

---

3 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013), p. 15.

4 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War: Direction, experience and image* (London, Frank Cass Publishers, 2000), p. 73. Vergelyk E. van Heyningen: *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013), p. 39; A.J. Christopher, "Delineating the nation: South African censuses 1865-2007", *Political Geography*, vol. 28, 2009, p. 103.

5 D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1999), p. 217; J.G. Boje, "Winburg's war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district" (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), p. 322.

6 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, Struik, 1998), p. 54.

7 A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 34, 36.

8 D. Hall, *The Hall handbook* ..., pp. 217, 220-221.

9 Vergelyk F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 67-73.

Die meeste konsentrasiekampe is binne die grense van die ZAR en die Oranje-Vrystaatse Republiek opgerig, maar daar is ook groot kampe in die Oos-Kaap en Natal gevestig. In verskeie van hierdie kampe is die gevangenes onderwerp aan ondraaglike lyding en ontberings, waaronder die verlies van hul vryheid, skeiding van gesin- en familielede, ongesonde en onvoldoende voedsel, gebrek aan privaatheid, oorbevolking, onhigiëniese lewensomstandighede, gebrek aan voldoende brandstof vir die voorbereiding van kos en siektes.[10] Onmenslike lyding en ontberinge het meegebring dat 27 927 kampbewoners, waarvan 22 000 jonger as 16 jaar was, gesterf het.[11] So groot was hierdie verlies vanweë die ingekerkerde gemeenskapsbestaan in konsentrasiekampe dat 'n monument in 1913 ter ere van die konsentrasiekampburgerlikes (veral die vroue en kinders) opgerig is.[12] Internering van krygsgevangenes in oorlogstyd, daarenteen, was 'n ou praktyk.[13] Britse magte het reeds ná die Slag van Elandslaagte op 21 Oktober 1899 en die oorgawe van generaal Piet Cronje in Februarie 1900, krygsgevangenes onder toesig aangehou.[14] Krygsgevangenes is na kampe in Natal en die Kaapkolonie gedeporteer.[15] 'n Geleidelike toename in die getalle van krygsgevangenes, 'n tekort aan verblyfplek en die kwesbaarheid van, asook die veiligheidsrisiko wat kampe veral in die Kaapkolonie

---

10 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 10-11.

11 D. Prinsloo, "Vroue in die Anglo-Boereoorlog: 'Feite en fiksie?'", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog: Herdenkingslesings aan die Randse Afrikaanse Universiteit*, *1999* (Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, Departement van Historiese Studies, 1999), p. 58.

12 S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899-1902* (London, Longman, 1980), p. 183; A. Grundlingh, "Die betekenis van die Vrouemonument toe en nou", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 229.

13 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity: Stress reactions among divergent populations of prisoners of war and their families", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 593; F. Jacobs, "Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid", E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010), p. 19; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), p. 1.

14 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", pp. 6-7; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 10.

15 L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 39, nr. 3/4, 1999, pp. 315-317; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 49-50.

ingehou het,[16] het Britse militêre leiers op ’n ander opsie laat besluit. Om die demoraliserende uitwerking van inkerkering – veral ver van hul vaderland – verder in te skerp, het die Britse militêre owerheid laat besluit om die oorgrote meerderheid van hierdie gevangenes na kampe op St. Helena en Ceylon aan te hou, asook om van hulle na die Bermuda-eilande en Indië te stuur.[17] Tussen 27 000 en 34 000 mans is as krygsgevangenes in 34 kampe in Suid-Afrika en in ander Britse kolonies geïnterneer.[18] Ook hierdie krygsgevangenes is meermale aan soortgelyke ontberinge as die ingekerkerde vroue en kinders onderwerp, waaronder die verlies van vryheid, skeiding van gesin- en familielede, ongesonde en onvoldoende voedsel, oorbevolking, ’n gebrek aan privaatheid, asook siektes.[19] In die haglike omstandighede van krygsgevangenskap is daar in 1900-1902 nie minder nie as 1 118 van die gevangenes oorlede.[20] Oorbekende geskiedkundige interpretasies wat vroue en kinders as slagoffers uitbeeld of wat die krygsgevangenes se ingekerkerde bestaan romantiseer, sal nie met hierdie studie versterk word nie. Die belangrikste navorsingsvraag van hierdie studie is die mate van belewing van ingekerkerdheid van konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902, asook hoe in hierdie tydlose alledaagse sleurproses van ingekerkerdheid daar tog ’n gesindheid van veerkragtigheid (*resilience*) uitgeleef is. ’n Sekondêre navorsingsvraag wat hieruit voortvloei, is of die lewe van ingekerkerde gemeenskappe (krygsgevangenes in kampe en die geïnterneerdes in konsentrasiekampe) gedurende hierdie Oorlog vergelykbaar

---

16 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 11. Die bevryding van gevangenes deur beweeglike Boerekommando’s was nooit uitgesluit nie. Krygsgevangenekampe in Suid-Afrika en veral in die Kaapkolonie is gevolglik nie as veilig beskou nie.

17 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...”, p. 11; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50; K. Rood-Coetzee, “Die lief en leed van die bannelinge”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 507; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p. 5.

18 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 9; J.G. Boje, “Winburg’s war ...”, p. 322; D. Hall. *The Hall handbook* ..., p. 187.

19 Oorlogsmuseum (OM), Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23. Vergelyk H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 68; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 17; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 86.

20 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 392; J. Fisher, *The Afrikaners* (London, Cassell, 1969), p. 197.

is? In welke mate hierdie navorsingsvrae in bestaande literatuur hanteer word, is in die hieropvolgende probleemstellingsafdeling verken.

1.2 Probleemstelling

In hierdie studie is daar veral twee invalshoeke aangaande inkerkering van kampgevangenes van belang. Eerstens behels dit ’n omvattende verkenning van die kampbelewenis en - aanhouding van twee verskillende groepe oorlogsgevangenes, te wete die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners. Tweedens behels hierdie verkenning ook ’n vergelykende oefening waarin die psigologiese, emosionele en geestelike belewenis van inkerkering van beide groepe vergelyk word, en dit bloot gegrond op van wat wel in die historiese literatuur beskikbaar is, maar wel ook met ’n mate van insig uit ander dissiplines. Die behoefte aan ’n vergelykende studie as bykomende faset is bloot om ’n meer ewewigtige verkenning te verseker aangesien aannames te vind is dat die krygsgevangenes ’n “makliker” kamplewe gehad het as die vroue en kinders in die konsentrasiekampe.[21]

Ten opsigte van ingekerkerde lewens soos tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, kan waardevolle inligting uit etlike bydraes geput word. In verskeie werke oor die Suid-Afrikaanse Oorlog is navorsing gedoen oor byvoorbeeld militêre optredes, groot veldslae en bekende persoonlikhede.[22] Vanaf 1908 tot einde 2008 is in Suid-Afrika en verskeie ander lande in die wêreld minstens 264 verhandelinge en 296 proefskrifte voltooi, wat gedeeltelik of ten volle oor die Suid-Afrikaanse Oorlog handel. Slegs vier (0,7 persent) van hierdie 560 studies handel oor die krygsgevangenes en wapenneerlêers en sowat dertien (2,3 persent) oor die burgerlikes in die Oorlog.[23]

---

21 H.M. Ross, “A woman’s world at a time of war: An analysis of selected women’s diaries during the Anglo-Boer War 1899-1902” (M.A.-dissertation, University of Stellenbosch, 2006), p. 69.

22 L. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2000); C.M. Bakkes, “Die Britse deurbraak aan die benede-Tugela op Majubadag 1900” (D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1971; A. Wessels, “Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase” (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1986).

23 Vergelyk A. Wessels, *A century of postgraduate Anglo-Boer War (1899-1902) studies: Master’s and doctoral studies completed at universities in South Africa, in English-speaking countries and on the European continent 1908-2008* (Bloemfontein, Sun Press, 2010), p. 105.

'n Verdere beperking van die bestaande geskiedskrywing oor die konsentrasie- en krygsgevangenekampe is dat nie al die veelvuldige lae van die gevangenes se ingekerkerde gemeenskapslewe voldoende nagevors is nie. Daar is steeds 'n persepsie dat die burgerlike ervaring van die Oorlog en die kampe totaal troosteloos was en dié van die krygsgevangenes beter was. Die volgende skrywe dien as voorbeeld:[24]

> *Incongruously, as wives and children suffered in sub-standard camps, many Boer prisoners-of-war lived comfortably at Simonstown, as did those men deported to Ceylon, Bermuda, and St. Helena.*

Historici soos S.B. Spies[25] en E. van Heyningen[26] het reeds aangetoon dat, om die volle verhaal van die konsentrasiekampe te vertel, die veelvuldige lae van kampervarings ondersoek moet word. I. Bredenkamp en A. Wessels noem in hulle artikel "Melita: Die geskiedenis van die Rooikruishut te Voortrekkerhoogte tydens die Grensoorlog (1966-1989)", dat die belewenisse van vroue gedurende konflik en oorlogsomstandighede grootliks in sosiale navorsing nagelaat is.[27]

Oor krygsgevangenekampe het Frik Jacobs gemaan dat indien sy skrywe "Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid"[28] die indruk skep dat dit met die krygsgevangenes goed gegaan het, daar ander aspekte van hulle ingekerkerde gemeenskapslewe is wat nie uit die oog verloor moet word nie. Hieronder tel die bekommernis van gevangenes oor hulle vroue, kinders en ander geliefdes. Alhoewel daar in Hoofstuk Twee aansienlik dieper oor bestaande literatuur se waarde en leemtes ten opsigte van spesifiek gevangenes in konsentrasie- en krygsgevangenekampe besin sal word, dien die volgende nou reeds as voorbeelde:

---

24 H.M. Ross, "A woman's world at a time of war ...", p. 69.

25 S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 161.

26 E. van Heyningen, "Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 119.

27 I. Bredenkamp & A. Wessels, "Melita: Die geskiedenis van die Rooikruishut te Voortrekkerhoogte tydens die Grensoorlog (1966-1989), *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 30, nr. 1, Julie 2016, p. 1.

28 F. Jacobs, "Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid", E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 33.

Met die draai van die eeu het Andries Raath, in opdrag van die Volkskomitee vir die Herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, twee werke[29] oor die Afrikanervrou in die Suid-Afrikaanse Oorlog geskryf. Soos die twee subtitels, *Moederleed* en *Kampsmarte* aandui, val die fokus op die vroue en kinders se lyding. Wat reeds vroeg opval, is die uitgebreide navorsing. Belangrike bronne van inligting was Britse Blouboeke, dagboeke, herinneringskrifte en beëdigde verklarings deur vroue kort ná die Oorlog. Die werk *Kampsmarte* is vir die huidige studie van waarde, aangesien dit ’n beeld gee van die burgerlikes se fisieke ontwrigting en lyding vanweë swak huisvestingsfasiliteite, ongesonde en onvoldoende rantsoene, gebrek aan vuurmaakgoed, oorbevolking, onhigiëniese lewensomstandighede en siektes. Hoe die vroue hierdie fisieke ontwrigting beleef en hanteer het, kry egter min aandag in die werk. In hierdie studie gaan daar gepoog word om hierdie leemte te vul. Die gebruikmaking van vergelykende studie kan ook moontlik verrassende insigte bring. ’n Verdere tekortkoming van die werk is dat elkeen van die 50 kampe afsonderlik behandel word en gevolglik stem die vroue se herinneringe en verklarings – al is dit oor verskillende kampe – grootliks ooreen. Die skeiding van familielede, ontsnappingspogings, hulle psigiese en emosionele ontwrigting en hulle geloofsonderbou is aspekte van hul ingekerkerde gemeenskapslewe wat byvoorbeeld meer aandag kon gekry het.

Women’s Camp Journal: The concentration camps of the Anglo-Boer War [30] deur J. & M. Grobler vertel die geskiedenis van die Boerevroue, -kinders en bejaardes in die konsentrasiekampe soos weergegee in die vorm van ’n fiktiewe publikasie van die tyd. Hierdie weergawe van die konsentrasiekampgeskiedenis is geskakeerd juis omdat die skrywers ruim gebruik gemaak het van primêre bronne. Die werk bring ook die “kulturele oorlog” wat in die kampe gewoed het na vore. Aan die een kant moes die patriotiese republikeinse vroue met die "verraaiers" se teenwoordigheid in die kamp genoeë neem en aan die ander kant is hulle gekonfronteer deur onsimpatieke kampowerhede en met ’n vreemde Britse mediese kultuur. Hoewel die vindingrykheid

---

29 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 1: Moederleed (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2002); A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003).

30 J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal: The concentration camps of the Anglo-Boer War* (Pretoria, Heroloda Wordworx cc, 2013).

van kampbewoners om hulle omstandighede self draagliker te maak nie ’n tema in die boek is nie, het die skrywers dit beklemtoon dat die gevangenes nie net slagoffers was nie. Grobler & Grobler se bydrae oor die ingekerkerde bestaan van die kampbewoners is, in soverre dit hierdie studie aangaan, ’n waardevolle invalshoek en analise.

E. van Heyningen se boek *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history*[31] slaag as ’n besondere ryk en lonende oefening in sosiale geskiedenis. Die konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog was nog altyd ’n baie kontensieuse onderwerp weens die duisende sterftes in die kampe. In hierdie werk het Van Heyningen bestaande aannames en gevolgtrekkings oor die kampe omvergewerp. So byvoorbeeld beskou sy die kampstelsel nie net as ’n uitvloeisel van die verskroeideaardebeleid nie, maar sy plaas dit binne die konteks van kolonialisme aan die einde van die negentiende eeu. Voorts gee sy ook ’n verklaring vir die swak administrasie van die kampe en argumenteer verder dat die meerderheid kampbewoners bywoners was en dus brandarm. Laastens fokus sy veral op die siektes, sterftes en die botsing van mediese kulture in die kampe. ’n Leemte in die werk is dat die fokus nie op die vroue se belewing en hantering van hulle fisieke en psigiese ontwrigting en hulle veerkragtige reaksie daarop val nie.

As daar in aanmerking geneem word dat daar tussen 27 000 en 34 000 krygsgevangenes in verskeie kampe in Suid-Afrika en oorsee aangehou is, is dit opvallend hoe min daar oor dié gevangenes geskryf is. Die eerste belangrike werk waarin daar indringend na die krygsgevangenes en hulle lewe in die kampe gekyk is, is dié van S.P.R. Oosthuizen.[32] Hierdie skrywer het nie die verskillende kampe afsonderlik behandel nie, maar het dit eerder tematies benader. Krygsgevangenes se wegvoering, die seereis, ligging en organisasie van aanhoudingskampe, vryetydsbesteding, sielkundige en sosiale aspekte van gevangenskap, godsdiens en onderwys is temas wat onder die loep geneem is. In hierdie studie het Oosthuizen baanbrekerswerk gedoen en as sodanig is dit van groot waarde vir die studie. Hoewel die waarde van die aktiwiteite in die kampe en die psigiese en emosionele ontwrigting van die gevangenes

---

31 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*: *A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013).

32 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975).

nie diepgaande bespreek is nie, het dit nieteenstaande as wegwyser vir hierdie studie gedien.

Die gewigtige klem in navorsingsverslae op die vroue en kinders se lyding, asook ’n passie in etlike studies oor die krygsgevangenes se verskeidenheid van aktiwiteite, het daartoe gelei dat ’n omvattende begrip rakende die emosionele en geestelike (psigiese) belewenis van ’n ingekerkerde oorlogskamplewe in navorsing verwaarloos is.

In die omvattende historiografie van die Suid-Afrikaanse Oorlog is ’n vergelyking tussen die belewing van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe van die konsentrasiekamp-bewoners met dié van die krygsgevangenes, insluitende kampbewoners se hantering van sodanige lewe nog nie getref nie. Deur bloot materialisties en fisies na hierdie kampe te kyk, het waarskynlik die aanname versterk dat “... krygsgevangenekampe in geen opsig vergelykbaar met konsentrasiekampe was nie.”[33] ’n Vergelyking sal nie alleen aanvullende en nuwe historiese perspektiewe meebring nie, maar eweso kan uitgewys word hoe verskynsels soos ingekerkerdheid en ’n gesindheid van innerlike veerkragtigheid deur aangehoudenes uitgeleef is. Hierdie vorm van sosiale geskiedenis vanuit ’n multidissiplinêre beskouing word nog as ’n navorsingsleemte in die bestaande literatuur oor die Suid-Afrikaanse Oorlog beskou. Die verkenning daarvan noodsaak ’n aantal navorsingsvrae soos vervolgens in Afdeling 1.3 uitgewys.

1.3 Navorsingsvrae

Om die lewe van ingekerkerde gemeenskappe soos tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog gedurende 1899 tot 1902 vanuit ’n vergelykende studiebenadering te verken, is die volgende navorsingsvrae ter sake:

- Wat is die status van oorlogskampstudies in die algemeen en meer bepaald gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog en hoe kan die vergelykende navorsingsmetode in Geskiedenis daarop toegepas word?

- Wat behels die demografies-historiese geskiedenis van die oorlogskampe gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog teen die agtergrond van hierdie studie?

---

[33] F. Jacobs, “Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid”, E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 26.

- Hoe vergelyk die konsentrasiekampbewoners se fisieke ontwrigting tydens inkerkering met dié van die krygsgevangenes?

- Wat is die ooreenkomste en verskille tussen die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se hoop op nuus van geliefdes en die verloop van die Oorlog?

- Is daar enige ooreenkomste en verskille tussen die waaghalsige ontsnappingspogings deur konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes?

- Hoe vergelyk die handhawing en voorkoms van patriotisme onder die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes?

- Hoe vergelyk die konsentrasiekampbewoners se psigiese ontwrigting en hulle gebruik van oorlewingsmeganismes met dié van die krygsgevangenes?

Die bogenoemde stel navorsingsvrae vereis ’n verkenning van die onderstaande navorsingsdoelwitte.

1.4 Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsdoelwitte van belang vir die studie is die volgende:

- ’n Historiografiese besinning en konteks-teksskepping van oorlogskampstudies oor die algemeen en meer bepaald tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die vergelykende metode sal ook kortliks toegelig word.

- Die voorhou van ’n demografies-historiese geskiedenis van die oorlogskampe gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog as konteks vir hierdie studie.

- ’n Vergelykende bespreking van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se fisieke ontwrigting tydens hulle inkerkering en hoe hulle dit beleef en hanteer het.

- Die tref van ’n vergelyking tussen die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog.

- ’n Vergelykende bespreking van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se waaghalsige ontsnappingspogings.
- Die tref van ’n vergelyking tussen die voortleef van patriotisme in die konsentrasie- en krygsgevangenekampe.
- ’n Vergelykende bespreking van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se psigiese ontwrigting en oorlewingsmeganismes.

1.5 Sentrale teoretiese stelling

Na aanleiding van die navorsingsvrae en doelwitte soos uitgewys, is die volgende sentrale teoretiese stellings gemaak:

Inkerkering tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog het gevangenes se lewe nie net fisies ontwrig nie, maar ook emosioneel en geestelik. Die meeste gevangenes het, ten spyte van ’n intensief-beleefde geestelike ontwrigting, ’n oorlewingsveerkragtigheid getoon en op verskeie maniere sin aan hulle ingekerkerde gemeenskapslewe probeer gee. Vir sommige was die gekluisterdheid ten opsigte van hulle innerlike welstand dikwels net te oorweldigend, en was pogings om te ontsnap deel van ’n wyse van psigiese ontvlugting.

Ongeag die verskil in ruimte en lewenslot van konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes (in die sin van dienste en geleenthede wat verskil het) behoort in die studie uitgewys te word dat die belewenisse van ingekerkerdheid in beide se geval beswaarlik verskil het. Die hoop op nuus van die “huis”, gevoelens van patriotisme, ontsnappingspogings; die psigologiese impak van inkerkering en soortgelyke oorlewingsmeganismes om lewensveerkragtigheid en innerlike welstand is voldoende voorbeelde hiervan.

1.6 Ondersoekmetode

1.6.1 Literatuurontleding

Alhoewel daar in Hoofstuk Twee ’n omvattende historiografiese besinning aangaande die navorsingstema voorgehou sal word, dien die volgende intussen as ’n kriptiese oorsig:

Die oorgrote meerderheid materiaal vir die beoogde studie lê in primêre bronne opgesluit. Hieronder tel inligting in die staatsargiewe van Pretoria en Bloemfontein, asook in die argief van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein. Hierdie ongepubliseerde materiaal sluit in: dagboeke, herinneringe, koerante uit die krygsgevangenekampe, die Britse Blouboeke en amptelike verslae oor krygsgevangenekampe.

Dagboeke van gevangenes (ten minste 60 deur krygsgevangenes en 10 deur konsentrasiekamp-bewoners) blyk ’n rykdom van inligting oor kampbewoners se ingekerkerde gemeenskapslewe te bevat. A. Marwick tref ’n onderskeid tussen inligting wat doelbewus vir eie tydgenote weergegee is en inligting wat onbewustelik weergegee is en wat later as van groot belang vir geskiedkundiges geag is. Hy neem as voorbeeld die samestelling van die *Domesday Book* in opdrag van Willem die Veroweraar om voorraad van sy buit te neem. Die boek het groot waarde as katalogus, maar die voorraadopname verskaf ook onbewustelik baie inligting oor die gebruike, sosiale verhoudings en gesindhede van die bevolking.[34]

Die aanvanklike mondelinge maar later opgetekende en skriftelike herinneringe van die gevangenes bevat ook waardevolle inligting. Volgens W.J. Pretorius berus die waarde van ’n herinneringskrif daarop dat die skrywer eers perspektief oor gebeure kon verkry het.[35]

Die amptelike Britse publikasies bevat ’n ryke skat van inligting aangaande die verskillende oorlogskampe. Die Britse Blouboeke bevat baie inligting oor die konsentrasiekampe. Belangrike dokumente is: CD. 819, *Reports on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal (1901)*; CD. 853, *Further papers relating to the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal (1901)*; CD. 893, *Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal (1902).* Oor die krygsgevangenekampe is daar ook amptelike

---

34 A. Marwick, *The nature of history* (London, Macmillan, 1989), p. 216.

35 W.J. Pretorius, “Die Britse owerheid en die burgerlike bevolking van Heidelberg, Transvaal, gedurende die Anglo-Boereoorlog” (D. Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 2007), p. 10.

Britse verslae, byvoorbeeld CD 431, *Colonial reports – annual no. 323, St. Helena report, 1900*; CD 788, *Colonial reports – annual no. 371, St. Helena, report for 1901*; CD 1388/16, *Colonial reports – annual no. 392, St. Helena, report for 1902.*

'n Skat van nagraadse studies en gepubliseerde sekondêre bronne oor die Suid-Afrikaanse Oorlog is in hierdie studie gebruik om veral historiese konteks te verseker en 'n algemene demografiese en konsepsuele perspektief te verseker. Dit sluit in doktorale proefskrifte, M.A.-verhandelings, talle wetenskaplike artikels en gepubliseerde literatuur. Die immergroen publikasies as standaardwerke van F. Pretorius[36] en A. Wessels,[37] asook E Wessels[38] is besonder waardevol vir begrip van die tydvak en van die opspoor van werke oor die konsentrasie- en krygsgevangenekampe onderskeidelik.

1.6.2 Navorsingsbenadering: 'n Vergelykende geskiedskrywing

Die rede vir vergelykende geskiedskrywing, die wyse waarop hierdie navorsing aangepak is, verdien 'n verduideliking. Die tref van 'n vergelyking is 'n doodnatuurlike funksie van die brein. In die woorde van Reza Azarian, "Comparison is so fundamental to our cognition that thinking without comparison is almost unthinkable."[39]

Vergelykende geskiedskrywing beteken volgens Jürgen Kocka dat twee of meer gevalle of stelle gebeurtenisse in die geskiedenis stelselmatig beskryf word ten opsigte van ooreenkomste en verskille met die doel om sekere intellektuele doelwitte te bereik.[40]

Hierdie navorsingsbenadering in die geskiedskrywing is volgens G. Haupt[41] en J. Kocka[42] veeleisend. J. Kocka sonder ook drie metodologiese redes uit wat

---

36 F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001).

37 A. Wessels, *A century of postgraduate Anglo-Boer War (1899-1902) studies: Master's and doctoral studies completed at universities in South Africa, in English-speaking countries and on the European continent 1908-2008* (Bloemfontein, Sun Press, 2010).

38 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 94-415.

39 R. Azarian, "Potentials and limitations of comparative method in social science", *International Journal of Humanities and Social Science*, vol. 1, no. 4, April 2011, p. 115.

40 J. Kocka, "Comparison and beyond", *History and Theory*, vol. 42, no. 1, Feb. 2003, p. 39. Vergelyk P. de Klerk, "Die Suid-Afrikaanse geskiedenis in vergelykende perspektief – 'n Metodologiese ondersoek", *Historia*, vol. 44, nr. 2, November 1999, p. 290; R. Azarian, "Potentials and limitations of comparative method in social science", *International Journal of Humanities and Social Science*, vol. 1, no. 4, April 2011, p. 113.

41 H. Haupt, "Comparative history – a contested method", *Historisk Tidskrift*, vol. 127, vol. 4, 2007, p. 697.

42 J. Kocka, "Comparison and beyond", *History and Theory*, vol. 42, no. 1, Feb. 2003, p. 41.

vergelykende geskiedskrywing moeilik maak, naamlik: hoe meer gevalle of gebeure in ’n vergelykende studie nagevors word, hoe meer is die navorser op sekondêre bronne aangewese, aangesien die navorser nie al die primêre bronne in die oorspronklike taal kan lees nie. Tweedens, gaan hierdie benadering van die voorveronderstelling uit dat die gevalle of gebeure wat vergelyk word, geskei kan word. Derdens is dit onmoontlik om die gevalle of gebeure in totaliteit te vergelyk. Slegs sekere aspekte van die gevalle of gebeure kan wel vergelyk word.

In hierdie studie kon bogenoemde knelpunte grootliks ondervang word. Hier word net twee gevalle, naamlik die konsentrasiekampbewoners se belewenis en hantering van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe teenoor die krygsgevangenes se belewing en hantering van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe stelselmatig beskryf ten opsigte van ooreenkomste en verskille. Gevolglik kon die navorser baie primêre bronne gebruik. Dit was ook moontlik om hierdie twee gevalle wat nagevors word inderdaad te onderskei, maar net sekere aspekte van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se ingekerkerde gemeenskapslewe na te vors.

Ten spyte van vermelde metodologiese redes wat ’n vergelykende benadering in die geskiedskrywing bemoeilik, is die verdienstelikheid van hierdie benadering onbetwisbaar. Verder merk D.P. Warwick en S. Osherson tereg op:[43]

> *Comparison in its broadest sense is the process of discovering similarities and differences among phenomena. Rather than being a second-order activity tacked onto more basic processes, comparison is central to the very acts of knowing and perceiving.*

Slegs deur vergelykende geskiedskrywing van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se lewe in inkerkering kon die sienswyses dat die vroue slagoffers was wat ’n troostelose bestaan in die kampe gevoer het en dat die lewe van die krygsgevangenes in inkerkering ’n baie makliker bestaan was, ongedaan gemaak word.

---

[43] D.P. Warwick & S. Osherson (eds.), *Comparative research methods* (Englewood Cliffs, N.J., Prentice Hall, 1973), p. 7.

1.6.3 Onderhoude

In hierdie studie is geen mondelinge onderhoude met persone gevoer nie. Van die herinneringe deur persone soos in dagboeke en ander sekondêr-gepubliseerde materiaal opgeteken, dateer reeds kort ná die Oorlog in 1902, en is dus honderd jaar en ouer. Daarby is van die herinneringe ook gepubliseer. Erkenning word op die gepaste wyse gegee, en daar is sover moontlik met integriteit opgetree.

1.7 Betekeniswaarde van die studie

Die waarde van hierdie studie is multidissiplinêr en sosiaal-histories van aard: Enersyds, dat dit sal meewerk om ’n vollediger en meer ewewigtige beeld van gevangenes se belewing en hantering van hulle ingekerkerde gemeenskapslewe te gee, asook watter vorme en vlakke van lewensveerkragtigheid sigbaar is onder sulke omstandighede; andersyds dat die vergelykende aard van die studie, naamlik om twee verskillende vorme van kamplewe teenoor mekaar te stel, as ’n verfrissende invalshoek in die repertoire van studies rakende die Suid-Afrikaanse Oorlog gereken behoort te word.

1.8 Invalshoeke van die studie

Die hoofstukindeling is soos volg:

1.8.1 Navorsing oor die lewe van ingekerkerde gemeenskappe vanuit ’n vergelykende studie

Hoofstuk Een dien as oriënterende inleiding ten opsigte van die beoogde navorsing. Die navorsingsdoelwitte en die motivering vir die studie word bespreek. In aansluiting hierby, gebruik die navorser leemtes in die literatuur as motivering vir die studie. ’n Kort uiteensetting van die navorsingsmetode en ’n uitleg van die studie word ook gegee

1.8.2 Oorlogskampe en kampstudies in die literatuur: ’n Historiografiese besinning

As ’n belangrike faset in Hoofstuk Twee is die historiografie van beide die konsentrasie- en krygsgevangenekampe uiteengesit. Die hoofstuk gee ook verklarings of definisies

van enkele kernbegrippe soos konsentrasie- en krygsgevangenekampe, asook veerkragtigheid. Voorts is die interneringsbeleid gedurende die negentiende eeu onder die loep geneem en spesifiek die konsentrasie- en krygsgevangenekampe se plek binne die konteks van interneringsbeleid en geskiedenis. ’n Historiografiese besinning en konteks-teksskepping van oorlogskampstudies in die algemeen en tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog word ook kortliks toegelig.

1.8.3 Van Boererepublieke tot oorlogskampe, 1899-1902: ’n Demografies-historiese studie

Hoofstuk Drie 3 is ’n demografies-historiese kontekstualisering gerig op die sosiale en kulturele demografie, asook die ekonomiese statuur van “Afrikaner-”[44] gesinne in die twee Boererepublieke tydens die laaste kwart van die negentiende eeu. Ter agtergrond is die Oorlog onder bespreking een wat deur die verwoesting van eiendom en alle lewende hawe gekenmerk is. Die totstandkoming van konsentrasie- en krygs-gevangenekampe word ontleed.

1.8.4 Inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor

In Hoofstuk Vier val die fokus vergelykend op die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se fisieke ontwrigting en die fisieke impak van inkerkering op kort- en langtermyn. Die gevangenes se vermoë om van die trauma van inkerkering te herstel word ook ondersoek.

1.8.5 Hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog

Die skeiding van gesin- en familielede en die emosionele en psigologiese gevolge van hierdie skeiding kry in Hoofstuk Vyf aandag. Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se hantering van hulle skeiding van geliefdes word bespreek.

---

[44] In die algemene volksmond en onder ander kultuurgroepe was alle Hollands-Afrikaanssprekende blanke van die eertydse Boererepublieke beskou as Afrikaners.

1.8.6 Waaghalsige ontsnappings uit krygsgevangene- en konsentrasiekampe

Hoofstuk Ses handel oor voorbeelde van konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes wat nie met ’n staat van inkerkering kon versoen nie en hoe hulle ten spyte van streng veiligheidsmaatreëls ter wille van oorlewing probeer ontsnap het.

1.8.7 Patriotisme gedy in die kampe

Konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se liefde vir en trou aan die Boererepublieke het ten spyte van erge fisieke en psigiese ontwrigting en lyding nie verflou nie en is in Hoofstuk Sewe ondersoek.

1.8.8 Geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes

In Hoofstuk Agt is aandag geskenk aan die psigies-vernietigende impak van inkerkering op beide groepe gevangenes. Die faktore wat bygedra het tot die gevangenes se veerkragtigheid en die strategieë wat hulle aangewend het om die teenslae te oorkom, soos ’n gesonde humorsin, morele krag, ’n diepe godsdienssin en die deelname aan aktiwiteite, word bespreek.

1.8.9 Oorlogsinkerkering tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902: Terugskouend en vergelykend

In Hoofstuk Nege is ’n analities- vergelykende benadering gevolg om die studie saam te vat en krities te beoordeel aan die hand van die belangrikste navorsingsvrae, naamlik:

- Wat was gevangenes se belewing en hantering van hulle ingekerkerde gemeenskapslewe en watter vorme van lewensveerkragtigheid was identifiseerbaar?

- Was dit moontlik om die verskillende vorme van kamplewe (krygsgevangenes teenoor konsentrasiekampe) teenoor mekaar te stel in ’n vergelykende vorm, as ’n verfrissende invalshoek in die repertoire van studies rakende die Suid-Afrikaanse Oorlog?

1.9 Samevatting

In Hoofstuk Een is ’n omvattende oriënterende inleiding aangebied rakende die beoogde navorsing. Die sigbaarheid van bestaande literatuur oor die konsentrasie- en krysgevangenekampe is verken. Hoofstuk Een het verder aandag aan navorsingsvrae en -doelwitte, ’n sentraal-teoretiese mening en die betekeniswaarde van die studie gegee. Laastens is die waarde van die vergelykende perspektief vir dié studie uitgelig

Hoofstuk Twee vervolg waarin ’n historiografiese besinning en konteksskepping van oorlogskampstudies in die algemeen en tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog aangebied word, en die gebruik van die vergelykende metode ook kortliks toegelig word.

Hoofstuk 2: Oorlogskampe en kampstudies in die literatuur: ’n Historiografiese besinning

2.1 Inleiding

Die jare ná 1890 is deur Jonathan Hyslop as ’n belangrike tydperk in die wêreldgeskiedenis uitgewys, aangesien van die magtigste moondhede tydens die Haagse Konvensie op 29 Julie 1899 probleme rondom wêreldvrede en maatreëls om nood tydens ’n oorlog te verlig, bespreek het. Dit was ’n tydperk wat deur ongekende vlakke van militêre brutaliteit gekenmerk is, wat ingesluit het stelselmatige inkerkering, geweld en menseslagting.[1]

Skaars twee en ’n half maande ná die Haagse Konvensie het die oorlog tussen Brittanje en die twee Boererepublieke in Suid-Afrika uitgebreek. Dit was ’n konflik wat deur die verwoesting van plase en talle dorpies, die doodmaak van diere, die oprigting van konsentrasie- en krygsgevangenekampe en die sterfte van veral duisende kinders en vroue in hierdie kampe gekenmerk is.[2] Volgens Bill Nasson was die lewens- en materiële verliese vir die ongeveer 219 000 inwoners van die Boererepublieke traumaties.[3] Die aantal sterfgevalle in die konsentrasiekampe was aansienlik hoër as dié van die mans op die slagveld of in die krygsgevangenekampe.[4] Die fokus van navorsing tot dusver blyk veral op konsentrasiekampe te wees, met die inwoners van dié kampe dikwels en heel tereg as slagoffers uitgebeeld.[5] Debatte ten opsigte van veral die konsentrasiekampe vir blankes het vir dekades lank ná die beëindiging van die

---

1 J. Hyslop, “The invention of the concentration camp: Cuba, Southern Africa and the Philippines, 1896-1907”, *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, p. 253.

2 J. Hyslop, “The invention of the concentration camp...”, *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, pp. 252- 253. Vergelyk B. Nasson, *The war for South Africa* (Cape Town, Tafelberg, 2010), p. 308.

3 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 308.

4 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 392; J. Fischer, *The Afrikaners* (London, Cassell, 1969), p. 197; H. Giliomee, *Die Afrikaners: ’n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), p. 211.

5 P. Alberts (samesteller), *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Brandfort, Kraal-uitgewers, 2005); A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902,* deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003).

Oorlog voortgeduur en het verskeie historiografiese bydraes opgelewer.[6] Daarenteen het krygsgevangenes minder aandag in die geskiedskrywing ontvang en daarom in vele opsigte in die vergetelheid geraak.[7]

Alvorens in hierdie hoofstuk 'n historiografiese oorsig van oorlogskampe, ook dié tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog gegee word, gaan daar ter wille van 'n beter begrip van kampe, eerstens gefokus word op wat onder inkerkering en lewensveerkragtigheid vanuit die psigologie verstaan word. Daarna volg 'n verduideliking van wat die verskil tussen inkerkering in 'n konsentrasie- en krygsgevangenekamp is. Derdens val die kollig op internering as deel van oorlogvoering gedurende die jare waarin die Suid-Afrikaanse Oorlog (1899-1902) plaasgevind het. Die verwagting is dat die studie sal aantoon dat internering (krygsgevangene- en konsentrasiekampe) en daarmee saam die lyding van gevangenes nie uniek aan die Suid-Afrikaanse Oorlog is nie. As 'n prominente faset van bespreking in hierdie hoofstuk is daar omvattend na die sigbaarheid en historiografiese benadering van konsentrasie- en krygsgevangenekamp in die literatuur (internasionaal en nasionaal) gekyk. Dagboeke, herinneringskrifte en briewe is in hierdie bespreking belangrik aangesien dit lig werp op kampbewoners se belewing van inkerkering gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog as 'n belangrike aspek van die hoofnavorsingsvraag oor ingekerkerde gemeenskappe. Die vergelykende proses ten opsigte van 'n bespreking oor die konsentrasie- en krysgevangenekampe is ook kortliks in die bespreking toegelig.

---

6 P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899-1902* (London, Longman, 1980); E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013); E. van Heyningen, "A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1899-1902", *South African Journal of Science*, vol. 106, no. 5/6, May/June 2010, pp. 1-14; F. Pretorius, "The white concentration camps of the Anglo-Boer War: A debate without end", *Historia*, vol. 55, no. 2, November 2010, pp. 34-49.

7 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975); E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010).

2.2 Inkerkering, veerkragtigheid, konsentrasie- en krygsgevangenekampe as begrippe tydens internering

2.2.1 Inkerkering

Die woord "inkerkering" (in Engels bekend as "*incarceration*") kan gedefinieer word as 'n aksie van gewelddadige, verpligte afsondering in 'n tronk, of in beleefde tronkomstandighede waarin 'n baie beperkte vorm van menseregte aan die orde is.[8] Hierdie beperking sluit volgens Bondy 'n afgesonderdheid in van die persoon van sy/haar normale omgewing, gesin, familie, lewenswyse, kultuur en sosiale lewe.[9] Die definisie van Bondy ten opsigte van inkerkering is in hierdie studie benut.

2.2.2 Veerkragtigheid

"Veerkragtigheid" oftewel "*resilience*" is 'n term wat lank reeds gebruik word om die oorlewingsmeganismes te beskryf wat meewerk tot die mens se welsyn en innerlike krag in baie spanningsvolle en traumatiese omstandighede.[10] Hierdie veerkragtigheid is 'n universele vermoë wat individue, groepe of gemeenskappe in staat stel om die skadelike gevolge van teëspoed en probleme te voorkom, te verminder en te oorkom.[11] 'n Vermoë om "terug te spring" of na afloop van onderwerping aan (erge) trauma te herstel, sal in hierdie studie met 'n verwysing na voorbeelde van "lewensveerkragtigheid" of "geestelike veerkragtigheid" aangedui word.

---

8 C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, pp. 460-461.

9 C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, pp. 461-462. Vergelyk D.L. Sills (ed.), *International Encyclopedia of Social Science*, vol. 13 (USA, Collier & MacMillan, 1968), pp. 139-140.

10 J.H. Berk, "Trauma and resilience during war: A look at the children and humanitarian aid workers of Bosnia", *Psychoanalytic Review*, vol. 85, no. 4, August 1998, p.639. Vergelyk S.M. Southwick & D.S. Charney, *Resilience: The science of mastering life's greatest challenges* (New York, NY., Cambridge University Press, 2012), p. 13.

11 R.R. Greene, "Holocaust survivors: A study in resilience", *Journal of Gerontological Social Work*, vol. 37, no. 1, 2002, pp. 3-4.

2.2.3 Konsentrasie- en krygsgevangenekampe

Verskillende soorte kampe kan in oorlogstye daargestel word, byvoorbeeld konsentrasiekampe,[12] krygsgevangekampe,[13] vlugtelingkampe[14] en arbeidskampe.[15]

Ingekerkerde gemeenskappe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog was onder meer dié van die Afrikanergevangenes in die konsentrasie- en krygsgevangenekampe gedurende die jare 1900 tot 1902.

Gevangenes in eertydse konsentrasiekampe – ook tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog – is burgerlikes wat om militêre redes aangehou is. Om so ’n vorm van aanhouding as wettig te beskou, was en is uiteraard nie moontlik nie omdat hierdie burgerlikes nooit verhoor is nie en nóg minder voorberei is om hulleself te verdedig. Konsentrasiekampgevangenes is en word gewoonlik nie weens hulle dade aangehou nie, maar weens hulle oënskynlike identifisering met ’n spesifieke etniese of politieke groep.[16]

Krygsgevangenes, daarenteen, is volgens internasionale reg lede van ’n vegtende weermag wat deur opponerende magte gevang en aangehou word.[17] Krygsgevangenes word nie deur plaaslike wette van die land wat hulle gevange geneem het, beskerm nie. Globale konvensies en ooreenkomste deur etlike moondhede onderskryf, bepaal egter wel die posisie en behandeling van enige krygsgevangenes.[18]

---

12 K. Mühlhahn, “The concentration camp in global historical perspective”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 544; A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013), p. 11.

13 K. Mühlhahn, “The concentration camp...”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 544.

14 C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 460. Inwoners van vlugtelingkampe is gewoonlik mense wat uit hul eie land na ander lande vlug weens rasse- of politieke kwessies.

15 C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 460. In arbeidskampe moet gevangenes gedwonge arbeid verrig.

16 Z.A. Denness, “‘A question which affects our prestige as a nation’: The history of British civilian internment, 1899-1945” (D.Phil.-thesis, University of Birmingham, 2012), pp. 2-4; K. Mühlhahn, “The concentration camp...”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 544; C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 460; A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe...*, p. 11.

17 K. Mühlhahn, “The concentration camp ...”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 544.

18 F. Jacobs, “Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid”, E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 19-20.

In die konteks van konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog was die meerderheid gevangenes wit en swart vroue en kinders.[19] Teen Oktober 1901 was daar 118 408 gevangenes in konsentrasiekampe vir wit mense[20] en in Augustus 1901 was daar 53 154 gevangenes in konsentrasiekampe vir swart mense.[21] In die krygsgevangenekampe, aan die ander kant, was die meerderheid aangehoudenes Boerevegters wat op die slagveld gevange geneem is of daar oorgegee het.[22] Kampe soos hierdie in Suid-Afrika is nie uniek nie. In verskeie lande lê navorsing dit bloot dat die mensdom oor dekades en eeue heen aan omstandighede van inkerkering, veral tydens oorloë, blootgestel is weens botsende paradigmas en lewensideologieë, asook vanweë hulle godsdiensvoorkeure.[23]

2.3 Oorlogskampe – ’n metode van oorlogvoering

’n Studie van die blanke konsentrasie- en krygsgevangekampe as metode van oorlogvoering tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog lei noodwendig tot die volgende vrae: Waar, wanneer en met watter doel is die eerste konsentrasie- en krygsgevangenekampe opgerig? Watter sigbaarheid geniet hierdie konsentrasie- en krygsgevangenekampe in die interneringsbeleidgeskiedenis van Suid-Afrika? Was die lyding soos in dié oorlogskampe beleef eie en uniek aan die Suid-Afrikaanse Oorlog? In hierdie afdeling is kortliks oor bogenoemde vrae besin as deel van die verheldering van ’n begrip oor oorlogvoering.

Teen die einde van die negentiende eeu het die reeds kragtige Britse leërmag en ander mededingende weermagte in Europa toenemend ’n professionele[24] inslag gekry.

---

19 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 210; B. Nasson, *The war for South Africa,* p. 242.

20 D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1999), p. 217.

21 J.S. Mohlamme, “African refugee camps in the Boer Republics”, F. Pretorius (ed.), *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2001), p. 112.

22 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 16; S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 208.

23 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 11-12; K. Mühlhahn, “The concentration camp…”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, pp. 555- 556.

24 ’n Professionele inslag dui op goeie organisasie, uitrusting, opleiding, bestuur en aanwending en beheer van soldate om sekere doelwitte te bereik. Vergelyk J. Hyslop, “The invention of the concentration camp ...”, *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, p. 254; A. Grundlingh, “Waarom konsentrasiekampe?”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 25.

Volgens Albert Grundlingh[25] en Jonathan Hyslop,[26] kan van die oorsake in die oprigting van konsentrasiekampe hierin gevind word. Hierdie militêre professionaliteit het 'n militêre kultuur geskep waarin klem op die oortuiging geplaas is dat enige doel die middele heilig. Dié kultuur het in so mate inslag gevind dat menslike oorwegings oor byvoorbeeld die inkerkering van vroue en kinders onder meer gewoon opsy geskuif is. Gevolglik is aan militêre personeel die opdrag gegee om die verantwoordelikheid op hulle skouers te neem om die burgerlike bevolking te herorganiseer in gevalle waar die vyandelikhede van 'n oorlog na die burgerlike bevolking oorgespoel het. Buitengewone maatreëls is toegepas en dit is selfs geregverdig. Dit blyk ook dat militêre owerhede min oor die moontlike ingewikkeldheid van sulke ondernemings besin het.[27] Laasgenoemde kultuur was tiperend van die Suid-Afrikaanse Oorlog toe die burgerlike bevolking van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat onder militêre heerskappy gekom het.[28] Reeds in antieke tye is geskiedenis opgeteken van militêre taktiek in hierdie vorm.[29] Voorlopers hiervan in meer moderne tye kan in die Kubaanse en Filippynse geskiedenis van die laat negentiende eeu gevind word waar generaal Valeriano Weyler Y Nicolau aan die spits van hierdie vorm van oorlogvoering gestaan het. Daarmee saam is 'n verskroeideaardebeleid toegepas.

Spanje het byvoorbeeld die Kubaanse rebelle van hulle landbouvoorsieningsbasis afgesny. [30] Historici reken dat tussen 400 000 en 600 000 inwoners ontwrig is, en dat tot

---

25 A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe*...*,* p. 25.

26 J. Hyslop, "The invention of the concentration camp ...", *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, p. 273.

27 A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe*..., p. 26. Vergelyk J. Hyslop, "The invention of the concentration camp…", *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, pp. 254-257.

28 A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 26.

29 Vergelyk R.A. Billows, *Julius Caesar. The colossus of Rome* (London & New York, Taylor & Francis Group, 2009), pp. 130-165.

30 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding, 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2012), p. 10; K. Mühlhahn, "The concentration camp…", *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 545; I.R. Smith & A. Stucki, "The colonial development of concentration camps (1868-1902)", *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, pp. 420-423; J. Hyslop, "The invention of the concentration camp…", *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, p. 258; A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 11; A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 27.

soveel as 170 000 geïnterneerdes hulle lewens in Kubaanse konsentrasiepunte verloor het.[31]

Die Suid-Afrikaanse Oorlog tussen Groot-Brittanje en die twee Boererepublieke het nóg ’n konsentrasiekampstelsel meegebring. Die eerste kampe was aanvanklik bedoel vir die Boere wat wapens neergelê het en vir hulle gesinne.[32] Intussen het die Britse militêre owerhede ’n verskroeideaardebeleid gevolg wat daartoe gelei het dat hierdie vlugtelingkampe vanaf September 1900 ’n beduidende verandering ondergaan het. Die inwoners was nie meer almal wapenneerlêers nie; inteendeel, die meerderheid persone in dié kampe is met geweld van hulle huise weggeneem of was vlugtendes wat in die veld aangekeer is.[33] Ook swart mense is vanaf die plase en statte weggevoer en veral in konsentrasiekampe aangehou. In hierdie konsentrasiekampe het ten minste 27 927 wit vroue, kinders en mans gesterf,[34] asook 18 003 swart vroue en kinders.[35]

Benewens die konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, staan die Januarie 1904-konflik tussen die Herero- en Nama-magte teen Duitse heerskappy in Duits Suidwes-Afrika (tans Namibië) ook uit as ’n soortgelyke voorbeeld. Die Herero’s was gegrief oor hulle verlies aan mag en die onteiening van hulle grond en beeste. Gou het ’n volskaalse oorlog tussen die Duitsers en Herero’s en Namas gevolg, waarop beide laasgenoemde groepe na konsentrasiekampe gestuur is. Die gevangenes is onmenslik behandel en die sterftesyfer het 45 persent beloop.[36]

---

31 K. Mühlhahn, “The concentration camp...”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 545; I.R. Smith & A. Stucki, “The colonial development of concentration camps...”, *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, p. 422.

32 J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal: The concentration camps of the Anglo-Boer War* (Pretoria, Heroloda Wordworx cc, 2013), p. 1.

33 A.W.G. Raath, “Proloog: Die ontstaan van die konsentrasiekampe”, E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., pp. 10-11,13; J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal* ..., p.1; I.R. Smith & A. Stucki, “The colonial development of concentration camps...”, *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, p. 426.

34 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 211; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), p. 246.

35 S.V. Kessler, “The black and coloured concentration camps”, F. Pretorius (ed.), *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2001), p. 148.

36 J. Hyslop, “The invention of the concentration camp…”, *South African Historical Journal*, vol. 63, no. 2, 2011, pp. 261-262; K. Mühlhahn, “The concentration camp…”, *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, p. 546.

In teenstelling met die wegvoering van burgerlikes na konsentrasiekampe, is die neem van krygsgevangenes ’n eeue-oue militêre praktyk. Aanvanklik was dit die gebruik om manlike gevangenes dood te maak. Sedert die laat Middeleeue is krygsgevangenes egter eerder as waardevolle oorlogsbuit beskou wat slawearbeid kon verrig. In Europa kan die rede vir hierdie verandering in denke omtrent krygsgevangenes die gevolg wees van die idees van filosowe soos Montesquieu, Jean Jacques Rousseau en Emerich Vattel.[37] In Suid-Afrika self is dit moontlik om ook in die geskiedenis van Shaka en ander prominente koninkryke dieselfde benadering te vind.[38]

In 1863, tydens die Amerikaanse Burgeroorlog, het die Duits-Amerikaanse juris Francis Lieber op versoek van president Lincoln ’n gedragskode aangaande die behandeling van krygsgevangenes opgestel. Dié gedragskode het onder meer bepaal dat gevange soldate aangehou en gevoed moes word én dat hulle mediese behandeling moes ontvang. Verder is bepaal dat krygsgevangenes nie tot slawe gemaak óf gemartel óf doodgemaak kon word nie. Die eerste konvensie oor die behandeling van krygsgevangenes is eers in 1899 onderteken.[39]

Gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog is tussen 27 000 en 34 000 vegtende burgers volgens dié staande militêre kode (en nie op grond van Lieber se gedragskode nie) gevange geneem. Gevangenes is in verskeie kampe in Suid-Afrika, op St. Helena en Ceylon, in Indië en op die Bermuda-eilande aangehou.[40] Dié praktyk is in daaropvolgende konflikte voortgesit. Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het byvoorbeeld ’n ongekende aantal krygsgevangenes opgelewer: ongeveer agt- tot nege miljoen soldate is gevange geneem. Teen die einde van die oorlog in 1918, was daar

---

37 F. Jacobs, “Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid”, E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 19.

38 Vergelyk E. Fiddian-Qasmiyeh, G. Loescher, K. Long & N. Sigona (eds.), *The Oxford handbook of refugee and forced migration studies* (Oxford, UK, Oxford University Press, 2014), p. 800; P.T. Zeleza, *A modern economic history of Africa: The nineteenth century,* vol. 1 (Nairobi, East African Publishers, 1997), pp. 33-34.

39 F. Jacobs, “Krygsgevangenekampe: Die persepsie en die werklikheid”, E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 19; A.W.G. Raath & H.A. Strydom, “The Hague Conventions and the Anglo-Boer War”, *SAYIL*, vol. 24, 1999, p. 149; D.L. Costa & M.E. Kahn, “Surviving Andersonville: The benefits of social networks in POW camps”, *Working Paper 11825*, http://www.nber.org/papers/w11825.

40 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 9; K. Rood-Coetzee, “Die lief en leed van die bannelinge”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 507; D. Hall, *The Hall handbook* ..., p. 187.

byvoorbeeld 2,2 miljoen krygsgevangenes slegs in Russiese gebied alleen. Twee dekades en meer later, tydens die Tweede Wêreldoorlog, het Duitsland byvoorbeeld ongeveer agt miljoen soldate van verskillende nasionaliteite, afkomstig van verskillende lande, gevange geneem en Rusland op sy beurt drie miljoen Duitsers.[41] Nuwe tegnologie soos verbeterde infrastruktuur (spoorweë), die massaproduksie van wapens en doringdraad het dit moontlik gemaak om krygsgevangenes te vervoer en al meer soldate gevange te neem en aan te hou. Hierdie tendens was wêreldwyd aan die orde van die dag.[42] Selfs in die een-en-twintigste eeu word die "vyand" nog steeds geïsoleer en aangehou.[43]

Die oprigting van konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902 het onder meer hulle oorsprong gehad in die veranderde patrone van Westerse oorlogvoering en het dus deel van hierdie breër patroon van oorlogvoering gevorm. Die beskerming van die wapenneerlêers en die toepassing van 'n verskroeideaardebeleid deur die Britse militêre owerheid het twyfelloos die verdere grondslag vir die oprigting van hierdie kampe gevorm. Die oprigting van krygsgevangenekampe daarteenoor, was reeds 'n eeue-oue praktyk.

2.4 Oorlogskampstudies – 'n historiografiese verkenning

2.4.1 Oorlogskampstudies teen 'n internasionale agtergrond

Historiese literatuur oor die derduisende internasionale konsentrasie- en krygsgevangenekampe gedurende die twintigste eeu is redelik volop. 'n Paar temas, hoewel nie in diepte nie, is nagevors – soos byvoorbeeld sport,[44] ekonomie[45] en kreatiwiteit[46] in die kampe. Navorsers het veral posttraumatiese stresversteuring onder

---

41 G.H. Davis, "Prisoners of war in twentieth-century war economics", *Journal of Contemporary History,* vol. 12, no. 4, Oct. 1977, p. 624.

42 K. Mühlhahn, "The concentration camp…", *History Compass*, vol. 8, no. 6, 2010, pp. 547- 548.

43 C. Minca, "Geographies of the camp", *Political Geography*, vol. 49, November 2015, pp. 74-83; C. Coker, *Ethics and war in the 21st century* (London, Routledge, 2008); 21st Century concentration camps / Burma Muslims, https://www.burmamuslims.org/.../21st-century-concentration.

44 B.J. Davison, "Forechecking in captivity: Sport in the lives of Canadian prisoners of war at three German camps during the Second World War" (M.A.-dissertation, University of Windsor, 2006).

45 G.H. Davis, "Prisoners of war in twentieth-century war economics", *Journal of Contemporary History*, vol. 12, no. 4, 1977, pp. 623-634.

46 G. Carr & H.C. Mytum, *Cultural heritage and prisoners of war: Creativity behind barbed wire* (Cambridge, Routledge, 2012).

die oorlewendes van die kampe bestudeer.[47] Relatief min inligting is gevind oor die gevangenes se belewing en hantering van hulle inkerkering – wat navorsing oor die onderwerp gevolglik uniek maak.

In die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing oor die oorlogskampe is verskeie temas nagevors. Sport en spel in die kampe,[48] die rol van godsdiens,[49] asook die administrasie [50] van en die daaglikse roetine van kamplewe is in studies opgeteken.[51] 'n Opvallende leemte in die Suid-Afrikaanse historiografie oor oorlogskampe ter plaatse is die psigologiese en emosionele impak van aanhouding. Internasionale navorsing in hierdie verband is al dikwels vanuit ander dissiplines onderneem en, met die verskynsel van internering as fokus, was die metodologie en wyse van ondersoek en ontleding vir hierdie studie van insiggewende waarde.

C. Bondy[52] se artikel *Problems with internment camps* is metodologies van groot waarde vir hierdie studie om op 'n weldeurdagte manier te werk te gaan om die psigologiese impak van inkerkering op beide die krygsgevangenes en

---

47 Voorbeelde van werke oor die konsentrasie- en krygsgevangekampe gedurende die twintigste eeu is: R. Krell & M.I. Sherman (eds.), *Medical and psychological effects of concentration camps on Holocaust survivors* (New Brunswick, Transaction Publishers, 1997); A. Russell, "Late psychosocial consequences in concentration camp survivor families", *American Journal of Orthopsychiatry*, vol. 44, no. 4, July 1974, pp. 611-619; P.B. Sutker, A.N. Allain & J.L. Johnson, "Clinical assessment of long-term cognitive and emotional sequelae to World War II prisoner-of-war confinement: Comparison of pilot twins", *Psychological Assessment,* vol. 5, no. 1, March 1993, pp. 3-10; E. Luchterhand, "Prisoner behaviour and social system in the Nazi concentration camps", *International Journal of Social Psychiatry*, vol. 13, 1967, pp. 245-264; J. David, "Posttraumatic stress disorder among survivors of Cambodian concentration camps", *American Journal of Psychiatry*, vol. 141, no. 5, May 1984, pp. 645-650.

48 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1995); F.J.G. van der Merwe, "Die aard van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 27, nr. 2, 2005, pp.129-141.

49 A. Wohlberg & A. Wessels, "Religion and recreation in the Merebank concentration camp", *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, pp. 46-65; C. Pretorius, "Die rol van predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)", *H.T.S. Teologiese Studies*, jg. 57, nr. 3/4, 2001, pp. 1052-1070; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", pp. 148-150.

50 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., pp. 75-99; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", pp. 176-190.

51 E. van Heyningen, "Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 92-119; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*…, pp. 110-120.

52 C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, pp. 453-475.

konsentrasiekampbewoners aan te toon. In sy artikel toon psigoloog Curt Bondy die psigologiese, fisiese en morele uitwerking van internering op aangehoudenes aan. Hy onderskei vier faktore wat ’n groot rol in die destruktiewe uitwerking van internering op aangehoudenes gespeel het, naamlik isolasie van hulle bekende omgewing, gesin, familie, werk, kultuur en lewenswyse, asook die verlies aan sosiale status, onsekerheid oor die duur van aanhouding en algemene onsekerheid. Dié vier faktore as riglyn is ook van toepassing gemaak op die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog. Deur na die kampe deur hierdie navorsingsbril te kyk, maak die studie uniek. Daar is ’n gebrek aan navorsing wat die fisiese, sosiale en psigologiese impak van inkerkering *per se*, en hoe die gevangenes dit hanteer het,[53] betref.

Oor hierdie aspek van internering is Segal, Hunter & Segal[54] se artikel ’n waardevolle riglyn tydens die bestudering van die psigologiese en fisiese impak van aanhouding in die oorlogskampe. Die skrywers toon aan dat versteurings soos byvoorbeeld depressie, skuldgevoelens, angs, slaaploosheid en moegheid en siektetoestande soos arteriosklerose, spyseverteringsprobleme, longprobleme, rumatiek en verdwyning van maandstonde van die sielkundige en gesondheidsprobleme was wat die gevangenes tydens en ná inkerkering ondervind het. Oor die oorlewingsmeganismes van gevangenes tydens internering is drie artikels geïdentifiseer wat betekenisvol vir hierdie studie is. In *Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs*[55] toon Henman aan dat daar gedurende onlangse konflikte onder gevangenes bevind is dat humor vir hulle ’n effektiewe oorlewingsmeganisme is. Humor word beskou as ’n manier om terug te veg en weer beheer te kry (dus ’n lewensveerkragtige gesindheid en benadering). Sy toon verder aan dat as humor as ’n element van kommunikasie en veerkragtigheid as ’n kommunikasieverskynsel beskou word, die verband tussen humor en veerkragtigheid duideliker word. Davison[56] het weer in ’n studie bevind dat die beoefening van sport ’n belangrike rol gespeel het om krygsgevangenes se wanhoop te verlig, hulle aandag van

---

53 Hieroor meer, later in dié hoofstuk.

54 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, “Universal consequences of captivity: Stress reactions among divergent populations of prisoners of war and their families”, *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, pp. 593-606.

55 L.D. Henman, “Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs”, *Humor: International Journal of Humor Research*, vol. 14, no. 1, 2001, pp. 83-94.

56 B.J. Davison, “Forechecking in captivity…”, pp. 17, 188.

hulle omstandighede af te lei en om die eentonigheid van inkerkering te verbreek. Bluhm[57] se studie ten opsigte van oorlewingsmeganismes wat deur die ego ontwikkel word om die individu teen fisiese dood en geestelike vernietiging te beskerm, is 'n ander prominente faset van geestelike lewensveerkragtigheid wat ook in hierdie studie oor die belewenisse van ingekerkerdes in ag geneem is.

Hierdie internasionale studies is dus – in die lig van die beperkte navorsing oor die psigologiese impak van aanhouding en die gevangenes se benadering tot oorlewingsmeganismes – baie nuttige riglyne wat betref navorsing ten opsigte van ingekerkerdes se gemeenskapslewe gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog.

2.5 Kampstudies oor die Suid-Afrikaanse Oorlog

Die meerderheid navorsingsinligting vir die beoogde studie lê opgesluit in primêre bronne wat in nasionale museums en argiewe landwyd verkrygbaar is. Veral die argief van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein en die Vrystaatse Argiefbewaarplek was besonder waardevolle besoekpunte. Ongepubliseerde dokumente wat geraadpleeg is, sluit in dagboeke, herinneringskrifte en briewe deur die konsentrasiekampbewoners asook die krygsgevangenes. Hierdie bronne blyk 'n rykdom van inligting rakende die gevangenes se belewenisse tydens hulle ingekerkerde gemeenskapslewe te bevat en vandaar die feit dat die inligting in hierdie studie aangewend is.

2.5.1 Sekondêre bronne en historiografiese oorsig

Die historiografie oor die konsentrasiekampe toon verskillende kenmerke. Aanvanklik is mededelings en beëdigde verklarings van direkte geaffekteerdes gepubliseer met die doel om hierdie inligting vir die nageslag te bewaar. Die dames E. Hobhouse[58] en E.

---

57 H.O. Bluhm, "How did they survive? Mechanisms of defence in Nazi concentration camps", *American Journal of Psychotherapy*, vol. 53, no. 1, Winter 1999, pp. 96-122.

58 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923); E. Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell* (London, Methuen, 1902); E. Hobhouse, *War without glamour – or – women's experiences written by themselves, 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1924).

Neethling[59] en M.M. Postma[60] het mededelings en beëdigde verklarings deur konsentrasiekampbewoners versamel en dit aan die begin van die twintigste eeu gepubliseer.

Hierdie eerste vermelde werke bevat ’n gemeenskaplikheid van traumatiese ervarings soos die verwoesting van besittings, belewenisse ten opsigte van die vervoer na kampe, ’n onvoldoende tot swak dieet, hoë siekte- en sterftesyfers, asook ’n ongekende positiewe ingesteldheid van vasberadenheid en geesteskrag te midde van al hulle beproewings. Daar is dus opvallende ooreenkomste in die temas.

E. van Heyningen[61] toon in ’n artikel aan dat Emily Hobhouse bogenoemde bronne, vanweë hulle kollektiewe waarde, belangrik geag het en dat sy van mening was dat die klompie vroue namens die duisende wat net soveel gely het, maar wat nie oor die nodige skryfvaardighede of -middele beskik het nie, gepraat het. H. van Vuuren[62] lig jare later die kollektiewe waarde van die eerste bydraes van kampherinneringe uit as die vrou wat dit geskryf het se ervarings wat as verteenwoordigend van al die swygers beskou kan word, asook van diegene wat gesterf het.

Die betroubaarheid van al hierdie eerste werke tot en met die veertigerjare van die twintigste eeu word deur historici soos E. van Heyningen,[63] L. Stanley & H. Dampier[64] en Z.A. Denness[65] in twyfel getrek as sou die bronne slegs ten doel gehad het om Afrikanernasionalisme te kweek. Alhoewel die aanvanklike skrywes baie emosioneel en

---

59 E. Neethling, *Should we forget?* (Cape Town, HAUM, 1902); E. Neethling, *Vergeten*? (Kaapstad, Nasionale Pers, 1917); E. Neethling, *Mag ons vergeet?* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938).

60 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899-1902* (Potchefstroom, s.n., 1925); M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die verlede* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1939).

61 E. van Heyningen, “The concentration camps of the South African (Anglo-Boer) War, 1900-1902”, *History Compass*, vol. 7, no. 1, January 2009, p. 27.

62 H. van Vuuren, “Kollektiewe bewussyn: ’n Aanloop tot ’n vergelykende benadering van die Suid-Afrikaanse outobiografie”, *Stilet*, jg. 8, nr. 1, Maart 1996, pp. 10-19.

63 E. van Heyningen, “Costly mythologies: The concentration camps of the South African War in Afrikaner historiography”, *Journal of Southern African Studies,* vol. 34, no. 3, September 2008, pp. 495-513.

64 L. Stanley & H. Dampier, “Aftermaths: Post/memory, commemoration and the concentration camps of the South African War 1899-1902”, *European Review of History: Revue Européenne D’histoire*, vol. 12, no. 1, March 2005, pp. 91-119.

65 Z.A. Denness, “‘A question which affects our prestige as a nation’…”, pp. 42-44.

heel moontlik as oordrewe gelees kan word, is Bondy[66] se sienswyse ook op die eerste getuienis van aangehoudenes in die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe van toepassing. Bondy, wat self ’n gevangene in die Buchenwald-konsentrasiekamp was, gee toe dat die eerste verklaringe en verslae oor konsentrasiekampe in Duitsland ook moontlik oordrewe was, maar hy voer aan dat dit tog in die algemeen ’n ware beeld van die kampe geskep het. Volgens hom is die mens wel geneig om te oordryf, maar hy vervolg verder met:[67]

> *About the concentration camps no exaggeration is necessary; the most gruesome fantasies are reality.*

Emily Jansen se bydrae, soos vervat in Riem Vis se publikasie en hoewel baie emosioneel verwoord, bevestig Bondy se sienswyse. Volgens haar kon sy nie die lyding tot so ’n mate beskryf dat iemand wat dit nie self ervaar het nie, die intensiteit daarvan sal kan verstaan nie.[68] Hierdie studie stem dus ooreen met Fransjohan Pretorius[69] se siening dat, al sou die eerste publikasies oor die kampe gebruik gewees het om Afrikanernasionalisme te bevorder, dit nie noodwendig beteken dat al die werke onaanvaarbare getuienis bevat nie.

Al die mededelings en beëdigde verklarings is bronne wat nie net lig werp op hoe en wat die vroue ervaar het nie, maar ook ’n bietjie inligting bevat oor hoe hulle die kamplewe beleef het, asook hoe sommige ’n lewe van geestesveerkragtigheid uitgestraal het. Vir hierdie studie geld ’n hernude insig daarin, verwyderd van ’n gees van Afrikanernasionalisme of ’n gees van vermitologisering.[70] Veel eerder is dit ’n historiese verkenning van menslike belewing van ingekerkerdheid as ’n verskynsel in oorlogvoering meer as ’n eeu gelede. In welke mate hierdie belewenisse met

---

66 C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, pp. 453-475.

67 C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 454.

68 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp”: Het leven en lijden van een Boerengezin in Transvaal tijdens den laatsten oorlog met Engeland* (Rotterdam, A.A. Daamen, 1902), p. 178.

69 F. Pretorius, “The white concentration camps of the Anglo-Boer War ...”, *Historia*, vol. 55, no. 2, November 2010, p. 40.

70 Vergelyk E. van Heyningen, “Costly mythologies…”, *Journal of Southern African Studies*, vol. 34, no. 3, September 2008; E. van Heyningen, “The concentration camps…” , *History Compass*, vol. 7, no. 1, January 2009.

hedendaagse voorbeelde van inkerkering ooreenstem of daarvan verskil, sou as stof vir ’n selfstandige studie kon dien.

Die honderdjarige herdenking van die Groot Trek in 1938, gevolg deur die Tweede Wêreldoorlog (September 1939) en tweespalt oor Suid-Afrika se deelname aan die kant van Brittanje, het die vure van nasionalisme weer eens hoog laat brand.[71] Die Ossewa Brandwag as kultuur- maar ook as militêre organisasie is uit hierdie sameloop van omstandighede gebore.[72] Dit was dus nie vreemd dat in werke van die veertiger- en vyftigerjare opnuut sterk standpunt ingeneem is oor die lyding wat konsentrasiekampe ten opsigte van vroue en kinders meegebring het nie. Ewald Steenkamp se *Helkampe*[73] het skerp reaksie van historici uitgelok. Volgens Steenkamp was sy doel met die studie om aan te toon wie “waarlik” tydens die Oorlog gely het. In dieselfde jaar is die boek van N. Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902,*[74] gepubliseer. In die voorwoord skryf Devitt dat sy doel met die boek was om wilde bewerings en verkeerde gevolgtrekkings oor konsentrasiekampe teë te werk. Gevolglik kan afgelei word dat die bydraes van Steenkamp en Devitt subjektief is en geskryf is met ’n motief daaragter.

Afrikaanse historici het opvallend lank geneem om oor die Oorlog en spesifiek die konsentrasiekampe te skryf, en 'n sigbare empatie skemer dikwels deur. Boerevroue, kinders en bejaardes se lyding tydens hulle vervoer na en verblyf in die konsentrasiekampe vorm die sentrale tema van die boek *Die konsentrasiekampe*[75] deur J.C. Otto. Die boek is in 1954 gepubliseer en opnuut deur Protea Boekhuis in 2005 uitgegee.

---

71 H. Giliomee, “’n “Gesuiwerde” nasionalisme, 1924-1948”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 303-308.

72 H. Giliomee, “’n “Gesuiwerde” nasionalisme, 1924-1948”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 303, 305-306; C. Blignaut, “Volksmoeders in die kollig: ’n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954”, (M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2012), pp. 108, 129.

73 E. Steenkamp, *Helkampe* (Johannesburg,Voortrekkerpers, 1941).

74 N Devitt, *The concentration camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902* (Pietermaritzburg, Shuter & Shooter, 1947).

75 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe* (Kaapsted, Nasionale Boekhandel, 1954).

Net soos in die geval van Devitt was A.C. Martin se boek *The concentration camps, 1900-1902: Facts, figure sand fables*[76] 'n reaksie op Otto se werk en het as doelwit gehad om die "fabels opgedis" oor die konsentrasiekampe te "ontmasker" en die "korrekte feite" te gee. Martin het baie meer klem gelê op die positiewe aspekte van die kamporganisasie, en hy het verder aangevoer dat die Boereleiers verantwoordelikheid vir die konsentrasiekampstelsel moes neem.

Vanaf die sestigerjare van die twintigste eeu het die werke van J.L. Hattingh,[77] A. Wohlberg[78] en J.M. Wasserman[79] 'n verandering in die kamphistoriografie weerspieël. Die eerste gebalaneerde sienswyse is in dié skrywers se werke te vinde.

Een van die belangrikste akademiese bydraes oor die verskroeideaardebeleid het in 1978 uit die pen van S.B. Spies verskyn.[80] *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900-May 1902* werp lig op die verskroeideaardebeleid, die impak wat hierdie beleid op wit en swart burgerlikes gehad het en op die konsentrasiekampstelsel. In dié werk maak Spies dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse Oorlog nie net in militêre terme ontleed moet word nie, aangesien die Britse owerheid se behandeling van die burgerlikes 'n kritieke faset van die Oorlog was. Dit het 'n deurslaggewende uitwerking op die verloop van die Oorlog, asook op die Suid-Afrikaanse en Britse verhoudinge tot lank ná die beëindiging van die Oorlog in 1902 gehad. Hoewel die boek nie oor die kampbewoners se belewing en hantering van hulle inkerkering handel nie, gee dit nogtans 'n insiggewende aanloop tot die konsentrasiekampe en 'n beter begrip van gebeure in dié bepaalde tydsomstandighede.

In 1990 is Ploeger se werk, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog*, 1899-1902,[81] gepubliseer. Die invalshoek van hierdie insiggewende

---

76 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902: Facts, figures and fables* (Cape Town, Howard Timmins, 1957).

77 J.L. Hattingh, "Die Irenekonsentrasiekamp" (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1965).

78 A.U. Wohlberg, "The Merebank concentration camp in Durban, 1901-1902" (M.A.-dissertation, University of the Free State, 2000).

79 J.M. Wassermann, *The Pinetown concentration camp during the Anglo-Boer War* (*1899-1902*), (Congella, Waterman Publishers, 2000).

80 S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics, January 1900-May 1902*, 2nd ed. (Cape Town, Human & Rousseau, 1978).

81 J. Ploeger*, Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, Staatsargiefdiens, 1990).

werk is die verskroeideaardebeleid en die uitwerking daarvan op die twee Boererepublieke. Dit is ’n bron wat ’n breë agtergrond vir navorsing oor die konsentrasiekampe bied, en as sodanig is dit ook van waarde vir ’n studie oor kampinkerkering.

Teen die draai van die twintigste eeu en met die honderdjarige herdenking van die Suid-Afrikaanse Oorlog vanaf 1999, is die eertydse konsentrasiekampe weer in herinnering geroep. Verskeie historici het in hierdie tyd ’n meer gebalanseerde sienswyse bepleit. Reeds in 1980 skryf S.B. Spies, “Not surprisingly, women’s sufferings in general, and their experiences in the concentration camps in particular, were most heavily emphasized, perhaps at the cost of other facets.”[82] In die voorwoord van die werk *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*,[83] skryf professor F. Pretorius, “Miskien moet ons hierdie lyding wyer bekyk, en besef dat ander volkere ook in húlle oorloë lyding ervaar het.” Ook J. Grobler & M. Grobler[84] en A. Grundlingh & B. Nasson[85] het dit beklemtoon dat die konsentrasiekampbewoners nie net slagoffers was nie. ’n Vrug van akademiese studies en ander literêre genres het in beide Suid-Afrika en in Engeland verskyn. In Hoofstuk Een is die waarde van ’n aantal werke reeds uitgewys.[86]

Verder van belang is H. Dampier[87] se proefskrif waarin sy die kwessie van mitevorming oor lyding in die konsentrasiekampe ondersoek het. Sy het ’n paar vroue se getuienisse bestudeer en tot die gevolgtrekking gekom dat die getuienis deur nasionaalgesindes gekaap is vir politieke gewin. Al mag dit waar wees dat van die getuienis deur andere gebruik is om Afrikanernasionlisme te bevorder, beteken dit nie dat hierdie getuienis as herinneringe, en uit die hart van die geïnterneerdes, nie gebruikswaarde het nie.

---

82 S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S. B.Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War…*, p. 161.

83 P. Alberts (samesteller), *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders ...,* p. 8.

84 J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal* ..., p. 99.

85 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 10.

86 Vir die bepreking van die waarde en leemte van werke deur A.W.G. Raath, J. Grobler & M. Grobler, E. van Heyningen en S.P.R. Oosthuizen vergelyk Hoofstuk Een.

87 H. Dampier, “Women’s testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after” (Ph.D.-thesis, University of New Castle, 2005).

Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog[88] bied vars perspektiewe op ’n bekende stuk geskiedenis. Soos die subtitel aandui, is die wêrelde wat in hierdie boek ontsluit word hoofsaaklik dié van vroue en kinders. Die boek gee ’n verrykende en verruimde insig in die leefomstandighede van die vroue en kinders in die kampe, asook van diegene wat in die veld rondgeswerf het. In die boek val die kollig nie net op die trauma, lyding en beproewings van hulle daaglikse bestaan in die kampe of veld nie, maar dit ondersoek ook die wyse waarop die vroue volhard en oorleef het. Dié boek werp ook lig op ander temas in die ingekerkerke gemeenskapslewe van die gevangenes, soos die kinders se belewing en hantering van hulle inkerkering en die Boere se besondere humorsin. Laasgenoemde hoofstukke is ’n belangrike bron van inligting vir die studie en dien ook as riglyn vir die bepaling van die Boere se fyn humorsin as oorlewingsmeganisme. Van hierdie werk skryf M.G. Fernandez, “It offers new insights on (sic) the concentration camps and the experiences that women and families had to endure.”[89] Aangesien die boek oor die vroue en kinders se lewe in die Oorlog handel, sou ’n bespreking van nog vroue se lewe tydens die Oorlog waarde bygevoeg het. So byvoorbeeld sou ’n skrywe oor Issie Smuts wat nie onder huisares geplaas wou word nie, maar eerder na ’n konsentrasiekamp gestuur wou word om net soos die ander vroue te ly, baie insiggewend gewees het as ’n betekenisvolle herwaardering van spesifieke lydendes se stories wat op die Suid-Afrikaanse Oorlog gegrond is.

Verskeie artikels in tydskrifte handel oor ’n wye verskeidenheid aspekte van die vroue en kinders se ingekerkerde gemeenskapslewe.

F.J.G. van der Merwe[90] se twee artikels, “Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” en “Die aard van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-

---

88 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013).

89 M.G. Fernandez, “Haunting images, diverse ‘voices’ ”, *Historia*, vol. 59, no. 1, May 2014, p.181.

90 F.J.G. van der Merwe, “Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 26, nr. 2, 2004, pp. 117-130; F.J.G. van der Merwe, “Die aard van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 27, nr. 2, 2005, pp. 129-141.

Boereoorlog, 1899-1902" werp lig op die enkele sportaktiwiteite in die konsentrasiekampe en hoe dié sportaktiwiteite en spele sommige gevangenes gehelp het om hulle oorlogslot te verlig. A. Wohlberg & A. Wessels se artikel, "Religion and recreation in the Merebank concentration camp" lig die sluier oor die belangrike rol wat die predikante gespeel het ten opsigte van die instandhouding van die gevangenes se moraal en hoe konstruktiewe vryetydsbesteding die geestesgesondheid van die kampbewoners verbeter het. Vir navorsing oor die gevangenes se oorlewingsmeganismes het hierdie artikels waardevolle inligting bevat.

Soos reeds aangedui, is daar min werke oor die krygsgevangenekampe geskryf – waarskynlik omdat "The overseas POW camps proved to be less controversial than the concentration camps on the mainland, presumably because prisoners of war had always to be confined". Die boek *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog* 1899-1902[91] is 'n indrukwekkende werk. Die kampe op St. Helena, Ceylon en Bermuda is afsonderlik behandel, maar is tog tematies benader. Temas wat noukeurig ondersoek is, is kampadministrasie, pos- en mediese reëlings, vryetydsbesteding, die kerk, ontsnappings en sterftes. E. Wessels het eers inleidend by elke tema bepaalde agtergrondinligting gegee waarna sy die krygsgevangenes self aan die woord gestel het. Belangrike hulpbronne met inligting vir die skryf van die werk was veral dagboeke, herinneringskrifte en briewe. Hierdie werk bevat baie waardevolle inligting oor die leefomstandighede van die gevangenes, maar hoe hulle hierdie leefomstandighede beleef het en of hulle oor die vermoë beskik het om hierdie moeilike omstandighede en trauma te hanteer, is nie grondig bestudeer nie.

Tot en met 1995 was sport en spelkultuur in die krygsgevangenekampe nog 'n braak veld. F.J.G. van der Merwe[92] se werk hieroor is nie net 'n bron van kennis nie, maar dit help ook om die rol wat sport en spele in die geestesgesondheid van die krygsgevangenes gespeel het, na waarde te skat.

---

91 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ...

92 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1995).

Hoewel twee artikels en ’n verhandeling van L.A. Changuion[93] nie op die krygsgevangenes se belewing en hantering van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe fokus nie, bevat dit nogtans waardevolle inligting oor enkele aspekte van die krygsgevangenes se inkerkering, soos byvoorbeeld oor die veiligheidsmaatreëls, ontsnappings en enkele aktiwiteite in die kampe. ’n Artikel deur S.A. Royle[94] het wel waardevolle inligting verskaf oor die fisieke ontwrigting van die krygsgevangenes, en veral van belang is die inligting oor die wye strek van die psigiese impak op die gevangenes vanweë die inkerkering.

2.5.2 Dagboeke en briewe

In tye van onrus is die skryf van dagboeke klaarblyklik ’n normale praktyk en verskynsel.[95] Dit geld ook vir die Suid-Afrikaanse Oorlog. Dagboeke is een van die belangrikste bronne wat in hierdie studie benut is om te bepaal hoe die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners hulle ingekerkerde gemeenskapslewe in dié tydvak beleef en hanteer het.[96] Uit die pen van die krygsgevangenes is tientalle dagboeke gebore wat ’n besondere waardevolle bydrae tot die geskrewe erfenis rakende herinneringe oor en aan die kampe lewer. Uit die konsentrasiekampe is baie minder dagboeke van waarde vir die spesifieke doel waarop hierdie studie toegespits is. Die waarskynlike rede hiervoor is dat die krygsgevangenes dagboek gehou het om die tyd te verdryf, terwyl die konsentrasiekampbewoners slegs gepoog het om te oorleef en nie noodwendig na ’n dag se verantwoordelikheid met kinders en selfs bejaardes die energie of ledige tye gehad het om hulle traumatiese wedervaringe neer te skryf nie.

---

93 L.A. Changuion, “Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, pp. 55-71; L.A. Changuion, “Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 39, nr. 3/4, 1999, pp. 314-328; L.A. Changuion, “Die lewe in die Suid-Afrikaanse Boerekrygsgevangekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2000).

94 S.A. Royle, “St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green Papers”, *Journal of Historical Geography*, vol. 24, no. 1, 1998, pp. 53-68.

95 Vergelyk M. Piggott, “Archives and memory”, S. McKemmish, M. Piggott, B. Reed & F. Upward, *Archives: Recordkeeping in society* (Australia, Quick Print, 2005), pp. 299-328.

96 J.C. Pretorius, “Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en kultuurhistoriese museums in Suid-Afrika: ’n Bronneverkenning”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* jg. 14, nr. 1, Junie 2000, p. 30.

Enkeles soos A.D. Lückhoff,[97] Rensche van der Walt[98] en Sarie Roos[99] het wel dagboek gehou van hulle lewe in die konsentrasiekampe sodat hulle dit altyd sou onthou. Volgens Johanna Brandt-Van Warmelo het sy dagboek gehou om haar hart uit te stort, aangesien sy met niemand in die kamp oor die gebeure kon praat nie.[100] J.N. Brink skryf:[101]

> *Ik wil er nog eens met nadruk op wijzen, dat het te betreuren zou zijn zoo de herinnering aan persoonlijke en ongewone ondervindingen gedurende den Zuid-Afrikaanschen oorlog opgedaan, aan de wêreld onthouden werd, en in de diepte der vergetelheid zou den verzonken raken; laat ieder in alle landen der beschaafde wereld de waarheid hooren.*

"Volgens H. Dampier is die algemene opvatting aangaande dagboeke dat hierdie vorm van herinnering 'n meer egte weergawe van die skrywer se ervarings is as die retrospektiewe geskrifte wat op die insigte van terugskouing steun."[102] Van Heyningen beklemtoon ook dat dagboeke as historiese bronne van groot waarde is – selfs al kom die tekste as "skraal" voor.[103] F.J. Stemmet voeg sy stem hierby.[104]

Vir hierdie studie is dagboeke as historiese bronne van groot waarde, aangesien inskrywings in dagboeke momentele waarnemings is wat in die hitte van die gebeure opgeteken is. Hierdie afdeling bevat 'n studie van die toepaslike dagboeke en herinneringe wat lig kan werp op die vrae wat die riglyn vir hierdie studie vorm, naamlik om die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se belewing en hantering van 'n ingekerkerde gemeenskapslewe na te vors en te vergelyk.

---

97 A.D.L., *Woman's endurance*, 2nd ed. (Pretoria, Protea Book House, 2006), p. 1.

98 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter* (Bloemfontein, N.G.-Sendingpers, 1965), p. 2.

99 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 3.

100 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905), p. 11.

101 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), p. 189.

102 H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after" (Ph.D.-thesis, University of New Castle, 2005), p. 171.

103 E. van Heyningen, "The diary as historical source: A response", *Historia*, vol. 38, no. 1, May 1993, pp. 14, 25.

104 F.J. Stemmet, "Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog" (M.A.-verhandeling, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1973), p. 28.

2.5.2.1 Inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor

Vir die navorsing oor die fisieke ontwrigting wat inkerkering meegebring het, asook hoe die gevangenes dit beleef het, sowel as die gevangenes se veerkragtige reaksie op hulle traumatiese ervarings, is die dagboeke en herinneringe van besondere historiese belang. Vir die toepassing van ’n verskroeideaardebeleid wat die meerderheid inwoners van die Boererepublieke brandarm gelaat het, het die dagboek van A. Badenhorst[105] en die aantekeninge van H.S. van Staden[106] waardevolle inligting bevat.

Die dagboeke en herinneringe van P.H.H. Fick,[107] C.P. van Zyl,[108] G.S. Preller[109] en F.J. Bezuidenhout[110] werp lig op die gevangenes se wegvoering na die kampe wat hulle as baie ontwrigtend en vernederend beleef het weens uiters ongure weersomstandighede, swak voedsel- en watervoorsiening en openbare spottery en uitjouery op stasies en in dorpe.

Verder het die dagboeke en herinneringskrif van J. Brandt-Van Warmelo,[111] S. Nel,[112] H. Armstrong,[113] S.J. Burger,[114] L.C. Ruijssenaers[115] en P.J. van der Walt[116] die kennis verruim van die lyding waaraan die gevangenes onderwerp is, waaronder swak huisvestingfasiliteite, oorbevolking, ’n gebrek aan privaatheid, onvoldoende voedselvoorsiening en onhigiëniese lewensomstandighede.

---

105 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939).

106 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-155/134/3: Vrouweverdriet: Dagelikse aantekeninge van H.S. van Staden (gebore Lemmer).

107 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick.

108 OM, Bloemfontein, 4141/2: Dagboek van C.P. van Zyl, Sialkot.

109 G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van ’n krygsgevangene*, 2de druk (Kaapstad, Nasionale Pers, 1943).

110 VAB, Bloemfontein, A-155/134/2: Vrouweverdriet: Die geval van F.J. Bezuidenhout en haar dogters van Barrowfield, Utrecht.

111 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Irene* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905).

112 J. Bottomley & C. Luijks, “The diary of Susarha Nel and her ordeal in the ‘Death Camp’ at Mafeking, July 1901-August 1902”, *New Contree*, vol. 44, no. 6, November 1998, pp. 33-53.

113 H.E.C. Armstrong, *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong: Experiences of a Boer nurse in the Irene concentration camp, 6 April-11 October 1901* {with introduction, editing of the text and historical notes by T. van Rensburg}, (Pretoria, Human Sciences Research Council, 1980).

114 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, RGN, 1977).

115 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977).

116 VAB, Bloemfontein, A-155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olivier).

Die dagboek en herinneringe van onder andere G.E.S. Grobbelaar[117] en D.W. Steyn[118] toon egter ook aan dat die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes nie net hulpelose slagoffers was nie, maar dat hulle inderdaad ook vindingryke planne beraam het om hulle huisvestingsfasiliteite te verbeter of hulle voedsel aan te vul of selfs smaakliker te probeer maak. Hulle het nie net hulle lot aanvaar nie, maar het selfs in opstand daarteen gekom.

2.5.2.2 Hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog

Die waardevolste dokumente oor die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se hoop op nuus van gesin- en familielede is die talle briewe[119] vanuit die oorlogskampe. Hierdie briewe bevat waardevolle inligting oor die bykomende psigologiese impak wat die skeiding van geliefdes op die gevangenes gehad het. Karel Schoeman beskryf die briewe tereg as hy daarna verwys as “personal documents [that] provide an account of ordinary people in extraordinary cicumstances.”[120] Die briewe werp lig op die gevangenes se intense verlange na nuus van gesin- en familielede, hulle lyding vanweë ’n gebrek aan nuus en die waarde van ’n brief of twee en ’n foto in die pos.

Voorts verskaf C.P. Pretorius[121] se dagboek nie net inligting oor die gevangenes se hoop op nuus nie, maar wys hy ook, net soos H.L. van Rooyen,[122] op die talle gerugte wat in omloop was en wat tot groot frustrasie onder die gevangenes gelei het. Ten opsigte van die voorskrifte in verband met die stuur van briewe, bevat P.D.R. Kotzee[123] se dagboek waardevolle inligting. Pretorius se dagboek, asook die werk van L. Boshoff-Liebenberg,[124] bied insig op die gevangenes se vermoë om “terug te spring” van hierdie

---

117 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar.
118 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn.
119 OM, Bloemfontein, 1371/3 - 6900/12.
120 K. Schoeman, *Witnesses to war: Personal documents of the Anglo-Boer War from collections of the South African Library* (Cape Town, Human & Rousseau, 1998), p. 3.
121 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius.
122 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, Model-Drukkers, 1962).
123 P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon, 1900-1901* (Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes Universiteit, afskrif van oorspronlike dagboek).
124 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921).

trauma van skeiding en hoe hulle op vindingryke wyses die sensors omseil en nuus in en uit die kampe gesmokkel het.

2.5.2.3 Waaghalsige ontsnappings uit die krygsgevangene- en konsentrasiekampe

Ten opsigte van die veiligheidsmaatreëls by die krygsgevangene- en konsentrasiekampe om enige ontsnappings en moontlike aansluiting by die Boeremagte te verhoed, bevat H.H. van Niekerk[125] en C.G.E. Greyling[126] se dagboeke en M.A. de Jager[127] se herinneringskrif baie waardevolle inligting.

Verder toon die werke van J.L. de Villiers[128] en S. Raal,[129] die dagboek van C. von Maltitz[130] en B. Boshoff[131] se herinneringe aan dat sommige gevangenes net nie by die ontwrigtende omstandighede van inkerkering kon aanpas nie en hulle het as wyse van oorlewing konstruktiewe planne beraam om te ontsnap. Ander gevangenes was van voorneme om weer by die Boeremagte aan te sluit en die oorlog voort te sit. Hierdie outeurs gee ook gedetailleerde beskrywings van hulle ontsnappingspogings ten spyte van uiters streng veiligheidsmaatreëls en lewensgevaar.

2.5.2.4 Patriotisme in kampe gedy

Kennis oor patriotisme in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe – 'n grootliks onverkende terrein in die Suid-Afrikaanse geskiedenis – word aansienlik uitgebrei deur dagboeke en herinneringskrifte van die gevangenenes. Die dagboeke van T. Brain[132] en M.A. Fischer[133] toon nie alleen hulle liefde vir en trou aan die Republieke nie, maar ook dat hulle vasbeslote was om tot die bittereinde trou te bly. Dieselfde skrywers se

---

125 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972).

126 OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling.

127 OM, Bloemfontein, 6214/1: Herinneringe van M.A. de Jager.

128 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte: Verhaal van een merkwaardige ontsnapping van een Boer uit Engelsch-Indië* (Amsterdam, Höveker & Wormser, ca. 1903).

129 S. Raal, *Met die Boere in die veld: Die ervarings van die skryfster* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938).

130 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz.

131 VAB, Bloemfontein, A-119.27: Brief, gedateer 9.7.1950, wat herinneringe van B. Boshoff bevat.

132 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain.

133 M.A. Fischer*, Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman's Vlei te Ermelo op 31ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964).

dagboeke het ook heelwat bruikbare stof voorsien oor hulle vaste oortuiging dat die burgers wat nog in die veld was, moes aanhou veg en ook oor hulle bereidwilligheid om die lyding en swaarkry van inkerkering selfs nog langer met geduld te verduur. Hulle sou ook niks doen wat die Boere se saak skade kon berokken nie.

Die werke van J. Teengs,[134] H. Scholtemeijer[135] en S.L. Le Clus[136] is bronne wat lig werp op die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se optrede teenoor verraaiers. Die beledigende name vir en hardhandige optrede teenoor die verraaiers het nie net die gevangenes se minagting teenoor diegene wat ontrou aan hulle land was getoon nie, maar dit was ook ’n manifestasie van hulle liefde vir en lojaliteit aan die Boererepublieke. Voorts bied hierdie werke, asook die dagboeke van F.P. Venter[137] en J.N. Brink[138] ’n verruimende insig ten opsigte van die viering van Afrikanerfeesdae, die vestiging van skole en die waai van Republikeinse vlae. Die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat se volksliedere is as ’n uitvloeisel van die gevangenes se patriotisme uit volle bors gesing.

2.5.2.5 Geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes

Kennis oor die geestelik-vernietigende uitwerking van inkerkering op die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners word aansienlik uitgebrei aan die hand van die dagboeke van A.D. Lückhoff[139] en W. Riem Vis.[140] Benewens hierdie dagboeke gee die dagboeke van J.A. van Blerk[141] en L.C. Ruijssenaers[142] ’n verruimde insig in die gevangenes se emosionele en geestelike ontwrigting weens hulle afsondering, ledigheid, verlies aan erkenning en sosiale status, ’n algemene onsekerheid oor die tydsduur van hulle gevangenskap en die dood van soveel geliefdes.

---

134 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs.
135 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van ’n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949).
136 S.L. Le Clus, *Lief en leed: ’n Verhaal van huis- en kamplewe gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, s.j.).
137 VAB, Bloemfontein, A-261: Dagboeke en briewe van F.P. Venter.
138 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*.
139 A.D.L., *Woman’s endurance*.
140 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp” ...*
141 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949).
142 L.C. Ruijssenaers*, Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*.

Ten opsigte van humor as een van die gevangenes se “wapens” in ’n oorlewingstryd, bevat S. Roos[143] se dagboek en C.R. Kotzé[144] en J. de Villiers[145] se herinneringe waardevolle inligting oor die gevangenes se sin vir humor wat gehelp het om hulle benarde posisies draagliker te maak en oplaaiende spanning te verlig.

Voorts word die kennis ten opsigte van die verskillende aktiwiteite in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe as belangrike oorlewingsmeganismes in die teëwerking van die gevangenes se ledigheid, heimwee en swaarmoedigheid uitgebrei deur die dagboeke van H. de Graaf,[146] T.J. Curren[147] en die herinneringe van D.H. van Zyl[148] en O. van Oostrum.[149]

Die dagboeke van R. van der Walt,[150] C. Schabort,[151] die briewe en belewenisse van A.F. Louw[152] en die herinneringe van J. Rijksen-Van Helsdingen[153] is van onskatbare waarde, aangesien dit heelwat lig werp op die wyse waarop die gevangenes se geloof en diepgesetelde godsdienssin tot hulle psigiese veerkragtigheid bygedra het en hoe gevangenes se geloof en persoonlike spiritualiteit ’n buffer gevorm het wat hulle gehelp het om emosionele en psigiese aanvalle te oorleef in hulle situasie van intense lyding.

2.6 Vergelykende navorsing oor oorlogskampstudies

Soos reeds in Hoofstuk Een aangedui, is in hierdie studie van ’n vergelykende benadering ter sprake om die kampbelewing en -hantering van twee verskillende groepe van oorlogsgevangenes te vergelyk, te wete die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes. Die seleksie van kriteria wat aangelê is, kom na vore in die keuses van hoofstuktemas wat uit die navorsingsvrae ontwikkel is. Veel meer

---

143 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901- Nov. 1902.
144 C.R. Kotze, *My ballingskap: St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942).
145 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers.
146 H. de Graaf, *Boere op St. Helena* {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950).
147 OM, Bloemfontein, 6102/1: Dagboek van T.J. Curren.
148 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp: Jeugherinneringe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944).
149 O. van Oostrum, *Bestendige onbestendigheid: My Suid-Afrikaanse ervaringe* (Pretoria, Van Schaik, 1943).
150 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*.
151 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort.
152 J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse* (Kaapstad, N.G.-Kerk-uitgewers, 1963).
153 J. Rijksen-Van Helsdingen, *Vrouweleed: Persoonlike ondervindingen in de Boereoorlog*, 2de uitgawe (Pretoria, De Bussy, 1918).

vergelykings, wat eers omvattende besprekings sal verg, is moontlik. So byvoorbeeld kan die ingekerkerde belewenis van beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes selfs deur die lens van genderidentiteite en genderrolle geanaliseer word. Die moontlikheid is egter nie in hierdie studie opgeneem nie, maar het só 'n kosbare potensiaal binne ’n meer gefokusde navorsingsbenadering oor die rol van die Afrikanervrou gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog teen die agtergrond van ’n genderanalise.

In die geval van die Suid-Afrikaanse Oorlog is navorsers se belangstelling veral gewek deur die swaarkry en ellende van die vroue in die konsentrasiekampe. E. van Heyningen het reeds in 1999 die gedagte uitgespreek dat daar ook byvoorbeeld na die vroue se lot in die beleërde stede gekyk moet word want, skryf sy: “This is not to deny the tragedy of the camps but to argue for the value of a comparative perspective in understanding them.”[154]

’n Paar jaar later het H.M. Ross ’n vergelykende studie gedoen waarin die fokus van die studie op die blanke vroue was wat hulle buite die kampe bevind het. Ross het aan die hand van Isabella Lipp en Nonnie de la Rey se dagboek hulle belewenisse buite die kampe vergelyk en die volgende vergelykende kriteria gebruik: die versteuring van huislike pligte en die rol van die vrou; die vroue se unieke vertroue in en verbondenheid aan hulle swart arbeiders en hulle voortdurende bekommernis oor en gebrek aan nuus van geliefdes wat gelei het tot akute angs oor die lot van gesinne en families.

Te danke aan verskeie kampdagboeke wat geraadpleeg is, is die volgende aspekte van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe geïdentifiseer wat as vergelykende maatstawwe gebruik is: inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor; hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog; waaghalsige ontsnappings uit die krygsgevangene- en konsentrasiekampe; patriotisme wat in die kampe gedy het en geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes.

---

154 E. van Heyningen, “The voices of women in the South African War”, *South African Historical Journal*, vol. 41, November 1999, p. 34.

In hierdie studie is merendeels gebruik gemaak van J. Kocka se benadering oor vergelykende geskiedskrywing, soos in Hoofstuk Een uiteengesit om ’n meer ewewigtige verkenning te verseker.

2.7 Samevatting

Die inkerkering van 66 persent van die blanke nie-Britse inwoners van die twee Boererepublieke en die lyding van die gevangenes is nie uniek aan die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899 tot 1902 nie. Die geskiedenis van die konsentrasie- en krygsgevangenekampe van dié Oorlog is reeds omvattend nagevors. Die meerderheid navorsingsinligting lê in primêre bronne in verskeie museums opgesluit. Bronne oor kampe val in twee kategorieë, naamlik sekondêre werke en dagboeke, herinneringskrifte en briewe. In Hoofstuk Twee is die vernaamste historiografie bespreek wat ’n tema of meer as een tema bevat waarin kampbewoners se kampbelewing en lewensveerkragtigheid op ’n baie direkte of indirekte wyse uitgewys is en dus vir hierdie studie van waarde kan wees.

Die verdere gebruik van ’n vergelykende benadering ten opsigte van die studie waarin die konsentrasiekampbewoners se belewenisse teenoor dié van krygsgevangenes gestel word, kan as ’n bykomende uniekheid in die aanbied van dié navorsingstema beskou word.

Ter wille van beter begrip van beide Boererepublieke se deelname aan die Suid-Afrikaanse Oorlog en die uiteindelike lot van gemeenskappe as krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners, val die kollig in Hoofstuk Drie op histories-kontekstuele inhoud. ’n Demografiese perspektief word ook aangebied.

Hoofstuk 3: Van Boererepublieke tot oorlogskampe, 1899-1902: ’n Demografies-historiese studie

3.1 Inleiding

Die wêrelde wat in die studie blootgelê word, is dié van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes tydens hulle inkerkering gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog (hierna sal net die term “Oorlog” gebruik word). In Hoofstuk Drie word ’n demografies-historiese konteks geskep om ’n insiggewende agtergrond weer te gee van die demografie, die infrastruktuur en bestaansprofiel in beide die republieke. Die doel hiermee is om die impak wat die gevolge van die Oorlog meer bepaald op huis en haard gehad het aan die leser voor te hou, asook om die lydendes se belewenis daarvan onbevange te kan begryp.

3.2 Die Boererepublieke kort voor die Oorlog

Om die konteks waarbinne die Suid-Afrikaanse Oorlog van 1899-1902 plaasgevind het te verhelder, asook die impak daarvan op mense, is dit van belang om die sosiale en kulturele demografie, met inbegrip van die ekonomiese statuur van Afrikanergesinne in die twee Boererepublieke kort voor die Oorlog te verstaan.

3.2.1 Sosiaal-demografiese fasette: Die bevolkingsgesteldheid van blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat

In 1899 het die benaming “Suid-Afrika” geografies na die twee Britse kolonies (Kaapkolonie en Natal) en die twee onafhanklike Boererepublieke (die Zuid-Afrikaansche Republiek, oftewel die ZAR, en die Republiek van die Oranje-Vrystaat) verwys.[1] Die Republiek van die Oranje-Vrystaat het in 1854 tot stand gekom, met

[1] J.L. Scott, “British concentration camps of the Second South African War (The Transvaal, 1900-1902)” (M.A.-dissertation, The Florida State University, 2007), p. 21; W. Visser, “Die minerale revolusie”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*: *Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), p. 183.

Bloemfontein as hoofstad.[2] Bloemfontein het in 1899 ongeveer 4 000 inwoners[3] gehad en gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog was M.T. Steyn president van die republiek.[4] Voor die uitbreek van die Oorlog was die Republiek van die Oranje-Vrystaat in ongeveer 20 distrikte en ’n aantal wyke verdeel. ’n Distrik het dieselfde naam gedra as dié van die hoofdorp in die distrik. So was daar byvoorbeeld die distrikte Bloemfontein, Kroonstad, Heilbron, Lindley, Bethlehem, Harrismith en Winburg.[5] Daarteenoor het die ZAR in Januarie 1852 met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie tot stand gekom. Tydens die Oorlog was S.J.P. Kruger president van die ZAR.[6] Die grondgebied van die ZAR is in 21 distrikte en verskeie wyke verdeel, soos byvoorbeeld die distrikte Pretoria, Potchefstroom, Waterberg en Zoutpansberg.[7]

Teen 1899 het die blanke inwoners in die twee Britse kolonies en Boererepublieke ’n betreklike klein persentasie van die totale bevolking van Suid-Afrika uitgemaak (kyk Figuur 3-1):

---

2 J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius, (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika…,* p. 169; A.P.J. van Rensburg, “Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907”, A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2 (Johannesburg, Hayne & Gibson, 1967), p. 139; M.C.E. van Schoor, “Die Oranje-Vrystaat”, C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 3de uitgawe (Pretoria, Academica, 1987), p. 204.

3 J.L. Scott, “British concentration camps of the Second South African War...”, p. 16.

4 E. Truter, *Tibbie: Rachel Isabella Steyn, 1865-1955: Haar lewe was haar boodskap* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1997), pp. 38-40; K. Schoeman, *In liefde en trou: Die lewe van president M.T. Steyn en mevrou Tibbie Steyn met ’n keuse uit hulle korrespondensie* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1983), pp. 33, 36.

5 F.A.G. Beelaerts van Blokland, *De Oranje-Vrijstaat* (Amsterdam, Elsevier, s.j.), pp. 3-4.

6 J.S. du Plessis, “Die Suid-Afrikaanse Republiek”, C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 260; J.Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 169.

7 C.J. van der Loo, *De geschiedenis der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) aan het volk verteld* (Zwolle, Van der Vegt & Mehler, 1896), p. 25; J.S. Bergh, “Grense, distrikte en dorpe, 1886-99”, J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: Die vier noordelike provinsies* (Pretoria, Van Schaik, 1999), p. 146.



Figuur 3-1: Die bevolkingsprofiel van Suid-Afrika in 1899

Die statistiek soos in Figuur 3-1 weerspieël, dui aan dat die bevolking van Suid-Afrika in 1899 ongeveer 4,7 miljoen was waarvan 3,5 miljoen (74 persent) swart, 830 000 (18 persent) blank, 300 000 (ses persent) Kleurling en sowat 100 000 (twee persent) van Asiatiese oorsprong was.[8]

Die blankes in Suid-Afrika het grotendeels uit twee kulturele groepe bestaan, naamlik Afrikaanssprekendes[9] en Engelssprekendes. Van die ongeveer 830 000 blankes was 480 000 (58 persent) Afrikaners en 350 000 (42 persent) Engelse [10] (kyk Figuur 3-2). Uit die totale bevolking van Suid-Afrika het slegs 10 persent Afrikaans gepraat en 7.4 persent Engels.

---

8 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 73; J.L. Scott, "British concentration camps of the Second South African War ...", p. 18.

9 Die term Afrikaanssprekendes verwys na die Hollands-Afrikaanssprekendes voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Vir die doel van die studie word die terme Afrikaner en Afrikaanssprekendes gebruik om te verwys na die Afrikaans/Hollandssprekende blankes wat in Suid-Afrika gebly het tydens die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die term Boere word soms as 'n alternatief gebruik.

10 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 73; J.L. Scott, "British concentration camps of the Second South African War ...", p. 18.



Figuur 3-2: Die taalverspreiding van Engels- en Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika in 1899

Die getal Afrikaanssprekendes was teen 1899 sowat 250 000 in die Kaapkolonie, 10 000 in Natal, 148 000 in die ZAR en 71 000 in die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Daarteenoor was die aantal Engelssprekendes in die Kaapkolonie sowat 150 000, in Natal 40 000, in die ZAR sowat 152 000 en in die Republiek van die Oranje-Vrystaat 71 000[11] (kyk Figuur 3-3):

---

11 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 73. Vergelyk E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013), p. 39; A.J. Christopher, "Delineating the nation: South African censuses 1865-2007", *Political Geography*, vol. 28, 2009, p. 103. Volgens Van Heyningen was daar 119 128 blankes in 1890 in die ZAR, terwyl Christopher die volgende getalle aandui: Kaapkolonie in 1891: 376 987 blankes, Natal in 1891: 46 788 blankes; ZAR in 1890: 119 128 blankes en die Oranje-Vrystaat in 1890: 77 716 blankes; H. Giliomee, "Die lang pad na 'n soewereine staat", H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), p. 189 gee die getalle soos volg aan vir die jaar 1878: Kaap: 235 000, Natal: 20 000; ZAR: 40 000 en OVS: 30 000.



Figuur 3-3: Afrikaanssprekende blankes in Suid-Afrika, 1899

Volgens bogenoemde statistiese gegewens het die Afrikaanssprekendes in die ZAR 31 persent van die totale aantal Afrikaanssprekendes in Suid-Afrika uitgemaak en in die Oranje-Vrystaat sowat 15 persent van die totale aantal Afrikaanssprekendes. Met die uitbreek van die Oorlog het minder as die helfte van die Afrikaanssprekendes (sowat 219 000, oftewel 46 persent) in die twee Boererepublieke gewoon, terwyl 260 000 (54 persent) in die Kaapkolonie en Natal woonagtig was. Opvallend is dat daar meer Afrikaanssprekende blankes in die Kaapkolonie as in die ZAR en die Oranje-Vrystaat gesamentlik gewoon het. Ewe opvallend is dat effens meer Engelssprekende blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek woonagtig was as Afrikaanssprekende blankes. In die Oranje-Vrystaat was die getal Afrikaans- en Engelssprekendes 'n gelykopverdeling. 'n Moontlike opstand deur die Kaapse Afrikaners sou die Britse regering waarskynlik tweemaal laat dink het voor hulle oorlog sou verklaar het,[12] maar die Kaapse en Natalse Afrikaanssprekendes het in die algemeen lojaal aan die Britse kroon gebly. Net sowat 10 000 tot 13 000 van die Kaapse Afrikaanssprekendes het by die Boeremagte aangesluit[13] om in 1899 die Britse magte die stryd aan te sê.

---

12 H. Giliomee, "Afrikanernasionalisme, 1875-1899", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* …, p. 232.

13 F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 248-249; H. Giliomee, "Afrikanernasionalisme, 1875-1899", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 232.

3.2.2 Ekonomie en infrastruktuur

Die ekonomieë van die ZAR en die Oranje-Vrystaat was aanvanklik hoofsaaklik op bestaanslandbou gegrond. Die kos wat self geproduseer is en die vee waarmee geboer is, het hoofsaaklik in die inwoners se eie behoeftes voorsien.[14] Dit was die ontdekking van diamante (1867) en goud (1886) wat die sigbaarheid van kontant-ekonomieë bevorder het, en die klem op markgerigte produksie en loonarbeid geplaas het. Verskeie boere het suksesvol van 'n bestaansboerdery na kommersiële boerdery oorgeskakel.[15]

In 1899 was die ZAR die rykste staat in die negentiende eeuse Suid-Afrika,[16] en ook gereken as die grootste goudprodusent ter wêreld: selfs groter as Australië, Rusland en Amerika.[17] In 1898 het die ZAR byvoorbeeld 27,5 persent van die wêreld se goudproduksie gelewer.[18]

Die Republiek van die Oranje-Vrystaat was teen 1899 welvarend. James Bryce, 'n Britse konstitusionele kenner, het dit as 'n "modelrepubliek" bestempel.[19] 'n Besoeker

---

14 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*..., p. 210; W. Visser, "Die minerale revolusie", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*..., p. 191; F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal (1837-1886): Met spesiale verwysing na die verhouding tussen mens en sy omgewing", A. Kieser, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 21, deel 2 (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1959), pp. 78-96.

15 W. Visser, "Die minerale revolusie", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 191, 193.

16 W. Visser, "Die minerale revolusie", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 193; B. Nasson, "Die oorlog oor Suid-Afrika", H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 206.

17 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1981), p. 49; J.L. Scott, "British concentration camps of the Second South African War...", p. 25.

18 P. Richardson & J.J. van Helten, "The gold mining industry in the Transvaal 1886-99", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899-1902* (London, Longman, 1980), p. 19; J.L. Scott, "British concentration camps of the Second South African War...", p. 25; A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899", T. Cameron en S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, 2de hersiene uitgawe (Kaapstad, Human & Rousseau, 1991), p. 184; B. Nasson, "Die oorlog oor Suid-Afrika", H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 207.

19 K. Schoeman, *In liefde en trou*..., p. 29; A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, p. 139; H. Giliomee, "Afrikanernasionalisme, 1875-1899", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 228.

het hom soos volg oor die Republiek en sy mense uitgelaat:[20]

> *The Free Staters are proud of their country, and have good reason for their pride. On a poor soil, unable to support its population except by assiduous toil, they have built up one of the most successful little nations the world has ever seen... The political and social structure of the State is admirable; its institutions are liberal and plastic; one-third of its little public income is spent on education, the rest upon public works... Its public offices are administered with that genuine combination of economy and efficiency...*

Padverbindings in die twee Boererepublieke is as betreklik goed gereken, maar was maar min.[21] Vyf hoofspoorlyne was in gebruik: die westelike spoorlyn het vanaf Kaapstad na die eertydse Rhodesië geloop, terwyl die sentrale lyn Port Elizabeth met Pretoria verbind het. 'n Derde spoorlyn vanaf Oos-Londen het in Springfontein by die sentrale spoorlyn aangesluit. 'n Vierde spoorlyn het Durban met Johannesburg verbind en die vyfde spoorlyn het vanaf Pretoria na Lourenço Marques geloop.[22]

Die twee Boererepublieke het ook oor 'n uitgebreide telegraafstelsel beskik wat vir hulle gedurende die Oorlog van groot waarde was. Met die uitbreek van die Oorlog in September 1899 was daar 147 telegraafkantore in die Transvaal en 68 in die Oranje-Vrystaat.[23] Wat poskantore betref, was daar 37 poskantore in die Zuid-Afrikaansche

---

20 K. Schoeman, *In liefde en trou* ...", pp. 29-30; A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, pp. 142-143, 149.

21 G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*…, p. 212.

22 E. Belfield, *The Boer War* (London, Leo Cooper, 1975), pp. 1-2; F.A.G. Beelaerts van Blokland, *De Oranje-Vrijstaat*, p. 2; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa* (Cape Town, A.A. Balkema, 1973), pp. 235-236; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, 3de druk (Amsterdam, Höveker & Wormser, s.j.), pp. 611-614; G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 206-207; F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War* (Lanham, Md., Scarecrow Press, 2010), pp. 362-363.

23 F. Pretorius, *The A to Z of the Anglo-Boer War*, p. 97.

Republiek in bedryf teen die middel van die 1870's.[24] In die Republiek van die Oranje-Vrystaat was daar 53 verskillende posroetes en selfs 'n gereelde pakkettediens na die buiteland.[25] Met die uitbreek van die Oorlog is die handjievol posdienste tussen die twee republieke en die kolonies dadelik opgeskort. Juis hierdie opskorting het die effek van die latere inkerkering van gevangenes in kampe verder verswaar as gevolg van 'n bykans totale inperking van normale kommunikasiekanale.[26]

3.2.3 Die Afrikanersamelewing in die twee Boererepublieke in 1899

Die latere fisieke en geestelike ontwrigting, soos meegebring deur die Oorlog, kan nie ten volle begryp word sonder insig in die opvallende kenmerke van Boeresamelewings in die ZAR en OVS nie. Een en ander hieroor is ter sake:

Voor die uitbreek van die Oorlog was blanke Afrikaners in beide Republieke meestal landelike burgers. Sowat 15 persent van die totale Suid-Afrikaanse bevolking was teen 1900 verstedelik.[27] Kenmerkend van landelike Boeregesinne was dat hulle 'n hegte eenheid en gemeenskap in die kleine uitgemaak het. Die enkeling het nie buite gesinsverband geleef nie, maar was verbonde aan en vereenselwig met die gesin.[28]

---

24 J. du Plooy, "Die ontstaans- en vestigingsgeskiedenis van Potgietersrus, 1852-1904" (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1990), pp. 110-112; Z.L. Pretorius, "Die geskiedenis van Rustenburg 1851-1918" (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1967), pp. 55-56; P.J. Oosthuizen, "Die geskiedenis van Marico tot 1900" (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1971), pp. 85-87; E.S. van Eeden, "Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948" (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1988), pp. 163-168.

25 A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, p. 143.

26 J. Groenewald, "'n Wêreld van filatelie in een oorlog", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog: Herdenkingslesings aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 1999* (Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, Departement van Historiese Studies, 1999), p. 127; H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after" (Ph.D-thesis, University of Newcastle, 2005), pp. 177-178.

27 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika…*, pp. 153-154; H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), p. 274. Giliomee toon aan dat teen 1890 was minder as 10 000 Afrikaners reeds verstedelik.

28 H. Giliomee & B. Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid*-Afrika, p. 185; G. Cronjé, "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,* 2de hersiene uitgawe (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968), p. 100.

Gesinne was selfversorgend, patriargaal en godsdienstig.[29]

Vanaf 1837 het die blanke gesinne uit die Voortrekkerera op die Hoëveld begin vestig en algaande is gemeenskappe gevorm en uitgebou.[30] Plaaswonings was enkelverdiepinggeboue met strooi- of sinkdakke.[31] Die inhoud van die huis het uit tafels, riempiesbanke, stoele, beddens, boeke, velle, gordyne, sinkbaddens of selfs 'n middelslag porseleinbad bestaan. Die uitrusting in plaaswonings het reeds teen 1890 van gerief en welvaart getuig.[32] Dit is hierdie dikwels goedtoegeruste plaasopstalle wat tydens die toepassing van 'n verskroeideaardebeleid gedurende die Oorlog sonder meer verwoes is met die spesifieke doelwit om plaasbewoners emosioneel en psigologies af te takel.

In die Boererepublieke het gesinne in die landelike gemeenskappe ylverspreid en lang afstande van mekaar gewoon. Hierdie afgesonderde lewe het, soos in die geval van enige ander landelike gemeenskap, hoë eise aan Boeregesinne gestel wat volharding, ondernemingsgees en vaardighede betref. Andersins is gasvryheid, selfstandigheid, individualisme, konserwatisme, familievastheid asook 'n sterk afhanklikheidsbesef van

---

29 G. Cronjé, "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 102-105; H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., pp. 102-105; G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, deel 5: 1899-1902 (Johannesburg, Perskor, 1979), p. 152; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 231.

30 C. Gouws, "Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910: 'n Kultuurhistoriese Studie" (M.A.-verhandeling, Vanderbijlpark, Noordwes-Universiteit, 2007), pp. 75-76. Vergelyk E.S. van Eeden, " Die geskiedenis van Gatsrand ...", Hoofstukke 1-3; E.S. van Eeden & P.J. Prinsloo, "Buisfontein: 'n Ryke pionierserfenis vanmeleë as toekomstige toeriste-aantreklikheid", *Suid-Afrikaanse Kultuur-Historiese Geskiedenis Tydskrif ,* vol. 22, nr. 1, Junie 2008, pp. 1-22; A.F. Hattersley, *An illustrated social history of South Africa*, p. 227.

31 C. Gouws, "Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910 ...", pp. 76-85; A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 30, deel 2, pp. 145-146.

32 A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, pp. 145-146; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939) , p. 241; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), pp. 11-12. Liebenberg noem dat die meeste huise 'n pragtige klavier gehad het.

God as kenmerkend van elke Boeregesin beskou.[33] Hierdie karaktereienskappe sou tydens die Afrikaner se inkerkering in oorlogskampe ná 1899 sigbaar word. Vir landelike Afrikaners was inkerkering in 'n beperkte ruimte saam met baie ander gevangenes en boonop weg van geliefdes in onbekende toestande en omstandighede heel verstaanbaar fisiek en emosioneel ontwrigtend.[34]

3.3 Sluimerende konflik: Die Suid-Afrikaanse Oorlog

3.3.1 Groeiende politieke en ekonomiese konflik tussen Groot-Brittanje en die Boererepublieke

Met die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensie in 1852 en 1854 onderskeidelik, het Brittanje die onafhanklikheid van die twee Voortrekkergemeenskappe – ten noorde van die Oranje- en die Vaalrivier – erken.[35] Die ontdekking van diamante in 1867 in die binneland van Suid-Afrika het Brittanje opnuut in die ZAR en Oranje-Vrystaat laat belangstel.[36] Die Britse regering het probeer om beheer oor die twee Boererepublieke te verkry deur onder andere Kimberley by die Kaap in te lyf en die ZAR in 1877 te annekseer.[37] Teenstand is gebied en twee deputasies is onderskeidelik in 1877 en 1878 na Brittanje gestuur om die Britse regering te versoek om die ZAR se onafhanklikheid te herstel. Die deputasies het nie in hulle doel geslaag nie, waarna die inwoners van die ZAR hulle op 'n onvermydelike oorlog voorberei het.[38] 'n Oorlog, bekend as die Eerste Vryheidsoorlog, het gedurende 1880-1881 gevolg. Die ZAR het

---

33 Vergelyk R.W. Wilcocks, "Bestendigheid en verandering in die lewenshouding van die Afrikaner", P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, pp. 93-96; G. Cronjé, "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, p. 202. Vergelyk C. Madsen, "Canadian troops and farm burning in the South African War", *Canadian Military Journal*, Summer 2005, p. 54. Vergelyk C.C. Eloff, *Oos-Vrystaatse grensgordel: 'n Streekshistoriese voorstudie en bronneverkenning* (Pretoria, RGN, 1980), p. 167.

34 Vergelyk die besprekings wat volg vanaf Hoofstukke Vier en verder.

35 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*…, p. 169.

36 H.R. Haggard, *Diary of an African Journey, 1914* (UK, C.Hurst & Co. publishers, 2001), Chapter 5; Encyclopaedia Brittanica, Brittanica concise Encyclopedia (UK, Encclopedia, 2008), p. 1933. Vergelyk H. Giliomee, "Die lang pad na 'n soewereine staat", H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 194.

37 J. Grobler, "Staatsvorming en stryd, 1850-1900", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*…, p. 179.

38 L. Thompson, *A history of South Africa* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2006), pp. 131-132; J.E.H. Grobler, "Die Anglo-Transvaalse Oorlog, 1880-1881", J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* ..., p. 238; J.D. Omer-Cooper, *History of Southern Africa*, 2nd ed. (Cape Town, David Philip, 1994), p. 119.

die Britse magte by Amajuba verpletterend verslaan.[39] Die onafhanklikheid van die ZAR is daarna altyd as kontensieus beskou omdat Brittanje onder Britse susereiniteit steeds toesig oor die Republiek se buitelandse beleid, asook oor sy binnelandse wetgewing ten opsigte van swart mense gehad het.[40] Die ontdekking van nog goud sedert 1886 aan die Witwatersrand het die ekonomiese en politieke klimaat vir die ZAR en die res van Suid-Afrika permanent verander. Die ZAR as ’n moontlike politieke en ekonomiese bedreiging vir Brittanje se magsposisie in die eertydse Suid-Afrika was ter sprake.[41] Dit het verskeie gebeure ontketen wat uiteindelik tot ’n oorlog gelei het.

Uitlanders, waarvan die meeste Britse onderdane, het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu na die ZAR-goudvelde gestroom. Die toename in uitlandergetalle was vir die ZAR-regering ’n bron van kommer aangesien daar gereken is dat ’n groot aantal vreemdelinge die onafhanklike status van die Republiek kon bedreig.[42] As teenmaatreël het die ZAR in 1890 die vereiste verblyftydperk vir die verkryging van burgerskap en stemreg van vyf na veertien jaar verhoog.[43] Uiteindelik was dié stap nie genoegsaam nie en het die uitlandervraagstuk in 1895 op geweld uitgeloop. Die Eerste Minister van die Kaapkolonie – Cecil John Rhodes – wat ’n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag nagestreef het, het met die medewete van Joseph Chamberlain (die Britse Minister van Kolonies) met die uitlanders aan die Witwatersrand ’n opstand

---

39 L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 132; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedens van Suid-Afrika* ..., p. 235; J.D. Omer-Cooper, *History of Southern Africa,* pp. 119-120.

40 H. Giliomee, “Die lang pad na ’n soewereine staat”, H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 196; J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 174.

41 I.R. Smith, “The origins of the South African War (1899-1902): A re-appraisal”, *South African Historical Journal,* vol. 22, 1990, pp. 56-57; F. Pretorius: “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 235; B. Nasson, “Die oorlog oor Suid-Afrika”, H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 206; A.N. Porter, “British imperial policy and South Africa 1895-9”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., pp. 37-38.

42 J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika…*, pp. 180-181; J.D. Omer-Cooper, *History of Southern Africa,* pp. 126-127; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 235. Volgens Grobler was daar in 1894 reeds 75 000 Uitlanders teenoor die 150 000 burgers.

43 L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 134; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ... , p. 235.

beplan. Rhodes se planne – soos in die Jameson-inval gerealiseer[44] – het egter misluk.[45]

Al het die ZAR die Jameson-inval suksesvol gefnuik, was ’n polities-ekonomiese wrywing tussen die ZAR-regering en die uitlanders steeds sluimerend. Alfred Milner is ondertussen in April 1897 as Hoë Kommissaris in Suid-Afrika aangestel. Milner was, net soos Chamberlain, ’n voorstander van ’n federasie van Suid-Afrikaanse state onder die Britse vlag. Die ZAR het in die pad van hierdie ideaal gestaan.[46] Vanaf laat 1897 het Milner die kwessie van stemreg vir uitlanders waarskynlik as voorwendsel gebruik om in die binnelandse politiek van die ZAR in te meng en druk op die ZAR te plaas.[47] Hierdie inmenging het president Paul Kruger in 1897 genoop om ’n offensiewe en defensiewe verbond met president M.T. Steyn van die OVS te sluit waarvolgens die ZAR en OVS mekaar sou help indien enigeen se voortbestaan bedreig sou word.[48]

Op 31 Mei 1899 het Kruger en Milner, deur bemiddeling van president M.T. Steyn, mekaar in Bloemfontein ontmoet. Kruger het ’n toegewing gemaak, naamlik ’n verblyftydperk van sewe jaar vir die uitlanders vir die verkryging van stemreg, maar hy het as vergoeding vir sy toegewing vir die inlywing van Swaziland by die ZAR, en

---

44 Rhodes was oortuig dat Britse beheer oor die goudvelde noodsaaklik was. Hy het besef die ZAR sou nooit van die goudvelde afstand doen nie. Hy het ’n opstand beplan en het ’n aantal soldate onder dr. Leander Starr Jameson gestuur om Kruger se regering omver te werp. Vergelyk A.N. Porter, “British imperial policy and South Africa, 1895-9”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 43.

45 A.N. Porter, “British imperial policy and South Africa 1895-9”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 43; H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 200; C.H. Thomas, *Origin of the Anglo-Boer War revealed: The conspiracy of the 19th century unmasked* (London, Hodder & Stoughton, 1900), p. 120; L. Thompson, *A history of South Africa,* pp. 135-136; J.D. Omer-Cooper, *History of Southern Africa,* pp. 137-138; J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 181.

46 F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 236; J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 181-182.

47 A.M. Grundlingh, “Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899”, T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 189-190; M. Lesniewski, “A few thoughts on the genesis of the Anglo-Boer War, 1899-1902”, *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, pp. 27-28.

48 B. Nasson, “Die oorlog oor Suid-Afrika”, H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* p. 208; J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 182; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 236.

arbitrasie oor die Londense Konvensie gevra.[49] Milner het geweier om aan hierdie eise te voldoen en het ook op 'n stemregkwalifikasie van vyf jaar aangedring.[50] Hierna het die politieke spanning opgelaai. Die Britse regering het op 8 September 1899 10 000 troepe na Suid-Afrika gestuur om die Britse magte in Natal en aan die Kaap te versterk. Op 27 September 1899 het kommandant Piet Joubert sowat 60 persent van die ZAR-burgers opgeroep en hulle na die ZAR se grense gestuur. 'n Paar dae later is burgers van die Oranje-Vrystaat ook opgeroep.[51] Oorlog is in daardie stadium as onvermydelik beskou.[52]

3.3.2 'n Volksleër *versus* 'n staande weermag

In die agtiende eeu was die grensboere in die Kaapkolonie verplig om hulle eie beskermingsmaatreëls op hulle plase te tref. Gevolglik is die kommandostelsel in die lewe geroep wat gedurende die Groot Trek en daarna verder ontwikkel is.[53]

Nóg die Zuid-Afrikaansche Republiek nóg die Oranje-Vrystaat het oor 'n staande weermag beskik. Beide republieke het slegs oor 'n staatsartillerie en 'n polisiemag beskik. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het 600 soldate in die staatsartillerie gehad en sowat 1400 polisiemanne (Zuid-Afrikaansche Politie, oftewel Zarps). Die Republiek

---

49 Die Londense Konvensie is op 27 Februarie 1884 deur Brittanje en die Zuid-Afrikaansche Republiek onderteken. Dié konvensie het aan die republiek beperkte selfregering gegee met verskeie voorbehoude. Vergelyk H. Giliomee & B. Mbenga, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 188.

50 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp. 70-72; A.M. Grundlingh, "Die voorspel tot die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1881-1899", T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika,* p. 195; L. Thompson, *A history of South Africa*, p. 137; F. Pretorius*,* "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 237; C.H. Thomas, *Origin of the Anglo-Boer War revealed*..., pp. 43-44; M. Lesniewski, "A few thoughts on the genesis of the Anglo-Boer War, 1899-1902", *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, pp. 25-27; H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 204.

51 B. Nasson, "Die oorlog oor Suid-Afrika", H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 209-210; F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 237.

52 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, Struik, 1998), p. 13.

53 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 76; E. Lee, *To the bitter end: A photographic history of the Boer War 1899-1902* (Pretoria, Protea Book House, 2002), p. 37; F. Pretorius, "Life on commando", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 103.

Van die Oranje-Vrystaat het sowat 400 soldate in hulle artillerie, asook 150 polisiemanne gehad.[54]

In die kommandostelsel was elke weerbare burger tussen die ouderdom van 16 tot 60 jaar dienspligtig. Elke burger moes self 'n eie geweer, ammunisie, perd en kos vir agt dae voorsien. Indien die burgers langer as agt dae op kommando was, moes die regering kos en ammunisie aan hulle voorsien.[55] Die burgers wat gaan veg het, het geen uniform gedra nie.[56]

Brittanje, daarenteen, het met die uitbreek van die Oorlog oor 'n permanente staande mag beskik waarvan slegs sowat 24 000 soldate in daardie stadium in Suid-Afrika gestasioneer was.[57] Teen Maart 1900 was daar egter reeds meer as 200 000 Britse en koloniale troepe wat in Suid-Afrika teen die Boererepublieke geveg het.[58] Uiteindelik het daar bykans 450 000 Britse soldate in Suid-Afrika teen die Boeremagte geveg.[59] Gedurende die verloop van die oorlog het die Britte 30 000 swart mense bewapen en

---

54 M.M. Evans, *The Boer War: South Africa 1899-1902* (Oxford, Osprey Publishing, 1999), p. 10; D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1999), p. 5; E. Lee, *To the bitter end* ..., p. 38; H. Bailes, "Military aspects of the war", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 69; A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 80.

55 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 77; E. Lee, *To the bitter end*…, p. 39; F.A.G. Beelaerts van Blokland, *De Oranje-Vrijstaat*, p. 4; H. Bailes, "Military aspects of the war", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo Boer War* ..., p. 69; F. Pretorius, "Life on commando", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War*, p. 104.

56 A. Wessels, "Afrikaners at war.", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 77 ; G.H.L. Le May, *The Afrikaners: An historical interpretation* (Oxford, Blackwell, 1995), p. 113; F. Pretorius, "Life on commando", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 104; D. Friend, "The Anglo-Boer War: Military equipment and development", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog*…, p. 117.

57 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 92; F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 237. Volgens Pretorius was daar 22 000 Britse troepe aan die republikeinse grense; H. Bailes, "Military aspects of the war", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War*…, p. 67.

58 I.R. Smith, "The origins of the South African War (1899-1902): A re-appraisal", *South African Historical Journal*, vol. 22, 1990, p. 25; I.R. Smith & A. Stucki, "The colonial development of concentration camps (1868-1902)", *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, p. 425.

59 M. Carver, *The National Army Museum book of the Boer War*, 2nd ed. (London. Macmillan, 2000), p. 252; Pretorius gee die aantal soldate as 448 435 aan in F. Pretorius, "The Anglo-Boer War: An overview", F. Pretorius (ed.), *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2001), p. 21; D. Lowry, "Introduction: Not just a 'teatime war' ", D. Lowry (ed.), *The South African War reappraised* (Manchester, Manchester University Press, 2000), p. 2; I.W.F. Beckett, "Britain's imperial war: A question of totality?", *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, p. 4.

10 000 Afrikane en Kleurlinge is as helpers gebruik vir die vervoer van die Britse magte se voorrade.[60]

Die verskil tussen die Boere en die Britse troepemag ten opsigte van getalle, dissipline, strategie, taktiek, groepskultuur en krygsbewegings was besonder groot. Maar die Boeremagte het, ten spyte van al die verskille, hulle suksesvol in konvensionele veldslae en in ’n guerrillaoorlog verset.[61]

3.3.3 ’n Beknopte militêre verloop van die Oorlog

’n Gedetailleerde geskiedenis van die Oorlog is nie in hierdie studie die belangrikste fokus nie. Insigte in die algemene militêre verloop is wel nodig om die algemene omvang van die konflik te verstaan, asook die eb en vloed van die Oorlog en wanneer, waar en waarom die konsentrasie- en krygsgevangenekampe ontstaan het.

Met die uitbreek van die Oorlog tussen die Boererepublieke en Brittanje is die Boerekommando’s na vier fronte gestuur om die verwagte Britse invalle te stuit, te wete die Natalse front; die suidelike front tussen die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie; die westelike front waar die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat aan die Kaapkolonie en die Betsjoeanaland Protektoraat gegrens het, asook die noordwestelike en noordelike front waar die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die eertydse Rhodesië (tans Zimbabwe) gegrens het.[62]

Ten aanvang van die Oorlog het die meeste militêre botsings aan die Natalse front voorgekom. Op 14 Oktober 1899 het die Boeremagte Newcastle beset. Hulle moes egter hulle posisies ná hewige gevegte by Talana en Elandslaagte prysgee. Die slag by Modderspruit en Nicholsnek op 30 Oktober 1899 was egter weer vir die Boeremagte ’n

---

60 D. Lowry, “Introduction: Not just a 'teatime war'”, D. Lowry (ed.), *The South African War reappraised,* p. 2; F. Pretorius, “The Anglo-Boer War: An overview”, F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 21.

61 M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog* {vertaal deur A. Mischke}, (Auckland Park; Suid-Afrika, Jacana Media, 2014), pp. viii, 156.

62 L.S. Amery et.al (eds.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902*, vol. 4 (London, Low, Marston, 1900-1906), pp. 171-197, 398-400; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 112.

suksesverhaal.[63] Sterk Britse magte is in Ladysmith, Kimberley en Mafeking beleër en die Engelse het groot nederlae by Colenso, Spioenkop, Stormberg en Magersfontein gely.[64]

Aan die einde van Februarie 1900 was daar egter ’n wending in die verloop van die Oorlog omdat die Boeremagte, volgens Pakenham, nie hulle suksesvolle veldslae genoegsaam opgevolg het nie. Die Britse militêre owerheid het gevolglik intussen tyd gewen om tienduisende soldate uit Brittanje en die Ryk in Suid-Afrika aan wal te bring.[65] Bossenbroek skryf hierdie wending toe aan die feit dat die Boere slegs ’n verdedigende oorlogstaktiek teen die Engelse se veroweringsug gevolg het.[66]

As gevolg van hulle geweldige getalsoorwig kon die Britse magte die twee Boererepublieke nou vanuit verskeie fronte inval. Die Boere se getalle was uiteindelik te min om oral doeltreffend weerstand te bied. Die gevolg was dat Kimberley, Ladysmith en Mafeking ontset is en op 27 Februarie 1900 het generaal Cronjé met byna vierduisend man by Paardeberg oorgegee. Daarby het tussen 12 000 en 14 000 van die burgers in die eerste maande van 1900 vrywillig oorgegee. Ander het gevolg en vanaf Januarie 1901 tot Mei 1902 het nog sowat 6 000 burgers geswig onder die druk om die wapen neer te lê en die eed van neutraliteit af te lê.[67]

Intussen is op ’n “krijgsraad” van 17 Maart 1900 te Kroonstad besluit dat die Boere die stryd sou voortsit. Generaal De Wet het voorgestel dat hulle hul strategie moes verander deur hulself in kleiner eenhede te organiseer en om hulle daarop toe te spits om die vyand se voorraad- en kommunikasielyne te vernietig.[68] Ten spyte van hierdie

---

63 A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 92; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp. 133-163; B.J. Barker, *A concise dictionary of the Boer War* (Cape Town, Francolin, 1999), p. 12.

64 F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 239; G.H.L. Le May, *The Afrikaners*..., p. 115; H. Bailes, “Military aspects of the war”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., pp. 79-87; A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., pp. 92-93.

65 T. Pakenham, “Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 206-207; F. Pretorius, “Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 240-243.

66 M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog*, pp. 153-154.

67 A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., pp. 93-94.

68 A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 94; T. Pakenham, “ Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 207.

besluit is die hoofstede van die Boererepublieke op 13 Maart 1900 (Bloemfontein) en op 5 Junie 1900 (Pretoria) deur die Britse magte ingeneem. Die regerings van die Boererepublieke het egter nie die anneksasie van hulle lande erken nie.[69]

Lord Frederick Roberts was aanvanklik van mening dat die inname van die Boererepublieke se hoofstede die Oorlog tot 'n einde sou bring, maar die Boeremagte het by verskeie geleenthede die Britse magte ontglip, deur die linies gebreek en steeds enkele oorwinnings behaal.[70] Die gevegte wat verloor is, was egter meer as dié wat gewen is.[71] Weens die terugslae het die Boere onder generaals Louis Botha, Christiaan de Wet en Koos de la Rey hulle meer op guerrillataktiek toegespits. Vir byna twee jaar het die bittereinders die stryd op dié wyse voortgesit.[72]

Lord Herbert Kitchener het in November 1900 vir Roberts as Britse opperbevelhebber opgevolg. Hy het 'n drieledige strategie gevolg om die Oorlog tot 'n einde te bring: benewens die feit dat Kitchener die verskroeideaardebeleid van Roberts voortgesit het, het hy die konsentrasiekampstelsel (wat reeds gevestig was) uitgebrei. Daarby het hy met groot dryfjagte begin en sowat 8 000 blokhuise[73] in die proses opgerig.[74] Die Boere het wel nog 'n aantal goeie oorwinnings behaal, maar uiteindelik was die oormag te groot en die Vrede van Vereeniging is op 31 Mei 1902 gesluit.[75] Met die toepassing van 'n verskroeideaardebeleid het die Britse magte stelselmatig groot sukses behaal. Dit het vele ander fasette van die Oorlog na vore gebring: onder meer het die fisiese, psigologiese en emosionele intimidasie van ontwortelde sagte teikens die Britse militêre

---

69 F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 241; B.J. Barker, *A concise dictionary of the Boer War*, p. 15.

70 A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 95.

71 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, pp. 455-480; T. Jackson, *The Boer War* (London, Channel 4 Books, 1999), pp. 121-122.

72 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 208-209; F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 242; A. Wessels, "Afrikaners at war", J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 96.

73 Kitchener het om sy dryfjagte te laat slaag 'n stelsel van blokhuise en doringdraad op die been gebring. Blokhuise is op 'n afstand van 910 meter uit mekaar opgerig met doringdraad tussen die blokhuise. Geen Boere of hulle families sou kon vlug nie. Vergelyk M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog*, pp. 372-373; D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1999), pp. 213-215.

74 G.H.L. Le May, *The Afrikaners* ..., p. 118; T. Pakenham, "Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 215.

75 F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., pp. 243-244; T. Pakenham, "Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 217.

mag gehelp om algaande ’n oorwinning oor die ZAR en die Republiek van die Oranje-Vrystaat te verseker.[76]

3.4 Vele kante van die Oorlog

3.4.1 Afbrand en verbrand: Verskroeideaardebeleid

Ten aanvang van die Oorlog het die Boerevroue, -kinders asook bejaarde mans op die plase agtergebly. Die bestaansboerdery is voortgesit en vegtende familielede is op geestelike en eg nasionalistiese wyses bemoedig. Die vegtendes is ook gereeld van kos en klere voorsien.[77]

Alhoewel die Britse troepe onder generaal-majoor Babington alreeds in Desember 1899 en vroeg in Januarie 1900 verskeie plaashuise in die Wes-Vrystaat, onder meer agtien daarvan in die Jacobsdal-omgewing afgebrand het,[78] is die meeste plaasbewoners aanvanklik grotendeels met rus gelaat. Slegs voer, perde en mielies is by tye gekonfiskeer.[79] Namate die Boereleiers hulle tot guerrilla-oorlogvoering gewend het, het die Britse militêre owerheid toenemend met meer drastiese maatreëls vorendag gekom. Onder die bevel van Roberts is ’n verskroeideaardebeleid vanaf Maart 1900 as “strafmaatreël” teenoor die Boere gevolg as gevolg van hulle voortgesette weerstand.[80] Hierdie maatreël is ook toegepas omdat daar gevalle voorgekom het waar

---

76 C. Madsen, “Canadian troops and farm burning in the South African War”, *Canadian Military Journal*, Summer 2005, pp. 55, 57.

77 E. Hobhouse, *War without glamour – or – women’s war experiences written by themselves, 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1924), pp. 14-15; D. Prinsloo, “Vroue in die Anglo-Boereoorlog: 'Feite en fiksie'?”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 59; H.C. Hillegas, *With the Boer forces,* 2nd ed. (London, Methuen, 1901), pp. 278, 282-283; E. Neethling, *Mag ons vergeet*? (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), herinneringe van mev. F. Bezuidenhout, p. 201.

78 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, deel 4, (Pretoria, Staatsargiefdiens, 1990), p. 27:3; S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics, January 1900-May 1902*, 2nd ed. (Cape Town, Human & Rousseau, 1978), p. 29.

79 F. Pretorius, “Die lot van die Boerevroue en -kinders”, F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001), p. 37.

80 B. Nasson, *The war for South Africa* (Cape Town, Tafelberg, 2010), pp. 239-240; S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War…*, pp. 164-165.

kommandolede vanuit ’n huis waar ’n wit vlag gewapper het op Britse soldate gevuur het, of waar plaashuise as skuilings gebruik is om aanvalle op spoorlyne te loods.[81]

Ná volmag vir die toepassing van hierdie beleid deur Roberts verleen is, is plaashuise klaarblyklik wyd en met onoordeelkundigheid voor die voet geplunder en afgebrand.[82] March Phillipps, ’n Britse soldaat, se skrywe op 23 November 1900 “Anyway, we find that one reason or another generally covers pretty nearly every farm we come to, and so to save trouble we burn the lot without enquiry...”[83] illustreer die onoordeelkundige toepassing van Roberts se maatreël.

In sommige gevalle is eiendomme tot op die grond afgebrand omdat die mans nog geveg het of nie die eed van neutraliteit afgelê of nagekom het nie. Ook die nie-vegtendes se huise is afgebrand. Klaarblyklik het van Roberts se offisiere gemeen dat hierdie onoordeelkundige afbrand en verwoesting die inwoners se ergenis en haat laat toeneem het.[84] Dié beleid is nogtans meedoënloos deurgevoer. Van die wapenneerlêers wat die eed van neutraliteit verbreek het, se familie- of gesinslede is uit hulle huise verwyder en die huise is tot op die grond afgebrand. Generaal Pole-Carew se kolonne het met spesifieke instruksies uitgegaan om die plase van wapenneerlêers wat nog kop in een mus met die Boere was of wat van die Britse grootmoedigheid misbruik gemaak het om hulle eiendom te beskerm, onbewoonbaar te maak.[85] Onder Kitchener, Roberts se opvolger, is plaashuise van Januarie 1901 voor die voet verwoes. Geen poging is ooit aangewend om vas te stel of die huise wel vir oorlogsdoeleindes gebruik is nie.[86]

Beide S.B. Spies en M.A. Gronum wys daarop dat amptelike Britse syfers daarop dui

---

81 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54; S.B. Spies, *Methods of barbarism*? ..., pp. 43-44.

82 G.H.L. Le May, *British supremacy in South Africa, 1899-1907* (Oxford, Clarendon Press, 1965), p. 89; S.B. Spies, *Methods of barbarism*? ..., p. 46; B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 240; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p. 54.

83 L. March Phillipps, With Rimington, Letter xxiv: Fighting and farm-burning, Frankfurt, November 23, http://www.gutenberg.org/files/15131/15131.h/15131-h.htm.

84 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 240.

85 A.C. Martin, *The concentration camps 1900-1902: Facts, figures and fables* (Cape Town, Howard Timmins, 1957), p. 2.

86 A. Grundlingh, “Waarom konsentrasiekampe?”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013) , p. 34; L. March Phillipps, With Rimington, Letter xxiv: Fighting and farmburning, Frankfurt, November 23, http://www.gutenberg.org/files/15131/15131.h/15131-h.htm.

dat die aantal plaashuise wat van Junie 1900 tot Januarie 1901 afgebrand is, sowat 630 was.[87]

Spies & Gronum betwyfel egter die betroubaarheid van hierdie statistiek, maar voel dit bevestig tog die gegewe feite, naamlik dat die verwoesting van plaashuise in die distrikte van Bethlehem, Frankfort, Vrede, Kroonstad, Ventersburg, Winburg, Dullstroom, Middelburg, Marico, Rustenburg en Johannesburg geweldig in omvang was.[88]

Nie net plaashuise is verwoes nie, maar tot 40 dorpe is geplunder en grootliks verwoes.[89] So byvoorbeeld is die dorp Bothaville in Oktober 1900 deur luitenant-generaal Hunter afgebrand onder die voorwendsel dat die Boerekommando's Bothaville as basis gebruik het vanwaar hulle aanvalle op spoorlyne uitgevoer het.[90] Lord Milner het wel in Oktober 1902 erken dat tot soveel as 30 000 huise gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog verwoes is.[91]

Vir die Boerevroue en -kinders was die afbrand van hulle woonhuise en die doodmaak van alle diere ongetwyfeld bykans ondraaglike emosionele en traumatiese gebeurtenisse (kyk Foto 3- 1). Luitenant Morrison, 'n offisier van die Kanadese artillerie, wat 'n getuie van die afbrand-aksies was, skryf: [92]

> *We moved on from valley to valley lifting cattle and sheep, burning, looting, and turning out the women and children to sit and cry beside the ruins of their once beautiful farmsteads...*

---

87 S.B. Spies, *Methods of barbarism*? ..., pp. 116-117; M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899-1902: Die gevegsmetodes waarmee die Boererepublieke verower is* (Kaapstad, Tafelberg, 1972), p. 22. Volgens Gronum was dit 630 huise, Spies dui 634 huise aan.

88 S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 116-117; M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899-1902*, p. 22.

89 A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 34.

90 F. Pretorius, "Die lot van die Boerevroue en -kinders", F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 39.

91 F. Pretorius, "Die lot van die Boerevroue en -kinders", F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 40.

92 C. Madsen, "Canadian troops and farm burning in the South African War", Canadian Military Journal, Summer 2005, p. 55. Vergelyk W. Riem Vis, *Tien maanden in een "vrouwenkamp": Het leven en lijden van een Boerengezin in Transvaal tijdens den laatsten oorlog met Engeland* (Rotterdam, A.A. Daamen, 1902), pp. 87-88; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899-1902* (Potchefstroom, s.n., 1925), verklaring van J. le Roux, p. 14.

Foto 3-1: OM, Bloemfontein, 03: ’n Boeregesin voor hulle huis wat afbrand

Dit moes vir die vroue inderdaad uiters traumaties gewees het om te sien hoe hulle besittings wat hulle oor ’n leeftyd heen bymekaar gemaak het nie net geplunder nie, maar inderdaad geheel en al vernietig word.

Generaal Louis Botha het gevoel dat Roberts met die verskroeideaardebeleid die ellende en lyding van die vroue en die kinders wou gebruik om die vegtende burgers tot vrede te dwing. Die Boerevroue het dieselfde sienswyse gehuldig.[93] S.B. Spies kom ook tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat Roberts die lyding van die burgerlikes gebruik het om die burgers op kommando tot oorgawe te probeer dwing.[94]

Nóg die regering van die Oranje-Vrystaat nóg dié van die ZAR het oor die vermoë beskik om burgerlikes uit die distrikte wat deur die Britse magte binnegeval is, te verwyder. Gevolglik is inwoners merendeels aan hulle lot oorgelaat ten opsigte van die

---

93 Het Algemeen Nederlandsch Verbond, Ambtelijke verslagen van generaal J.H. de la Rey en generaal J.C. Smuts, alsook andere stukken betreffende den oorlog in Zuid-Afrika, kort geleden ontvangen door de Boeren-vertegenwoordigers in Europa, en met hun toestemming openbaar gemaakt, p. 39.

94 S.B. Spies, *Methods of barbarism?*..., p. 137. Vergelyk F. Pretorius, “Die lot van die Boerevroue en -kinders”, F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 41; W.T. Stead, *The war in South Africa, 1899-19-?*: *Methods of barbarism: War is war, Mr. Brodrick, and war is hell, General Sherman: The case for intervention* (London, Mowbray, 1901), p. 36.

verwoestings- en vernietigingstaktiek wat al hulle besittings ingesluit het. Hulle was spoedig óf haweloos en ontredderd óf ingekerker in 'n konsentrasiekamp.[95]

3.4.2 Haweloses en ontredderdes: Boerevroue en -kinders in die veld

Desondanks maande van 'n hawelose, ontredderde bestaan van etlike vroue en kinders, wil dit uit die herinneringe blyk dat hierdie "vryheid" 'n bestanddeel vir vele voortvlugtendes se vegtersbestaan was. Hester Jacobs van Cyferfontein, Hartebeestfontein, onthou:[96]

> *Toe die oorlog al omtrent agtien maande aan die gang was, was ons verplig om vir ons vyand te vlug, want vir ons, Afrikaanse vroue, was dit 'n verskriklike gedagte om in hulle hande te val.*

Ná, maar ook vóór die afbranding van plaashuise, het baie vroue en kinders verkies om 'n swerwersbestaan in die veld te voer.[97] Sommige het vir maande op dié wyse geleef totdat hulle uiteindelik gevange geneem is. Ander het wel daarin geslaag om vir die hele duur van die Oorlog voortvlugtend te bly.[98] Mev. Nonnie de la Rey, vrou van generaal Koos de la Rey, is een van die bekende vroue wat vanaf Desember 1900 tot Mei 1902 'n swerwersbestaan in die veld gevoer het.[99]

Generaal Louis Botha was tydens die vredesamesprekings by Vereeniging van mening dat daar in daardie stadium nog sowat 2 540 gesinne in die veld was. Latere statistiek het egter veel meer swerwelinge uitgewys. Teen die einde van die Oorlog was daar sowat 10 000 vroue en kinders in die ZAR in die veld, teenoor die sowat 2 000 tot 4 000

---

95 B. Nasson, *The war for South Africa*, pp. 240-241; S.B. Spies, *Methods of barbarism?*..., pp. 143-144; F. Pretorius , "Die lot van die Boerevroue en -kinders", F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 37.

96 E. Neethling , *Mag ons vergeet?*, herinneringe van H. Jacobs, p. 153.

97 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 64.

98 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, pp. 32-54; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding, 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2012), herinneringe van M. Kriel, pp. 61-62.

99 Z. Rowan, "Nonnie de la Rey 1856-1923" (M.Hsc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2003), p. 87; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog: Herinneringen van mevrou De la Rey geboren Greef* (Amsterdam, Höveker & Wormser, ca.1903), pp. 5-105; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 66.

in die OVS.[100] Verskeie taktieke is gevolg om die Britse troepe te vermy.[101] Vroue en kinders het soms as die Britse magte wegbeweeg het na hulle huise teruggekeer, maar die waens het altyd gereed en gelaai bly staan vir ingeval hulle inderhaas sou moes vlug.[102] Ander weer het soos dassies in die rantjies geskuil,[103] terwyl 'n paar op verlate plase of in 'n verlate huis wat nie heeltemal vernietig was nie, gaan skuil het.[104] Nonnie de la Rey het byvoorbeeld op 'n keer 'n leë skool te Rietfontein, asook 'n verlate winkel naby Lichtenburg betrek.[105] Die gedagte aan 'n ingekerkerde gemeenskapslewe het baie van hierdie vroue aan die swerf gehou. Haweloosheid is bo enige ander van die beperkte opsies verkies.[106]

Ter wille van veiligheid het die vroue en kinders in laers saamgetrek. Mev. Martha Kriel van Ladybrand in die Oranje-Vrystaat was in September 1901 deel van 'n vrouelaer wat uit 80 waens en verskeie rytuie bestaan het. Hulle het 'n laerkommandant, Adrian Bouwer, gehad en kommandant John Koen het altyd "rapport" na hulle laer gestuur en gesê wat hulle te doen staan.[107] Van die voortvlugtende vroue en kinders het soms hulp van 'n kommando of selfs van hulle mans ontvang.[108]

'n Geestesveerkragtigheid was reeds tydens die vroue en kinders se swerwersbestaan sigbaar. Nuwe kos-idees is as "resepte" beproef om almal so goed as moontlik te voed. Hoe langer die periode van rondswerf in die veld geduur het, hoe skaarser het hulle kosvoorrade vanselfsprekend geword. F. Bezuidenhout het byvoorbeeld later mielie-

---

100 Z. Rowan, "Nonnie de la Rey 1856-1923", pp. 87-88; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 66.

101 E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, herinneringe van H. Jacobs, p. 153; uittreksel uit 'n brief van president Steyn aan lord Kitchener, 15-08-01, p. 1.

102 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van H. Jacobs, p. 153.

103 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, brief van generaal Smuts aan president Steyn, p. 64.

104 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 43; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog ...*, p. 29.

105 J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog* ..., p. 35.

106 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., p. 106; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 64.

107 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van M. Kriel, p. 61; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 48. Bettie skryf dat hulle deel van 'n groot vrouelaer was en twee spioene, Koos Ferreira en 'n Hoopstater, gehad het.

108 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, p. 75.

koffie gedrink en brood van mieliemeel en patats gemaak.[109] Groente en vrugte was veral tydens die verskroeideaardebeleid-tydperk baie skaars. Soms was daar, te midde van hierdie tipe realiteite, egter ook spesiale tye. Hieronder tel die herinnering van ’n Nonnie de la Rey wat op ’n keer ’n vrugteboord in die Lichtenburg-distrik teëgekom het, en summier haar wa vol vrugte vir die “maer jare” gelaai het.[110] Ander noodsaaklike lewensmiddele, soos byvoorbeeld seep, het in swerwersbestaanstye mettertyd opgeraak en daarvoor is ook ’n plan beraam. Bettie Grobbelaar onthou dat haar ma bossies gebrand het, die as in water gekook het, “dan as dit afsak, kom die vet in die water, en kook dit tot *lijm* seep is, dit is swart, maar was eerste klas.”[111] Ongeag die wete dat ’n oorlogsituasie geheers en dat hulle omstandighede dié van voortvlugtendes was, het die vroue altyd netjies in die veld probeer bly. Selfs die wit kappies is ewe in meelwater gestywe.[112]

Die Engelse het gedurende die laaste ses maande van die Oorlog nie meer die Boerevroue en -kinders na die konsentrasiekampe gestuur nie. Die voortvlugtendes se ellende het vanweë die totale verwoesting van hulle land, hulle uiters beperkte vryheid van beweging en met die uitgebreide blokhuisstelsel toegeneem.[113]

Geen noukeurige opgawe bestaan van presies hoeveel van die voortvlugtende vroue en kinders dood is nie. Na raming het sowat 2 000 persone weens blootstelling en ontberinge gesterf.[114]

---

109 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van F. Bezuidenhout, p. 231. Vergelyk VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 44; J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog* ..., p. 90. Nonnie het patats in blokkies gesny, dit gerooster en met koffie gemeng – ’n kwart koffie en driekwart patats.

110 J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog*..., pp. 45-46; Z. Rowan, “Nonnie de la Rey 1856-1923”, p. 93.

111 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 45. Vergelyk J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog*..., pp. 36, 41. Mev. De la Rey het gebrande voëlent en later salpeter gebruik om seep mee te maak; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit. Dié familie was op ’n keer verplig om hulle klere met gifbolletjies en sand te was.

112 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 44.

113 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 66. Vergelyk J.E. de la Rey, *Mijne omzwervingen en beproevingen gedurende den Oorlog*..., p. 30.

114 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, ds. A.J. Louw by die onthulling van die vrouemonument, pp. 246-247.

3.4.3 Die ingekerkerdes: ’n Konsentrasiekampstelsel

Die verskroeideaardebeleid wat deur Roberts begin en deur Kitchener voortgesit is, het die konsentrasiekampstelsel ingelui.[115] Die aantal hawelose vroue en kinders het teen die helfte van Julie 1900 alreeds sodanig toegeneem dat die Britse militêre owerhede ’n oplossing vir die probleem moes vind. Aanvanklik het Roberts probeer om die versorging van hierdie hawelose vroue en kinders op die Boerekommando’s af te skuif. In Julie 1900 is 412 vroue en kinders na die Boerelinies gestuur. Op 11 Augustus 1900 is ongeveer 800 vroue en kinders van Pretoria na Belfast gestuur.[116]

Botha het Roberts in kennis gestel dat die Boere treine sou stuur om die vroue en kinders te gaan haal waarna hy hulle per skip na Europa sou stuur. Botha se kennisgewing en die onuitvoerbaarheid van die beleid het Roberts laat afsien[117] van sy planne om die haweloses op die Boerekommando’s af te skuif.

Om die groeiende aantal hawelose vroue en kinders te probeer hanteer, is daar met die konsentrasiekampstelsel begin. Die aanvangsdatum van dié stelsel is onbekend, maar dit blyk dat ’n kamp vir hawelose vroue en kinders reeds so vroeg as in Julie 1900 naby Mafeking (tans Mafikeng) bestaan het.[118] Gedurende Augustus 1900 is die eerste kamp, naamlik *Boer Refugee Camp* of *Camp for Refugees and Undesirables*, in Pietermaritzburg opgerig. Volgens die oudste registerinskrywing van 15 Augustus 1900 het ’n sekere F.R. Cloete en sy gesin vanuit die Standerton-distrik daar aangekom. As rede vir hulle inkerkering is aangevoer dat hulle huis verwoes is omdat daar dinamiet op hulle plaas gevind is.

---

115 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 54.

116 S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., pp. 128-139. Vergelyk B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren Oorlog* (Amsterdam, Versluys, 1902), p. 111; J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp* “*bôkant*” *De Wet* (Rotterdam, Nijgh & Van Ditmar, 1903), pp. 126-127; Viljoen en Naudé skryf albei oor 250 families wat in bittere koue en snerpende wind en sneeu in oop goederewaens na die kommando gestuur is.

117 M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899-1902* ..., pp. 30-31; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 56.

118 S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 167; E.C.C. Reynolds, “Die ontwikkeling van ’n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902” (M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2007), p. 34.

Terselfdertyd was lord Roberts verplig om die wapenneerlêers – ongeveer 20 000 burgers het gedurende die Oorlog die wapen neergelê en die eed van neutraliteit afgelê[119] – teen heropname in die Boeremagte te beskerm, en die enigste uitweg was vlugtelingkampe (*refugee camps*) vir dié mense en hulle gesinne. Op 22 September 1900 het generaal J.G. Maxwell 'n bevel uitgevaardig wat die stelsel van vlugteling- of beskermingskampe in die lewe geroep het. Kampe vir wapenneerlêers is in Bloemfontein en Pretoria opgerig.[120]

In dieselfde maand het Roberts beveel dat alle vroue en kinders wat nog op plase bly na die vlugtelingkampe geneem moes word.[121] Gedurende Oktober 1900 is lojale republikeinse burgers se vroue en kinders verplig om na die Bloemfontein-kamp te gaan. Teen 15 November 1900 was daar reeds 519 persone in die kamp.[122] So is die vlugteling- of beskermingskampe vinnig in konsentrasiekampe vir hawelose Boerevroue en -kinders omskep.[123] Lord Kitchener het, soos vroeër vermeld, op 29 November 1900 die bevel by Roberts oorgeneem. Tydens Kitchener se dryfjagte sedert Januarie 1901 is duisende Boerevroue, -kinders en bejaarde mans na die konsentrasiekampe weggevoer. Die Britse opperbevel het aangevoer dat hierdie mense weens humanitêre redes na die kamp gestuur is. Hierdie argument is as misleidend gereken. Die vernietiging van alle hulpbronne en die aanhouding van vroue en kinders in kampe is eerder om militêre redes gedoen. Alom is geglo dat hierdie redelose taktiek daarop gemik was om die Boerevegters tot oorgawe, en vredesluiting te dwing.[124] 'n Vorm van

---

119 F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 247.

120 A.M. Grundlingh*, Die "Hendsopppers" en "Joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, HAUM., 1979), p. 57; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog* ..., deel 2, p. 14:22; B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 242.

121 D. Hall, *The Hall handbook* ..., p. 215; M. Davitt, *The Boer fight for freedom*, 2nd ed. (Freeport, N.Y., Books for Libraries Press, 1972) p. 468.

122 A.M. Grundlingh, *Die* "*Hendsoppers*" *en* "*Joiners*"..., p. 58.

123 F. Pretorius, "Die lot van die Boerevroue en -kinders", F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 41; B.J. Barker, *A concise dictionary of the Boer War*, p. 51.

124 A.Grundlingh & B. Nasson, *Die oorlog kom huis toe*…, pp. 34-36, 55; J. Hyslop, "The inventon of the concentration camp: Cuba, Southern Africa and the Philippines, 1896-1907", *South African Historical Journal*, vol. 63, no.2, 2011, p. 259.

ingekerkerdheid het reeds met die wegvoer, met ’n minimum van voedsel, klere en beddegoed, ingetree.[125]

Historici is nie eenstemmig oor die aantal aangehoudenes in die konsentrasiekampe nie. Volgens F. Pretorius en D. Prinsloo het die aantal blanke inwoners in die konsentrasiekampe teen September 1901 op 110 000 te staan gekom.[126] Pakenham[127] dui 116 000 blanke konsentrasiekampbewoners aan en Gronum 135 000.[128] Teen die einde van die oorlog is meer as 116 000 Boerevroue, -kinders en bejaarde mans in die kampe gehuisves.[129] D. Hall[130] dui die aantal inwoners per maand soos volg aan (kyk Tabel 3-1):

Tabel 3-1: Die aantal blankes in konsentrasiekampe

Datum	**Die aantal blankes in konsentrasiekampe**
Maart 1901	35 192
Junie 1901	79 967
Julie 1901	102 651
Augustus 1901	111 540
September 1901	116 225
Oktober 1901	118 408
Januarie 1902	115 037
Februarie 1902	114 181
Mei 1902	Nie beskikbaar nie.

Hoewel dit moeilik is om die presiese aantal konsentrasiekampbewoners te bepaal, is dit belangrik om te weet dat volgens Figuur 3-4 daar sowat 219 000 Afrikaanssprekende

---

125 D. Prinsloo, “Vroue in die Anglo-Boereoorlog: ‘Feite en fiksie’?”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 58.

126 F. Pretorius, “Die lot van die Boerevroue en -kinders”, F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde*, p. 44; D. Prinsloo, “Vroue in die Anglo-Boereoorlog : ‘Feite en fiksie’?”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 58.

127 T. Pakenham, “Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, T. Cameron & S.B. Spies (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 214.

128 M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899-1902* ... , p. 43.

129 S.B. Spies, *Methods of barbarism*?... , p. 169. Vergelyk B. Farwell, *The great Anglo-Boer War* (New York, Harper & Row, 1976), p. 397. Farwell dui die aantal konsentrasiekampbewoners as 120 000 aan.

130 D. Hall, *The Hall handbook ... ,* p. 217.

inwoners in die twee Boererepublieke woonagtig was.[131] Vanaf Julie 1901 is dus meer as die helfte van die twee Boererepublieke se Afrikaanssprekende inwoners in die konsentrasiekampe aangehou. Voeg ’n mens die aantal krygsgevangenes – sowat 32 500 – hierby, dan was minstens tweederdes (66,6 persent) van die Boererepublieke se Afrikaanssprekende inwoners gedurende die loop van die oorlog ingekerker.

Dié duisende Boerevroue, kinders en bejaardes is in minstens 50 kampe vir wit burgerlikes ingekerker.[132] Die meeste van die konsentrasiekampe is binne die grense van die ZAR en OVS opgerig, maar daar is ook ’n paar kampe in die Oos-Kaap en Natal gevestig. Hierdie duisende vroue en kinders het deel van ’n kampstelsel geword wat gesien is as dat dit slegs op rampspoed kon afstuur (vergelyk Tabel 3-2 en Kaart 3-1).[133]

Tabel 3-2: Konsentrasiekampe vir blankes in die Zuid-Afrikaansche Republiek, Oranje-Vrystaat, Natal en die Kaapkolonie[134]

Konsentrasiekamp	Ligging	Aantal inwoners
Aliwal-Noord	Twee myl buite die dorp tussen die Oranje- en Kraairiviere	21 Augustus 1901: 4 683

131 A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 73. Volgens generaal J.C. Smuts was daar ongeveer 200 000 mense in die Boererepublieke woonagtig. Vergelyk B.J. Barker, *A concise dictionary of the Boer War*, p. 51; S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 170.

132 B. Farwell, *The great Anglo-Boer War*, p. 397; F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 8; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003), pp. 39-347; J. Groenewald, “’n Wêreld van filatelie in een oorlog”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 128; E.C.C. Reynolds, “Die ontwikkeling van ’n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog ...”, pp. 56-60; D. Hall, *The Hall handbook* ..., pp. 220-221; N. Snowden, *Publication no. 1: The Anglo-Boer War 1899-1902: Philately of the Boer and British prisoner of war camps, part A: Prisoner of war camps in South Africa and the burgher camps* (Manchester, The Anglo-Boer War Philately Society, n.d.), pp. 40-66. Sommige van die historici dui meer kampe aan, aangesien sommige ook hulpposte by die totale aantal kampe insluit.

133 A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 13.

134 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 39-347; E.C.C. Reynolds, “Die ontwikkeling van ’n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog ...”, pp. 50-60; D. Hall, *The Hall handbook* ..., pp. 220-221; N. Snowden, *Publication no. 1*: *The Anglo-Boer War 1899-1902* ..., pp. 40-46; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal (1902)*, pp. 1-207. Die sogenaamde *Relief*-poste is nie aangedui nie, aangesien die poste slegs noodlenigingsposte was waar mense rantsoen kon kry. Vergelyk A.W.G. Raath, *Die Boerevrou*, *1899-1902*, deel 2 ..., pp. 283- 284.

Konsentrasiekamp	Ligging	Aantal inwoners
Balmoral	Suid van die spoorwegstasie, teen ’n heuwel	31 Desember 1901: 2 685
Barberton	Suidwes van die dorp op hoogliggende grond	30 April 1901: 1 994
Belfast	Twee myl vanaf die spoorwegstasie	12 Oktober 1901: 567
Bethulie	Buite die dorp teen die skuinste van koppies	7 September 1901: 4 882
Bloemfontein	Twee myl noordwes van die dorp	16 September 1901: 6 600
Brandfort	Geen besonderhede nie	31 Desember 1901: 4 221
Buffelsrivier	Ligging van die kamp is onseker	Deurgangskamp
Burgersdorp	Onbekend	Onbekend
Colenso	Geen besonderhede nie	30 April 1902: 3 019
De Jagersdrift	Tydelike kamp	Onbekend
Eshowe	Geen besonderhede nie	Desember 1901: 363
Harrismith	Aan die voet van die berg naby die dorp	29 November 1901: 1 653
Heidelberg	Ongeveer ’n myl van die rivier af teen die helling van ’n koppie	31 Augustus 1901: 2 222
Heilbron	Dié kamp was naby die spoorlyn geleë	22 Oktober 1901: 3 179
Howick	Geen besonderhede nie	3 Desember 1901: 3 514
Irene	Noord van die Hennopsrivier en wes van die spoorlyn	31 Augustus 1901: 4 655
Isipingo	Geen besonderhede nie	Geen besonderhede nie
Jacob’s Siding	Halfmyl oos van Merebank af	April 1902: 3 080
Johannesburg	Op die renbaan, ongeveer drie myl van die stasie af	17 Februarie 1901: 5 080
Kabusi	In die Kaapkolonie naby Stutterheim	Geen besonderhede nie
Kimberley	Newton was ongeveer ’n myl en ’n half van die stasie	26 Augustus 1901: 3 694
Klerksdorp	Suid van die dorp en suidwes van die spoorlyn	31 Augustus 1901: 4 588
Kromellenboog	Naby Kromellenboogspruit, wes van Edenburg	3 November 1901: 3
Kroonstad	Twee myl van die dorp	Julie 1901: 4 094
Krugersdorp	Een myl noordoos van die dorp	28 September 1901: 5 408
Ladybrand	Geen besonderhede nie	28 Oktober 1901: 778
Ladysmith	In Natal	April 1902: 1 048

Konsentrasiekamp	Ligging	Aantal inwoners
Mafeking	Op oewers van die Moloporivier, ongeveer sewe myl van Mafeking	31 Augustus 1901: 4 676
Meintjieskop: “handsupper-kamp”	Naby Pretoria	Maart 1902: 427
Merebank	Naby Durban aan die voet van ’n heuwel	Maart 1902: 8 350
Middelburg	In Transvaal	Augustus 1901: 6 523
Norvalspont	In die Kaapkolonie	Julie 1901: 3 395
Nylstroom	Een myl noordwes van die stasie	September 1901: 1 851
Oos-Londen	Geen besonderhede nie	April 1902: 1 947
Oranjerivier	Ongeveer ’n myl van die stasie	31 Augustus 1901: 1 507
Pietermaritzburg	Ongeveer ’n myl vanaf die dorp	Desember 1901: 2 364
Pietersburg	Een en ’n halwe myl wes van Pietersburg naby die Sandrivier	11 Augustus 1901: 3 713
Pinetown	Geen besonderhede nie	Geen besonderhede nie
Port Elizabeth	Een en ’n halwe myl noord van Port Elizabeth	Augustus 1901: 327
Potchefstroom	Naby die suidekant van die stasie	Augustus 1901: 7 355
Springfontein	Naby ’n spruit en na aan die spoorlyn	11 & 12 September 1901: 2 920
Standerton	Oos van die stasie op die oewer van die Vaalrivier	9 September 1901: 3 329
Uitenhage	Kaapkolonie, naby Pennel’s Mill	Mei 1902: 2 007
Van der Hoovensdrift	Naby Pretoria	November 1901: 305
Vereeniging	’n Halfmyl van die Vaalrivier en ’n halfmyl van die stasie	22 Oktober 1901: 967
Volksrust	Driehonderd treë suidoos van die stasie en ’n halfmyl van die dorp	31 Julie 1901: 5 462
Vredefortweg	Ongeveer twee myl van die spoorwegstasie	Julie 1901: 1 576
Vryburg	Geografies in Kaapkolonie, maar onder Transvaalse administrasie	1 April 1901: 1 201 140: Boere; 1 061: swart mense
Vryheid	In Transvaal	30 Junie 1901: 201
Warrenton	Geen besonderhede nie	1 April 1901: 500
Wentworth	Natal	Geen besonderhede nie
Winburg	’n Kwartmyl van die stasie	29 Oktober 1901: 3 153



Kaart 3-1: Blanke konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog 1899-1902

3.4.4 Ingekerkerdheid in Suid-Afrika en die buiteland: Krygsgevangenskap

Kort ná die uitbreek van die Oorlog is die eerste groep burgers van 184 op 21 Oktober 1899 tydens die Slag van Elandslaagte gevange geneem.[135] Hierdie krygsgevangenes was die eerste van duisende wat gedurende die loop van die daaropvolgende 30 maande dieselfde lot sou deel.

Burgers is egter nie net op die slagveld krygsgevange geneem nie. Lord Roberts het deur middel van verskeie proklamasies – 15 Maart 1900, 16 en 19 Junie 1900 en 14 Augustus 1900 – die burgers tot die neerlê van hulle wapens en die aflê van die eed van neutraliteit probeer oorreed. Die neerlê van wapens en die aflê van die eed van neutraliteit sou verhoed dat hulle as krygsgevangenes gereken word.[136]

Die Britse bevelvoerders het egter nie hulle woord gestand gedoen nie. Generaal Barton het byvoorbeeld in September 1901 te Krugersdorp opdrag ontvang om alle Boere wat op plase bly wat ná aan die Boeremagte geleë was, krygsgevange te neem omdat dié Boere die Britse militêre owerheid nie van die Boeremagte se teenwoordigheid in kennis gestel het nie. Dit het nie saak gemaak of dié Boere inderdaad die eed van neutraliteit afgelê het al dan nie.[137]

Kitchener het Roberts se werk voortgesit en in Junie 1901 het hy aanbeveel dat alle krygsgevangenes en hulle families permanent uit Suid-Afrika gedeporteer moet word, byvoorbeeld na die Fidji-eilande.[138] Die historikus Le May skryf “Kitchener, in short, was proposing to terrorize the enemy into defeat.”[139] Kitchener wou met sy maatreëls en voorstelle rakende krygsgevangenes die burgers van die twee Boererepublieke tot oorgawe dwing.

---

135 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 10; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010) , p. 24.

136 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoo*rlog ..., deel 2, pp. 13:7, 13:9, evv; S.B. Spies, *Methods of barbarism?...,* pp. 102, 113.

137 S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 123.

138 P.M. Magnus, *Kitchener, portrait of an imperialist* (London, John Murray, 1958), p. 185. Vergelyk M. Bossenbroek, *Die Boereoorlog*, p. 373.

139 G.H.L. Le May, *British supremacy in South Africa 1899-1907*, p. 103.

Milner het reeds op 14 Januarie 1901 vir Kitchener daarop gewys dat hulle soms die verkeerde mense gevange geneem het. Milner se inligting het egter weinig aandag geniet.[140] Voorbeelde hiervan is die talle jong seuns en grysaards wat na die krygsgevangenekampe weggevoer is.[141] Ander onskuldige mense is ook krygsgevange geneem en geïnterneer. 'n Voorbeeld hiervan is die gevangeneming van H. Scholtemeijer. As Nederlandse burger het hy nie die wapen teen die Engelse opgeneem nie, maar is hy nogtans gevange geneem en na St. Helena gestuur omdat hy glo geweet het dat daar Boere in die rantjies was. Later is hy daarvan beskuldig dat hy 'n Engelse spioen sou doodgeskiet het.[142]

Die krygsgevangenes is aanvanklik na twee kampe in Natal – Tin Town en Umbilo – en vier kampe in die Kaapkolonie – Groenpunt, Skyview, South Camp en Bellevue – gestuur.[143] Die aanwesigheid van republikeinse en rebellemagte in die Kaap het veral die kampe *Bellevue* en *Groenpunt* kwesbaar gemaak.[144] Dié veiligheidsrisiko wat die kampe in Suid-Afrika ingehou het, tesame met 'n tekort aan verblyf, het die Britse owerheid laat besluit om krygsgevangenekampe op St. Helena en Ceylon en in Indië en Bermuda op te rig.[145] Die Britse owerheid het gehoop dat gevangenskap en inkerkering

---

140 G.H.L. Le May, *British supremacy in South Africa, 1899-1907*, pp. 92-93.

141 Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena* {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950), pp. 83-84; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942), pp. 62-63; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 157. Van Niekerk skryf dat kinders van nege en twaalf jaar oud, bejaardes wat amper nie kon loop nie en kreupeles en doofstommes in die kamp ingebring is.

142 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), pp. 8-15. Vergelyk S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 136.

143 L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 39, nr. 3/4, 1999, pp. 315-317; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 49-50.

144 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (D. Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), p. 11; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.

145 D. Hall, *The Hall handbook* ..., pp. 190-191; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 11; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p. 5.

'n demoraliserende uitwerking op die vegtende burgers sou hê.[146] Nasson vat die Britse oorwegings mooi saam as hy skryf:[147]

> *Increasingly, too, British command turned imprisonment into far isolation, withdrawing most prisoners of war altogether from the theatre of war. It was cheaper, made them less conspicuous, lowered the morale of those under arms, and would perhaps teach the Boers just how large the empire was.*

Die inwoners van die verskillende krygsgevangenekampe het uit 'n uiteenlopende verskeidenheid van mense bestaan. Die gevangenes was 'n deursnee van die bevolking van die ZAR en die OVS, die rebelle van die twee Britse kolonies, asook 'n aantal vrywilligers van ander moondhede wat die Boere se saak gesteun het.[148] Gedurende September 1900 was daar byvoorbeeld 2 152 krygsgevangenes in die Diyatalawa-krygsgevangenekamp en hiervan was 1 687 Vrystaters, 261 Transvalers, 76 Hollanders, 60 Duitsers, 14 Iere, 10 Franse, 10 Amerikaners, agt Engelse, vyf Oostenrykers, drie Belge, drie Dene, twee Russe, twee Italianers, twee Turke, twee Grieke, twee Swede, een Australiër en twee swart mense.[149] Volgens Van Niekerk was daar 'n baie uiteenlopende verskeidenheid in die kamp, naamlik geleerd en ongeleerd, oues van dae en kinders, doofstommes, kreupeles, dapperes en lafaards.[150]

Volgens Groenewald en Rood-Coetzee was daar ongeveer 32 500 krygsgevangenes in kampe in Suid-Afrika en kampe in 'n aantal ander Britse kolonies.[151]

---

146 K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 507.

147 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 234.

148 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 16; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 90; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*..., p. 34.

149 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1995), pp. 37-38; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), p. 119.

150 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 49.

151 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*..., p. 9; K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 507.

Terwyl J.G. Boje[152] die aantal krygsgevangenes in Suid-Afrika sowel as oorsee as 27 000 aandui, raam F. Pretorius die aantal krygsgevangenes op sowat 20 000.[153] Volgens Hall[154] het die getalle soos volg daar uitgesien (kyk Tabel 3-3):

Tabel 3-3: Die aantal krygsgevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog

Krygsgevangenes	Aantal
Transvaal: krygsgevangenes	12 954
Oranje-Vrystaat: krygsgevangenes	12 358
Rebelle wat verhoorafwagtend was en weggestuur is	7 587
Diegene wat Transvaal *via* Delagoabaai verlaat het	400
Diegene wat na Duits Suidwes-Afrika is	200
Diegene wat verkeerdelik krygsgevange geneem is	700
Buitelandse burgers wat krygsgevange geneem is	160
Totaal	34 359

Die krygsgevangenes is na verskeie krygsgevangenekampe (kyk Kaart 3-2 en Tabelle 3-4 tot 3-8) in Suid-Afrika, St. Helena, Ceylon, Indië en die Bermuda-eilande gestuur.

152 J.G. Boje, "Winburg's war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district" (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), p. 322.

153 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 49.

154 D. Hall, *The Hall handbook* ..., p. 187. Historici verskil oor die aantal krygsgevangenes, maar daar was waarskynlik tussen 27 000 en 32 500 krygsgevangenes.



Kaart 3-2: Krygsgevangekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902

Tabel 3-4: Krygsgevangenekampe in Suid-Afrika[155]

Krygsgevangenekamp	Besonderhede
Tin Town	'n Kamp in Ladysmith, Natal: dit was 'n oorplasingskamp wat later diegene gehuisves het wat die eed van getrouheid afgelê het of gewillig was om dit af te lê.
Umbilo	'n Kamp in Durban opgerig: dit was 'n oorplasingskamp vanwaar die krygsgevangenes deurlopend na oorsese krygsgevangenekampe gestuur is.
Groenpunt	Die kamp is in Januarie 1900 in Kaapstad opgerig op 'n gedeelte van die eertydse renbaan tussen Vlaeberg en Tafelbaai.
Sky View	Die kamp is langs die Groenpunt-kamp opgerig nadat laasgenoemde te klein geword het. Die onversoenbare krygsgevangenes is in Sky View gehuisves.
South Camp	Die South Camp was net suid van Simonstad op die vlootsportveld geleë. Die eerste gevangenes het die kamp op 3 Februarie 1900 betrek.
Bellevue	Die kamp was tussen Boulder-strand en Froggy Pond geleë. Die eerste krygsgevangenes is in Maart 1900 ontvang.

Die eerste van die oorsese kampe is in St. Helena opgerig. Op 14 April 1900 het die eerste krygsgevangenes op dié eiland aangekom. Sowat 5 860 krygsgevangenes is in die twee kampe Deadwood en Broadbottom aangehou (kyk Tabel 3-5).[156]

Tabel 3-5: Krygsgevangenekampe op St. Helena

Krygsgevangenekamp	Besonderhede
Deadwood[157]	Die kamp was op 'n hoë, boomlose, winderige plato geleë.
Broadbottom[158]	Die kamp is sowat agt kilometer van Deadwood opgerig en was in 'n breë, boomlose vallei sowat 488 meter bo seespieël geleë.

155 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", pp. 121, 123, 127-131; J.G. Boje, "Winburg's war...", pp. 322; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe ...,* pp. 3-4, 6-8; L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, jg. 39, nr. 3/4, 1999, pp. 314-316.

156 S.A. Royle, "St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green Papers", *Journal of Historical Geography*, vol. 24, no. 1, 1998, p. 58; Anon, "St. Helena – Ons Buureiland", *Lantern*, jg. xi, nr. 2, Desember 1961, pp. 47-48; *St. Helena Guardian*, Thursday, April 12, 1900.

157 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 104; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 13.

158 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 105.

Nadat die kampe op St. Helena vol was, is die krygsgevangenes in Augustus 1900 na Ceylon gestuur waar hulle in vyf kampe gehuisves is (kyk Tabel 3-6):

Tabel 3-6: Krygsgevangenekampe op Ceylon

Krygsgevangenekamp	Besonderhede
Diyatalawa[159]	Die Diyatalawa-kamp was ongeveer 306 kilometer oos van Colombo in ’n vallei in die Uva-provinsie geleë.
Ragama[160]	Ragama was ongeveer 14 kilometer van Colombo geleë, het op 8 Januarie 1901 tot stand gekom en het mettertyd ’n kamp vir ongewenstes geword.
Mount Lavinia[161]	Die kamp was op ’n strand suid van Colombo geleë en is op 17 Desember 1900 in gebruik geneem as hersteloord vir siek krygsgevangenes.
Hambantota[162]	Dié Hambantota-kamp is op 19 Desember 1901 in die middel van die dorp opgerig. Krygsgevangenes wat die eed van getrouheid afgelê het, is daar geplaas.
Urugasmanhandiya[163]	Die kamp was sowat 80 kilometer van Colombo geleë en het op 11 September 1901 krygsgevangenes begin inneem. Dit is die verraaierskamp genoem aangesien die meeste van die krygsgevangenes daar wel die eed van getrouheid afgelê het.

Die Britse owerheid het die Indiese regering op 13 Januarie 1901 gevra om krygsgevangekampe in Indië te vestig.[164] Die krygsgevangenes is vanaf 1 April 1901 na Indië gestuur waar hulle getalle spoedig van 500 tot ongeveer 9 000 toegeneem het.[165] (kyk Tabel 3-7).

159 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 155; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 37; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 237; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 138; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 119. Brink noem 4 735 krygsgevangenes.

160 J.G. Boje, “Winburg’s war...”, p. 323; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe ...*, p. 38: E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 292; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 196.

161 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 298; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 38; J.G. Boje, “Winburg’s war...”, p. 323.

162 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 38; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 300; J.G. Boje, “Winburg’s war...”, p. 323.

163 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 300; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 38; J.G. Boje, “Winburg’s war...”, p. 323.

164 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 321.

165 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 60; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 323.

Tabel 3-7: Krygsgevangenekampe in Indië

Krygsgevangenekampe	Besonderhede
Ahmednagar[166]	Ahmednagar is in 'n oop ruimte in die fort Ahmednagar opgerig. Dit het huisvesting vir tot soveel as 1 200 krygsgevangenes gebied. Dié krygsgevangenes was grootliks onversoenlikes, moontlike ontsnappers en moeilikheidmakers.
Bellary[167]	Hierdie kamp was in die suide van Indië geleë en het huisvesting aan 720 krygsgevangenes gebied.
Bhim Thal[168]	Dié kamp was verder noord aan die voet van die Himalajas geleë. Daar was 500 krygsgevangenes in die kamp waarvan die meerderheid kinders en bejaardes was.
Dagshai[169]	Dagshai is in April 1902 geopen. Op 16 April was daar 329 krygsgevangenes wat almal die eed van getrouheid afgelê het.
Solon[170]	Hierdie kamp was 19 kilometer noord van Dagshai geleë. Die twee kampe was onder dieselfde administrasie. Die eerste inname van krygsgevangenes was op 18 Mei 1902 en op 19 Mei was daar 214 krygsgevangenes in die kamp.
Fort Govindgarh (Amritsar)[171]	Fort Govindgarh was in die dorp Amritsar in die Punjab geleë. Moeilikheidmakers, onversoenlikes en diegene met groot invloed is hier aangehou. Krygsgevangenes het na Amritsar as *Die Hel* verwys.
Kaity Nilghiris[172]	Dié kamp was omtrent agt kilometer van Wellington in die Nilghiris-heuwels geleë en het ongeveer 800 krygsgevangenes gehuisves.
Kakool (Abbottabad)[173]	Kakool is ongeveer 4,6 kilometer van die dorp Abbottabad opgerig; dit het ongeveer 1 500 krygsgevangenes gehuisves.
Murree Hills of Upper Topa[174]	Murree Hills was een die van noordelikste kampe, ongeveer vyf kilometer van die dorp Murree. Ongeveer 500 krygsgevangenes is daar aangehou.
Satara[175]	Hierdie kamp was ongeveer 128 kilometer van Poona met 200 krygsgevangenes in die kamp. Al die krygsgevangenes was parool-ondertekenaars.
Shahjahanpur[176]	Shahjahanpur was ook een van die noordelikste kampe en ongeveer

166 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 322-324; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 61.
167 J.G. Boje, "Winburg's war ...", p. 324; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 326-327.
168 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 327; J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 324.
169 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 328.
170 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 324; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 328-329.
171 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 324; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 329.
172 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*, ..., p. 330; J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 325.
173 P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië: Anglo-Boereoorlog* (Port Shepstone, P.A. Coetzee, 1999), p. 14; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 325-326.
174 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 331-332; J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 326.
175 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 332; J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 325.
176 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 325; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 333.

Krygsgevangenekampe	Besonderhede
	165 kilometer van Lucknow geleë.
Sialkot[177]	Die kamp was sowat vyf kilometer van Sialkot en 125 kilometer van Lahore geleë met sowat 560 krygsgevangenes daarin.
Trichinopoly[178]	Trichinopoly was op 'n verlate, stowwerige vlakte in die suide van Indië geleë en het 980 krygsgevangenes gehuisves.
Umballa[179]	Umballa was in die Punjab geleë, ongeveer 241 kilometer noordwes van Delhi met sowat 1050 krygsgevangenes.
Wellington[180]	Die Wellington-kamp was in die Nilghiri-heuwels, ongeveer agt kilometer van die dorp Wellington geleë.

Nadat die Boerekrygsgevangenes sedert April 1900 na St. Helena, in Augustus 1900 na Ceylon en in April 1901 na Indië gestuur is, is die volgende groep krygsgevangenes na die Bermuda-eilandgroep gestuur.[181] Gedurende die tydperk 28 Junie 1901 tot 16 Januarie 1902 is ses groepe krygsgevangenes op die Bermuda-eilande afgelaai en teen Mei 1902 was daar ongeveer 4 590 krygsgevangenes in die kampe in Bermuda (kyk Tabel 3-8).[182]

Tabel 3-8: Krygsgevangenekampe op die Bermuda-eilande

Krygsgevangenekampe	Besonderhede
Burt[183]	Die kamp is in Julie 1901 geopen en het 450 krygsgevangenes gehuisves. Die onversoenlikes is na dié kamp gestuur. Volgens C. Benbow was die kamp "for those totally opposed to the British."[184]
Darrell[185]	Ongeveer eenduisend krygsgevangenes is op dié eiland gehuisves.

177 J.G. Boje, "Winburg's war ...", p. 325; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 334.
178 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 335; J.G. Boje, "Winburg's war ...", p. 325.
179 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 337-338; J.G. Boje, "Winburg's war ...", p. 325.
180 G.S. Preller, *Ons parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, 2de druk (Kaapstad, Nasionale Pers, 1943), p. 83.
181 C.A.R. Schulenburg, "Boerekrygsgevangenes van Bermuda", *Historia*, jg. 24, nr. 1, Mei 1979, pp. 20-22; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 139; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe* ..., p. 71.
182 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 323; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), p. 38.
183 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 323; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 175-176.
184 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, 4th ed. (Bermuda, The Island Press, 2006), p. 13.
185 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 175; R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 62. De Villiers maak melding van 800 krygsgevangenes.

Krygsgevangenekampe	Besonderhede
Hawkins[186]	Op Hawkins-eiland is daar van Desember 1901 tot Augustus 1902 ongeveer 1 300 krygsgevangenes gehuisves.
Hinson[187]	In Maart 1902 is ’n skool op die eiland begin. Dit was teen einde April in werking en het dus ’n kort lewensduur gehad. Die seuns is na die kamp gestuur.
Morgan[188]	In hierdie kamp is daar ongeveer 850 krygsgevangenes gehuisves.
Tucker[189]	In Tucker is ongeveer 800 krygsgevangenes – wat almal pro-Brits was – gehuisves.

Vir Afrikaners, wat hoofsaaklik van die platteland afkomstig was, was hierdie internering in strengbewaakte kampe waarskynlik ’n groot beproewing. Hulle was gewoond aan ’n vrye en afgesonderde lewe. Gevolglik was dit vir hulle moeilik om die inkerkering, roetine, militêre dissipline, ledigheid, gedwonge sosiale verkeer en skeiding van hulle geliefdes geestelik te verwerk.

Dit was dan die stand van sake toe die oorlog op 11 Oktober 1899 tussen Groot-Brittanje en die twee Boererepublieke – die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat – uitgebreek het.[190] Sommige het voorspel dat die oorlog voor Kersfees van daardie jaar iets van die verlede sou wees.[191] Dit sou egter ’n uitgerekte oorlog van 32 maande word. Boer, Brit, Afrikaan, Indiër en Kleurling is direk of indirek deur die Oorlog geraak.[192]

---

186 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 178; J.G. Boje, “Winburg’s war...”, p. 323.

187 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 17; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 180.

188 R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 62.

189 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 15; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 62; J.G. Boje, “Winburg’s war ...”, p. 323.

190 F. Pretorius, “Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika* ..., p. 247; T.R.H. Davenport & C. Saunders, *South Africa: A modern history*, 5th ed. (London, Macmillan Press, 2000), p. 223; A.N. Porter, “British imperial policy and South Africa 1895-9”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 56.

191 M.A. Gronum, *Die Engelse Oorlog 1899-1902* ..., p. 1; F.R. van Hartesveldt, *The Boer War: Historiography and annotated bibliography* (Westport, Conn., Greenwood Press, 2000), p. 1; H.M. Ross, “A woman’s world at a time of war: An analysis of selected women’s diaries during the Anglo-Boer War 1899-1902” (M.A.-dissertation, University of Stellenbosch, 2006), p. 1; B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 32.

192 S.B. Spies, *Methods of barbarism?* ..., p. 9; B. Farwell, *The great Anglo-Boer War* , pp. 392, 419. F. Pretorius, “Historiese perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog”, F. Pretorius (red.), *’n Oorlog om by stil te staan: Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, S.A. Scientific Publications, 1999), p. 410.

Die Suid-Afrikaanse Oorlog was duur. Vir Engeland, as oorwinnaar, sou dit die grootste en duurste oorlog word wat sedert die Napoleontiese oorloë tot en met die Eerste Wêreldoorlog van 1914-1918, gevoer is. Die Oorlog het sowat £230 000 000 gekos.[193] Persoonlike belasting is vervolgens in Brittanje van agt pennies per pond na een sjieling drie pennies per pond verhoog om kostes te help dek.[194] Aan die kant van die Boere is beide die Boererepublieke se bestaansekonomieë vernietig.[195]

Tydens die verloop van die Oorlog is ongeveer 148 oorlogskampe opgerig waarvan 66 konsentrasiekampe (totaal 66),[196] vir swart vroue en kinders, 50 konsentrasiekampe vir blankes[197] en sowat 34 krygsgevangenekampe vir manlike burgers.[198]

In die konsentrasiekampe vir blankes het 27 927 mense gesterf. Hiervan was 26 251 vroue en kinders (22 000 was jonger as 16 jaar) en 1 676 was mans ouer as 16 jaar.[199] Hierdie aantal sterftes het 'n negatiewe impak op die Afrikanerbevolking gehad. Meer as

---

193 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 206; I.W.F. Beckett, "Britain's imperial war: A question of totality?", *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, p. 5; D. Lowry, "Introduction: not just a 'teatime war'", D. Lowry (ed.), *The South African War reappraised* , p. 2; I.R. Smith, "The origins of the South African War (1899-1902): A reappraisal", *South African Historical Journal*, vol. 22, 1990, p. 26.

194 I.W.F. Beckett, "Britain's imperial war: A question of totality?", *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, p. 5.

195 T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 595; F. Pretorius, "Historiese perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 19; A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, p. 150; G. Verhoef, "'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 215.

196 S.V. Kessler, "The black and coloured concentration camps", F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 147; S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War ...,* pp. 172-173.

197 B. Farwell, *The great Anglo-Boer War,* p. 397; E.C.C. Reynolds, "Die ontwikkeling van 'n elektroniese genealogiese databasis van burgerlike sterftes tydens die Anglo-Boereoorlog ...", pp. 56-60; D. Hall, *The Hall handbook* ..., pp. 220-221; F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 8; A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 25.

198 D. Hall, *The Hall handbook* ..., p. 191; J.C. Pretorius, *Die geskiedenis van volkskuns in Suid-Afrika: 'n Studie van Westerse volkskuns in Suid-Afrika* (Vlaeberg, Vlaeberg-uitgewers, 1992), p. 133; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 104-105, 107, 175-181, 237-302, 322-338; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", pp. 120-176.

199 D. Prinsloo, "Vroue in die Anglo-Boereoorlog: 'Feite en fiksie'?", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 58; S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War ...,* p. 170; H. Giliomee, *Die Afrikaner*s.., p. 211; F. Pretorius, "Almal se oorlog: Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902)", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika* ..., p. 246; A. Grundlingh, "Waarom konsentrasiekampe?", A. Grundlingh & B. Nasson, *Die oorlog kom huis toe ...,* p. 25. C. Reynolds toon egter in haar werk *Konsentrasiekampsterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* p. 122 aan dat daar tot soveel as 31 399 sterftes in die konsentrasiekampe was.

tien persent van die Boererepublieke se inwoners het in konsentrasiekampe gesterf. Van die Republikeinse magte, wat selde meer as 55 000 burgers was,[200] het sowat 7 000 burgers hulle lewe gedurende die Oorlog verloor,[201] terwyl 1 118 krygsgevangenes in aanhouding oorlede is.[202] Volgens S. Kessler het minstens 18 003 swart vroue en -kinders in die vlugteling- en konsentrasiekampe in Suid-Afrika omgekom.[203] Aan Britse kant het 22 000 van die bykans 450 000 Britse en koloniale soldate gesterf.[204] In totaal het sowat 76 000 mense (Britse soldate, Boerekrygers, konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes) gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog gesterf. Figuur 3-4, op die volgende bladsy, bied ’n visuele uitbeelding van die aantal sterftes volgens hierdie groepe, en kan die persentasie sterftes in die onderskeie kampe van aanhouding ook 'n aanduiding wees van die verskil in versorging, die graad van veerkragtigheid vir aanhouding en algemene beperkinge.

Gevalle van sterftes, die belewenis van sterftes in aanhouding, en dit dikwels ver van geliefdes, het na alle waarskynlikheid by tye ’n groter impak op ingekerkerdes se vasbeslotenheid om vir hulle voortbestaan te bly veg gehad as wat gewoonweg met die eerste oogopslag uit dagboeke, herinneringskrifte en briewe waarneembaar is. Die

---

200 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., p. 206; B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 86.

201 A. Wessels, “Afrikaners at war”, J. Gooch (ed.), *The Boer War* ..., p. 97; D. Lowry, “Introduction: Not just a ‘teatime war’”, D. Lowry (ed.), *The South African War reappraised*, p. 2; J. Fisher, *The Afrikaners* (London, Cassell, 1969), p. 197; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 392; M. Carver, *The National Army Museum book of the Boer War*, p. 252; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 595.

202 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., p. 392; J. Fisher, *The Afrikaners*, p. 197.

203 S.V. Kessler, “The black and coloured concentration camps”, F. Pretorius (ed.), *Scorched earth*, p. 148. Vergelyk S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies, *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 173; P.Warwick, “Black people and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 204. Spies en Warwick dui die dodetal onder die swart konsentrasiekampinwoners aan as sowat 14 000, maar noem ook dat baie meer waarskynlik gesterf het.

204 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 306; J.C. de Villiers, *Healers, helpers and hospitals*, vol. 1 (Pretoria, Protea Book House, 2008), p. 27; I.R. Smith, “The origins of the South African War (1899-1902): A re-appraisal”, *South African Historical Journal*, vol. 22, 1990, p. 26; T. Pakenham, *Die Boere-oorlog*, p. 595; D. Lowry, “Introduction: Not just a ‘teatime war’”, D. Lowry (ed.), *The South African War reappraised*, p. 2; I.W.F. Beckett, “Britain’s imperial war: A question of totality?”, *Journal for Contemporary History*, vol. 25, no. 2, December 2000, pp. 6-7.

meerderheid gevangenes het, ten spyte van traumatiese ervarings, wel 'n weg na herstel gevind.[205]



Figuur 3-4: Persentasie sterftes gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog 1899-1902

3.5 Samevatting

In 1899 was die ZAR en OVS nog twee jong, maar ekonomies relatief welvarende republieke. Wat hulle sosiale en kulturele status betref, was die Afrikaners meestal landelik tydens hulle republieke se wording. Hulle lewe in afsondering was 'n vormende faktor vir die individualisme, vryheidsin, godsdienstigheid en familievastheid wat die Afrikaner gekenmerk het. Hierdie karaktertrekke sou in die Afrikaner se belewing en hantering van hulle verlies aan vryheid, hulle skeiding van hulle geliefdes (gesinne en familielede) en 'n ingekerkerde gemeenskapslewe sigbaar word.

Met die uitbreek van die Oorlog was die aantal blanke Afrikaanssprekendes in die twee Boererepublieke 'n handjievol. Met 'n bevolkingsgetal van 219 000 mense en 'n volksleër van tussen 30 000 en 55 000 burgers het hulle die magtige Britse Ryk die stryd om hulle onafhanklikheid aangesê. Die Britse oormag, die toepassing van 'n

[205] Vergelyk Hoofstuk Agt oor die gevangenes se geestesveerkragtigheid en hulle oorlewingsmeganismes.

verskroeideaardebeleid en die oprigting van 50 konsentrasiekampe en 34 krygsgevangenekampe het uiteindelik die twee republieke tot vredesluiting gedwing.

Die Oorlog en die daarmee gepaardgaande oorlogskampe sou ’n enorme impak op die demografie van die blanke Afrikaner in die twee Boererepublieke hê. Van die bykans 219 000 Afrikaners in die ZAR en OVS het sowat 38 045 (17,3 persent) hulle lewens in die Oorlog verloor – waarvan 29 045 (13,2 persent) sterftes in die oorlogskampe voorgekom het.[206] Vir die Afrikanerbevolking van die vroeë twintigste eeu het dit verreikende gevolge gehad, onder meer ’n stadiger bevolkingsaanwas vanweë die sterftes van veral duisende vrugbare vroue.

’n Demografies-historiese begrip van die twee republieke se status voor die Oorlog en hoe die omgewing en omstandighede vir huis en haard gedurende die Oorlog drasties verander het, volg in Hoofstuk Vier met die fokus op die impak van hierdie drastiese veranderde omstandighede. Die kollig is op die verskroeideaardebeleid wat nie net ’n verlies van bykans alle besittings vir plaasbewoners tot gevolg gehad het nie, maar ook tot omvattende en ingrypende fisieke en psigiese ontwrigting gelei het. Die aanloop tot gevangenskap in kampe kan as ’n eerste fase in die proses van ’n verlies van persoonlike vryheid en menswaardigheid beskou word. In welke mate hierdie fase die lewensveerkragtigheid van Boeregesinne en krygsgevangenes beïnvloed het, word vervolgens bespreek.

---

[206] Sterftes in die konsentrasiekampe: 27 927; sterftes in die krygsgevangenekampe: 1 118; sterftes op die slagveld: bykans 7 000; sterftes van vroue en kinders in die veld: 2 000.

Hoofstuk 4: Inkerkering as fisieke en psigiese ontwrigtingsfaktor

4.1 Inleiding

Inkerkering as ’n fisieke ontwrigtingsfaktor was vanaf die vroegste tye kenmerkend van gewapende konflik tussen volke.[1] Die ondertekening van gedragskodes, soos die Haagse Konvensie in 1899 en die Geneefse Konvensie in 1929 aangaande die behandeling van gevangenes, het wel groot veranderings teweeggebring, maar gevangenskap bly wêreldwyd steeds ’n fisiek-ontwrigtende en traumatiese ervaring.[2] Statistiek uit byvoorbeeld die Tweede Wêreldoorlog bevestig hierdie aanname. Die sterftesyfer onder die krygsgevangenes tydens dié oorlog word op tussen ses en tien miljoen beraam. Hierdie syfer sluit nie die miljoene sterfgevalle in die konsentrasiekampe tydens dié oorlog in nie.[3]

Gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog[4] van 1899-1902 is die meerderheid van die gesinne en families in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat in ’n kort tydsbestek met drastiese veranderinge in hulle daaglikse bestaan gekonfronteer.[5] Barker beklemtoon die gedagte dat die oorlog nie net tussen twee vyandelike moondhede, naamlik Brittanje en die twee Boererepublieke was nie, maar dat die vyandigheid vanuit die oorlog self en die gevolge daarvan ’n

---

1 P. Alberts (samesteller), *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Brandfort, Kraal-uitgewers, 2005), p. 23. Vergelyk B.J. Davison, “Forechecking in captivity: Sport in the lives of Canadian prisoners of war at three German camps during the Second World War” (M.A.-dissertation, University of Windsor, 2006), p. 17; J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, “Universal consequences of captivity: Stress reactions among divergent populations of prisoners of war and their families”, *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, pp. 593-594.

2 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, “Universal consequences of captivity ...”, *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, pp. 593-594; B.J. Davison, “Forechecking in captivity ...”, p. 17.

3 S.P. MacKenzie, “The treatment of prisoners of war in World War II”, *The Journal of Modern History*, vol. 66, no. 3, September 1994, p. 487. Vergelyk J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, “Universal consequences of captivity ...”, *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 594.

4 In die res van die hoofstuk sal daar net na “Oorlog” verwys word.

5 E.J.J. Truter, “Die rol van die vrou in die voortsetting van die Anglo-Boereoorlog met spesiale verwysing na die Oranje-Vrystaat”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, jg. 25, nr. 2, Desember 2000, p. 198; H.M. Ross, “A woman’s world at a time of war: An analysis of selected women’s diaries during the Anglo-Boer War 1899-1902” (M.A.-dissertation, University of Stellenbosch, 2006), pp. 80-90; I. van der Waag, “Re-fighting the Second Anglo-Boer War: Historians in the trenches”, *Journal for Contemporary History*, vol. 27, no. 2, May 2002, p. 187.

waarneembare impak op die platteland, stede, dorpies, raadsale, sitkamers, die veld en op die bewoners van modderhutte gehad het.[6]

In Hoofstuk Vier word daar uitgewys tot watter mate die lewenswyse van beide konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes deur die Suid-Afrikaanse Oorlog, die verskroeideaardebeleid en die gevangenekampe ontwrig is. Oorlogskampbewoners se belewenis ten opsigte van fisieke ontworteling, gevolg deur materiële ontwrigting en die impak van inkerkering vorm die hoofmomente van Hoofstuk Vier. Die soeklig val verder op die buitengewone omstandighede waaraan beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes blootgestel is, asook die fisieke impak van ’n ingekerkerde lewe op die kort- en langtermyn. Die hoofstuk bied lesers verder insig in die wyse waarop die oorlogskampbewoners hulleself in die omstandighede gehandhaaf en probeer oorleef het.

4.2 Materiële en psigiese veerkragtigheid te midde van ontworteling en die vernietiging van welvaart

4.2.1 ’n Ontworteling van ruimte en sekuriteit

Teen 1899 was sowat 10 000 (15 persent) van die Afrikaners nie op plase nie, maar wel in dorpe en stede gevestig.[7] Die meeste van hulle het dus op landbougebied ’n bydrae gelewer. ’n Sowat 30-maandelange oorlog tussen die twee republieke en Brittanje het in September 1899 gevolg. Alle plaasbewoners naby of in die omgewing van oorlogsgebiede is ontwortel en haweloos gelaat.[8] Die ontworteling het die stroping van bykans alle materiële en psigiese goedere geraak wat sekuriteit en veerkragtigheid in stand sou kon hou of selfs sou kon bevorder. Die Britse generaal, T. Kelly-Kenny, se

---

6 B.J. Barker, *A concise dictionary of the Boer War* (Cape Town, Francolin, 1999), p. 8. Vergelyk S.B. Spies, *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer Republics, January 1900-May 1902*, 2nd ed. (Cape Town, Human and Rousseau, 1978), p. 9; H.M. Ross, “A woman’s world at a time of war...”, p. 80; H. Dampier, “Women’s testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after” (Ph.D.-thesis, University of Newcastle, 2005), p. 7.

7 H. Giliomee & B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, Tafelberg, 2007), p. 185; J. Grobler, “Staatsvorming en stryd, 1850-1900”, F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), p. 154. Vergelyk Hoofstuk Drie oor die Afrikaner se lewenswyse voor die Oorlog.

8 J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog*, *1899-1902*, deel 5 (Pretoria, Staatsargiefdiens, 1990), p. 40:1. Vergelyk B. Nasson, *The war for South Africa* (Cape Town, Tafelberg, 2010), p. 240.

antwoord op ’n vraag van wat presies met die verwoestingsopdragte bedoel is, was dat alle kos, waens, perdekarre, skape, osse, bokke, koeie, kalwers, perde, merries, vulletjies, voer en pluimvee bymekaar gemaak moes word. Dit wat die soldate nie kon eet nie, moes weggeneem of vernietig word. Alle huise moes afgebrand word.[9] Hierdie aksies van ontworteling en geaffekteerdes se reaksie of hanteringsveerkragtigheid vanuit ’n tipiese eudemonistiese[10] welvaartsbeskouing, word vervolgens kortliks toegelig.

4.2.1.1 Die stroop van huise, lewende hawe en gesaaides

Boeregesinne wat in die omgewing van die Britse opmars woonagtig was, het algehele ontwrigting in die gesig gestaar, aangesien hulle oeste verbrand, hulle huise afgebrand en hulle diere weggevoer of doodgemaak is.[11] Verskeie dagboeke en herinneringe bevat inligting oor hoe plaasopstalle vernietig is en klere, beddegoed, boeke, stoele, tafels, klaviere asook silwer kerskandelare in die vuur gegooi is. Dit kom voor asof selfs speelgoed en troeteldiere ook in die slag gebly het. Alle eetware is ook afgeneem.[12] Alie Badenhorst wat met die uitbreek van die Oorlog in die Klerksdorp-Hartebeesfontein-

---

9 T. Jackson, *The Boer War* (London, Channel 4 Books, 1999), pp. 131-132. Vergelyk S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 122; P. Marais, *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1999). p. 61.

10 ’n Eudaimoniese (*eudamonic*) welvaart (*wellbeing*) is ’n skeppingsbeskouing van Aristoteles wat heenwys op fasette van menswees wat die menslike potensiaal of veerkragtigheid bepaal. Caroll Ryff stel dit dat persoonlike groei (as deel van persoonlike veerkragtigheid en menswees) gevind kan word in byvoorbeeld die dien van ander en geloof in God. Kyk C.D. Ryff, “Self-realisation and meaning making in the face of adversity: A eudaimonic approach to human resilience”, *Journal of Psychology in Africa*, vol. 24, no. 1, 2014, pp. 1-12.

11 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 240; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013), p. 60.

12 E. Neethling, *Mag ons vergeet*? (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), herinneringe van A.M. du Toit, p. 39, herinneringe van E. Wepener, p. 100; E. Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell* (London, Methuen, 1902), p. 259; C. Boissevain, *The struggle of the Dutch Republics: A great crime: An appeal to the conscience of the British nation* (Amsterdam, Handelsblad Office, 1900), pp. 19-20; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 (versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 33; L. March Phillipps, With Rimington: Letter xxiv: Fighting and farm-burning, Frankfort, November 23, 1900, http://www.gutenberg.org/files/15131/15131-h/15131-h.htm ; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899-1902* (Potchefstroom, s.n., 1925), verklarings van Z.W. Joubert, p. 4 en H.H. du Plessis, p. 58; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* (uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), pp. 277-279; D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp: Jeugherinneringe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944), pp. 10, 16; M.A. Fischer, *Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman’s Vlei te Ermelo op 31ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964), p. 4.

omgewing woonagtig was, gee met haar inskrywing in haar dagboek 'n verhelderende indruk van hoe omvattend die verwoesting en plundering van die plase in werklikheid was:[13]

> *Troepe op 'n galop of draf, soos hulle gewoonlik op 'n werf afkom; die perde volgehang met hoenders, panne en emmers, duiwe, osrieme, stroppe en enige ding; soutvleis, gerwe voer, hawer aan die perd se teuel vas, kleedjies, meisiestabberds en kinderkleertjies, voorslagvelle, mooi tierkat- en ander velle wat hulle in die wonings gekry het; soms 'n halwe vark aan die saal...*

Soortgelyke tonele van plundering het hulle gereeld in die twee Boererepublieke afgespeel. Die verlies van al hulle besittings en gevolglike lyding het 'n teelaarde vir die Afrikaner se stille opgekropte haat jeens "die Engelse" geword.

Van die gevangenes het vertel hoe hulle op pad na kampe van hul besittings – en so dan ook van hulle materiële sekuriteit – beroof is.[14] Ook die krygsgevangenes is soms van hulle karige besittings beroof.[15]

Die verlies van veestapels het die Republikeinse boeregesinne se ontworteling van ruimte en sekuriteit vergroot. Op D.H. van Zyl-hulle se plaas in die omgewing van Petrusburg en Bloemfontein, het Britse troepe een oggend vroeg die paar duisend skape in krale vasgekeer en die een na die ander met gevelde bajonette van kant

---

13 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939), p. 241. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), p. 12; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., verklaring deur E.J. van Rensburg, p. 31.

14 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, 155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olivier). Vergelyk D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., p. 19; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 14.

15 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), pp. 12-13. Vergelyk J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), pp. 94-95; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), p. 17; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon* (Pretoria, Höveker & Wormser, s.j.), p. 9. Die titel van die werk is foutief: Ceylon moet Indië wees. H. de Graaf, *Boere op St. Helena* {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950), p. 7.

gemaak.[16] Hooimiedens is aan die brand gesteek, koring en mielies is op die grond uitgegooi en vertrap; oeste op die lande is afgebrand en vrugtebome en groentetuine is geplunder en verniel.[17] Hierdie kapitale verlies van veestapels was instrumenteel in die armoede van oorlogsgevangenes in kampe na afloop van die Oorlog in 1902.[18]

Hierdie proses van vernielsug was vir die Boerevroue 'n uiters traumatiese ervaring.[19] Volgens March Phillipps, 'n Britse soldaat, het die vroue en kinders die vernietiging van hulle besittings met verskrikking aanskou, maar tog het hulle hierdie gebeure moedig verduur.[20] Die vroue se psigiese veerkragtigheid en 'n gees van verset blyk ook uit hul vasberadenheid om nie voor die vyand te huil nie,[21] terwyl ander die volkslied uitdagend op 'n klavier gespeel het terwyl die huis geplunder word.[22]

Inwoners van klein dorpies het dieselfde lot as plaasbewoners beleef. In Bethulie, byvoorbeeld, was die verwoesting, tydens die loop van die Oorlog, van sodanige aard dat slegs een huis ná die Oorlog bewoonbaar was. Teen 24 Oktober 1901 was 37 huise in Boshoff omtrent heeltemal vernietig en 85 erg beskadig.[23] Dorpe soos Parys, Lindley, Reitz, Ermelo, Bethal en Carolina is afgebrand.[24] In Bothaville het slegs die kerk

---

16 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., p. 13. Vergelyk K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter* (Bloemfontein, N.G.-Sendingpers, 1965), pp. 3, 56.

17 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van M.C.F.P. Stander, p. 17 en H.H. du Plessis, p. 58; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 2; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.M. du Toit, p. 40; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 10; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 241.

18 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* "*vrouwenkamp*"*: Het leven en lijden van een Boerengezin in Transvaal tijdens den laatsten oorlog met Engeland* (Rotterdam, A.A. Daamen, 1902), pp. 89-90. Alie Badenhorst het gevoel 15 jaar se arbeid op die plaas is in 'n oogwink verwoes: A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal...,* p. 241.

19 Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*, pp. 241-242; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., pp. 12-14; M.M. Postma, *Stemme uit die vrouekampe* ..., verklaring deur E.J. van Rensburg, pp. 31-32.

20 L. March Phillipps, With Rimington: Letter xxiv: Fighting and farm-burning, Frankfort, November 23, 1900, http://www.gutenberg.org/files/15131/15131-h/15131-h.htm .Vergelyk E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., p. 60.

21 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 14.

22 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 56; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., p. 60.

23 A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* jg. 30, deel 2 (Johannesburg, Hayne & Gibson, 1967), pp. 174-179.

24 F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902,* (Kaapstad, Struik, 1998), p. 56; S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 176.

staande gebly.[25] Die verskroeideaardebeleid en plundering van eiendom het die oorgrote meerderheid inwoners van die twee Boererepublieke in absolute armoede gelaat.

4.2.1.2 In een dag "doodarm gemaak"[26]

Emily Jansen onthou hoe die vrug van hulle toewyding en jarelange arbeid binne enkele ure vernietig is.[27] Ander konsentrasiekampbewoners, of van die krygsgevangenes, sou Jansen se opmerking waarskynlik heelhartig kon beaam.

Beide die gegoede en middelklas Boeregesinne – beide konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes – wat voor die oorlog genoeg aan lewensmiddele gehad het om selfversorgend te wees, was nou, ná afloop van die Oorlog arm en behoeftig. Dit was nie vreemd om blanke bywoners op plase aan te tref nie. Armoede onder blankes het ook 'n proses van verstedeliking aangemoedig. Vir minstens 30 jaar was die blankes van die eertydse ZAR en Vrystaatse Republiek ekonomies "platgeslaan".[28]

Baie Boerekrygsgevangenes was met hulle terugkeer na hulle plase in 'n toestand van skok. Die skade het hulle verstand te bowe gegaan. So, byvoorbeeld, skryf kampbewoner J. de Villiers met sy terugkoms in Suid-Afrika hieroor:[29]

> *Ons sit stil op die twee sitplaas karretjie, ons praat nie veel nie, want wat in ons gemoed omgaan is te veel vir woorde. Nie eens ons sterkste verbeeldingskrag het die toestand so aaklig geskilder soos wat ons dit aantref nie – die wereld is woes en leeg.*

---

25 P.F. van der Schyff & E.S. van Eeden, *Bothaville en sy mense* (Pretoria, RGN, 1994), p. 54; S.B. Spies, *Methods of barbarism*?..., p. 176. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 12; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van E.J. van Rensburg, p. 31. Boshoff-Liebenberg beskryf die vernieling van Hartebeesfontein en Van Rensburg die plundering van Wolmaransstad.

26 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 246.

27 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* "*vrouwenkamp*" ..., pp. 87-88.

28 F. Pretorius, "Historiese perspektiewe op die Anglo-Boereoorlog", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog: Herdenkingslesings aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 1999* (Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, Departement van Historiese Studies, 1999), p. 19; P. Marais, *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 64; A.P.J. van Rensburg, "Die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-kolonie 1902-1907", A. Kieser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 30, deel 2, p. 150.

29 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 35.

Na hierdie verwoeste en geplunderde land moes die gevangenes na afloop van die Oorlog terugkeer om van meet af aan te begin bou. Psigies veerkragtig het hulle – net soos in die kampe – allerhande planne beraam om te oorleef. Volgens D.H. van Zyl was daar met sy familie se terugkoms op hulle plaas nie enige teken van lewe nie. Dooie diere – skape, bokke en ’n perd – is al wat hulle by hulle huis aangetref het. Hy en sy twee broers het die wol van die vergane karkasse afgeskeer en verkoop om te probeer oorleef.[30] Cornelis Schabort skryf met sy terugkoms op sy verwoeste plaas in die Potchefstroom-distrik dat “Al uitkomst wat ons toen wag, ons moets maar geld leen & weer op nuut begin, ons het baie goeie moet gehad & had vertrouwe dit sal alles weer met ter tyd regkom.”[31]

4.3 Verdere ontwrigting tot inkerkering

4.3.1 Die vervoer van gevangenes na oorlogskampe

Ook die wyse van vervoer van gevangenes na oorlogskampe het ’n eiesoortige doel van ontwrigting gedemonstreer. Henrietta Armstrong se inskrywing in haar dagboek van ’n spesifieke gebeurtenis is insiggewend en skets ’n tipiese beeld van die vroue, kinders en bejaardes wat aan lyding en ontberinge blootgestel is[32] tydens hulle wegvoering na die kampe.

> *Fifty families were brought from Piet Potgietersrust. They were on the journey for six days. ... how tired and miserable they all looked. One woman, Mrs Haarhoff got her arm broken. The heavy door of the truck was slammed against it.*

---

30 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., pp. 50, 52. Vergelyk OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, pp. 35-37; J. Fisher, *The Afrikaners* (London, Cassell, 1969), pp. 200-203. Die Kok-familie het na die oorlog net buite Lindley op ’n sinkplaat geslaap en net van ’n bietjie mielies geleef.

31 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 149-150.

32 H.E.C. Armstrong, *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong: Experiences of a Boer nurse in the Irene concentration camp, 6 April-11October 1901* {with introduction, editing of the text and historical notes by T. van Rensburg}, (Pretoria, Human Sciences Research Council, 1980), pp. 66-67. Vergelyk A.W.G. Raath, *Die Boerevrou*, *1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003), pp. 40-41; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., pp. 103-104.

Die meerderheid van die vroue, kinders en bejaardes is deur die Britte weggevoer nadat hulle huise afgebrand is. Die Britte het dikwels min genade aan dié mense betoon. Selfs siekes, bejaardes en swanger vroue moes die uitmergelende ritte trotseer.[33] Die meeste mense is in oop bok- of muilwaens na die kampe of naaste spoorwegstasie vervoer.[34] Boeregesinne wat weggevoer is, is verplig om dae en selfs weke lank saam met Britse troepe te reis voordat hulle by 'n kamp afgelaai is. Die Van Zyl-gesin se ervaring is waarskynlik kenmerkend: volgens D.H. van Zyl is hulle wa-reis wat normaalweg net 'n halwe dag geduur het, tot drie weke uitgerek.[35] Hierdie ritte is afgelê[36] met karige kosvoorrade in toestande wat deur hitte, koue, stof, wind en reën gekenmerk is (kyk Foto 4-1).

Diegene wat per trein na konsentrasiekampe vervoer is, is soms in oop, vuil veetrokke gebondel. Daar was vanselfsprekend nie eens geleentheid om te was of te verklee nie. Hierdie ritte het gevolglik 'n nadelige uitwerking op die vroue, kinders en

---

33 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van E.J. van Rensburg, pp. 32-33; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 51; VAB, Bloemfontein, A-155/134/2: Vrouweverdriet: Die geval van F.J. Bezuidenhout en haar dogters van Barrowfield, Utrecht; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding, 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2012), herinneringe van M. Ferreira, Burntop, Piet Retief, p. 223, herinneringe van H. Jacobs, Cyferfontein, Hartebeesfontein, p. 194, herinneringe van B. Hofmeyr, Marabastad, Pietersburg, p. 240; M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902: 'n Gedenkboek* (Bloemfontein, Dreyer-uitgewers, 1982), medeling van A.C.E. Viljoen, p. 39.

34 VAB, Bloemfontein, A-155/134/2: Vrouweverdriet: Die geval van F.J. Bezuidenhout en haar dogters van Barrowfield, Utrecht; M.C.E. van Schoor & C. G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., p. 20; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., pp. 14-15; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., verklaring van D. Jones, p. 15; OM, Bloemfontein: 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 3.

35 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., p. 18. Vergelyk M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van A. Boshoff, p. 69; E. Wessels en A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van H. Jacobs, p. 195; E. Hobhouse, *War without glamour – or – women's war experiences written by themselves, 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1924), pp. 104-106; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, pp. 210-215; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., pp. 101-102.

36 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, pp. 3-4; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, pp. 5-7.

Foto 4-1: OM, Bloemfontein, 01220: ’n Boeregesin met enkele besittings op pad na ’n konsentrasiekamp

bejaardes se gesondheid gehad en die meeste persone het uitgehonger, siek en verwaarloos by die kampe aangekom.[37]

Die behoud van ’n mate van fisiese veerkragtigheid was egter wel in die proses van wegvoering waarneembaar. ’n Tipiese voorbeeld was die klaarblyklike sing van die Vrystaatse en ZAR- volksliedere op bykans elke stasie.[38] Sarie Roos skryf dat, alhoewel hulle harte seer was en menige traan gestort is, hulle met die sing van die volksliedere wou wys dat hulle die toekoms met moed ingaan.[39] Roos skryf verder ná ’n treinrit:

---

37 Vergelyk J.J. Roodt, “Die Port Elizabethse konsentrasiekamp, 1899-1902” (M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), pp. 21-22; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 55; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van E.J. van Rensburg van Wolmaransstad, p. 34; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van H. Jacobs , Cyferfontein, Hartebeesfontein, p. 195.

38 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 4; E. Pretorius & D. Krige, “Die dagboek van ’n Boeremeisie in diens van die vyand – siekte en sorg in die Bethulie-kamp”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, jg. 36, nr. 2, September 2011, p. 84. Vergelyk E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., p. 107.

39 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 4.

"Maar wat treffend was, die geduld & moed wat elk een besiel, denk net bietjie hoe ons daar uitgesien het met nat kleere swart van steenkool."[40]

Uit die krygsgevangenes se dagboekinskrywings en herinneringe blyk dit dat hulle hul wegvoering na die kampe, net soos die konsentrasiekampbewoners, as ontwrigtend beleef het.[41] Die afstand na die naaste stasie is te voet afgelê.[42] Die staptogte was lank en uiters vermoeiend, met min ruskans of voldoende water- en voedselvoorsiening.[43] Volgens Sarah Raal het die Britse soldate, as die krygsgevangenes te stadig na hulle sin gestap het, kort op hulle hakke gery, met die gevolg dat die perde hulle hakskene stukkend getrap het.[44]

Die vervoer in die oop trokke in alle denkbare weersomstandighede was vir die krygsgevangenes – net soos vir die latere konsentrasiekampbewoners – baie ontwrigtend.[45] Gustav Preller, 'n krygsgevangene op pad na die Wellington-krygsgevangenekamp, skryf dat hulle treinrit drie dae en twee nagte geduur het. Onderweg het hulle verskeie stortbuie beleef en dít was hulle enigste drinkwater gedurende die rit. Bedags was die hitte op die oop trokke ondraaglik en snags, veral as hulle papnat gereën het, was dit bitterlik koud. Hulle was dan verplig om styf teen mekaar te sit of te lê ongeag die stank of walm.[46] Trokke was oorvol sodat daar omtrent

---

40 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 4.

41 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, pp. 8, 16. Vergelyk J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 10; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira},(Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977),pp. 77-78; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 84, 92-93; OM, Bloemfontein, 4141/2: Dagboek van C.P. van Zyl, Sialkot, p. 16; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogmuseum, 1972), pp. 37, 39; G.S. Preller, *Ons Parool: Dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, 2de druk (Kaapstad, Nasionale Pers, 1943), pp. 63-64; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 19; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villers, p. 7.

42 OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling, p. 1; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 37, 39; S. Raal, *Met die Boere in die veld: Die ervarings van die skryfster* (Kaapstad, Nasionale Pers , 1938), pp. 86-87.

43 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 8; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 10.

44 S. Raal, *Met die Boere in die veld* ..., pp. 86-87.

45 O. van Oostrum, *Bestendige onbestendigheid: My Suid-Afrikaanse ervaringe* (Pretoria, Van Schaik, 1943), p. 37; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 16; OM, Bloemfontein, 4502/21-28: Oorlogsherinneringe van J. Geldenhuys, p. 20.

46 G.S. Preller, *Ons parool...,* p. 48.

nie sitplek vir almal was nie en om te lê was bykans onmoontlik.[47] Die trokke van goederetreine was klaarblyklik meestal vuil – vol steenkool of perdemis,[48] en het nie oor die nodige toiletgeriewe beskik nie. Geleentheid vir afklim daarvoor was min (kyk Foto 4-2).[49]

Foto 4-2: OM, Bloemfontein, 03849: Krygsgevangenes word per trein na ’n kamp vervoer

’n Ander saak waaroor die krygsgevangenes baie gegrief en ontevrede was, is die feit dat hulle op pad na die kampe in tronke aangehou is. Dié aanhouding was vir hulle vernederend, aangesien hulle ’n tronk as ’n plek vir diewe en moordenaars beskou het en nié as geskik vir eerlike, opregte Afrikaners wat vir hulle land geveg het nie.[50] Die tronke was vuil en met luise besmet,[51] en tot hulle ergernis is hulle met boeie, rieme en selfs stukke draad geboei.[52] Die spot, uitjouery en kwetsende op- en aanmerkings op

---

47 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see...,* p.16; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 83; O. van Oostrum, *Bestendige onbestendigheid*..., p. 37.

48 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, Model-Drukkers, 1962), p. 17; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 8; P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië: Anglo-Boereoorlog* (Port Shepstone, P.A. Coetzee, 1999), p. 6; OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 9.

49 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), pp. 66-67; G.S. Preller, *Ons parool*..., p. 47 skryf dat lede van hulle eskort by elke stasie of halte afgestap het, maar die krygsgevangenes is nie toegelaat om die “troks” te verlaat nie.

50 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, pp. 8-9.

51 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 77-78. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 7; C.R. Kotze, *My ballingskap: St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942), p. 34; OM, Bloemfontein, 4502/21-28: Oorlogsherinneringe van J. Geldenhuys, p. 18.

52 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*..., p. 13; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 9; OM, Bloemfontein, 4141/2: Dagboek van C.P. van Zyl, Sialkot, p. 7; S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, pp. 63-66.

stasies en in dorpe was vir beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners uiters vernederend.[53] Aanmerkings soos: “Haai ou takhaar, waar is jouw pas, waar is Paul?” is hulle toegevoeg,[54] of daar is aan die Boerevroue geskree of hulle hulself nie as bediendes wil verhuur nie.[55] Volgens Sarie Roos, ’n gevangene in die Bethulie-konsentrasiekamp, het hulle hierdie vernedering stilswyend en met waardigheid verdra.[56]

Vir beide die krygsgevangenes en die vroue was die vernederende omstandighede tydens hulle wegvoering dikwels erger as hulle fisieke ontwrigting en lyding.

4.4 Inkerkering: Kampe as ruimtelik-ontwrigtende huisvestingsfasiliteite

Vir baie van die kampgevangenes was die eerste dae en weke van inkerkering waarskynlik ’n tydperk van disoriëntering, ontnugtering, woede en frustrasie te midde van trauma en hartseer waartydens die lewensverlies van geliefdes tydens die ontwortelingsproses in baie gevalle ook nog verwerk moes word.[57]

4.4.1 Onvoldoende huisvestingsfasiliteite

Die aankoms in die konsentrasiekampe het vir die vroue, kinders en bejaardes geen verligting of troos gebring nie, aangesien daar dikwels nie vir voldoende rantsoene en

---

53 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 84-85; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 8; S. Raal , *Met die Boere in die veld* ..., p. 86; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 7; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 66-68.

54 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, RGN, 1977), p. 96.

55 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., p. 20. Vergelyk K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 8; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van H. Jacobs, p. 195.

56 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, pp. 3, 7; E. Pretorius & D. Krige, “Die dagboek van ’n Boeremeisie in diens van die vyand – siekte en sorg in die Bethulie-kamp”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, jg. 36, nr. 2, September 2011, p. 85. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 14.

57 Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 11, 14, 18-19; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van H. Jacobs, p. 195 en M. van der Merwe, p. 261.

tente in die kampe voorsiening gemaak is nie.[58] Daar is byvoorbeeld dag na dag vanuit verskeie kampe van oor die hele Oranje-Vrystaat versoeke aan die hoofsuperintendent, kaptein Trollope, gerig vir meer tente.

Russel Deare, superintendent van die Bethulie-konsentrasiekamp, se telegramme wys op die nood wat in die kampe geheers het:[59]

> *Please enquire where fault lies in sending me at a day's notice close on 1 000 refugees without any rations or tent accommodation.*

Die Engelse militêre owerheid het meermale nie behoorlike voorsiening gemaak vir die huisvesting van die Boeregesinne wat na die kampe weggevoer is nie. By gebrek aan voldoende tente is sommige mense net buite die kampe afgelaai,[60] ander is in enige moontlike plek gehuisves, soos byvoorbeeld in sooihutte, riethuise, sakhutte, waens, 'n tronk, kerk, perdestalle, buitegeboue, asook in die kampongs van die Robinson- en Village Deep-goudmyne.[61]

---

58 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1954), p. 57; I.R. Smith & A. Stucki, "The colonial development of concentration camps (1868-1902)", *The Journal of Imperial and Commonwealth History*, vol. 39, no. 3, 2011, p. 426; S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899-1902* (London, Longman, 1980), p. 169; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 5; E. van Heyningen, "Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe", A. Grundlingh & B. Nasson (reds), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013), p. 98.

59 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., p. 115. Vergelyk E. Hobhouse, *War without glamour*..., mev. Sue Nicholson wat in die Howick-konsentrasiekamp was, skryf dat die kampsuperintendent van dié kamp in die oggend kennis gekry het van die koms van 'n honderd families later op dieselfde dag, pp. 55-56. Vergelyk D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 20; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van H.H. du Plessis, p. 58 , herinneringe van P. Trichardt, p. 99; E. Pretorius & D. Krige, "Die dagboek van 'n Boeremeisie in diens van die vyand – siekte en sorg in die Bethulie-kamp", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, jg. 36, nr. 2, September 2011, pp. 75, 84-85; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal (1902)*, p. 190. Die dameskomitee meld in hulle verslag oor die Standerton-konsentrasiekamp dat 99 nuwe gevangenes by die kamp aangebring is sonder enige vooraf kennisgewing.

60 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 15.

61 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 57, 59; NASA, Pretoria, Cd. 819: *Reports, etc., on the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal (1901)*, pp. 24, 69, 213; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 20-21; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., p. 116; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ... p. 137; J.C. Otto, "Die smart van vrou en kind", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 454.

Die Britse militêre owerheid was, net soos in die geval van die konsentrasiekampe, heeltemal onvoorbereid om die toenemende aantal krygsgevangenes te huisves. Die krygsgevangenes is, om die tekort aan huisvesting te verlig, tydelik in militêre kampe in Tin Town by Ladysmith en Umbilo naby Durban gehuisves. Ander krygsgevangenes is afwagtend op die voltooiing van kampe op transportskepe gehuisves.[62] Die skepe was klaarblyklik vuil en onhigiënies.[63] Volgens Ruijssenaers was hulle 430 krygsgevangenes op die skip, die *Manilla*. Hulle kon skaars beweeg en was verplig om die hele dag op die voor- en agterdek styf teen mekaar te staan. Hy noem ook dat die *Catalonia,* 'n ander skip, nog vuiler was en met luise besmet was. Die "slaapkwartiere" het min vars lug gekry en volgens Ruijssenaers was die stank onhoudbaar.[64]

Die stand en intensiteit van ingekerker te wees, het van kamp tot kamp verskil. Eksterne faktore soos plaaslike toestande, die ligging van die kamp, fasiliteite beskikbaar en die bekwaamheid en persoonlikheid van die kampbevelvoerder[65] was sake wat 'n verskil in weggevoerde gevangenes se vermoë gemaak het om hulle lot as ingekerkerdes as't ware te bestuur. Ongeag wat die stand en intensiteit van inkerkering was, het dit nogtans aan die een kant fisieke gebrek en ontbering en aan die ander kant psigiese spanning en trauma teweeggebring.[66]

4.4.2 Huisvestingsfasiliteite en beperkinge

In die kampe is beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes met 'n vreemde en vyandige omgewing gekonfronteer. Die plattelanders wat gewoond was

---

62 K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 508-509; L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", F. Pretorius (red.), *'n Oorlog om by stil te staan : Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, S.A. Scientific Publications, 1999), p. 314.

63 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 13, 18-19; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 86-90, 100-106.

64 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 90. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 13.

65 S.A. Royle, "St. Helena as a Boer prisoner of war camp, 1900-2: Information from the Alice Stopford Green Papers", *Journal of Historical Geography*, vol. 24, no. 1, 1998, p. 54; S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 169.

66 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. xiii, 45. Vergelyk J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity ...", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 594.

aan ruimte, privaatheid en ’n vry lewe moes nou saamgehok volgens allerhande reëls lewe.[67]

4.4.2.1 Oorbevolking

In die konsentrasiekampe is die vroue, kinders en bejaardes meestal in ronde en markiestente gehuisves.[68] Die ronde of *belle* tente was tien voet wyd van die een na die ander kant.[69] Die lugkapasiteit van so ronde tent is hoogstens op 650 kubieke voet vasgestel en onder normale omstandighede was dit voldoende vir die huisvesting van vyf persone.[70] Alhoewel die kampregulasies aan superintendente bepaal het dat oorbevolking van die tente voorkom moes word,[71] is daar as ’n reël verwag dat elf, veertien of selfs negentien persone met uiters beperkte ruimte in dié tente tevrede moes wees.[72]

Slegs twintig persone kon volgens die kampregulasies in ’n markiestent gehuisves word,[73] maar 61 tot 65 persone per tent was egter geen uitsondering op die reël nie.[74] Met Miem Fischer en haar gesin se aankoms in die Standerton-konsentrasiekamp op 6

---

67 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 191; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 12; A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Vredefortweg gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, konsentrasiekamp-gedenkreeks 3 (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1992), pp. 21-23.

68 J.C. Otto, “Die smart van vrou en kind”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 455; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 14; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., p. 246; A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bloemfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, konsentrasiekamp-gedenkreeks 5 (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1993), p. 169; H. Dampier, “Women’s testimonies of the concentration camps of the South African War...”, p. 17.

69 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van ’n man van die Volksrust-konsentrasiekamp, p. 170; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 246.

70 NASA, Pretoria, Cd. 853: *Further papers relating to the working of the refugee camps in the Transvaal, Orange River Colony, Cape Colony and Natal (1901)*, p. 113.

71 NASA, Pretoria, Cd. 853: *Further papers relating to the working of the refugee camps* ..., p. 11.

72 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp*” ..., pp. 93-94; S.L. Le Clus, *Lief en leed: ’n Verhaal van huis- en kamplewe gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, s.j.), p. 56; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905), p. 21.

73 NASA, Pretoria, Cd. 853, *Further papers relating to the working of the refugee camps* ..., p. 11.

74 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, pp. 84-85; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 14-15, 18.

Junie 1901, is hulle in ’n markiestent geplaas. Teen die middag was hulle 37 mense in die markiestent. Twee weke later (20 Junie 1901) skryf sy:[75]

> *Vannag is hier ’n baba gebore. Nou is ons een-en-sestig in hierdie tent; in ’n tent hier langsaan is vyf-en-sestig. Dus as die ooievaar weer kom, sal hier wel ook nog plek wees.*

Met hierdie inskrywing in haar dagboek toon Miem Fischer, net soos baie ander kampbewoners, dat hulle alles behalwe hulpeloos was. Hulle was ondersteunend, medelydend, onafhanklik, uitdagend en het beslis oor die gawe beskik om aan te pas.

Hierdie gebrek aan lewensruimte was vir die konsentrasiekampbewoners baie moeilik.[76] Anna Sophia du Toit, wat in ’n markiestent in die Middelburg-konsentrasiekamp gehuisves was, skryf dat dit vir haar uiters onaangenaam en selfs ondraaglik was om met haar dogters en moeder van 72 jaar tussen vreemdes te slaap.[77]

Die bedompige, oorvol tente was vir kampbewoners ondraaglik – selfs al was die tentklappe opgeslaan.[78] Uit die dagboeke en herinneringe blyk dit dat die vroue die oorbevolking van tente as een van die belangrikste oorsake van die siektes en sterftes van kampbewoners beskou het. Die oorvol tente het die broeiplek van kieme geword.[79] Masels en kinkhoes het gedurende Augustus en September 1901 in verskeie kampe voorgekom. Volgens Lenie Boshoff-Liebenberg het die siektes vinnig versprei weens die opeenhoping van mense.[80] Met hulle beperkte mediese kennis het die vroue hulle bes probeer om met afskortings die verspreiding van siektes te beperk.

In Suid-Afrika (uitgesonder *Tin Town*), op St. Helena en Bermuda is die krygsgevangenes net soos die konsentrasiekampbewoners in ronde tente gehuisves. In

---

75 M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., pp. 14-15, 18. Vergelyk E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, pp. 84-85.

76 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 15; S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., pp. 46-47; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 250.

77 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, pp. 84-85. Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 250.

78 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp”* ..., p. 142.

79 J.C. Otto, “Die smart van vrou en kind”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 456; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. xi.

80 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 21. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12de Desember 1900; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 307.

Ceylon en Indië is die krygsgevangenes in sommige kampe soos Bhim Thal, Kaity Nilghiris, Murree Hills en Umballa in tente gehuisves.[81] In kampe soos Diyatalawa, Ragama, Urugasmanhandiya (Urugas), Ahmednagar en Trichinopoly is die krygsgevangenes in hutte gehuisves.[82] Die aantal krygsgevangenes per ronde tent het tussen agt en twaalf gewissel namate daar meer of minder krygsgevangenes was.[83] Die hutte van sink, hout, bamboes of riet was ongeveer 120 by 20 voet (36 by 6 meter) en hierin is 54 tot 64 krygsgevangenes gehuisves.[84]

Hierdie huisvestingsfasiliteite van die krygsgevangenes was oorvol, aangesien die krygsgevangenes net soos die konsentrasiekampbewoners vir maande of selfs jare in ’n ronde tent of hut moes woon. Die opeenhoping en oorlading van krygsgevangenes in ’n beperkte “huisvestingsruimte” was ook vir die krygsgevangenes ongesond, onaangenaam en ondraaglik.[85] A.W. Bester, ’n krygsgevangene wat in ’n ronde tent op Hawkins-eiland in Bermuda gehuisves is, skryf:[86]

> *... it was most unpleasant and unbearable for any man of the least development to be packed in that way, for the damp during the night in such a small tent where ten men are sleeping, is simply horrible and most injurious to both body and mind.*

Die opeenhoping van die krygsgevangenes het aanvanklik net soos in die konsentrasiekampe talle siektes en sterfgevalle tot gevolg gehad. In die eerste maande ná die opening van die Bellevue- en Groenpunt-krygsgevangenekampe en oorsese kampe soos Diyatalawa, het siekte-epidemies onder die krygsgevangenes verskeie

---

81 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010), pp. 327, 330, 332, 338.

82 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 248, 294, 300, 325, 336.

83 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 13; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 46; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 121; OM, Bloemfontein, 4305/59: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt, Kamp No. 1, Tent No. 209, 22.11.00.

84 OM, Bloemfontein, 3688/17: Brief van M. van der Merwe aan sy vader, Ceylon, Diyatalawa Camp, 4.12.1900; OM, Bloemfontein, 2040/9: Brief van C. E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Diyatalawa Camp, Hut 67, Ceylon; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p.15; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 102-103.

85 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. Van Niekerk*, p. 68; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena,* p. 46; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 31.

86 Aanhaling uit die notaboeke van A.W. Bester in E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*, p. 179.

lewens geëis.[87] Die min kinders in hulle midde het tot baie minder siektes en sterfgevalle gelei as wat die geval in die konsentrasiekampe was.

4.4.2.2 Ongerief en gebrek aan privaatheid

'n Verdere direkte gevolg van die oorbevolking van tente en selfs die hutte was ongerief en 'n gebrek aan privaatheid en stilte. Vir die Boeregesinne wat yl verspreid en meestal in betreklike afsondering gewoon en gevolglik 'n hoë mate van privaatheid geniet het,[88] was dit 'n groot ontwrigting.[89]

Verskeie kampbewoners het voorheen groot wonings gehad en gevolglik het hulle die kampbehuising as klein en beknop beleef.[90] In dié beperkte ruimte kon die inwoners kwalik beweeg[91] (kyk Foto 4-3). Anna Sophia du Toit wat een van 'n groep van 65 gevangenes in 'n markiestent in die Middelburg-konsentrasiekamp was, skryf dat nadat hulle in die aand hulle bed opgemaak het, die een persoon styf teen die persone langs haar gelê het.[92]

---

87 L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", F. Pretorius (red.), *'n Oorlog om by stil te staan* ..., p. 318; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 28. Pretorius meld dat 1 200 krygsgevangenes op 25 November 1900 in die Diyatalawa-krygsgevangenekamp siek was. Vergelyk J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 132; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, pp. 106-107.

88 G. Cronje, "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", P. de V. Pienaar (red.),*Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968), p. 100; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 197.

89 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 106, 140; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 73; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 18; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 148; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 17.

90 I. Schrǿder-Nielsen, *Among the Boers in peace and war* {geredigeer deur I. Rudner in samewerking met B. Nasson; uit Noorweegs vertaal deur J. & I. Rudner}, (Cape Town, Africana Publishers, 2012), p. 42; C. Gouws, "Water en sanitasie in die landelike Hoëveldse woning 1840-1910: 'n Kultuurhistoriese studie" (M.A.-verhandeling, Vanderbijlpark, Noordwes-Universiteit, 2007), pp. 68-85; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., E. Cronje aan mej. Haupfleisch, p. 69. Die Boere het gewoonlik steenhuise met vier of vyf vertrekke gehad. Cronje skryf dat haar huis groot was. Dit het 'n sitkamer, eetkamer, ses slaapkamers, kombuis en dispens, en veranda en stoepe aan drie kante van die huis gehad.

91 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 250; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* "*vrouwenkamp*", p. 97.

92 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, p. 85.

Foto 4-3: OM, Bloemfontein, 09: ’n Boeregesin voor hulle tent in ’n konsentrasiekamp

Die krygsgevangenes het, net soos die konsentrasiekampbewoners, die tentlewe saam met elf ander persone onhoudbaar gevind, veral in reëntye en tydens warm weer.[93] Wanneer die krysgevangenes in die aand bed gemaak het, is die tent se vloer in een enorme bed omskep.[94] Dit was moeilik vir twaalf gevangenes om in die tentjie in te pas en om elke aand te bepaal wie se beurt dit was om by die deur lê.[95]

Die ontberings van hulle huisvesting is deur die gebrek aan privaatheid en stilte verder vererger. In die konsentrasiekampe is vreemdelinge, oud en jonk, groot en klein, manne en vroue, seuns en meisies, almal deurmekaar gehuisves.[96] Gevolglik was daar geen privaatheid vir die tentbewoners nie[97] Die krygsgevangenes was wel van dieselfde geslag, maar hulle ouderdomme het gewissel van jonk tot oud. Volgens Hugo van Niekerk was die jongste inwoners saam met hom twaalf jaar oud en die oudste 67 jaar.[98] Alle soorte mense is in die beknopte huisvestingsfasiliteite saamgegooi wat die

---

93 Anon, “St. Helena – Ons buureiland”, *Lantern*, jg. xi, nr. 2, Desember 1961, p. 49; K. Roodt, “Boere-krygsgevangenekampe: Toestand op St. Helena en die Bermuda-eilande”, *Die Huisgenoot,* 23 Augustus 1940, p. 15; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 31; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 27.

94 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., brief van F. Badenhorst aan Alie, 18 Junie 1901, Simonstad, p. 270.

95 I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland”, *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 93.

96 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, p. 85; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou*, *1899-1902*, deel 2 ... , p. 140; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., pp. 18, 20; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*”..., pp. 93-94, 130.

97 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 106.

98 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 49.

lewe in die klein ruimtes uiters moeilik gemaak het.[99] Dit is verstaanbaar dat die koms van twee nuwe inwoners in die plek van die Horn-broers vir die krygsgevangene J. Teengs ’n bekommernis was.[100] Pieter Dippenaar se skrywe aan sy suster uit die Shahjahanpur-krygsgevangenekamp, “Ik heeft gelukkig goede menschen bij mij in de tent gekregen. Ons kom goed klaar tot zoo ver.” beklemtoon hoe belangrik dit was om aangename tentmaats te hê.[101]

Net soos met die konsentrasiekampbewoners, het die krygsgevangenes ’n gebrek aan privaatheid in die tente en hutte beleef. Oor hulle gebrek aan privaatheid, bekla ene Boshoff in ’n brief aan sy verloofde sy lot, naamlik dat as hy sy oë vroeg in die oggend oopmaak, dan kyk hy vas in ’n paar starende oë.[102] (kyk Foto 4-4).



Foto 4-4: OM, Bloemfontein, 02154: Krygsgevangenes in hulle hut in die Diyatalawa-kamp op Ceylon

Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes het op konstruktiewe maniere probeer om die stresvolle gevolge van die oorbevolking en gebrek aan privaatheid te bowe te kom en te verwerk. So het die vroue ’n laken probeer hang[103] of

---

99 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 49; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan...*, p. 34; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 108.

100 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 118, 191.

101 OM, Bloemfontein, 3688/18: Brief van P. Dippenaar aan J. Dippenaar, Shahjahanpur, Boer Camp, India, 21ste January 1902.

102 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 325.

103 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 307.

hulle trommels opgestapel om afskortings tussen hulle en die ander tentbewoners te maak.[104]

By gebrek aan ruimte en privaatheid, het verskeie krygsgevangenes op St. Helena hulle eerder aan die wind en weer blootgestel deur snags buite te slaap. Verskeie krygsgevangenes het vir hulle selfs blyplekkies van bamboes, seildoek, grondseile, komberse of beskuitblikke wat platgeslaan is, gebou. So het daar byvoorbeeld in Deadwood-krygsgevangekamp op St. Helena, 'n dorpie van meer as 300 huise ontstaan wat die naam "Blikjesdorp" gekry het.[105] Alhoewel dié hutjies in die algemeen klein en baie laag was, het die vryheid en privaatheid wat 'n krygsgevangene in sy hut geniet het, volgens H. de Graaf, vir alles vergoed.[106] Cornelis Schabort van die Deadwood-kamp het vir hom 'n hut teen £1 gekoop. Schabort skryf dat hy tydens sy verblyf in sy eie hut op sy gelukkigste was – vry en afgesonder.[107]

Benewens die gebrek aan privaatheid het daar selde stilte in die oorlogskampe geheers. In die konsentrasiekampe het kinders gehuil, terwyl ander gesing en sommige vrouens geraas of getwis het.[108] Dit is opmerklik hoe die kampbewoners na stilte verlang en dit waardeer het.[109] In die krygsgevangenekampe was dit net soos in die konsentrasiekampe moeilik om 'n stil plek te vind – miskien in 'n enkele tent of leeskamer.[110] S.J. Burger skryf dat alle aktiwiteite gelyktydig in die kamp plaasgevind

---

104 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 5.

105 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 28; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 31; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 25.

106 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 31. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 105; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 48. Volgens Kotzé was die huisies aanvanklik ses voet lank, drie voet hoog en drie voet breed en daar moes die Boer om in die huisie te kom letterlik agterstevoor inkruip om te slaap.

107 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 105. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 204; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 45, 68, 116; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 138.

108 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 73; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 18; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 15; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou*, *1899-1902*, deel 2 ..., p. 140; A.D.L., *Woman's endurance*, 2nd ed. (Pretoria, Protea Book House, 2006), p. 5; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van E. Wepener, p. 102; E. Hobhouse, *The brunt of the war* ..., p. 257.

109 C.A. Hollenbach, *Briewe uit die Boere-oorlog: Boer War letters* (Floridapark, Driefontein-publikasies, 1999), p. 162. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 79-80; K. Hamman (samesteller), *Die dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 24

110 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., brief van Frikkie Badenhorst aan Alie, 18 Aug. 1900, Simonstad, p. 231; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128.

het, soos byvoorbeeld godsdiensoefeninge, bidure, sang, musiek en sport.[111] Daar was diegene wat moeilik in die besige en lawaaierige kampe aangepas het. Generaal Ben Viljoen skryf in sy herinneringe dat die kakofonie van klank in die kamp hom tot waansin wou dryf.[112]

Hoewel die Boerevroue na hulle ruim huise verlang het,[113] en die krygsgevangenes gesmag het om die vee te gaan tel, 'n dam oop te trek of die juk voor 'n ploeg te lê,[114] het hulle tog met groot vindingrykheid die impak van hulle fisieke ontwrigting probeer verminder.

4.4.2.3 Huisvestingsbeperktheid as 'n stryd teen die natuur

Die oorlogskampbewoners het hulle blootstelling aan die natuur se meedoënlose elemente ontwrigtend en onhoudbaar gevind. Die klimaatstoestande in Suid-Afrika was in die algemeen ongunstig met groot temperatuurskommelinge tussen somer en winter. In die somermaande het kampbewoners dikwels temperature van 110°F (45,9°C) in die tente beleef[115] en gedurende die wintermaande was hulle aan felle koue blootgestel.[116] Die enkele seil van die ronde tent was dun en het nie voldoende beskerming teen die son, reën, wind, koue en selfs kapokstorms gebied nie.[117] (kyk Foto 4-5). Dominee A.D.

---

111 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 148. Vergelyk A. Schiel, *23 Jahre sturm und sonnenschein in Südafrika* (Leipzig, Brockhaus, 1902), pp. 540-541; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 17.

112 B.J. Viljoen, *Mijne herinneringen uit den Anglo-Boeren Oorlog* (Amsterdam, Versluys, 1902), p. 305.

113 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 69.

114 J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse* (Kaapstad, N.G.-Kerk-uitgewers, 1963), p. 114.

115 OM, Bloemfontein, 6344/50: Brief van Nettie aan me. Theron, Refugee Camp, Harrismith, Sept. 1, 1901; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 62; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van A.H. Stander, p. 23.

116 E. Hobhouse, *War without glamour*... , Mrs Viljoen of the parsonage, Reitz, O.F.S., p. 64. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., p. 280. Volgens me. Z se mededeling het hulle gedurende die winter een nag regop gesit uit vrees dat hulle sou verkluim as hulle sou gaan lê. J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 27. Van Warmelo skryf dat haar tent verskeie wintersoggende spierwit en hard van die ryp was. Selfs haar hare was koud en hard.

117 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 17; S.L. Le Clus, *Lief en leed*... , p. 46; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., mededelings van Z, p. 280; M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van P.J. Fourie, pp. 9-10; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, pp. 6, 12-13.

Lückhoff, wat in die Bethulie-kamp werksaam was, het beklemtoon dat die groot wisseling in temperature in die tente nadelig was vir die talle siekes.[118]

Foto 4-5: OM, Bloemfontein, 01: 'n Sneeustorm op 10 Junie 1901 in die suidelike Oranje-Vrystaat

Die vroue het op verskillende maniere die effek van hulle huisvestingsbeperktheid probeer teenwerk. Vroue wat oor meer komberse beskik het, het die tent se dak en kante met komberse uitgevoer om hulle teen al die natuurelemente te beskerm [119] Ander het 'n wal rondom hulle tente gemaak om die water te probeer uithou en elke skeurtjie in die tentseile is met klere toegemaak.

Oor die vroue se geestesveerkragtigheid skryf Sarie Roos:[120]

> *... hulle (Die Afrikanervroue) skoffel, die grond dra, mierhoop aan om die vloere in te sit en om walle om die tente te maak en ter nouer nood klaar of daar kom weer order van tente verslaan. Die moed van die vroue is onbeskryflik, stel. Gaan hulle maar aan onder die druk + lyding.*

Dié vroue se veerkragtigheid blyk duidelik uit hulle vermoë om aan te pas by besondere moeilike omstandighede, asook by ingrypende terugslae.

---

118 A.D.L., *Woman's endurance*, p. 10. Vergelyk J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 63. Otto toon aan dat dr. Russell van die Klerksdorp-konsentrasiekamp uitgewys het dat die wisseling in temperature 'n hoë sterftesyfer tot gevolg gehad het.

119 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 65; S.L. Le Clus, *Lief en leed*…, p. 46.

120 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 7.

Die klimaatstoestande van die gebiede waar sommige krygsgevangenekampe opgerig is, was oor die algemeen ook onaangenaam. Jack Teengs het St. Helena se klimaat as "onpleizierig" beskryf.[121] Volgens die krygsgevangenes het dit weke aaneen gereën of andersins het die wind jou weggewaai.[122] Ná weke se reën op St. Helena het die water dwarsdeur die tente geloop en baie oggende het die krygsgevangenes in die water gelê wanneer hulle wakker geword het.[123] Die tente het ook gelek en daar was naderhand nie 'n droë plek of besitting in die tente nie.[124]

Die klimaatstoestande in die Indiese krygsgevangenekampe was egter van die onaangenaamste waarmee die krygsgevangenes te doen gekry het. Groot temperatuurskommelinge, geweldige hitte en erge stofstorms het tot fisieke ontberings gelei.[125] Die krygsgevangenes het die hitte in sommige krygsgevangenekampe soos Shahjahanpur, Trichonopoly, Umballa en Sialkot in Indië ondraaglik gevind.[126] In Trichinopoly, geleë in die suide van Indië, het die dagtemperature tot 120°F (49°C) in die skaduwee gestyg en selfs die nagtemperature was 27°C.[127] Die krygsgevangenes het op sulke warm dae van nege-uur in die oggend tot en met sonsondergang in hulle hutte gebly.[128] So 'n dag in die hutte het lank en swaar op die krygsgevangenes gelê en

---

121 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 107.

122 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 99, 101, 154-155, 158-159, 184, 188, 190, 192, 196; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 14, 25, 29, 83, 93; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 30.

123 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 98; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 30.

124 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 99-100.

125 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog*, *1899-1902* (Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1995), p. 60; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes...", p. 264; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 50.

126 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., pp. 333-334, 337; VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, pp. 5, 15; K. Roodt, "Boere-krygsgevangenekampe: In die Ooste en in Portugal", *Die Huisgenoot*, 16 Augustus 1940, p. 21; P.H.C. Pohl, "Lewe van die Boerekrygsgevangenes in Indië: Ons grawe 'n tonnel", *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949, p. 41.

127 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde.*..., p. 335; F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 61; H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië*..., p. 36.

128 OM, Bloemfontein, 4305/37: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Ceylon, Diyatalawa, Krygsgev. Kamp, Hut 67, 26 .6. 1901; OM, Bloemfontein, 4305/38: Brief van F.N. Joubert aan sy ouers, Ceylon, Diyatalawa Kamp, Hut 67, 3.7.1901; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 197, 207. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling, pp. 5, 8. Greyling skryf ook oor die hitte in Umballa en Amritsar; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 174. Charles von Maltitz was in Trichinopoly-krygsgevangenekamp en hy skryf dat hulle graag saans as dit koeler was, langer buite sou wou bly. H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië* ..., p. 23.

hulle het die tyd probeer verwyl deur te lees, te studeer of kaart te speel. Die lang, eentonige dae – dikwels in ondraaglike hitte in die hutte – het die krygsgevangenes liggeraak gemaak en twis en rusie het maklik gevolg.[129]

Konsentrasiekampbewoners se ontberinge weens klimaatstoestande is deur ontoereikende kampmeublement vererger. In die meeste herinneringe en dagboeke meld die vroue dat die Britse soldate en offisiere hulle verhinder het om voldoende beddens, matrasse, komberse en klere te red voordat hulle huise aan die brand gesteek is.[130]

Teen September 1901, het ’n groot getal vroue, kinders en bejaardes steeds in konsentrasiekampe soos Bloemfontein, Bethulie, Springfontein, Vredefortweg, Johannesburg en nog verskeie ander kampe op die grond geslaap.[131] Die gebrek aan beddens het tot gevolg gehad dat die inwoners dikwels op nat grond en beddegoed moes lê. Selfs hulle klere was nat en gemuf.[132] Die vroue het die klimaatstoestande tesame met ’n gebrek aan goeie behuising, meublement en beddegoed as uiters onaangenaam beleef en hulle het dit as bydraende faktore tot die hoë siekte- en sterftesyfer beskou. Gedurende die strawwe wintermaande was die inwoners van elke tent siek aan kroep, influensa of kinkhoes.[133] Volgens Brandt-Van Warmelo sou die beste verpleging ter wêreld hulle nie kon genees nie, aangesien hulle verhongerd was en in die koue op die grond en in verslete tente moes slaap.[134] Vir diegene met ’n

---

129 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 197.

130 VAB, Bloemfontein, A-155/134/2: Vrouweverdriet: Die geval van F.J. Bezuidenhout en haar dogters van Barrowfield, Utrecht ; VAB, Bloemfontein, A-155/134/3: Vrouweverdriet: Dagelikse aantekeninge van H. S. van Staden (gebore Lemmer); L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 11; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van M.C.F.P. Stander, p. 17; E. Hobhouse, *The brunt of the war*..., p. 218; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., p. 104; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van P. Botha, p. 14; E. Hobhouse, *War without glamour*, Mrs. Viljoen of the parsonage, Reitz, O.F.S., p. 65; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., p. 93. Volgens Jansen het Wessels met wie sy ’n tent gedeel het, se kinders op die harde grond geslaap. Die een kind was met ’n sak toegemaak, die tweede kind met ’n rok en die derde kind met ’n manteltjie.

131 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa*..., pp. 41, 58, 76, 101, 112; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., p. 104; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van P. Botha, p. 14.

132 M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 46.

133 OM, Bloemfontein, 6344/50: Brief van Nettie aan me. Theron, Refugee Camp, Harrismith, Sept. 1, 1901; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 16.

134 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 27; A.D.L., *Woman’s endurance*, p. 10.

sterker gestel was die gebrek aan voldoende en warm beddegoed onhoudbaar, vir siekes was dit egter fataal. Baie siekes met masels moes op die grond en in die nattigheid lê met noodlottige gevolge.[135]

Die krygsgevangenes in Suid-Afrika en op St. Helena en die Bermuda-eilandgroep het net soos die konsentrasiekampbewoners ’n gebrek aan meublement gehad. Dié krygsgevangenes moes op die grond slaap en slegs diegene wat self ’n “huisie” gebou het, het ook ’n bed prakseer.[136] In die oggende is die kooigoed uitgeskud, en mooi in die seiltjie opgerol. Hierdie rolletjies kooigoed het bedags as sitplek gedien.[137]

Selfs onder hierdie omstandighede was daar diegene wat ’n huislike atmosfeer probeer skep het. Cornelis Schabort het vir hom ’n tafeltjie asook ’n portretraam gemaak. Daarin het hy ’n foto van sy vrou gesit met twee potjies met blomme weerskante daarvan.[138]

Hierdie krygsgevangenes se omstandighede was egter nie so ondraaglik en onhoudbaar soos die konsentrasiekampbewoners s’n nie, aangesien elke krygsgevangene met sy aankoms in die kamp ’n grondseiltjie (oliekleed), twee komberse, ’n vurk, ’n mes, ’n lepel, ’n bord en ’n beker ontvang het.[139] Die krygsgevangenes in Indië en Ceylon is egter die beste toegerus. In hierdie kampe het elke krygsgevangene ’n veldbed, ’n klapperhaarkussing, twee komberse en ’n kis waarin besittings gebêre kon word, ontvang – in sommige kampe het elke twee persone ’n kis gedeel. Verder het hulle ook eetgerei en ’n kookpot ontvang. In elke hut of tent

---

135 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 72; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 7; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., brief van ’n predikantsvrou, Harrismith-konsentrasiekamp, 3 Januarie 1902, p. 362.

136 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 48; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 31-32; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 97. Volgens C.R. Kotzé was die bed eintlik net ’n houtraam, van ses by drie voet, met vier pote onderaan en sakke of seil oor die raam gespyker.

137 G.H. Jooste, “Oom Toffie Borcherds”, Kampflitse 2, *Die Brandwag*, 26 April 1946, p. 19; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 46; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., brief van Frikkie Badenhorst aan Alie Badenhorst, 18 Augustus 1900, Simonstad, p. 231.

138 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 92. Vergelyk OM, Bloemfontein, 2040/1: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 67, Diyatalawa Kamp, Ceylon, 5/8/01. Vergelyk W.A. Lunden, “Captivity psychoses among prisoners of war”, *Journal of Criminal Law and Criminology*, vol. 39, no. 6, 1949, p. 728.

139 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 46; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., pp. 17, 21; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 95; I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland”, *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 93.

was daar ook ’n aantal tafels, na gelang van die aantal inwoners, met banke weerskante waarop die krygsgevangenes kon sit.[140]

In teenstelling met die konsentrasiekampbewoners, het die geografiese omgewings en behuisingsfasiliteite waarin die krygsgevangenes hulle bevind het ’n baie kleiner negatiewe impak op hulle gesondheid gehad aangesien hulle in die algemeen ten opsigte van beddegoed en selfs huisvestingsfasiliteite beter toegerus was.

4.4.3 “Manel vijf, wat ik had was aan mij lyf”[141]

Die gebrek aan behoorlike warm klere het die konsentrasiekampbewoners se ontwrigting vererger. Sommige vroue en hulle kinders het tydens hulle gevangeneming meer as een kledingstuk oormekaar aangetrek.[142] Baie vroue was egter byna nakend: hulle kaal liggame het deur die rok of bloes gesteek en verskeie het ook nie kouse of skoene gehad nie.[143] Volgens J.P. Venter was sy en sy hele gesin se klere oud en verslete. Hy het ’n rooi flennie-hemp gedra wat tot op sy knieë gehang het – hy het soos baie ander seuns nie ’n broek gehad nie. Die seuntjies en dogtertjies is nie toegelaat om saam te speel nie, waarskynlik as gevolg van die toestand van hulle klere.[144]

Die meerderheid vroue en kinders het slegs die klere wat hulle die dag met hulle gevangeneming aangehad het, besit. Van die inwoners het elke dag dieselfde klere gedra en snags moes hulle daarin op die vuil en soms nat grond slaap.[145] Die vroue het ook dié probleme met vindingryke planne die hoof gebied. Annie Stoltz vertel dat haar ma die seuntjies se broeksknope afgesny het wanneer sy die broekies gewas het en weer aangewerk het wanneer dit skoon was omdat daar nie ander knope was om aan

---

140 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 15; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, pp. 23-24; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 12; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 139; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 103.

141 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 122.

142 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., kampverklaring deur Z.W. Joubert, p. 3.

143 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., kampverklaring deur Z.W. Joubert, p. 10; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., pp. 85-86. .

144 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van J.P. Venter, p. 46.

145 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp”*..., p. 104.

te werk nie.[146] Om die klere skoon te kry, het hulle dit stukkie vir stukkie uitgetrek en gewas en as die een kledingstukkie droog was, het hulle dit aangetrek en ’n volgende kledingstuk uitgetrek en dit gewas.[147] Daar is ook ander planne beraam om die klere gewas te kry. Johanna Brandt-Van Warmelo skryf dat sy dikwels ’n kaal seuntjie wat onder ’n deken weggekruip het, in die tente teëgekom het terwyl sy klere gewas word. Verskeie vroue moes dikwels ook ’n kledingstuk by iemand wat meer as een gehad het leen sodat hulle klere gewas kon word.[148]

Die Britse owerheid en liefdadigheidsorganisasies het hulp aan die hulpbehoewende inwoners verleen, maar dit was onvoldoende. Miem Fischer meld dat hulle deur Britse offisiere gemaan is om nie ’n kommetjie uit te deel as die inwoners ’n melkblikkie kan gebruik nie. Die klerasie wat hulle ontvang het, was skaars voldoende vir die helfte van ’n blok inwoners.[149]

J. Teengs[150] se inskrywing in sy dagboek, naamlik “Die Kleeren die ik op’t oogenblik aan heb zijn meer stuk dan heel, en zijn alles die ik bezit,” vat die kleretoestand van die krygsgevangenes baie goed saam. Die meerderheid krygsgevangenes se klere was oud, verslete en stukkend en verskeie van die krygsgevangenes het half nakend en selfs sonder skoene geloop. Dit was ook niks ongewoons vir die krygsgevangenes om met ’n kaal bolyf te loop nie.[151] Hulle kon wel hulle name vir die ontvangs van klere opgee, maar die owerhede het eers bepaal of hulle inderdaad klere benodig en

---

146 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., p. 14.

147 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A. de Jager, p. 222.

148 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, pp. 107-108.

149 M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 101; OM, Bloemfontein, 3970/2: Brief van H. D. Jacobs aan me. Louwrens, Oranjerivier, 27 November 1901. Sy skryf dat daar al klere in die kamp uitgedeel is, maar sy het nog nooit iets gekry nie en sy vra me. Louwrens om tog klere aan haar te stuur; OM, Bloemfontein, 3970/1: Brief van C.E. du Toit aan me. Lourens, Oranje Rivier Stasie, November 1901. Sy vra me. Lourens om tog klere en materiaal aan haar te stuur; OM, Bloemfontein, 3970/4: Brief van M. van Niekerk aan me. Louwrens, Refugee Camp, Oranje Revier Stasie, 13 Feb. 1902. Van Niekerk vra ’n borsrok en beddegoed vir haar moeder.

150 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 137. Vergelyk J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 29. Van der Watt meld dat hy nog steeds dieselfde klere dra as waarmee hy van die huis af weg is.

151 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), p. 34. Volgens Oud-krygsgevangene, “Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kamplewe”, *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932, p. 17 het ene oom Kootjie net in sy hemp voor die offisier wat ’n opname rakende die kleretekort gemaak het, verskyn. Oom Kootjie het met ’n geleende broek rondgeloop, maar tydens die opname het hy gou die geleende broek gaan uittrek.

verskeie gevangenes se versoeke vir klere is summier geweier.[152] Volgens C.P. Pretorius, is krygsgevangenes wat hulle name opgegee het en wat wel klere gehad het, gestraf. 'n Krygsgevangene mag nie meer as twee broeke, twee hemde, 'n baadjie en 'n paar skoene gehad het nie.[153]

Ten spyte van 'n gebrek aan voldoende klere lyk die gevangenes op die foto's oor die algemeen redelik netjies. Hiervoor is daar is 'n paar moontlike verklarings: Nie almal het foto's laat neem nie. Sommige het klere van hulporganisasies ontvang; klere is geleen (p. 120); swart-en-wit-en sepiafoto's wys nie die toestand van die klere nie; die foto's moes as't ware as rekord dien en daarom is daar moeite met voorkoms gedoen.[154]

Die krygsgevangenes wat meer as een pond gehad het, moes vir die herstelwerk aan klere en skoene betaal, met die gevolg dat die krygsgevangenes eerder maar self gelap en gestop het. 'n Krygsgevangene aan C.P. Pretorius se tafel het vyftien verskillende kleure en soorte lappe op sy hemp gehad.[155]

Die krygsgevangenes het egter op vindingryke wyses hulle klere-nood probeer verlig. Verskeie gevangenes het vir hulle broeke van die kakiekomberse gemaak.[156] Klere wat hulle van die Britse kampowerheid ontvang het, was selde nommerpas, maar hulle het dié klere onderling probeer uitruil totdat hulle klere gekry het wat min of meer gepas het. Klere is ook dikwels op eiehandige wyse kleiner, groter, langer of korter gemaak.[157]

Die krygsgevangenes het – net soos die konsentrasiekampbewoners – skenkings van liefdadigheidsorganisasies ontvang, maar dit kon uiteraard nie in almal se behoeftes

---

152 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 381.
153 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 167.
154 J. Snyman, "Die politiek van herinneringe: Spore van trauma", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 37.
155 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 188. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, geen nommer; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 15; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 29.
156 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*..., pp. 34-35. Vergelyk Oud-krygsgevangene, "Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kamplewe", *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932, p. 17.
157 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 43, 112.

voorsien nie. Cornelis Schabort, “lynkaptein” oor ’n ry tente, kla in sy dagboek dat hy net twee hemde, ses sakdoeke en ses paar kouse vir 180 krygsgevangenes ontvang het.[158]

Die krygsgevangenes het komieklik en gehawend gelyk en ds. J.A. van Blerk het gevoel dat ’n mens nie goed lyk as jy nie behoorlik geklee is nie.[159] Hulle gebrek aan klere het egter nie – soos in die geval van die konsentrasiekampbewoners – ’n groot impak op hulle gesondheid gehad nie. Die ergste van alles was egter waarskynlik die kos.

4.4.4 “Te min om van te leven en te veel om van te sterven”[160]

Dit blyk duidelik uit die dagboeke en verklarings dat beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners die rantsoene as onvoldoende en van baie swak gehalte beskou het.[161]

Johanna Rijksen-Van Helsdingen skryf in haar werk: [162]

> *Wij vergeleken de afgemeten rantsoenen met de versierde dis en de verschillende shotels met lekkernijen van alle soorten. Waar wij nu de schrale stukjes vlees, soms half bedorven op een bord of shoteltje zagen, dachten wij er aan terug, hoe de beste hamels altijd huiswaarts werden gekeerd, om geslacht te worden ...*

Die Boeregesin – konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes – was gewoond aan ’n dieet wat uit ’n verskeidenheid en gebalanseerde voedselsoorte bestaan het, naamlik vleis, melk, botter, eiers, groente en vrugte.[163] In die kampe moes die

---

158 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 28, 55.

159 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*..., p. 34.

160 R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 62; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., p. 103.

161 OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12de Desember 1900; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., pp. 100-101; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 210; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 12.

162 J. Rijksen-Van Helsdingen, *Vrouweleed: Persoonlike ondervindingen in de Boereoorlog*, 2de uitgawe (Pretoria, De Bussy, 1918), p. 150.

163 I. Schrϕder-Nielsen, *Among the Boers in peace and war*, pp. 41-42; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., brief uit die Irene-konsentrasiekamp, 1 Julie 1901, p. 331; brief aan me. Murray uit die Bloemfontein-konsentrasiekamp, 10 Desember 1901, p. 347; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*”..., pp. 102, 113; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 266; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., pp. 251, 284.

gevangenes egter probeer oorleef op ’n eentonige, ongesonde en onvoldoende dieet van meel, sout, suiker, koffie en vleis.[164]

Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes het oor die gehalte van die kos gekla. Die vroue het gekla dat die suiker swart en vuil[165] en die meel vol klonte en wurms was.[166] Die koffie was sleg en die vroue het geglo dat dit niks anders as gemaalde akkers was nie.[167]

Die krygsgevangenes het oor soortgelyke kwessies in hulle dagboeke en herinneringe gekla. Op St. Helena was die meel op ’n keer vol wurms en van die hele besending ongesifte meel is brood gebak.[168] Verder is gekla dat die brood óf rou, óf verbrand, party dae bitter, ander dae suur en kliphard was.[169] Op St. Helena het die krygsgevangenes tweemaal per week “oogklappe” as plaasvervanger vir die brood gekry.[170] Dié “oogklappe” was baie hard en moes altyd geweek word om dit te kon inwurg. Hulle oplossing was om dié beskuit te rasper en ’n pap daarvan te maak om dit “lekkerder” en meer eetbaar te maak.[171] Die krygsgevangenes wat op Ceylon en Indië aangehou is, het rys en aartappels ontvang wat glad nie van ’n goeie gehalte was nie.

---

164 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., verhaal van me. Cameron, 18 Februarie 1901, p. 296; S.L. Le Clus, *Lief en leed*..., p. 47; D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 35; E. Hobhouse, *War without glamour*..., me. Ellie de Kock, Heilbron, p. 103; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, pp. 146, 148; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 86; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 15; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 139; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 105; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 92.

165 OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12 de Desember 1900; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., p. 251. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., verhaal van me. Cameron, Maandag, 18 Februarie 1901, p. 296; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 34.

166 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 19. Vergelyk M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van J.J. Scheepers (gebore Erasmus), p. 24 en verklaring van J.A. Mollett, p. 25.

167 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., p. 251. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., verhaal van me. Cameron, Maandag, 18 Februarie 1901, p. 296.

168 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 93-94.

169 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 27; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 37; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 3; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 129.

170 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 86; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 19; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 92. ’n “Oogklap” was ’n groot plat beskuit en is so genoem omdat dit net so groot, net so plat en net so hard was as die oogklappe van ’n perd se toom.

171 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 116; I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Erns en luim van die kamplewe”, *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 39.

Die rys was gemuf[172] en die aartappels het, al is dit hoe lank gekook, taai en bitter gebly.[173]

Vleis het altyd ’n belangrike hoofbestanddeel van die Boeregesin se dieet uitgemaak en dit het gou ’n bron van klagtes geword, aangesien dit meermale van ’n bedenklike gehalte was. Die vleis was, volgens konsentrasiekampbewoners, taai, slymerig en het aan die bord of skottel vasgeklou. [174]

Die krygsgevangenes se klagtes oor die vleis stem met dié van die konsentrasiekampbewoners ooreen. Die vleis wat hulle ontvang het, was maer, taai, blou en slymerig. Die buffelvleis het volgens J.N. Brink altyd onaardse bedompige reuke gehad en net die sien daarvan was voldoende om ’n mens eerder te wil laat sterf.[175] In die Diyatalawa-krygsgevangenekamp was die vleis van tyd tot tyd oneetbaar en is dit summier weggegooi.[176] Die geblikte soutvleis en skaapvleis wat as plaasvervanger vir die buffelvleis uitgereik is, was vir die krygsgevangenes net so onsmaaklik en oneetbaar.[177] Hulle het op velerlei maniere probeer om die “slegte” vleis en die geblikte vleis meer aanvaarbaar en eetbaar te maak deur onder andere kerriekos van die vleis te maak.[178] Die geblikte vleis is gemaal en met vars vleis gemeng waarvan daar dan frikkadelle gemaak is,[179] maar die “bull”-smaak was egter steeds daar.[180]

Benewens die swak gehalte van die voedsel wat voorsien is, was daar ook ’n gebrek aan voldoende voedsel. Emily Jansen was heel verontwaardig oor die skrale rantsoen. Nadat sy al die bene uit die vleis verwyder het, het daar ongeveer een pond vleis vir ses

---

172 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 105.
173 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 339.
174 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 22; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, pp. 45-46; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 64; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 66.
175 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 210.
176 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 148; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 27-28.
177 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 187; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 35; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 12; R. de Villiers, *“Dagboek” van Rocco de Villiers*, p. 72.
178 Oud-krygsgevangene, “Die krygsgevangenes op Bermuda: Staaltjies uit die kamplewe”, *Die Huisgenoot*, 11 Maart 1932, p. 73.
179 I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Erns en luim van die kamplewe”, *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 39.
180 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 116.

persone oorgebly.[181] Die gevolg was dat die meerderheid konsentrasiekampbewoners altyd honger was, op ’n honger maag gaan slaap het en sommige op hulle sterfbed uitgeroep het, “Ek het honger!”[182] Verskeie vroue het uit desperaatheid en om hulle rantsoen aan te vul, by die slagplek derms en afval gaan probeer optel.[183]

Die hoeveelheid kos wat aan die krygsgevangenes voorsien is, was in elke opsig geheel en al ontoereikend. Hulle het, net soos die konsentrasiekampbewoners, telkens die uitdrukking “te min om van te leven en te veel om van te sterven” gebruik.[184] Op die Bermuda-eilande het dr. Key gerapporteer dat ses klein aartappels, vier wortels en een raap saam met ’n stukkie vleis heeltemal te min kos vir sewe groot, frisgeboude Boere was.[185] Die krygsgevangenes was altyd honger.[186] Jan Bothman se daaglikse dankgebed was, “Ag Here wanneer sal daar tog weer soveel wees dat daar oorbly.”[187]

Kampbewoners, en veral die vroue, het die hoë sterftesyfer onder andere aan die klein hoeveelheid voedsel, die swak gehalte daarvan en die gebrek aan vars groente en vrugte toegeskryf. Babas kon nie die growwe kos eet nie, vars melk was byna onverkrygbaar, terwyl die gekondenseerde melk te min vet asook te min vitamiene A en D bevat het.[188] Die gebrek aan vars melk en ’n verskeidenheid van kossoorte het veral die kinders se gestel afgetakel, wat hulle met min weerstand gelaat het en gevolglik het hulle maklik siektes en infeksies opgedoen. In sy dagboek skryf dominee Anton

---

181 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*”..., pp. 100-101. Vergelyk J.G. Boje, “Winburg’s War: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district” (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009) p. 290. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12 de Desember 1900.

182 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 71, 91, 249, M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van M.H.C.E. van Rooyen, p. 38.

183 OM, Bloemfontein, A-155/ 134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olivier); M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van mev. Makwayer, p. 39; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., herinneringe van A.M. Lourens, p. 153.

184 R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 62; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., p. 103.

185 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 185.

186 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 93; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 46; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 38.

187 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 12.

188 E. van Heyningen, “A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1900-1902”, *South African Journal of Science*, vol. 106, no. 5/6, May/June 2010, pp. 8-9.

Lückhoff ook die baie siekte- en sterfgevalle onder die konsentrasiekampbewoners aan die karige, totaal ontoereikende dieet toe:[189]

> *Can a man (let alone a woman – breathe not of a child) remain healthy and strong on bread, meat (miserable half-pound), coffee, and condensed milk? And so, when a sickness comes there is nothing to fall back upon – no resistance. And with a wasted constitution who can battle against fever, pneumonia, and other things?*

Die gevolg van ongesonde kos was dat volwassenes sowel as die kinders se weerstandsvermoë afgeneem het en dat hulle daagliks ’n stryd gehad het om net aan die lewe te bly.

Krygsgevangenes se skrapse dieet het, net soos in die geval van die konsentrasiekampbewoners, ook hulle gesondheid ernstig benadeel. C.P. Pretorius meld dat hulle dieet, wat hoofsaaklik uit rys en aartappels bestaan het, hulle almal siek gemaak het – so ook die taai buffelvleis. Hy het verskeie kere ’n vleismeul vir ’n maand gehuur om die taai vleis mee te maal.[190] Dit was nie net die taai vleis wat maagprobleme tot gevolg gehad het nie, maar ook die halfrou en “gomlastiekagtige” brood.[191] Op St. Helena is nege krygsgevangenes aan beri-beri dood – ’n siekte wat deur ’n tekort aan vitamien B_1 (tiamien) veroorsaak word.[192]

Die oorlogskampbewoners het ’n merkwaardige veerkragtigheid in reaksie op die ontwrigting getoon. Om te oorleef, het beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes, vir wie dit moontlik was, ’n werkie verrig om sodoende geld te verdien om in hulle behoeftes te help voorsien.[193] Sommige het naaldwerk gedoen,[194]

---

189 A.D.L., *Woman’s endurance*, p. 54. Vergelyk J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 16.

190 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 27, 46. 195.

191 OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 6; I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland”, *Die Huisgenoo*t, 27 November 1936, p. 95.

192 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 124.

193 Vergelyk H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 46, 52, 77.

194 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., p. 42.

klere vir ander gewas,[195] die apteek en ’n verpleegster se kamer skoongemaak [196] en M.M.C. van Zyl skryf dat haar ma self ’n bakoond gemaak het. Sy het vir ander vroue brood gebak en vir elke vyf brode wat sy gebak het, het sy een gekry.[197]

Benewens hulle vindingryke planne om hulle rantsoene aan te vul of die kos smaakliker en meer verteerbaar te maak, het beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes ook in verset gekom teen hulle behandeling. In die Klerksdorp-konsentrasiekamp het Lenie Boshoff-Liebenberg ’n petisie opgestel waarin sy aangetoon het dat hulle ondervoed is, dat die ondervoeding regstreeks met die hoë sterftesyfer verband hou en dat meer voedsel, groente en melk verskaf moet word.[198] Verskeie vertel hoe die kampowerhede uitgedaag is nadat hulle klagtes oor die karige rantsoene op dowe ore geval het. In die Brandfort-konsentrasiekamp het verskeie vroue aan ’n optog na kommandant Jacobs se kantoor deelgeneem. Ene me. Van Tonder het aangevoer dat die inwoners nie langer kans sien om op ’n halfpond “vrekvleis”, slegte koffie en suiker te leef nie.[199] Hierdie ontevredenheid was nie net tot die Brandfort-kamp beperk nie, maar ook in die Bethulie,[200] Bloemfontein-[201]en Belfast-kampe[202] het die vroue hulle misnoeë duidelik te kenne gegee.

Die krygsgevangenes het ook protes teen hulle swak rantsoene aangeteken. Op Bermuda het die krygsgevangenes die halfbedorwe vleis nie probeer kook nie, maar dit aan die draad (kampheining) opgehang en ’n ene Stephan van Blerk het selfs die vleis oor die draad na die Engelse gegooi.[203]

---

195 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 94; OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 25. Steyn het ander gevangenes se klere gewas, gelap en herstel.

196 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samesteller), *Kampkinders 1900-1902* ..., p. 42.

197 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samesteller), *Kampkinders 1900-1902* ..., p. 42.

198 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., pp. 34-35: E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., brief van me. De Wet aan Brodrick, 13 Maart 1902, p. 373.

199 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, pp. 75-79; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 90: Miemie Els se weergawe van die opstand; S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., pp. 63-64; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, pp. 34-37.

200 A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, konsentrasiekamp-gedenkreeks 1 (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. 1991), p. 33; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos, Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 9.

201 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., pp. 22-24.

202 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 59.

203 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*..., pp. 39-40.

In die praktyk kon beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes hulle rantsoene aanvul deur kos in die kampwinkel of buite die kamp te koop, maar weinig gevangenes kon egter van die geleentheid gebruik maak aangesien die meerderheid reeds verarm was en gevolglik oor geen of weinig geld beskik het nie.[204]

Die ongesonde en onvoldoende rantsoene was ’n belangrike faktor in die kampbewoners se belewing van hulle inkerkering as synde ondraaglik.

4.4.5 Ongerieflike kosmaakgeriewe en brandstofbeperkinge

Die bereiding van kos op oop vure voor hulle tent was vir die konsentrasiekampvroue ’n beproewing.[205] Op warm dae was die hitte onhoudbaar;[206] op winderige dae is die vuurtjie onder die pot “weggewaai”[207] en op reënerige dae kon die vroue glad nie kos maak nie.[208]

’n Algemene gebrek aan brandstof het hulle stryd vererger.[209] Die gevangenes het wel hout, wat in baie gevalle groen of nat was, of steenkool ontvang, maar dit was moeilik

---

204 OM, Bloemfontein, 5592/15: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 3 Februarie 1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 8; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers,* p. 63; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon,* pp. 34, 38.

205 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe aan Volksrust-konsentrasiekamp, pp. 210, 213; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 5; OM, Bloemfontein, 5848/23: Brief van ’n vriendin aan Maria, Maritzburg, Vrouwen Kamp, Jan. 14 1901; M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., vertelling van G.E. Bezuidenhout, p. 21; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., verklaring van A.H. Stander, p. 23; OM, Bloemfontein, 5848/28: Brief van M. Brink aan Maria, “Howick”, April 28 1901; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 331; E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, herinneringe van J. Kriegler, p. 133.

206 J. Rijksen-Van Helsdingen, *Vrouweleed* ..., p. 132; Brief van me. Kotzee aan haar man vanuit die Springfontein-konsentrasiekamp, 24 April 1901 in P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon, 1900-1901* (Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, afskrif van oorspronklike dagboek).

207 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 20. Vergelyk M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van G.E. Bezuidenhout, p. 21.

208 OM, Bloemfontein, 5747/4: Brief van M. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Bloemfontein, 10/10/1901; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 11; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 4; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 66; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., pp. 45, 69.

209 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., vertelling van me. Malherbe, ’n verpleegster-vrywilliger in Irene-konsentrasiekamp, p. 229, brief van ’n meisie in die Vrystaat, 16 April 1901, p. 300; D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 27. Volgens Van Zyl het hulle vir ’n jaar geen brandstof gekry nie.

om met die beperkte voorraad te kook.[210] Die vroue het gekla dat die brandstofvoorraad vir ’n week net voldoende was vir die voorbereiding van een maaltyd.[211] Met ’n psigiese veerkragtigheid het die vroue die ongunstige omstandighede probeer oorkom deur die bietjie brandstof op allerhande maniere aan te vul. Vroue, mans en kinders het in die rantjies en op die vlaktes na hout gaan soek – elke struik en boom in die nabyheid van ’n kamp is afgekap en selfs die wortels van plante is uitgegrawe.[212] Die vroue het ook beesmis in die veld opgetel [213] en selfs op die ashope vir iets wat as brandstof kon dien, byvoorbeeld ou skoene, droë skaapkoppe, stukke van ou broeke en teerlappe, gaan soek.[214] J.C Otto vertel dat, nadat van die seuns tydens die bymekaarmaak van vuurmaakgoed probeer ontsnap het, die regulasie uitgevaardig is dat geen seun meer die kamp mag verlaat om vuurmaakgoed te gaan soek nie. Die seun se ma het egter die probleem oorkom deur vir hom ’n rok aan te trek.[215] Bettie Grobbelaar skryf in haar dagboek dat, nadat hulle nie hout by die wa gekry het nie, hulle verby die blokhuise gestap en ’n boom buite die kamp gaan afkap het.[216]

Vir die krygsgevangenes daarenteen, was die kosmakery nie ’n wesenlike probleem nie, aangesien twee-twee krygsgevangenes ’n beurt gekry het om te kook.[217] Die krygsgevangenekampe, met die uitsondering van Deadwood en Broadbottom, is van kookskerms of “kombuise” wat tussen die hutte versprei was, voorsien.[218] ’n Gebrek

---

210 OM, Bloemfontein, 155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olvier); M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., verklaring van J. le Roux (geb. Grove), p. 14, verklaring van A.H. Stander, p. 23; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 63.

211 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*”..., p. 143. Hierdie probleem is verskeie kere deur die Dameskomitee aangeraak in hulle verslae in NASA, Pretoria, CD. 893: *Report on the concentration camps in South Africa*..., pp. 31, 41, 54, 70, 76, 85, 117.

212 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 27; J. Rijksen-Van Helsdingen, *Vrouweleed* ..., p. 134; VAB, Bloemfontein, A-119.89: Brief van A.C. Meyer aan redaksie, 24 Oktober 1949; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van Z.W. Joubert, p. 8.

213 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., p. 299; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 84.

214 M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., pp. 27, 53; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2, p. 279.

215 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* …, p. 19.

216 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 88.

217 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 86; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 84; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 104.

218 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 121; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 12; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 74; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 18; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 32; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 93; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 120.

aan voldoende brandstof het in min krygsgevangenekampe voorgekom. Op St. Helena was die krygsgevangenes se brandstofrantsoen egter wel onvoldoende. Hulle het dié rantsoen gewoonlik met droë hout en ander brandstof wat hulle tydens hulle parool op die eiland gaan soek het, aangevul.[219] In ’n enkele geval het krygsgevangenes wat vanweë die tekort aan brandstof nie elke maaltyd kon voorberei nie, pale en planke uit die omheining vir vuurmaakdoeleindes geneem.[220]

In teenstelling met die krygsgevangenes, het die kosmakery in die oopte en die tekort aan voldoende brandstof ’n impak op die konsentrasiekampbewoners se lewens gehad. Hulle reeds afgetakelde gestel is verder aan die alleruiterste weersomstandighede, harde werk en soms aan halfgaar kos blootgestel.

4.4.6 Watervoorsiening en sanitasie-uitdagings

Een van die belangrikste sake wat in aanmerking geneem is met die stigting en aanlê van die konsentrasiekampe was die beskikbaarheid van water. Om hierdie rede is die konsentrasiekampe naby riviere, spruite, putte en fonteine aangelê.[221] Hierdie waterbronne was wel voldoende vir ’n paar honderd mense wat in die dorpies woonagtig was, maar die oorlog het duisende soldate, hulle diere en gevangenes na dié dorpies gebring. Die waterbronne kon vanselfsprekend nie in ’n bykomende 10 000 mense se behoeftes voorsien nie.[222]

In sommige kampe was die hoeveelheid water wat aan die gevangenes voorsien is, bitter min. In die Heilbron- en Kroonstad-konsentrasiekampe het die gevangenes byvoorbeeld een gelling (sowat 4,5 liter) en selfs minder water per kop per dag ontvang.[223] In die Winburg-konsentrasiekamp het dit soms gebeur dat die hele kamp net ’n paar karre water gekry het, omdat die Engelse kolonne, as kamptoesighouers, se

---

219 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 112; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 26; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 84.

220 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 53.

221 E. van Heyningen, “A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South African War, 1900-1902”, *South African Journal of Science*, vol. 106, no. 5/6, May/June 2010, p. 7.

222 E. van Heyningen, “A tool for modernisation? The Boer concentration camps of the South Africa War, 1900-1902”, *South African Journal of Science*, vol. 106, no. 5/6, May/June 2010, p. 7; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa* ..., p. 152. Die paar putte in Belfast was onvoldoende nadat die gebruikers van die water meer as verdriedubbel het.

223 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa*..., pp. 89, 94.

perde en muile eers water uit die twee fonteine gekry het. Dikwels was die gevolg dat die konsentrasiekampbewoners aldaar nie genoeg water vir koffie of broodbak gehad het nie.[224]

Die konsentrasiekampbewoners moes dikwels vir ure in lang toue staan om ’n bietjie water te kry en soms moes hulle maar bedroë omdraai.[225] Volgens D.H. van Zyl het hulle gesin reeds drie-uur in die oggend opgestaan om eerste by die put te wees, maar elke keer was daar reeds ander inwoners voor hulle daar en moes hulle noodgedwonge agter in die ry inval.[226] Die inwoners se ontwrigting is vergroot deurdat hulle die water ver na hulle tente toe moes aandra.[227] Aanvanklik was emmers en ander houers skaars – al wat beskikbaar was, was ’n swaar militêre emmer en ’n ovaalvormige kospot wat in sommige kampe uitgereik is. Om meer water te kry, is daar vir elke kind ’n emmertjie uit ’n groot stroop- of konfytblik gemaak waarin hulle ook water na die tent toe moes aandra.[228]

Die gehalte van die water was net so belangrik as die hoeveelheid wat aan die konsentrasiekampbewoners voorsien is. Ná ’n reënbui is die waterbronne, soos ’n spruit, rivier of die afvloei van ’n fontein erg besoedel deur al die vullis wat daarin beland het. In die Irene- en Potchefstroom-konsentrasiekampe se waterbronne is bene, blikke, ou skoene en dooie diere wat grootliks ontbind was, gevind.[229] Die inwoners van die

---

224 OM, Bloemfontein, A-119.89: Brief van A.C. Meyer aan die redaksie, 24 Oktober 1949. Vergelyk S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., p. 48.

225 VAB, Bloemfontein, A-155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (geb. Olivier); M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van J.J. Botha, p. 103; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe aan die konsentrasiekamp op Volksrust, p. 177; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 118; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 6.

226 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 33.

227 OM, Bloemfontein, 5848/23: Brief van ’n vriendin aan Maria, Maritzburg Vrouwen Kamp, Jan. 14 1901; OM, Bloemfontein, 5747/5: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, de 17de (waarskynlik Oktober 1901); M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van A. Muller, p. 88; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe aan die konsentrasiekamp op Volksrust, p. 177; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 33; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 118; E. Hobhouse, *War without glamour* ..., p. 55.

228 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp*..., p. 33.

229 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa*..., pp. 115, 128; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 112.

Standerton-konsentrasiekamp moes hulle water uit die Vaalrivier, wat deur die Dameskomitee as “notoriously foul” [230] beskryf is, gaan skep.

Die krygsgevangenes, daarenteen, het min oor die watervoorsiening in die kampe geskryf, waarskynlik omdat dit nie vir hulle soveel ontbering en lyding teweeggebring het nie. Dit was merendeels die kryggevangenes wat op St. Helena, die Bermudas en in Trichinopoly in Indië aangehou is, wat telkemale oor die tekort aan water geskryf het. Die krygsgevangenes in die Deadwood- en Broadbottom-kampe het soms so min water ontvang dat party van die krygsgevangenes nie eens kos kon kook nie.[231] Elke tent – met ’n inwonertal van twaalf persone – het gewoonlik ’n rantsoen van sewe gelling (31,5 liter) water per dag ontvang.[232] Die krygsgevangenes op St. Helena moes – net soos die konsentrasiekampbewoners – geduldig toustaan om hulle skepding vol te maak.[233]

Sanitasiegeriewe was in die meeste konsentrasiekampe swak en ondoeltreffend. Die vroue het oor hierdie aspek van hulle kamplewe min inligting verskaf, waarskynlik omdat dit volgens die kultuur van hulle tyd ’n verbode onderwerp was. Me. Roux, ’n gevangene in die Winburg-konsentrasiekamp, vertel dat die sanitêre reëlings in die kamp sodanig was dat ’n mens nie in die openbaar daaroor kan praat nie.[234]

Die toilette het uit ’n rioolsloot met houtstompe bo-oor en sak rondom bestaan. In sommige kampe is daar emmers onder die balke geplaas.[235] Dié “geriewe” was baie onhigiënies en die stank was onhoudbaar.[236] Uiteraard kon die oumense en kinders kwalik hiervan gebruik maak en dit het gebeur dat kinders in die rioolsloot beland het.[237] Benewens die swak higiëniese toestand van die “toilette”, was daar gewoonlik te min

---

230 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa*..., p. 188.

231 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 287.

232 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde*..., p. 116. Vir die watervoorsiening op Bermuda vergelyk J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 40; VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 14; C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, 4th ed. (Bermuda, The Island Press, 2006), p. 25.

233 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 133.

234 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., mededelings van me. Roux, p. 304.

235 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., mededeling van P.M. Pretorius, p. 28; S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., p. 78; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., verslag van ou man oor die Bethulie-konsentrasiekamp, p. 313.

236 S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., p. 78; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 39; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa* ..., p. 51.

237 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 313.

sitplekke vir die aantal inwoners. Daar was byvoorbeeld in die Aliwal-Noord-konsentrasiekamp slegs een toilet vir elke 177 vroue en kinders.[238]

Min konsentrasiekampe het oor badhuise vir die inwoners beskik.[239] Verder moes die vroue ook, in die meeste kampe, hulle klere in spruite, riviere en vuil poeletjies water was[240] (kyk Foto 4-6).

Foto 4-6: OM, Bloemfontein, 04: Wasdag by die Norvalspont-konsentrasiekamp

In teenstelling met die konsentrasiekampbewoners, het die krygsgevangenes baie min oor die sanitêre geriewe in die kampe geskryf, waarskynlik weens die kultuur van die tyd en omdat dit vir hulle nie so 'n groot probleem was nie. In talle krygsgevangenekampe het die gevangenes die gerief van badkamers en washuise gehad.[241] Die meeste klagtes oor dié aangeleenthede het vanuit die Deadwood- en Broadbottom-krygsgevangekampe op St. Helena gekom. Water was met tye skaars en gevolglik moes die krygsgevangenes met slegs 'n bekertjie water oor die kop tevrede wees.[242] Die toilette was net soos in die konsentrasiekampe 'n lang sloot van 0,9 meter

238 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa* ..., p. 51.

239 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 85; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa* ..., pp. 57, 69, 79, 84, 100, 115, 140, 169, 184, 189, 199.

240 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 68; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A.S. du Toit, p. 85, beskrywing van die konsentrasiekamp op Volksrust, p. 178, herinneringe van me. Truter, p. 194; NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa* ..., pp. 39, 75, 79, 84, 94, 100, 128, 133, 140, 152, 169, 189, 194, 199.

241 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 46; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 146; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 121-122.

242 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 158.

wyd, 2,1 meter diep en 45,7 meter lank, waaroor ’n lang houtbalk gegooi is en dit is met sinkplaatheinings afgeskerm.[243]

Benewens die swak behuising en gebrek aan beddegoed en klerewasgeriewe, was die sanitêre geriewe in die konsentrasiekampe nie vir die duisende klein kindertjies geskik nie en dit was boonop baie swakker as die geriewe in die krygsgevangenekampe. Siektes soos diarree en maagkoors kan aan die besoedelde water toegeskryf word.[244] Volgens Emily Jansen was die drink van water sinoniem met siek word, terwyl die stank wat oor die een kant van die kamp gehang het die oorsaak van talle keelsiektes was.[245]

Die Britse dokters het die Boere vir die hoë sterftesyfer onder hulle kinders blameer. Die eerste aantyging was dat die vroue “vuil” sou wees.[246] Volgens Pretorius is dit wel so dat sommige kampbewoners onderontwikkeld was, en dat onhigiëniese gewoontes, bygelowe en hul weiering om gehospitaliseer te word, tot die dood van sommige kon gelei het.[247] E. Hobhouse het hierdie aantygings egter as onbillik en onwaar gereken, en aangevoer dat die vroue se netheid in die algemeen treffend was, ongeag die abnormale omstandighede waarin geleef moes word.[248] Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners wat voor die Oorlog merendeels ’n geïsoleerde plaasbestaan gevoer het, het die oorbevolking in die kampe, onvoldoende huisvestingsfasiliteite en ’n ongesonde en onvoldoende dieet as onhoudbaar beleef. Hierdie faktore, tesame met swak sanitêre reëlings, het die gevangenes se lewe van inkerkering onhoudbaar gemaak en dit het grootliks tot die lewensverlies van veral duisende kinders gelei.

---

243 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 146; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 158; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 117.

244 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., mededeling deur G. Kruger, p. 12; A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie* ..., p. 20.

245 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., p. 143. Vir ’n soorgelyke sienswyse vergelyk J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 112.

246 E. van Heyningen, “Botsende kulture: Britse dokters en die Boere-vroue”, A Grundling & B. Nasson (reds), *Die oorlog kom huis toe*…,p.132

247 F. Pretorius*, Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 60

248 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* …, p. 382.

4.5 Die impak van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe

4.5.1 Die onmiddellike fisieke impak: Hoë siekte- en sterftesyfers

Die impak van ontwrigting en inkerkering op die gesondheid van die oorlogskampbewoners blyk duidelik uit die sterftesyfers. In die konsentrasiekampe was veral die kinders die slagoffers van dié ontworteling en inkerkering. Meer as 22 000 van die 27 927 sterftes was dié van Boerekinders onder die ouderdom van sestien jaar.[249]

Die grootste aantal sterftes het gedurende die maande Augustus, September en Oktober van 1901 voorgekom (kyk Tabel 4.1):

Tabel 4-1: Aantal sterftes in die konsentrasiekampe gedurende die winter van 1901[250]

Tydperk	Aantal sterftes
Augustus 1901	2 666
September 1901	2 752
Oktober 1901	3 205

In 1901 was die wintermaande besonder koud en nat. Die tentmateriaal was dun en verslete. Dit het baie gereën en die mense het op die kaal grond geslaap sonder voldoende beddegoed of klere. Gevolglik het baie siek geword en gesterf.

Die sterftesyfer het uiteraard van kamp tot kamp gewissel, maar die twee kampe waarin die meeste sterftes voorgekom het, was onderskeidelik Bloemfontein met 2 100 en Middelburg met 2 166 sterftes (kyk Figuur 4.1):

---

249 S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 170; H. Giliomee, *Die Afrikaners: ’n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), p. 211.

250 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 401: S.B. Spies, *Methods of barbarism*? ..., pp. 215-216, 265.



Figuur 4-1: Kampe met die hoogste aantal sterftes[251]

In hierdie grafiek kom die omvang van lewensverlies van die konsentrasiekampbewoners duidelik na vore, byvoorbeeld op 7 September 1901 was die inwonertal van die Bethulie-kamp 4 882 en die sterftesyfer in die kamp was 1 745 vir die tydperk April 1901 tot Januarie 1902. Dit blyk ook dat die meeste sterftes in kampe in die ZAR en OVS voorgekom het.

Die aantal sterftes in die konsentrasiekampe het ’n uiters negatiewe impak op die demografie van die blanke Afrikaanssprekendes in die twee Boererepublieke gehad.[252]

Uit Figuur 4.2 blyk dit dat masels, brongo-pneumonie, koors en buikvliesontsteking die grootste oorsake van die talle sterftes was:

---

251 C. Reynolds, *Konsentrasiekampsterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: ’n Genealogiese databasis van vroue, kinders en bejaardes van Suid-Afrika* (Bloemfontein, SA Printgroup, 2013), pp. 44-47.

252 Vergelyk Hoofstuk Drie vir die negatiewe impak wat die aantal sterftes op die demografie van die blanke Afrikaner in die twee Boererepublieke gehad het, asook vir die aantal gevangenes per kamp.



Figuur 4-2: Siektes wat die meeste sterftes in die konsentrasiekampe tot gevolg gehad het[253]

Dié siektes en sterftes soos in die grafiek aangedui, het uit die swak behuising, onhigiëniese omstandighede en ’n onvoldoende en ongesonde dieet voortgespruit.

’n Belangrike verskil tussen konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes was dat die ontworteling van ruimte hoegenaamd nie dieselfde fisieke impak op die krygsgevangenes gehad het nie. In die krygsgevangenekampe het daar 1 118 gevangenes gesterf. Indien die aantal krygsgevangenes op 27 000 bereken word, het daar dus 4,1 persent van die aangehoudenes gesterf.[254] Die meerderheid krygsgevangenes het aan siektes soos buiktifus, longontsteking, brongitis, disenterie, beri-beri, nefritis, masels en meningitis gesterf.[255] Op St. Helena het daar byvoorbeeld 179 Boerekrygsgevangenes gesterf waarvan 46 aan buiktifus,[256] terwyl 34

253 C. Reynolds, *Konsentrasiekampsterftes gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* ..., pp. 101-107.

254 Vergelyk Hoofstuk Drie vir die aantal krygsgevangenes en die aantal sterftes onder die gevangenes.

255 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 124, 218, 267, 391.

256 Vergelyk L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 195-207; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p.124.

krygsgevangenes op die skepe op pad na die Bermudas hieraan gesterf het en 35 sterfgevalle het op die Bermuda-eilande self voorgekom[257] (kyk Figuur 4.3):



Figuur 4-3: Siektes wat die meeste lewens op St. Helena en Bermuda geëis het

Alhoewel hierdie siektes ook aan swak sanitasie, oorbevolking, swak behuising en ’n ongesonde dieet toegeskryf kan word, is die belangrikste rede vir die groot verskil in die aantal sterftes in die konsentrasiekampe en die krygsgevangenekampe die min kinders wat in die krygsgevangenekampe teenwoordig was, asook die beter omstandighede en behandeling in die algemeen.

4.5.2 Die fisieke impak van ontworteling en inkerkering op die lange duur

Wat betref die langtermyn impak van kamplewe op gevangenes in jare na die Oorlog, is dit ’n onderwerp wat waarskynlik na behore in ’n opvolgstudie aangepak sou kon word. Indien die bevindinge van studies oor die fisieke impak van gevangenskap tydens die Tweede Wêreldoorlog as barometer gebruik word, gee dit wel ’n aanduiding van die duur van gesondheidsprobleme wat die konsentrasiekampbewoners asook die krygsgevangenes moes ondervind het. Op ’n konferensie in Den Haag in 1961, het navorsers die fisieke impak van aanhouding op konsentrasiekampbewoners en

257 C.A.R. Schulenburg, “Boerekrygsgevangenes van Bermuda”, *Historia*, jg. 24, nr. 1, Mei 1979, p. 22. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 218. Wessels dui 39 sterftes aan.

krygsgevangenes uitgelig.[258] Algemene gesondheidsprobleme wat gevangenes volgens dié verslag ná hulle aanhouding ondervind het, was onder andere arteriosklerose, spysverteringsprobleme, longprobleme, rumatiek, skade aan die sentrale senuweestelsel, die verdwyning van maandstonde en vrugbeginsel met latere ginekologiese probleme, vroegtydige veroudering, swak sig, watersug, slaaploosheid en spierkrampe.[259]

'n Anonieme konsentrasiekamp-gevangene het in haar dagboek geskryf dat hulle tot hulle gesondheid vir hulle land opgeoffer het.[260] Hierdie stelling is waarskynlik vir talle van die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners waar. Hulle ontworteling, asook gebrek aan voldoende ruimte het waarskynlik tot die Afrikaner se swak gesondheid bygedra soos inderdaad ook deur C. Louis Leipoldt waargeneem is. In 1914 het Leipoldt, ná diensaanvaarding as skooldokter, bevind dat 59 persent van alle kinders op skool aan die een of ander gebrek soos blindheid en doofstomheid gely het.[261] Van Heyningen kom tot dieselfde gevolgtrekking, naamlik dat die ernstige maselepidemie in die kampe waarskynlik blindheid, doofheid en permanente longskade tot gevolg gehad het.[262]

'n Bestaan van inkerkering was fisiek en psigies ontwrigtend. Daar was die blootstelling, oorbevolking, swak higiëniese omstandighede, karige voeding, siekte en gevolglik die voortydige sterftes. Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes moes dit en baie meer verduur en albei groepe het hierdie ontwrigting as onhoudbaar beleef. Die dood van duisende mense, veral kinders, moes noodwendig onbeskryflike verdriet meegebring het. Talle sou ook lewenslank die fisieke letsels van hulle lewe tydens inkerkering dra. Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het egter ook 'n merkwaardige veerkragtigheid in reaksie op dié ontwrigting getoon deur hulle uiters karige huisvesting te probeer verbeter en hulle totaal ontoereikende rantsoene aan te vul.

---

258 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity ...", *International Social Science Journal,* vol. 28, no. 3, 1976, pp. 595-596.

259 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity ...", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, pp. 595-596.

260 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 310.

261 J.C. Kannemeyer, ***Leipoldt: 'n Lewensverhaal*** (Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery, 1999), p. 374.

262 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., p. 309-310.

4.6 Samevatting

Uit die bespreking van Hoofstuk Vier is beklemtoon dat die vernietiging van persoonlike besittings, hulle wegvoering en onmenslike ervaringe en lyding in die kampe, beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes met erge sielkundige en liggaamlike trauma gelaat het. Albei groepe gevangenes wat voorheen merendeels ’n geïsoleerde plaasbestaan gevoer het, het hulle wegvoering as vernederend en die kamplewe as onhoudbaar en ontwrigtend beleef. Daar was blootstelling aan die natuur se onsimpatieke elemente, die gedwonge opeenhoping van mense, swak huisvestingsfasiliteite, gebrek aan privaatheid en ongesonde en ontoereikende rantsoene. Vir die konsentrasiekampbewoners was daar ook nog swak watervoorsiening, swak sanitêre maatreëls en ’n tekort aan brandstof. Dit was veral die duisende kinders, wie se dieet normaalweg uit vars melk, groente, vrugte en vleis bestaan het, wie se weerstand so afgeneem het dat hulle nie die fisiek ontwrigtende omstandighede kon oorleef nie. Hierdie ontwrigting het tot 29 045 sterftes – 27 927 konsentrasiekampbewoners en 1 118 krygsgevangenes – in die oorlogskampe gelei.

Die konsentrasiekampbewoners se fisieke ontwrigting en lyding, as synde nader aan die oorlogsfront, die “vyand” en die blywende “las” van verswaktes, siekes, bejaardes, jong behoeftige en noodlydende kinders in hulle midde, het daartoe aanleiding gegee dat die fisieke en emosionele ontwrigting van hulle lewens net soveel intenser blyk te gewees het en soos inderdaad in die sterftesyfers weerspieël word. Van die krygsgevangenes het erken dat die fisieke ontwrigting van hulle lewens, veral weens die inkerkering, veel minder as hulle psigiese en emosionele ontwrigting was.[263] Ongeag die verskil in ruimte en lewenslot het beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes hulle fisieke ontwrigting tydens wegvoering en inkerkering as ondraaglik beleef.

Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het nie net in stilte gely nie. Hulle was nie almal hulpelose slagoffers nie. Uit die dagboeke blyk dit dat beide groepe geestelike veerkragtigheid getoon het ten spyte van die teenslae en trauma van inkerkering. Op konstruktiewe en vindingryke maniere het kampbewoners tydelike

263 Anon, “Lewe op St. Helena”, *Die Huisgenoot*, 7 Oktober 1949.

blyplekke as “tuistes” probeer verbeter, die uitwerking van ’n oorbevolkte staat van bewoning probeer bekamp en hulle rantsoene probeer aanvul of die kos smaakliker probeer maak. Werkies is teen betaling gedoen om sodoende in hulle behoeftes te probeer voorsien.

Hierdie tydperk van fisiese ontworteling, totale ontwrigting en ondraaglik-beleefde inkerkering het die skeiding en versplintering van familie- en gesinslede tot gevolg gehad. In Hoofstuk Vyf word aandag geskenk aan dié skeiding wat waarskynlik emosionele en psigologiese gevolge gehad en daartoe bygedra het om die gevangenes se ingekerkerde gemeenskapslewe bykans ondraaglik te maak. Vervolgens word briefwisseling as manier om dié skeiding te hanteer uitgewys, asook die vermeerdering van die aantal posstukke tydens die verloop van die Oorlog en die oorlogskampbewoners se vindingryke planne om die sensors te omseil. Laastens val die kollig ook op koerante en kabelgramme as bronne van oorlogsnuus.

Hoofstuk 5: Hoop op nuus van geliefdes en die Oorlog

5.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is uitgewys dat duisende burgerlikes en krygsgevangenes tydens die Oorlog in talle kampe in Suid-Afrika en in die buiteland ingekerker was.[1] Hierdie maatreëls het familie- en gesinslede versplinter. Verpligte skeiding kan as die enkele ander aksie gedurende die Oorlog beskou word wat waarskynlik 'n bykomende psigologiese impak op ingekerkerde gevangenes gehad het.[2] Die enigste manier op daardie stadium om skeiding draagliker te maak, was – benewens die telegraafstelsel – briefwisseling.[3] Vanuit 'n een-en-twintigste-eeuse modern-beleefde kommunikasie-tegnologie mag die begrip van "'n desperate hoop op nuus" nie vir die hedendaagse mens verstaanbaar wees nie. Hierdie wanhopige uitsien na nuus was 'n behoefte wat by beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners geheers het. Met verloop van tyd, en nadat die Oorlog maande voortgeduur het, het die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se verlange na en hoop op nuus van geliefdes intenser geword.[4] In gevalle waar krygsgevangenes hulle veral oor die lot van hulle familie- en

---

1 D. Hall, *The Hall handbook of the Anglo-Boer War 1899-1902* (Pietermaritzburg, University of Natal Press, 1999), p. 217. Vergelyk F. Pretorius, "Die lot van die Boerevroue en -kinders", F. Pretorius (red.), *Verskroeide aarde* (Kaapstad, Human & Rousseau, 2001), p. 44; S.B. Spies, "Women and the War", P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899- 1902* (London, Longman, 1980), p. 169; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), pp. 9-10; K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 507; J.G. Boje, "Winburg's war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district" (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), p. 322.

2 H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after" (Ph.D.-thesis, University of Newcastle, 2005), p. 186. Vergelyk Oorlogsmuseum (OM), Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 30-31.

3 H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War ...", p. 176; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942), pp. 64-67; OM, Bloemfontein, 4502/21-28: Oorlogsherinneringe van J. Geldenhuys, p. 29.

4 Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/21: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 10 April 1902; OM, Bloemfontein, 4663/125: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groenpunt, 1ste October 1900; OM, Bloemfontein, 2040/2: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Diyatalawa Camp, Ceylon, April 9th 1902; OM, Bloemfontein, 3688/15: Brief van M. van der Merwe aan sy pa, Diyatalawa Kamp, 16-10-1901; OM, Bloemfontein, 3688/9: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S.. Dippenaar, Hawkins eiland, Den 18de/4/02; OM, Bloemfontein, 3688/18: Brief van P. Dippenaar aan J. Dippenaar, Shahjahanpur, Boer Camp, India, 21ste January 1902; OM, Bloemfontein, 5592/16: Brief van A.M. du Toit aan haar man, Kamp, 13de Febr. 1902; OM, Bloemfontein, 1371/11: Brief van G.D. Schoombee aan D.E. Potgieter, Bellary, de 11 November 1901.

gesinslede bekommer het, was die gereelde gebrek aan nuus bitter moeilik om te verwerk.[5] Die nuus wat hulle wel van tyd tot tyd ontvang het, was soms baie negatief en het meestal gelei tot nog erger spanning, bekommernis en swartgalligheid onder die ingekerkerde gevangenes.[6]

In hierdie hoofstuk word die versplintering van familie- en gesinslede uitgewys, asook die uitwerking wat dit op beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners gehad het. Briewe as enigste kommunikasiemiddel word bespreek, gevolg deur 'n beskrywing van die gevangenes se veerkragtige reaksie op die skeiding van geliefdes, die talle voorskrifte en die streng sensorering van pos. In die hoofstuk word verder klem geplaas op die inhoud van kampbriewe, die belangrikheid van pos, lyding weens 'n gebrek aan nuus en koerante as nuusbronne.

5.2 Kommunikasiespore oor inkerkering en verlange na nuus van geliefdes

5.2.1 Versplintering van familie- en gesinslede

Die internering van duisende burgerlikes en krygsgevangenes in oorlogskampe het familie- en gesinslede en vriende oor die hele wêreld heen verstrooi. Lottie Rossouw skryf byvoorbeeld in Januarie 1902 vanuit die Kroonstad-konsentrasiekamp dat dit wil voorkom asof al hulle vriende hulle in die vier uithoeke van die wêreld bevind.[7] 'n Voorbeeld hiervan is me. Dippenaar wat in die Springfontein-konsentrasiekamp aangehou is, terwyl haar drie broers onderskeidelik op die Bermuda-eilande,[8] Ceylon,[9]

---

5 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 28; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 17, 19, 30. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344: Brief van L. Rossouw aan Oomie, Refugee Camp, Kroonstad, 15 Oct. 1901; OM, Bloemfontein, 6344/59: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, May 7th 1902; M.A. Fischer, *Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman's Vlei te Ermelo op 31 ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964), pp. 50, 97.

6 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939), p. 258. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 50, 97.

7 OM, Bloemfontein, 6344/56: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 4th Jan. 1902.

8 OM, Bloemfontein, 3688/8: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins Eiland, Bermuda, Den 16.2.1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747/13: Brief van M. Meyburgh aan J.P.L. Pretorius, R.C. Bloemfontein, 28 Jan. 1902; OM, Bloemfontein, 4502/21-28: Oorlogsherinneringe van J. Geldenhuys, p. 18.

9 OM, Bloemfontein, 3688/12: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 29.4.1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3667/2: Brief van M.C. de Jager aan Jiems de Jager, Bethulie refugee camp, 13.2.1902.

en in Indië[10] gevange gehou is. Selfs gesinslede wat saam in een kamp aangehou is, is later van mekaar geskei. Me. Van der Walt skryf dat sy en haar drie dogters aanvanklik saam in die Klerksdorp-konsentrasiekamp gevange gehou is. Op 'n dag, ten spyte van verskeie pleidooie, is sy en haar dogter Lenie na die Merebank-konsentrasiekamp gestuur.[11]

Verskeie briewe en dagboeke weerspieël die psigiese lyding wat beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners wat besonder familievas was, honderde en duisende kilometers van hulle geliefdes in die kampe moes deurmaak.

5.2.2 "... om zoover van ons dierbare verband te wezen. Het maak ons leven zoms haas ondraaglyk ..."[12]

Wat veral opval in die 75 dagboeke en herinneringskrifte en 337 briewe wat bestudeer is, is dat die skrywers daarvan die skeiding van gesinslede, familielede, vriende en 'n bekende omgewing as een van die moeilikste aspekte van hul ingekerkerde lewe ervaar het.[13] Die belewenisse van beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes is ooreenstemmend.

Oor dié aspek van hulle gevangenskap skryf Cornelis Schabort, 'n krygsgevangene in die Deadwood-kamp, byvoorbeeld die volgende:[14]

> *... it is not very pleasant to sit on an island in the middle of the deep sea, separated from all dear ones, which I do not know whether we shall ever have the pleasure of meeting each other on this side of the Dark Grave again.*

---

10 OM, Bloemfontein, 3688/5: Brief van P. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Shahjahanpur, 4 october 02, Indië. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4765/3: Brief van J. Boshoff aan F.P. Pieterse, Shahjahanpur, 1ste April 1902.

11 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olivier).

12 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23.

13 H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War ...", p. 186; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), pp. 89-96.

14 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 30-31.

Met bogenoemde inskrywing in sy dagboek illustreer Schabort hoe die Afrikaner, soos aangedui in Hoofstuk Drie, wat in die negentiende eeu in ’n besondere mate ’n gesinsmens was, die skeiding van geliefdes as traumaties ervaar het en dat dié skeiding bygedra het tot hulle belewing van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe as synde ondraaglik.

Hierdie skeiding van familie- en gesinslede is vererger deur die feit dat die gevangenes nie altyd geweet het waar ’n familie- of gesinslid hom of haar bevind het nie. Me. De Jager, ’n gevangene in die Bethulie-konsentrasiekamp, het teen 13 Februarie 1902 steeds nie geweet waar haar broer was nie.[15] Net so is me. Erasmus sonder enige gesinslede in die Bloemfontein-kamp aangehou. Sy het nie geweet of haar broer nog leef of waar haar ouers en haar suster-hulle hul bevind het nie.[16]

L. March Phillipps, ’n kaptein wat saam met die Rimington Guides geveg het, skryf byvoorbeeld in ’n brief aan familie in Engeland dat die Britse oorlogstaktiek op sagte teikens die Boeregesinne baie lyding besorg het. Hy verwys daarna dat gesinne en gesinslede besonder geheg aan mekaar was. Hy skryf verder:[17]

> *Their [the Boer families’] lives are altogether bound up, in their serene way, with each other and with their homes. Anything that breaks up a family is felt by them more grievously than would be the case with most people, and, in the same way, anything that severs them from ‘the land’ would be more profoundly felt too. It amounts to an entire dislocation of their ideas of life.*

Versplintering, afstand, onsekerheid en ’n ongekende verlange na nuus van geliefdes is soms baie emosioneel in briewe verwoord. Een so ’n voorbeeld is dié van Bettie Erasmus wat aan haar broer skryf dat, as sy aan hom en hulle suster dink, sy wil

---

15 OM, Bloemfontein, 3667/2: Brief van M.C. de Jager aan Jiems de Jager, Bethulie refugee camp, den 13.2.1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov.1902, p. 6; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter* (Bloemfontein, N.G.-Sendingpers, 1965), pp. 15, 35.

16 OM, Bloemfontein, 4663/5: Brief van C.M.E. Erasmus aan haar broer, Bloemfontein. Me. Erasmus is later na die Bethulie-konsentrasiekamp gestuur. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747/2: Brief van G. Pretorius aan J.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemvontyn, Sipt. 12 1901.

17 L. March Phillipps, With Rimington: Letter xxiv: Fighting and farm-burning, Frankfort, November 23 1900, http://www.gutenberg.org/files/15131/15131-h/15131-h.htm .

"beswyk van verlange" en dat sy nooit gedink het dat sy ooit so ver van haar suster sal wees nie.[18] Geykte inleidings, afsluitings en 'n soort formalisme kom wel in briewe voor, maar talle gevangenes se verlange na hul geliefdes word in hulle briewe weerspieël. Die aanhef en slot van die briewe dui deurentyd op emosies van liefde en verlange. 'n Voorbeeld hiervan is die brief van J.C. Erasmus aan sy ma wat afsluit met die volgende woorde: "Nu zal ik maar sluiten met myn brief maar nooit met myn verlangende hart."[19] P.A. Venter byvoorbeeld se briewe begin almal met die woorde "Liefhebbende en nooit vergetende Eggenoot" en sluit met af met "...ontvang de duisenste groete met een kus der liefde van my u altoos aandinkende Man."[20]

Briewe van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners weerspieël ook die psigiese impak van hierdie skeiding op die gevangenes. Albei die groepe het die stresvolle gevolge van hierdie skeiding op konstruktiewe maniere probeer verwerk. Deur briefwisseling as enigste kommunikasiemiddel het hulle probeer om die skeiding draagliker te maak en afstande tussen hulle en hul geliefdes te oorbrug en kontak te behou.

---

18 OM, Bloemfontein, 4663/21: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 10 April 1902. Vergelyk H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War…", p. 186; OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 30-31; OM, Bloemfontein, 4663/125: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groenpunt, 1ste October 1900; OM, Bloemfontein, 2040/2: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Diyatalawa Camp, Ceylon, April 9th 1902; OM, Bloemfontein, 3688/15: Brief van M. van der Merwe aan sy vader, Diyatalawa Kamp, 16-10-1901; OM, Bloemfontein, 3688/9: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins eiland, Den 18de/4/02; OM, Bloemfontein, 3688/18: Brief van P. Dippenaar aan J. Dippenaar, Shahjahanpur, Boer Camp, India, 21ste January 1902; OM, Bloemfontein, 1371/11: Brief van G.D. Schoombee aan D.E. Potgieter, Bellary, de 11 November 1901; OM, Bloemfontein, 5592/16: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 13de Febr. 1902.

19 OM, Bloemfontein, 5690/91: Brief van J.C. Erasmus aan E.P. Erasmus, Hut 56, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, Den 29 Augutus 1901.

20 OM, Bloemfontein, 4663/122: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, St. Helena, Den 3 Febriari 1901.

5.3 Briewe – die enigste kommunikasiemiddel

5.3.1 Briewe as ’n belangrike bron van nuus

Sedert antieke tye is briewe geskryf om daarmee afstande tussen lande, groepe, mense en geliefdes te oorbrug, verhoudings te versterk en netwerke te bewerkstellig.[21] Briefwisseling as kommunikasiegebruik was teen die einde van die negentiende eeu ’n belangrike vorm van inligting en ’n wyse waarop kontak onderling behou is.[22] Laasgenoemde was dus die normale funksie van briefwisseling, maar tydens die Oorlog het briefwisseling vir beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes in belangrikheid toegeneem.[23] Wat die geletterdheidsvlak van die Boere in die twee Republieke was, is nie bekend nie. Dit was waarskynlik laag, veral onder die vroue.[24] Hoe dit ook al sy, selfs diegene wat normaalweg nie briewe geskryf het nie, het in hierdie omstandighede begin skryf om kontak met geliefdes te behou.[25] Tog was daar talle faktore wat in hierdie opsig probleme veroorsaak het. Hierdie briewe is immers nie gratis vervoer nie. Die kampbewoners moes hulle eie seëls en papier koop.[26] Van die gevangenes kon skaars ’n seël bekostig. Vanuit die Springfontein-konsentrasiekamp skryf E.P. Erasmus “het ga zwaar om te skryf met papier en stemps de geld is schaars en kan ook niet meer kryg.”[27] Ten spyte van die vele probleme en struikelblokke het die gevangenes so dikwels moontlik geskryf en was daar tydens die Oorlog ’n skerp toename in die aantal posstukke wat versend en ontvang is.

---

21 R. Schulte & X. von Tippelskirch, *Reading, interpreting and historicizing: Letters as historical sources* (EUI working paper HEC, no. 2004/2, European University Institute, Florence), www.iue.it, p. 5.

22 J.C. Pretorius, “Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en kultuurhistoriese museums in Suid-Afrika: ’n Bronneverkenning”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 14, nr. 1, Junie 2000, p. 31.

23 H. Dampier, “Women’s testimonies of the concentration camps of the South African War ...”, p. 176; S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, pp. 206-207.

24 H. Giliomee, *The Afrikaners: A biography of a people* (London, Hurst & Company, 2003), p. 170. Vergelyk J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905), p. 31.

25 Vergelyk OM, Bloemfontein, 5690/9: Brief van J.A.C. Erasmus aan J.C. Erasmus, S S Armenian, Simons stat, Den 12 my 1901; OM, Bloemfontein, 1371/7: Brief van G.D. Schoombee aan D.E. Potgieter, Bellary, de 4 Jily 1902.

26 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010), p. 190.

27 OM, Bloemfontein, 5690/116: Brief van E.P. Erasmus aan J.C. Erasmus, Springfontein. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 53.

5.3.2 Inkerkering bevorder briefwisseling

Benewens die telegraaf, was briewe die enigste kommunikasiemiddel tussen gesinslede, familielede en vriende in die onderskeie krygsgevangene- en konsentrasiekampe.

Ten spyte van ’n gebrekkig-toegeruste posdiens, het die aantal posstukke gedurende die jare 1899-1902 geweldig toegeneem.[28] ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die poskantoor op St. Helena. Ná die aankoms van die krygsgevangenes op St. Helena, moes die poskantoor gedurende 1901 en 1902 vir ’n tydperk van agt maande 235 000 briewe en 9 500 poskaarte hanteer.[29] Op Bermuda het die sensors tot 5 000 briewe, waarvan die meeste uitgaande pos was, per week gehanteer.[30] In Ceylon het die aantal posstukke ook vinnig toegeneem. In Februarie 1901 is 10 715 briewe gepos, 15 299 in Junie 1901 en 20 067 in Julie 1901.[31] In Diyatalawa waar die meeste pos van die verskillende kampe in Ceylon gesensoreer is, het tot sewe sensors maandeliks met die hulp van ’n paar offisiere ongeveer 30 000 posstukke gehanteer, alhoewel die inkomende pos reeds in Suid-Afrika gesensoreer is.[32]

Veel minder inligting is rakende die posgeskiedenis van die konsentrasiekampe beskikbaar. Slegs van die Johannesburg-konsentrasiekamp is enkele gegewens opgespoor. Met ’n inwonertal van 3 200 gevangenes op 26 September 1901 – waarvan die meerderheid kinders – is daar byvoorbeeld gedurende Oktober 1901 die volgende aantal briewe gehanteer (kyk Tabel 5-1):

---

28 N. Snowden, *Publication no. 1: The Anglo-Boer War 1899-1902: Philately of the Boer and British prisoner of war camps, part A: Prisoner of war camps in South Africa and the burgher camps* (Manchester, The Anglo-Boer War Philately Society, n.d.), p. 1. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 120; J. Groenewald, “’n Wêreld van filatelie in een oorlog”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog: Herdenkingslesings aan die Randse Afrikaanse Universiteit, 1999* (Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, Departement van Historiese Studies, 1999), p. 127.

29 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 120.

30 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, 4th ed. (Bermuda, The Island Press, 2006), p. 77. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 190.

31 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 260.

32 R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war 1900 to 1902: Their postal history* (Chester, Anglo-Boer War Philatelic Society, n.d.), p. 3.2.

Tabel 5-1: Die aantal posstukke wat gedurende Oktober 1901 in die Johannesburg-konsentrasiekamp gehanteer is[33]

Briewe ontvang		Briewe gestuur	
Briewe:	2 520	Briewe:	2 859
Geregistreerde briewe:	63	Heradresseerde briewe:	160
Briewe waarop 'n boete betaal moes word:	98		
Totaal:	2 681	Totaal:	3 019

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat ook die vroue in die Johannesburg-kamp aktiewe skrywers was met meer as 3 000 briewe wat gedurende Oktober 1901 gepos is.

Die briefwisseling tussen al die gevangenes en die hantering van so 'n groot aantal posstukke het verskeie voorskrifte genoodsaak.

5.4 Voorskrifte, sensorering en omseiling van sensors

5.4.1 Voorskrifte rakende briewe en posstukke

Die sensors het aanvanklik gesukkel om die gevangenes in die konsentrasie- en krygsgevangenekampe se breedvoerige korrespondensie met hulle familie- en gesinslede te hanteer. Met verloop van tyd is 'n stel regulasies rakende briefwisseling en posstukke aan die oorlogskampbewoners deurgegee – onder andere met die doel om die werklas van die sensors te verlig en die versending van pos te bespoedig.[34] Die konsentrasiekampbewoners het nie veel in hulle dagboeke en briewe na die voorskrifte verwys nie, maar daar kan aanvaar word dat die voorskrifte ook vir hulle gegeld het.

Al die briewe en pakkies aan die gevangenes moes eers deur die sensors gesensoreer word en, indien die voorskrifte nagekom is, is dit versend.[35] Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners kon net twee briewe per maand uitstuur. Die lengte

---

33 N. Snowden, *Publication no. 1: The Anglo-Boer War 1899-1902* ..., p. 48.
34 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 121.
35 P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon*, *1900-1901* (Ferdinand Postma-biblioteek, Noordwes-Universiteit, afskrif van oorspronklike dagboek), p. 46; R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war* ..., p. 3.2.

van ’n brief mag nie meer as 500 woorde gewees het nie.[36] In ’n brief, gedateer 28 September 1901, maan Frikkie Badenhorst sy vrou Alie om tog by die reëls te hou, aangesien die laaste gedeelte van haar vorige brief aan hom afgesny is.[37] Steyn, ’n krygsgevangene in die Groenpunt- en Ahmednagar-kampe, het heel bewustelik binne die voorskrifte probeer hou soos uit sy slotopmerking blyk: “Well my darling I must close now for fear of making this letter too long to please the censor.”[38] Om die druk verder te verlig, het die Britse owerheid in Januarie 1902 bepaal dat die krygsgevangenes in die toekoms slegs aan naby familielede mag skryf, byvoorbeeld aan ’n pa, ’n seun of broers en hiervoor moes hulle ook die nodige toestemming kry.[39]

Gevangenes moes ook die briewe wat hulle wou pos onverseël by die sersant of bevelvoerende offisier inhandig.[40] In Bermuda is die gevangenes beveel om die seël in die oop koevert te plaas, aangesien die gevangenes boodskappe onder die seël geskryf het.[41]

Gedurende Maart 1901 het die kampowerhede in Ceylon die krygsgevangenes versoek om alle briewe in Engels te skryf.[42] Daar was wel sommige gevangenes wat aan die versoek voldoen het, omdat hulle van mening was dat dié briewe hulle geliefdes vinniger sou bereik. Schalk Dippenaar, krygsgevangene in die Diyatalawa-kamp, het byvoorbeeld in Engels geskryf omdat hy op dié manier wou verseker dat sy suster van

---

36 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 97, 178; H. de Graaf, *Boere op St. Helena* {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950) p. 104; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 111; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 121.

37 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 305. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemfontyn, 22(Oktober?) 1901; OM, Bloemfontein 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 78.

38 OM, Bloemfontein, 6900/9: Brief van Ollie aan Wifie, Diyatalawa Camp, 12th May 1901.

39 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 190, 261.

40 P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon* ..., p. 46. Vergelyk R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war* ..., p. 3.2; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 19.

41 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, pp. 77-78.

42 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ...p. 260.

hom hoor.[43] In ’n ligter trant skryf ene oom Frans dat die Kaschers maar in Engels kan skryf, aangesien hy ’n bril het waarmee hy Engels kan lees.[44]

Dit was verbode om enige beledigende aanmerkings of mededelings oor die Britse regering en sy beleid of enigiets wat skadelik vir Britse belange kon wees, te maak.[45] In Shahjahanpur is gevangenes verbied om enige Bybeltekste, bemoedigende woorde of enige opinie in hulle briewe weer te gee. Die briewe moes ook kort en kragtig wees anders sou dit nie aangestuur word nie.[46] Bogenoemde regulasie verklaar die sensorering van die psalm- en gesangeboek wat deur ds. Albertyn in die Bermudas vir die krygsgevangenes opgestel is. Die sensors wou nie hierdie boeke deurlaat nie, aangesien dit volgens hulle opruiende taal bevat het. ’n Voorbeeld hiervan is Psalm 68, strofe 1:[47]

> *De Heer zal opstaan tot den strijd;*
> *Hij zal zijn haters, wijd en zijd;*
> *Bejaagd, verstrooid doen zuchten*

Die sensors was ook van mening dat die psalms en gesange die krygsgevangenes onnodig hoop op ’n oorwinning sou gee. As voorbeeld is die vierde strofe van Psalm 130 gebruik:[48]

---

43 OM, Bloemfontein, 3688/7: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, krijsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 24.3.1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5848/23: Brief van ’n vriendin aan Maria, Maritzburg “Vrouwen Kamp”, Jan. 14 1901; OM, Bloemfontein, 4305/55: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Hut No 69, Krygsgevangene Kamp, Diyatalawa, 16.4.1902; OM, Bloemfontein, 4305/34: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, krijgsgevangenen kamp, Diyatalawa, 24.3.1902, Ceylon, Hut No 69; OM, Bloemfontein, 5592/10: Brief van F.M.A. du Toit aan E. Kascher, Belle Vue Kamp, Simon’s Stad, 9de Maart 1902.

44 OM, Bloemfontein, 5592/10: Brief van F.M.A. du Toit aan E. Kascher, Belle Vue Kamp, Simon’s Stad, 9de Maart 1902.

45 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 19. Vergelyk R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war* ..., p. 3.2; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 124, 380.

46 OM, Bloemfontein, 6765/3: Brief van J. Boshoff aan F.P. Pieterse, Shahjahanpur, 1ste April 1902. Vergelyk P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon* ..., p. 46.

47 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 201. Vergelyk J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), p. 67; J.M. van Tonder, “Die kerk onder die krygsgevangenes te Bermuda 1899-1902: Met besondere verwysing na die werk van Dirk Postma” (B. Th.-skripsie, PU vir CHO, s.j.), p. 13.

48 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 201.

Hoop op den Heer, gij vromen:
Is Israël in nood;
Er zal verlossing komen.

Volgens Groenewald is geen briewe wat die Boere enige hoop op oorwinning kon gee, deurgelaat nie. Wanneer die Boerevroue van oorwinnings deur die Boeremagte by plekke soos Nooitgedacht, Tweefontein, Bakenlaagte en Tweebosch geskryf het, is hierdie gedeeltes summier deur die sensors uitgekrap.[49] Berigte oor die ellende, siektes en sterftes in die konsentrasiekampe is wel, volgens Groenewald, deurgelaat met die uitsluitlike doel om die krygsgevangenes in hulle afsondering tot wanhoop en die aflê van die eed van getrouheid te dwing.[50]

Tekeninge van die twee Boererepublieke se landsvlae, prente van die leiers en die gebruik van die afkorting OVS was verbode omdat die twee state volgens die Britse owerheid nie meer bestaan het nie en van die sensors was van mening dat dit moontlik patriotiese gevoelens by die krygsgevangenes kon wakker maak.[51] Die sensors het in die laaste paar maande voor vredesluiting ’n lys van uitdrukkings en woorde bekendgemaak wat volgens krygswet nie in briewe gebruik mag word nie, onder andere die woord “standvastig.”[52] Oor dié saak skryf J.N. Brink, ’n krygsgevangene in die Ragama-kamp, in sy dagboek:[53]

> *Het klinkt barbaarsch maar het is niettemin waar, dat wij voor sekeren tijd niet toegelaten worden, zelfs een woord van bemoediging aan de onzen te schrijven. De vijand scheen bevreesd dat dit onzen zou influenceeren den hopeloozen strijd vol te houden, en die ‘dwaze’ hardkoppigheid het reeds meer last veroorzaakt, dan het Britsche Rijk aangenaam geweest was.*

---

49 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ...., p. 54. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/154: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Simonsbaai, 7.3.1901.

50 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., pp. 54-55.

51 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 297. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 104; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 111.

52 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 190.

53 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), pp. 208-209.

Al die voorskrifte betreffende die pos was vir die konsentrasiekampbewoners, maar veral vir die krygsgevangenes wat bekommerd was oor geliefdes en die verloop van die Oorlog, 'n doring in die vlees.

Die briewe van krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners bevat nie baie feite oor die oorlog of toestande en behandeling in die kampe nie – daarvoor het streng militêre sensuur gesorg.

5.4.2 Sensorering van briewe en posstukke

Die inhoud van briewe en posstukke is baie streng gesensoreer. Offisiere wat as sensors aangestel is, het die taak gehad om die uitgaande pos in die oorlogskampe versigtig deur te gaan en, indien die voorskrifte nie nagekom is nie, is briewe versnipper of vernietig of daar is selfs teen die skrywer van so 'n brief opgetree.

Dikwels was 'n brief nie meer leesbaar nadat 'n sensor met sy skêr of inkkwas deur 'n brief gegaan het nie.[54] Brink skryf dat sommige briewe slegs 'n datum en handtekening bevat het.[55] Indien 'n brief te lank was, is dit teruggestuur[56] of 'n deel van so 'n lang brief is summier met 'n skêr afgesny.[57]

Oortreders van die regulasies is aangespreek en selfs gestraf. Volgens Charles von Maltitz is 'n krygsgevangene, ene Pieter Hamman, tot ses dae tronkstraf gevonnis omdat hy geskryf het dat hulle briewe teruggehou word en ook nie gereeld afgelewer word nie.[58] In die Standerton-konsentrasiekamp is me. Swart swaar gestraf omdat sy 'n foto en stukkie garing uit die kamp na haar seun, wat nog geveg het, probeer smokkel

---

54 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), p. 73.

55 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 209. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 120, 170; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 372; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 321.

56 OM, Bloemfontein, 4663/18: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 25 Feb. 1902. Bettie meld dat haar twee vorige briewe aan hom effens te lank was en dat dit teruggestuur is.

57 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 305. In die brief vermaan Frikkie Badenhorst sy vrou, Alie, om tog by die reëls te hou, aangesien die laaste gedeelte van haar laaste brief aan hom afgesny is.

58 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 120.

het. Sy het tronkstraf gekry en is daarna, as verdere straf, na die Merebank-konsentrasiekamp gestuur.[59]

Van die krygsgevangenes wou ook meer omtrent hulle lewe en behandeling in die kampe aan die buitewêreld bekend maak. Joubert Reitz, seun van die voormalige president van die Oranje-Vrystaat, het met behulp van ’n vreemde persoon ’n brief vanaf Bermuda na ’n koerant in Amerika gesmokkel. Die inhoud van die brief het oor die behandeling van die krygsgevangenes gehandel, naamlik dat hulle kwalik genoeg kos gekry het om te eet en dat sommige krygsgevangenes baie karig gekleed was. Die brief is gepubliseer en afdrukke daarvan is oral oor die wêreld gestuur. Hierna is me. Albertyn, vrou van ds. Albertyn, en ds. Van Blerk van medepligtigheid verdink. Hulle vryheid van beweging onder die krygsgevangenes is ingeperk en Joubert Reitz het tronkstraf gekry.[60]

Die “vernietiging” van briewe het tot groot ontevredenheid onder die gevangenes gelei, aangesien die ontvangs van nuus ’n lewensaar vir hulle was. Die krygsgevangenes se verbittering oor die deurstreping van nuus met die ink-kwas of die versnippering van hulle briewe blyk ook uit die bynaam wat hulle aan die sensor op St. Helena gegee het, naamlik “Mr. Runderpes.”[61]

Die gevangenes, beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners, het weens die skeiding van geliefdes gely, maar hulle het wel oor die vermoë beskik om die negatiewe en onhoudbare situasie effektief te benader en te hanteer deur soveel as moontlik te skryf en die sensors op vindingryke wyses om die bos te lei.

---

59 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 61.

60 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., pp. 61-62.

61 C.R. Kotze, *My ballingskap: St. Helena*, p. 64; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p.138; C.Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*, p. 117.

5.4.3 Vindingryke planne om sensors te uitoorlê

Ten spyte van die streng sensorering van die posstukke, was beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners uiters vindingryk om die sensors te omseil. Goeie nuus is veral op verskeie vernuftige wyses die kampe ingesmokkel.[62]

Kiste met tabak, klere en eetgoed is uit Europa aan die krygsgevangenes gestuur. In die pakkies is daar dikwels nuusberigte rakende oorlogsgebeure in die Republieke, briewe en uitknipsels uit koerante en selfs gedigte versteek. 'n Voorbeeld hiervan is 'n gedig oor generaal Christiaan de Wet wat in 'n pakkie versteek was.[63]

'n Gewilde manier om die sensor se skerp oog te ontglip, was om sekere nuus tussen die reëls met suurlemoensap te skryf en dit in die koelte te laat droog word. Die suurlemoensap het onsigbaar gebly en eers wanneer dit naby 'n hittebron gebring is, het die geskrewe gedeeltes weer swart tevoorskyn gekom.[64] Brink was baie in sy skik met die nuus – geskryf in suurlemoensap – van die Slag van Nooitgedacht waar Methuen gewond is en die Boere groot oorwinnings behaal het.[65]

Boodskappe is soms selfs onder die seëls geskryf. J.N. Brink meld dat hy die posseëls slegs aan die kante vasgeplak het. Onder die seël het hy 'n stukkie dun papier gesit waarop hy byvoorbeeld 'n geheime boodskap geskryf het: "Sit die brief onder 'n warm pasyster onder vloeipapier."[66]

Die gebruik van metafore was ook 'n gewilde manier om sensors uit te oorlê en nuus aan hulle geliefdes oor te dra. Me. Coetzee het haar oorlogsnuus soos volg oorgedra:[67]

---

62 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 130.

63 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 50, 55, 94.

64 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1940), p. 150. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 36; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 52, 169; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), p. 99.

65 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 150.

66 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 150. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 255.

67 Brief van M. Coetzee van Molteno aan C. Geyer in die Diyatalawa-krygsgevangenekamp, 13 Maart 1901 in P.D.R. Kotzee, *Dagboek gehou gedurende gevangenskap te Ceylon* ..., p. 83. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/50: Brief van C.E.M. Erasmus aan P.A. Venter, Rustplaats, 18 Mei 1900; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 168.

... let nou op my Boetie wat ik zeg die koning nest is nou vet, die groote ou bije is nou namakaar toe noordwaarts, dit zuis dit zuis.

'n Krygsgevangene van St. Helena wou by sy broer, ene Van Vuuren van Philipstown, weet hoe dit met sy vader (Transvaal) en stiefmoeder (Engeland) gaan. Hy het die volgende antwoord van sy broer ontvang:[68]

Soos jy weet, is die tweede huwelik gewoonlik van die duiwel, maar vandat Chris (generaal De Wet) grootgeword het, praat hy baie met Ma. Wat die vier stiefbroers (Engelse generaals) betref, het Chris Barend (Baden Powell) se been seergemaak en hy is terug huis toe. Boetie (Buller) het ook seergekry en is uit die skool, en Ma het kanker in die bors (Engelse word uitgeroei).

Van die briefskrywers het selfs dele van hulle briewe in 'n inheemse taal geskryf om sensors te fnuik.[69] Op St. Helena is 'n krygsgevangene, Marius Goddefroy, een aand deur wagte doodgeskiet. Die sensors het opgedrag gegee dat die krygsgevangenes nie in hulle briewe van Goddefroy se dood mag skryf nie. Dié nuus is wel op vernuftige wyse na Suid-Afrika gestuur. Vermooten, 'n krygsgevangene op St. Helena, het aan sy vrou 'n brief geskryf waarin hy haar meegedeel het dat hy nou ook in die kampskool is en dat die Hollandse onderwysers hom moeilike sinne laat leer het, naamlik:[70]

*Goede boomen zijn **de** vrugbaarste.*
*Koning Willem de **derde** werd in 1819 geboren.*
*Hij was de **zoon** van Willem II.*
*De brave dochter **van** mijn oom is klein.*
*Een predikant of **dominee** word gaarne gehoord.*
*De naam van **grootevlooi**[71] bestaat niet.*
*Hoed en pet **is** een hoofdbedeksel.*
*Iemand is bepaald **onschuldig** die nergens af weet.*

---

68 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 39. Vergelyk J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 149.
69 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 170. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 190.
70 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 60-65; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*…, pp. 99-101.
71 H. de Graaf, *Boere op St Helena*, pp. 60-65. "Grootevlooi" is die bynaam van ds. Goddefroy.

*Mijn toonen steeken **door** mijn kousen.*
*Het is bepaald **een** droevig figuur.*
*Beter schoone dan **vuile** kinderen.*
*Een soldaat of **schildwacht** behoort op zijn post.*
*De verraders werden **doodgeschoten** in den oorlog.*
*Honden en katten **zijn** viervoetige dieren.*
*Kaatje is de **naam** van een meisje.*
*Een goede kat **is** een nuttig dier.*
*Manus, Marthinus en **Marius** beginnen met een M.*
*De derde persoon **hij** staat in 't enkelvoud.*
*De eerste mensch **was** Adam.*
*Hij was vermoedelijk **een** landbouer.*
*Abel was een **brave** zoon.*
*Isaac was een **zoon** van Sara.*
*Vleesch is niet **de** minste spijze.*
*Het bestaan der **boeren** is arbeidzaamheid.*
*Leeuwen en tijgers **zijn** verscheurende dieren.*
*Die zich als **opstandig** uitgeeft, is niet wijs.*
*Het werk was **over** 't geheel zeer goed.*
*Het boek van **dit** kind is morsig.*
*Huis is een **gemeen** zelfstandig naamwoord.*
*Gebruikt het woord **schandaal** zoo min mogelijk.*
*De, een en **het** zijn lidwoorden.*
*Een goede vrouw **is** een groote schat.*
*De hond is **een** waakzaam dier.*
*Een stads- of **publieke** school is groot.*
*Men schreeuwt soms **moord** [72]en brand.*

Vermooten het terselfdertyd 'n brief aan 'n ander familielid geskryf waarin hy gesê het dat elke vierde woord van elke sin in volgorde na mekaar gelees moet word.

---

[72] H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 60-65. Donkerdruk deur die navorser.

Ten spyte van al die regulasies het briefskrywers tog wel daarin geslaag om sensors om die bos te lei. Op ’n verskeidenheid maniere het hulle nuus oor gebeure in die kamp uitgemokkel en is nuus van buite ontvang.

5.5 Nuus vanuit ’n ingekerkerde gemeenskapslewe

Briewe uit die konsentrasie- en krygsgevangenekampe moet gelees word in die besef dat die skrywers van dié briewe onder die skadu van sensorering en krygswet geskryf het.[73]

5.5.1 Die inhoud van kampbriewe

Die lang lys voorskrifte en verbode onderwerpe laat die vraag ontstaan, naamlik waaroor kon en het die gevangenes dan wel geskryf?

Sommige briefskrywers het hulle wel, ten spyte van die voorskrifte en streng sensorering van briewe, oor die behandeling in die kampe uitgespreek. Oor die rantsoene wat hulle in die kampe ontvang het, laat ’n ene Jole haar soos volg uit:[74]

> *zy zyn nu bezig ons stadig aan uittehonger. Wy kunnen onmoontlÿk niet leven van de kost die zijn ons geven ... wy krÿgen geel mielie meel zwart zuiker die ik niet aan ou ‘Moskow’ zult geven om te eet wat staat nog aan een van onze kaffers [sic] en eenmaal in den week vleesch.*

Jole se skrywe is ’n voorbeeld van die kampbewoners se onvergenoegdheid met hulle ongesonde en onvoldoende rantsoene wat net uit ’n bietjie meel, sout, suiker, koffie en vleis bestaan het.

---

73 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 267.

74 OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12 de December 1900. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/150: Brief van P.A. Venter aan sy vrou, Groenpunt, 26.4.1900; OM, Bloemfontein, geen nommer, Brief van Philip aan sy vrou, Sollon, Punjab, 8 July 1902; OM, Bloemfontein, 4305/59: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt Kamp, No 1, Tent No 209, 22.11.00; OM, Bloemfontein, 3688/17: Brief van M. van der Merwe aan sy pa, Ceylon, Diyatalawa Camp, 4.12.1900

’n Belangrike onderwerp in die meerderheid van die kampbriewe was nuus oor die gesondheidstoestand van die gesin – wie siek is, wie se gesondheid verbeter het en wie se gesondheid verswak het.[75] Kampbriewe het dikwels ook ’n doodstyding oorgedra.[76]

Briewe het ook oor persoonlike en gesinsake gehandel. So het me. Pretorius, inwoner van die Bloemfontein-konsentrasiekamp, van hulle dogtertjie se geboorte vertel,[77] terwyl F.N. Joubert, ’n krygsgevangene in die Diyatalawa-kamp, trots aan sy vrou geskryf het dat hy tot hutkaptein verkies is en dat hy vier krygsgevangenes op parool kon uitvat.[78]

Briewe het ook oor die alledaagse gehandel, soos aktiwiteite in die kampe,[79] die jonges se belangstelling in die teenoorgestelde geslag,[80] verlowings[81] en troues.[82] Hulle het ook oor wewenaars “geskinder” wat kort ná hulle vroue se dood weer vrou begin soek

---

75 OM, Bloemfontein, 5747/3: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, 15 Oct. 1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/18: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 25 Feb. 1902; OM, Bloemfontein, 4663/122: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, St. Helena, den 3 Febriari 1901; OM, Bloemfontein, 4150/68: Brief van K. Diedericks aan Roelof P. Diedericks, Refugee Camp, Springfontein, 28 May 1901; OM, Bloemfontein, 5690/92: Brief van J.C. Erasmus aan E.P. Erasmus, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 17/10/1901.

76 OM, Bloemfontein, 5592/11: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 10de Oct 1901.

77 OM, Bloemfontein, 5747/2: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp Bloemvontyn, Sipt.12 1901.

78 OM, Bloemfontein, 4305/53: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Diyatalawa, Ceylon, 19.1.1902.

79 OM, Bloemfontein, 6344/56: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 4th Jan. 1902; OM, Bloemfontein, 6344/57: Brief van L. Theron aan haar broer, Women’s Camp, Ladysmith, 18 Febr. 1902; OM, Bloemfontein, 2040/6: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 67, Krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, Oct 17th 1901; OM, Bloemfontein, 3688/4: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins Eiland, Den 28/6/02; OM, Bloemfontein, 3688/3: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 2/10/1901 ; OM, Bloemfontein, 4305/77: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt Kamp 1, Tent 5, 12.1.1901.

80 OM, Bloemfontein, 4150/41: Brief van K. Diedericks aan A. en R. Diedericks, Morija, 26ste Maart 1902: OM, Bloemfontein, 2040/2: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 69, Diyatalawa Camp, Ceylon, April 9th 1902; OM, Bloemfontein, 2040/4: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut no 67, Krygsgevangene Kamp, Diyatalawa. 17.11.1901.

81 OM, Bloemfontein, 5848/31: Brief van M. Brink aan Maria, Howick. Dec 1ste 1901; OM, Bloemfontein, 2040/2: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 69, Diyatalawa Camp. Ceylon. 9th April 1902.

82 OM, Bloemfontein, 5747/4: Brief van M. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Bloemfontein 10/10/1901; OM, Bloemfontein, 4150/34: Brief van K. Diedericks aan A. Diedericks, Morija 16.12.01; OM, Bloemfontein, 4663/50: Brief van C.E.M. Erasmus aan P.A. Venter, Rustplaats 18 Mei 1900.

het,[83] sommige gevangenes se onverskillige lewenswyse[84] en Boeremeisies wat met Engelse uitgegaan het.[85] Sommige kampbriewe het dikwels min “nuus” bevat, maar het uitdrukking aan die skrywers se hartseer en verlange weens die skeiding van hulle geliefdes gegee.[86]

Laastens was ’n groot deel van die brief se inhoud ’n getuienis van die skrywer se geloof in God en op hierdie wyse is geliefdes wedersyds bemoedig en onderskraag.[87]

Terwyl briewe die enigste kommunikasiemiddel was, het foto’s vanselfsprekend baie gehelp om tyd en afstand te oorbrug en waarskynlik herinneringe te vestig.

5.5.2 ’n “Onthou-my-foto” in die pos

Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes het so ver moontlik foto’s van hulleself laat neem en dit aan hulle geliefdes gestuur.[88] Dit was vir beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners belangrik om ’n foto te ontvang, aangesien foto’s hulle eie verhaal vertel.[89] Oor die belangrikheid van foto’s skryf Lettie

---

83 OM, Bloemfontein, 4150/65: Brief van K. Diedericks aan A. en R. Diedericks, Springfontein 6.10.01; OM, Bloemfontein, 5592/13: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 2 den Nov. 1901.

84 OM, Bloemfontein, 5592/19: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 1ste Mei 1902; OM, Bloemfontein, 5747/5: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, de 17de (Oktober 1901); OM, Bloemfontein, 5592/6: Brief van G. du Toit aan sy broer, hut 13, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 20 Junie 1902; OM, Bloemfontein, 5747/15: Brief van W.F. Pretorius aan J.L. Pretorius, Revugee Kamp, Kimberley, den 18 february 1902.

85 OM, Bloemfontein, 6344/59: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, May 7th 1902.

86 Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/22: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, April 1902; OM, Bloemfontein, 1371/9: Brief van G.D. Schoombee aan D.E. Potgieter, Bellary, de 3 Janiearie 1902.

87 H. Dampier, “Women’s testimonies of the concentration camps of the South African War ...”, p. 194. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747/21: Brief van M. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Camp, Bloemfontein, 2/5/1902; OM, Bloemfontein, 4305/30: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Stoom skip “City of Cambridge”, 5.5.1901; OM, Bloemfontein, 6344/51: Brief van Gerty aan Lottie, Refugee Camp, Winburg, Sep. 4 1901; OM, Bloemfontein, 4663/124: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Bavarian, 23ste Janiari 1901; OM, Bloemfontein, 3688/7: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, Krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 24/3/1902; OM, Bloemfontein, 5592/15: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 3de Feb. 1902; OM, Bloemfontein, 3688/5: Brief van P. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Shahjahanpur, 4 October 1902, Indië.

88 OM, Bloemfontein, 4663/53: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 07/06/1900; OM, Bloemfontein, 4663/143: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groenpunt, 12 Juni 1900; OM, Bloemfontein, 2040/4: Brief van C. E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut No 67, Krygsgevangene Kamp, Diyatalawa, 17/11/1901; OM, Bloemfontein, 3688/7: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 24/3/1902.

89 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 75.

Diedericks aan haar broer dat sy weet wat die waarde van ’n foto is as mens so lank van jou geliefdes geskei is.[90] Opvallend is dat Lettie by gebrek aan ’n onlangse foto, ’n ou foto aan haar broer stuur – waarskynlik sodat hy hulle sal onthou en dat dit die familieband kan help versterk. Haar doel met ’n meer onlangse foto was ook moontlik om hom gerus te stel dat dit nog goed gaan met hulle. Waar ’n brief nie noodwendig die volle waarheid vertel het nie, kon ’n foto dit wel doen, en so die realiteit van inkerkering effe draagliker maak.[91]

Foto’s het die oorlogskampbewoners gehelp om tyd en afstand te oorbrug en waarskynlik herinneringe te vestig. Hulle het die foto’s sorgvuldig gebêre en herhaalde kere daarna gekyk.[92] Wanneer die verlange na dierbares te erg geword het, is die foto’s weer uitgehaal.[93] Die afstand en die lang tyd van mekaar verwyderd, het vergetelheid gebring en ’n foto het gehelp om dié ontwrigting van gesinsbande teë te werk. A. Dippenaar het sy suster versoek om tog ’n foto van hulle broer Schalk aan hom te stuur omdat hy hom nie meer so goed kon onthou nie.[94]

Foto’s was dus net soos die ontvangs van briewe baie belangrik vir beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners, aangesien die foto’s – net soos die briewe – die familiebande versterk het. Pretorius skryf aan haar man dat naas die kinders, die foto van hom die grootste skat is wat sy besit.[95]

5.6 “... letters are a great deal to us in this time of separation…”[96]

Die hoogtepunt van ’n gevangene se dag in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe was die ontvangs van ’n brief. Op posdag het die kampbewoners na die uitdeelpunt gestroom in die hoop en verwagting om ’n brief van ’n geliefde te

---

90 OM, Bloemfontein, 4150/7: Brief van L. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Moria, 22 Maart 1902.

91 OM, Bloemfontein, 4663/41: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 6/7/1900. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344/57: Brief van L. Theron aan haar broer, Women’s Camp, Ladysmith, 18 Feb. 1902.

92 OM, Bloemfontein, 4305/46: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Diyatalawa, Hut 67, 18.9.1901.

93 OM, Bloemfontein, 4305/33: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Hut 67, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 3.1.1902.

94 OM, Bloemfontein, 3688/9: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins eiland, Den 18de/4/02.

95 OM, Bloemfontein, 5747/3: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, 15 Oct. 1901.

96 OM, Bloemfontein, 6344/25: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, 16th Feb. 1902.

ontvang.[97] In die meeste krygsgevangenekampe is die briewe, nadat die sensors daarmee klaar was, gesorteer en alfabeties gerangskik. Daarna het die posmeester of 'n assistent, staande op 'n hoë voorwerp soos 'n kis of klip, die name alfabeties uitgelees.[98] In 'n kamp soos Diyatalawa wat sowat 4 735 gevangenes gehad het, het die krygsgevangenes so voor die poskantoorvenster saamgedrom dat dié reëling verander is. 'n Naamlys van diegene wat pos ontvang het, is op die bord opgeplak waarna die hutkapteins die gevangenes se briewe gaan afhaal en uitgedeel het.[99]

Vir beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners was die ontvangs van 'n brief baie belangrik. Vanuit die Kroonstad-konsentrasiekamp skryf Lottie Rossouw aan haar niggie, Lottie Theron van Harrismith, dat sy gedink het dat die familie in hierdie tyd ten minste een keer 'n week aan hulle sal skryf. Sy beklemtoon verder dat hulle deur vreemdelinge omring word en dat briewe vir hulle tydens die tyd van skeiding baie sal beteken.[100] Volgens Joubert, 'n krygsgevangene in Diyatalawa, was die aangenaamste ding van die kamplewe om 'n brief van sy vrou te ontvang en die tweede aangenaamste ding was om 'n brief aan haar te pos.[101]

Hoe belangrik die ontvangs van briewe inderdaad was, blyk uit die feit dat die gevangenes omtrent van hulle pos boekgehou het. Die gevangenes, en veral die krygsgevangenes, het gewoonlik aangetoon hoeveel briewe hulle reeds geskryf het,[102]

---

97 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23. Vergelyk J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 130.

98 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 64. Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., pp. 270, 351; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 74; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 51.

99 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 130.

100 OM, Bloemfontein, 6344/25: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, 16th Feb. 1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344: Brief van L. Rossouw aan Oomie, Refugee Camp, Kroonstad, 15 Oct. 1901.

101 OM, Bloemfontein, 4305/73: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groen Punt, Kamp 1, Tent 191, 17.12.00.

102 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick. Op 5 Februarie 1902 skryf hy dat hy al 46 briewe aan sy vrou geskryf het. Vergelyk OM, Bloemfontein, 2040/7: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 67, Krygsgevangenen-Kamp, Diyatalawa, Aug. 28th 1901; OM, Bloemfontein, 3688/15: Brief van M. van der Merwe aan sy pa, Diytalawa Kamp, 16.10.1901; OM, Bloemfontein, 1371/19: Brief van G.D. Schoombee aan D.E. Potgieter, Bellary, ten 23 Agistis 1901.

hoeveel briewe hulle reeds ontvang het,[103] wanneer laas hulle ’n brief ontvang het[104] en hoe lank dit ’n brief neem om hulle te bereik.[105] Sommige gevangenes het versoek dat soveel as moontlik familie- en gesinslede moet skryf om sodoende te verseker dat hulle altyd ’n brief of twee sal ontvang. F.P. Venter het byvoorbeeld sy vrou versoek om hulle ouers, broers en susters aan te sê om te skryf:[106]

> *... als er misschien tegenspoed kom met een brief dan kom de ander toch deur ons verlang viel om tÿding, laat mÿne dierbare kinderen elk voor mÿ een streepje Trek op een stukje pappier en voor mÿ stuur.*

Die kampbewoners se verlange na nuus van geliefdes en die Oorlog het ná verloop van tyd toegeneem en die ontvangs van ’n brief was ’n belangrike bron van onderskraging in die tyd van smart en lyding. Briewe is met groot blydskap en dankbaarheid ontvang. Alie Badenhorst skryf met groot vreugde in haar dagboek:[107]

> *My hart was oorlopend van blydskap dat ek tog weer ’n brief gekry het; hy leef nog en is gesond*

---

103 OM, Bloemfontein, 3688/9: Brief van A.J.C. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins eiland, Den 18de/4/02. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4305/73: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groen Punt, Kamp 1, Tent 191, 17.12.00; OM, Bloemfontein, 5747/16: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemvonteyn, 1902 Febrieary 14; OM, Bloemfontein, 4150/11: Brief van K. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Haltwhistle, 1ste Maart 1901.

104 OM, Bloemfontein, 4305/52: Brief van F.N. Joubert aan sy ouers, “Convalescent Hosp.” Hut 67, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 2 Dec. 1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5592/19: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 1ste Mei 1902; OM, Bloemfontein, 4663/22: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter , Bethulie camp, April 1902; OM, Bloemfontein, 6344/9: Brief van Charlie aan sy ma, Sea Point, Nov 9th 1900; OM, Bloemfontein, 6344/25: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, 16th Feb 1902; OM, Bloemfontein, 4150/68: Brief van K. Diedericks aan Roelof P. Diedericks, Refugee Camp, Springfontein, 28 May 1901.

105 OM, Bloemfontein, 5690/92: Brief van J.C. Erasmus aan E.P. Erasmus, Hut 56, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 17/10/1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5592/18: Brief van M. du Toit aan haar man, Aliwals Kamp, 16den Maart 1902; OM, Bloemfontein, 6344/48: Brief van H.A. Roux aan ds. Theron, Hut 69, Diyatalawa Kamp, Ceylon, 8 Junie 1901; OM, Bloemfontein, 3667/4: Brief van M.C. de Jager aan Jiems De Jager, Bethulie Refugee camp, 13 Mij 1902; OM, Bloemfontein, 4150/65: Brief van K. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Springfontein, 6.10.1901.

106 VAB, Bloemfontein, A-261: Dagboek en briewe van F.P. Venter: Brief van F.P. Venter aan sy vrou, Diyatalawa Kamp, Ceylon. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3688/8: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins Eiland, Bermuda, Den 16/2 1902.

107 A. Badenhorst, *Tant Alie van Tranvaal* ..., p. 89. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/4: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 14 Mei 1902; OM, Bloemfontein, 4663/121: Brief van P.A. Venter aan C.M. Erasmus, St. Helena, Broad Bottom Camp, 2 December 1901; OM, Bloemfontein, 6900/12: Brief van Ollie aan Wifie, Diyatalawa Camp, 7th April 1902; OM, Bloemfontein, 5592/13: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 2den Nov. 1901.

Die ontvangs van briewe het ’n belangrike rol in die verbetering van die gevangenes se gemoedstoestand gespeel. Sommige gevangenes het veral die vergelyking “*dit is ver my zoo een druppel water op een dorstig ziel”* gebruik.[108] C. Schabort skryf dat ’n brief van sy vrou omtrent al was wat hom geestelik opgebeur het[109] en ná die ontvangs van veertien briewe en ’n foto skryf hy: “... ik gevoel net pureman van avond.”[110]

Selfs al het die briewe die kamp omtrent in rou gedompel, het die krygsgevangenes, volgens J.N. Brink, daarna uitgesien soos ’n dorstige in die woestyn na water.[111]

Maande sonder enige nuus van familie- en gesinslede het ’n traumatiese effek op beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners se lewens gehad.

5.7 Lyding as gevolg van ’n gebrek aan nuus

Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampinwoners het dikwels oor die posdienste gekla. Volgens D.W. Steyn was die een saak wat hulle lewe in die krygsgevangenekampe ondraaglik gemaak het die min briewe wat hulle van geliefdes ontvang het.[112] ’n Posdag wat geen brief gebring het nie, het die oorlogkampbewoners teleurgesteld gelaat en vrees het ontstaan dat hulle geliefdes nie meer leef nie.[113]

Posstukke is lank vertraag, aangesien posroetes deur die Oorlog ontwrig is.[114] Hierdie ontwrigting het ’n groot impak op die inwoners gehad, aangesien pos bykans die enigste kanaal van kommunikasie tussen gesinslede, familie en vriende was.

---

108 OM, Bloemfontein, 4663/80: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Rustplaats, 25/5/1900. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344/12: Vrou aan haar man, Bethlehem, Zondag, 1900; VAB, Bloemfontein, A-261: Dagboek en briewe van F.P. Venter: Brief van F.P. Venter aan sy vrou, Diÿatalawa Kamp, 14/3/1901.

109 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 23.

110 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 107. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6900/2: Brief van Ollie aan Wifie, Diyatalawa Camp, 2nd June 1901.

111 J.N. Brink, *Oorlog en ballingskap*, p. 181.

112 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23.

113 OM, Bloemfontein, 4663/45: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein 29/6/1900. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/121: Brief van P.A. Venter aan C.M. Erasmus, St. Helena, Broad Bottom Camp, 2 December 1901; OM, Bloemfontein, 3688/9: Brief van A.J.G. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hawkins eiland, Den 18 de/4/02; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 12.

114 J. Groenewald, “’n Wêreld van filatelie in een oorlog”, G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 127.

Briewe het by poskantore opgehoop terwyl die sensors dit nagegaan het. In Diyatalawa is die pos byvoorbeeld eers vier tot vyf weke nadat dit in die kamp aangekom het, uitgedeel. Gevolglik het generaal Paul Roux 'n brief aan goewerneur Ridgeway gerig om te hoor of die uitdeel van die pos bespoedig kon word, aangesien die gevangenes die spannende afwagting onuithoudbaar gevind het.[115] A.A. Smit het gevoel dat die hardvogtige vyand op dié wyse die gevangenes en hulle geliefdes onnodig gekasty het.[116]

Gevangenes het dus dikwels vir maande op briewe van geliefdes gewag[117] Op 11 Julie 1901 skryf C.P. Pretorius dat hy elf maande en elf dae laas 'n brief van sy vrou gehad het.[118] Die opeenhoping van briewe het tot gevolg gehad dat 'n gevangene vier of vyf briewe gelyktydig ontvang het. Alhoewel die oorlogskampinwoners die briewe met groot blydskap ontvang het, was die nuus reeds verouderd en selfs onakkuraat.[119]

Dit het soms gebeur dat die briewe nie op die bestemde tyd uitgedeel is nie. Dit het die bekommerde krygsgevangenes ontevrede en verbitterd gelaat. Erg ontsteld skryf T. Brain, 'n krygsgevangene op Bermuda, in sy dagboek:[120]

> *Still no letters that were promised for this afternoon. Prisoners of War ofcourse are not beings with longing feelings for news from home. O Mighty English.*

Hierdie gebrek aan nuus het beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners laat voel asof hulle van alle bronne van inligting afgesny was.[121]

---

115 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 255.
116 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 190.
117 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 15, 23, 40. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 103, 154.
118 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 107.
119 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 50, 154. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 15, 19, 23; OM, Bloemfontein, 2040/1: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 67, Diyatalawa Kamp, Ceylon, 5/8/01.
120 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 18.
121 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 37.

Dit het ook ’n bron van angs, spanning en terneergedruktheid geword.[122]

Die gevangenes het nie net verlangend na nuus van geliefdes uitgesien nie. Nuus oor die verloop van die Oorlog is ook in spanning afgewag.

5.8 Koerante as nuusdraers buite heinings en mure

Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het berigte oor die Oorlog – hoe skraal ook al – steeds in spanning afgewag. Met die koms van nuwe gevangenes, het die inwoners van Deadwood wel periodiek ’n bietjie nuus ontvang. Dit was egter reeds verouderd en J. Teengs skryf in sy dagboek dat hulle enige iets sou wou gee om die ware stand van sake in hulle land te weet.[123] Akkurate en betroubare nuus oor die oorlogsgebeure en die verloop van die Oorlog was egter skaars, aangesien koerante wat die Britse regering vyandiggesind was nie in die kampe toegelaat is nie.[124]

In Bermuda is die *Times of London*, die *Fortnightly Review* en die *Nineteenth Century* toegelaat. Die *Daily News* was egter verbode leesstof, aangesien W.T. Stead die redakteur van die koerant was.[125] In Ceylon is *Reynolds Newspaper*, *Truth* en *Review of Reviews* die krygsgevangenes ontsê. Slegs die vier dagblaaie wat in Ceylon uitgegee is – *The Standard*, *The Independent*, *The Observer* en *The Times of Ceylon* – en ’n paar Britse koerante is in die kampe toegelaat.[126] Op St. Helena en in die Groenpunt-krygsgevangenekamp het die krygsgevangenes die *Cape Times* te lese gekry.[127] Tuis is

---

122 Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 97; OM, Bloemfontein, 5747/2: Brief van G. Pretorius aan J.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemvontyn, Sipt. 12 1901; OM, Bloemfontein, 6765/3: Brief van J. Boshoff aan F.P. Pieterse, Shahjahanpur, 1st. April 1902; Brief van C.F. Rademan aan sy suster, Greenpoint, 30 sten Jan 1901 (Brief in besit van prof. en me. S.A Strauss).

123 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 94.

124 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 15; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128.

125 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 190.

126 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 76.

127 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 175; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 3. Vergelyk H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 68, 70, 79.

The Star en *The Transvaal Advertiser* uitgegee.[128] In die Merebank-konsentrasiekamp het die inwoners skynbaar soms *The Natal Mercury* onder oë gekry.[129]

Hoewel slegs drie vroue in hulle dagboeke na koerante verwys het, kan aanvaar word dat die vroue ook probeer het om op dié wyse nuus van die Oorlog te kry.[130] Die vroue is egter blootgestel aan Britse propaganda en die korrektheid van die berigte kon eers bepaal word wanneer hulle nuus van die Boerekommando's gekry het.[131]

Die koerante wat dus wel in die kampe toegelaat is, was baie eensydig in hulle verslaggewing. J.N. Brink het hierdie eensydige verslaggewing oor die verloop van die Oorlog en die koerante se pogings om al die ellende en euwels van die konsentrasiekampe goed te praat as 'n skreiende onreg teenoor die krygsgevangenes gesien.[132] Benewens die eensydige verslaggewing het die berigte ook van foute gewemel. In die koerant *The Independent* het daar 'n berig verskyn wat oor die Boerevegters gehandel het wat die Oranjerivier oorgesteek het. Dit het onder die opskrif *The invasion of Natal* verskyn. In *The Times of Ceylon* het daar sewe foute in 'n berig oor die Boerekrygsgevangenes voorgekom.[133] Die krygsgevangenes het, wanneer hulle 'n berig oor Suid-Afrikaanse aangeleenthede wat van 'n baie sensasionele opskrif voorsien is gelees het, hulle eers vergewis of dit nie net 'n advertensie van *Dr Paarsche Pillen voor Bleeke Menschen* was nie.[134]

Die krygsgevangenes het bogenoemde koerante wat in die kampe toegelaat is as "doorspekte jingo bladen" beskou.[135] Volgens Charles von Maltitz was die *Cape Times* seker die langste "Jingo blad" wat gedruk is.[136] Die krygsgevangenes het vinnig besef dat die verslaggewing in bogenoemde koerante eensydig en onbetroubaar was. Hugo

---

128 P. Marais, *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1999), p. 37.
129 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 92.
130 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., pp. 82, 87, 94, 97. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* pp. 76, 90-92; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 14.
131 P. Marais, *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 37.
132 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 76. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 96.
133 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 76.
134 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 77.
135 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), pp. 174-175.
136 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 3.

van Niekerk het dadelik die naam van die *Cape Times* na die *Cape Lies* verander.[137] In die Merebank-konsentrasiekamp het Miem Fischer sarkasties na die "seer waarheidliewende Engelse koerantjies" verwys.[138] Die krygsgevangenes het geglo dat die Engelse hulle moedswillig van leuens voorsien het[139] en dat die doel van die eensydige verslaggewing was om hulle moedeloos te maak.[140]

Die gebrek aan betroubare nuus het tot gevolg gehad dat die gevangenes, net soos met die briewe, die reëls probeer omseil het. Die krygsgevangenes het wel nou en dan op een of ander manier van die verbode koerante in die hande gekry.[141] Volgens C.P. Pretorius wat in die Diyatalawa-krygsgevangenekamp aangehou is, het sommige wagte koerante in die kamp ingesmokkel.[142] Cornelis Schabort skryf dat hy dit nooit gewaag het om 'n koerant in die kamp in te smokkel nie, maar hy het wel wanneer hy op parool uitgegaan het, koerante by 'n sekere persoon gekry. Hy het vervolgens die hele dag koerant gelees en wanneer hy laatmiddag na die kamp teruggekeer het, het hy die koerante aan die persoon terugbesorg.[143] Koerante wat wel ingesmokkel is, het die rondte onder die krygsgevangenes gedoen om betroubare nuus en 'n ongesensorde weergawe van die oorlogsgebeure te verkry.[144]

Die gebrek aan betroubare nuus het beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners laat glo dat dit met die Boere in die Oorlog goed gaan. T. Brain het hierdie kwessie met majoor Elkington van Hawkins-eiland opgeneem en hom daarop gewys dat die weerhouding van nuus die krygsgevangenes laat glo het dat die Boere se saak goed is.[145] De Graaf skryf in sy dagboek dat die krygsgevangenes soos drenkelinge was wat aan 'n strooihalm vasgegryp het deurdat hulle uit elke berig of gebeurtenis iets goeds vir hulleself probeer haal het. Die vervanging op St. Helena van

---

137 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 68, 70, 79.
138 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 96.
139 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 42-43.
140 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 153.
141 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128. Vergelyk S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 110; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 129, 139, 153, 155; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 300. Volgens Fick het ds. Postma 'n koerant in die Diyatalawa- krygsgevangenekamp ingebring.
142 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 52.
143 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 99, 114. Vergelyk S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 172.
144 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128.
145 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 41.

die ou afdeling soldate met ’n nuwe afdeling wat hoofsaaklik uit “kinders” bestaan het, het die krygsgevangenes laat glo dat Engeland se weerbare manne uitgeput is.[146]

Hierdie sienswyse het ook vir die vroue gegeld. Volgens Rensche van der Walt was hulle op pad om pos te gaan haal toe daar ’n stukkie uit ’n Britse koerant aan hulle voorgelees is. Die berig het oor sekere Boereleiers gehandel en sy het dit vertolk as dat dit goed sou gaan met president Steyn, generaals Botha en De Wet en kommandant Haasbroek.[147]

Hierdie ingesteldheid van die gevangenes om uit elke berig iets goeds vir hulself te probeer haal, was ’n belangrike oorlewingsmeganisme wat tot die welsyn en innerlike krag van beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners meegewerk het.

5.9 Kabelgramme en gerugte

Verskeie kabelgramme het die gevangenes bereik.[148] Dit was egter moeilik om tussen waarheid en leuen te onderskei.[149] Dikwels het kabelgramme die gemoedere van die krygsgevangenes in beroering gebring. Wanneer die kabelgram iets goeds aan Boerekant meld, het hulle die berig in geheel geglo, maar as die nuus ongunstig was, het hulle die hele berig as leuens afgemaak.[150] Van Rooyen skryf in sy herinneringe dat die kampowerhede ’n groot kennisgewingbord by die hek van die Trichinopoly-krygsgevangenekamp aangebring het en, skryf hy, “Daarop word dan alles wat die vyand wil kwyt wees aan ons opgedis.”[151] Hiervolgens is generaal De Wet, in die kort tydjie wat Van Rooyen gedurende 1902 in die kamp was, reeds 41 keer gevang.[152]

---

146 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 99. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 168.

147 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 14.

148 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 72. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 27.

149 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 13, 15. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 72.

150 Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 27.

151 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, Model-Drukkers, 1962), p. 37.

152 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië* ..., p. 37.

Van die gerugte het soos volg gelui: Roberts het met 30 000 man oorgegee;[153] Roberts is gevang. French is dood en Buller is gewond;[154] Generaal De Wet is dood en president Kruger is gevang.[155] Frankryk, Duitsland en Holland het Brittanje vyftien dae tyd gegee om sy troepe aan Transvaal en die Oranje-Vrystaat te onttrek[156] en êrens by Klipstapel was daar 'n geveg waar die Boere 'n paar kanonne by die Engelse sou afgeneem het.[157]

Die krygsgevangenes in Indië het dié nuus "papierbomme" genoem en het hulle later nie daaraan gesteur of dit geglo nie.[158] Rocco de Villiers, 'n krygsgevangene in Bermuda, het hom soos volg in sy dagboek daaroor uitgelaat:[159]

> *Over oorlogzaken valt er veel te zeggen mits men geloof of eenige waarde hecht aan de 'pannekoek praatjes' die gedurig in omloop zijn, doch daar die gewoonlijk zoo uitlopend zijn heeft de ondervinding geleerd, dat dezelve voor meerendeel totaal ongegrond zijn en uit de vingers gezogen worden. Van die soort nieuws wordt derhalve ook maar min notitie genomen.*

Die inkerkering van duisende burgerlikes en krygsgevangenes in talle kampe in Suid-Afrika en in die buiteland het tot die skeiding van familie- en gesinslede gelei. Nóg die krygsgevangenes nóg die konsentrasiekampbewoners was immuun teen die stres van skeiding, maar hulle het oor die vermoë beskik om by die moeilike omstandighede en trauma aan te pas. Hulle het "teruggespring" en deur briefwisseling en die stuur van foto's die trauma van skeiding probeer beveg en kontak probeer behou.

---

153 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 18.
154 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 15.
155 OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 2.
156 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 119.
157 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 96.
158 H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië* ..., p. 37.
159 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 71. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 94.

5.10 Samevatting

Die inkerkering van duisende burgerlikes en krygsgevangenes in verskillende kampe in Suid-Afrika en in sommige Britse kolonies oorsee het die bittere skeiding van gesinslede, familielede en vriende tot gevolg gehad. ’n Belangrike ooreenkoms is dat die skeiding van geliefdes ’n traumatiese effek op die lewe van die gevangenes, wat meestal voor die Oorlog in hegte gesinsverband geleef het, gehad het. Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het hierdie gedwonge skeiding as een van die moeilikste aspekte van hulle ingekerkerde gemeenskapslewe uitgewys, maar was opvallend nie daardeur lamgelê nie. Albei die groepe het met merkwaardige veerkragtigheid in reaksie op dié traumatiese gebeurtenis vorendag gekom en maniere gevind om die stresvolle gevolge van hulle skeiding van geliefdes te hanteer. Hulle het hulle tot briefwisseling en die stuur van foto’s gewend as die enigste manier om nuus te kry en kontak met geliefdes te behou. Reëls en sensors is op vindingryke maniere omseil om nuus van geliefdes en die Oorlog in en uit die kampe te smokkel. Afgesien van geloof, was die ontvangs van briewe van familie- en gesinslede die grootste bron van ondersteunende bemoediging vir die kampbewoners in die traumatiese oorlogsjare en tyd van hulle lewens. Hierteenoor was die gebrek aan nuus ’n teelaarde vir spanning, angs en terneergedruktheid.

In Hoofstuk Ses word die uiters streng veiligheidsmaatreëls rakende die krygsgevangene- en konsentrasiekampe aangebied, gevolg deur die bespreking van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se dryfvere tot waaghalsige ontsnappingspogings. In dié hoofstuk word die klem geplaas op die gevangenes se gees van verset en die talle ontsnappings vanaf skepe en vanuit die kampe as wyse van oorlewing.

Hoofstuk 6: Waaghalsige ontsnappings uit krygsgevangene- en konsentrasiekampe

6.1 Inleiding

Verhale van krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners wat hulle lewe op die spel geplaas het om uit aanhouding te ontsnap, is steeds wêreldwyd aangrypende leesstof. Oor dié onderwerp het 'n magdom boeke sedert die Eerste en Tweede Wêreldoorlog verskyn.[1] Ontsnappingsverhale van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog is tans egter grootliks vergete, maar dit bly steeds aangrypend as leesstof, veral teen die agtergrond van die impak van inkerkering op die kampbewoners.

Sommige konsentrasiekampgevangenes, asook sommige krygsgevangenes kon hulle glad nie met die isolasie, verlies aan vryheid en die omstandighede in die kampe versoen nie. Hierdie gevangenes het as deel van 'n wyse van oorlewing tydens aanhouding en ander ingekerkerde omstandighede, ten spyte van uiters streng veiligheidsmaatreëls en groot lewensgevaar, dikwels waagmoed aan die dag gelê en uit aanhouding probeer ontsnap.[2]

In hierdie hoofstuk word daar na die streng veiligheidsmaatreëls by beide die krygsgevangene- en konsentrasiekampe gekyk, gevolg deur 'n bespreking van die moontlike beweegredes vir die talle ontsnappingspogings. Die leser kry verder inligting

---

1 J. Nichol & T. Rennell*, The last escape: The untold story of Allied prisoners of war in Germany 1944-1945* (London, Vicking, 2003); M. Felton, *Zero night: The untold story of the Second World War's most daring great escape* (London, Icon Books, 2014); J. Cook, *The real great escape: The story of the First World War's most daring mass breakout* (Sydney, Random House, 2014); T. Barris, *The great escape: A Canadian story* (Toronto, Dundurn Press, 2013).

2 H. de Graaf, *Boere op St. Helena* {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950), pp. 86-87; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003), p. 111; L.A. Changuion, "Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* jg. 10, nr. 2, November 1996, pp. 60-61, 68; R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 64; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010), p. 150; H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou! In die skaduwee van die galg* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1940), p. 184.

oor ontsnappings en ontsnappingspogings wat ’n weerspieëling is van dié gevangenes se gees van verset en hulle verlange na vryheid. Nie net suksesvolle ontsnappings sal aandag geniet nie, maar ook dié wat misluk het, aangesien laasgenoemde ook ’n gees van verset, ’n wyse van oorlewing, waagmoed en dapperheid weerspieël. Die omvang van die ontsnappingspogings was groter as wat algemeen bekend is. Daar gaan dus slegs oorsigtelik na sommige ontsnappingspogings vanaf skepe en vanuit oorlogskampe gekyk word.

Dit blyk dat ontsnappings uit die krygsgevangene- en konsentrasiekampe in verskeie opsigte ooreenkomste toon, maar daar is ook belangrike verskille. Dit sal duidelik uitgewys word.

6.2 Veiligheidsmaatreëls by die krygsgevangene- en konsentrasiekampe

6.2.1 Krygsgevangenekampe – veiligheidsmaatreëls: Veelvuldig en deeglik

Die Britse militêre owerheid het tydens die Anglo-Boereoorlog alles in hulle vermoë gedoen om ontsnappings deur krygsgevangenes en hulle heraansluiting by Boeremagte te verhoed. Die aantal ontsnappingspogings vanuit die kampe by Groenpunt, Simonstad, Umbilo en Ladysmith het daarop gedui dat dié kampe ’n veiligheidsrisiko ingehou het. Gevolglik is duisende krygsgevangenes na militêre kampe en poste – wat tot aanhoudingsplekke vir die krygsgevangenes omskep is – op die Bermuda-eilandgroep, Ceylon, St. Helena en in Indië gestuur.[3]

Die veiligheidsmaatreëls om enige ontsnappings uit die krygsgevangenekampe te verhoed was veelvuldig, uitgebreid en goed.[4] Daar is gewoonlik tweemaal per dag rolle sing of appèl (“roll call”) gehou waartydens die gevangenes ook getel is om te bepaal of

---

3 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p. 5; F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, Struik, 1998), p. 50; S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat,1975), p. 11; A. Blake, *Ontsnap! Boerekrygsgevangenes se strewe na vryheid* (Kaapstad, Tafelberg, 2015), p. 170-171.

4 L.A. Changuion, “Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, pp. 60-61; R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war 1900 to 1902: Their postal history* (Chester, Anglo-Boer War Philatelic Society, n.d.), p. 2.6.

hulle steeds voltallig was.[5] Die krygsgevangenekampe was deeglik omhein.[6] So, byvoorbeeld, was die Groenpunt-kamp, volgens Hugo van Niekerk, met twee en op sommige plekke met drie doringdrade omhein. Die gebied tussen die twee heinings het as die doodsakker ("dead space" oftewel "doodenlijn") bekend gestaan. Indien 'n gevangene laasgenoemde ruimte betree het, het hy gevaar geloop om summier doodgeskiet te word. Selfs net 'n aanraking van die binneste draad kon 'n doodskoot tot gevolg gehad het. Gewapende soldate het rondom die kamp op sestien houtplatvorms gestaan en oor die gevangenes waggehou, terwyl ander die kamp dag en nag te voet gepatrolleer het[7] (kyk Foto 6-1).

Foto 6-1: OM, Bloemfontein, 02092: Krygsgevangenes agter doringdraad in die Deadwood-kamp op St. Helena.

---

5 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, p. 64. Vergelyk Oorlogsmuseum (OM), Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 15; OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling, p. 5.

6 L.A. Changuion, "Die organisasie van die Boerekrygsgevangekampe in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog", F. Pretorius (red.)*, 'n Oorlog om by stil te staan: Die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Pretoria, S.A. Scientific Publications, 1999), pp. 319-320. Vergelyk H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972) p. 46; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", pp. 127-129.

7 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 46. Vergelyk S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 105; J.H. Rathbone, *The Anglo-Boer War 1899-1902: Philately of the Boer and British prisoner of war camps in South Africa and of the burgher camps* (Manchester, s.n., n.d.), p. 21; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 15; L.A. Changuion, "Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, pp. 60-61. Burger en Rathbone dui onderskeidelik twintig en agtien skildwagte aan.

By die Diyatalawa-kamp was daar nog ’n bykomende veiligheidsmaatreël: ’n diep sloot het reg rondom die kamp geloop. Wit vlae op die heuwels was ’n aanduiding dat alles in orde was in die kamp. Rooi vlae het die plaaslike inwoners gewaarsku om bedag te wees op ontsnapte krygsgevangenes.[8] Oor laasgenoemde skryf J. de Villiers in sy herinneringskrif:[9]

> *Dit was op die helder middag dat daar rooi vlaë gehys word aan die lang pale rondom die kamp. Die koelies [sic] hol rond nes honde wat spoor soek, want die rooi vlaë is die sein dat een of meer van die prisoniers uit die kamp vermis word, en daar is ’n beloning van 50 rupees uitgeloof aan die gelukkige persoon wat hulle kan opspoor en terug bring.*

Nie net was ontsnapping uit die streng bewaakte kampe moeilik nie, maar enige ontsnapte sou moeilik lede van die plaaslike bevolking kon ontglip.

In Ragama was die veiligheidsmaatreëls nog meer uitgebreid. Benewens die gewone doringdraadomheining het ’n addisionele netwerk van draad, ongeveer 1,8 meter hoog, die kamp omring. Hieraan is, as ’n verdere voorsorgmaatreël, ’n elektriese alarm geïnstalleer. Die dun koperdraad van die alarm was met die ander drade van die netwerk vervleg. Die alarm het met die geringste aanraking van die draad in al die waghuise afgegaan.[10] Dié vindingryke elektriese alarm was P.T. MacNamara, assistent-superintendent van Ceylon, se brein- en handewerk. MacNamara is later na Indië gestuur om oor die kampe daar se veiligheidsmaatreëls toesig te hou.[11]

---

8 R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war 1900-1902: Their postal history* (Chester, Anglo-Boer War Philatelic Society, n.d.), p. 2.6; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), p. 122. Vergelyk S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, p. 145; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*, p. 34; E. Wessels, e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 246-247; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 15; R.L. Brohier, “The Boer prisoner of war in Ceylon (1900-1902*)”, Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon*, vol. xxxvi, no. 1, July 1946, pp. 1-6.

9 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, pp. 17-18.

10 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 194; R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war* ..., p. 2.8; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 294.

11 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 193-194; R. Stroud, *Ceylon: The camps for Boer prisoners of war* ..., p. 2.8; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 294.

Verder is lede van die plaaslike bevolking in Ceylon, Indië en Bermuda ’n beloning aangebied vir enige inligting wat tot die inhegtenisname van ’n ontsnapte krygsgevangene kon lei.[12]

Die Britse owerheid wou met dié streng veiligheidsmaatreëls enige ontsnappings en moontlike (her)aansluiting by ’n Boerekommando verhoed. Die Britse owerheid het grootliks in hulle doel geslaag, maar daar was tog ’n klein groepie gevangenes wat hulle nie met hulle lot kon versoen nie en niks sou hulle keer om weer hulle vryheid te verkry nie.

Bogenoemde oogmerke het ook vir die konsentrasiekampbewoners gegeld. Streng veiligheidsmaatreëls is ingestel om ontsnappings te voorkom.

6.2.2 Konsentrasiekampe – omhein met ’n dubbele doringdraad

In hulle herinneringe en dagboeke het die konsentrasiekampbewoners min geskryf oor die veiligheidsmaatreëls wat in die kampe gegeld het. Die waarskynlike rede hiervoor is moontlik dat hulle lyding ten opsigte van verlies aan eiendom, gesondheid, lewe en menswaardigheid veel erger was en daarom het hulle eerder oor dié lyding as die veiligheidsmaatreëls geskryf.

Die veiligheidsmaatreëls om ontsnappings uit die konsentrasiekampe te verhoed, was nie so uitgebreid en deeglik soos dié van die krygsgevangenekampe nie. Sommige konsentrasiekampe was omhein en ander is slegs deur wagte bewaak.[13] Die volgende kampe was wel deeglik omhein: Barberton,[14] Heilbron,[15] Vredefortweg,[16] Irene,[17]

---

12 Vergelyk OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, pp. 17-18; H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië in 1902*, (Senekal, Model-Drukkers, 1962), p. 21; C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, 4th ed. (Bermuda, The Island Press, 2006) p. 37.

13 S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War 1899-1902* (London, Longman, 1980), p. 171.

14 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 47.

15 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 111.

16 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), herinneringe van ’n Vrystaatse meisie en ’n Engelse dame, pp. 299, 301; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 313; British concentration camps of the South African War 1900-1902, www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/.

17 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., skrywe van me. Bodde, p. 219.

Ladysmith,[18] Aliwal-Noord,[19] Kimberley,[20] Port Elizabeth,[21] Vryburg,[22] Standerton,[23] Volksrust,[24] Mafeking,[25] Harrismith[26] en Winburg.[27] Die konsentrasiekampe by Standerton en Mafeking,[28] asook Volksrust[29] was byvoorbeeld met ’n dubbele doringdraad omhein en die inwoners is nie toegelaat om die kamp tussen sesuur die aand en sesuur die oggend te verlaat of binne te kom nie. Oor die veiligheidsmaatreëls by die Volksrust-konsentrasiekamp skryf ’n inwoner dat die kamp met doringdraad omhein was en dat die een enkele uitgang dag en nag deur soldate bewaak is.[30] Me Roux skryf dat die konsentrasiekamp op die tentoonstellingsterrein in Winburg met sink – sewe tot agt voet hoog – omhein was. Niemand kon dus oor dié heining kyk nie en hulle is glad nie toegelaat om die kamp te verlaat nie.[31] In ’n verslag oor die kamp op die Winburg-tentoonstellingsterrein, word me Roux se mededelinge bevestig. Die dame skryf in die verslag:[32]

> *Hierdie was egte prisoniers, omring deur ’n hoë sinkomheining en dag en nag deur gewapende wagte bewaak. Die hutte of afdakke was dig opmekaar en ’n mens kon net die blou lug sien.*

Volgens De Jager, ’n gevangene in die Winburg-konsentrasiekamp, is die vroue gedreig as hulle te naby aan die omheining gekom het. Hulle moes ’n pas hê as hulle die kamp wou verlaat en die hek is deur wagte, wat met gevelde bajonette waggestaan het,

---

18 British concentration camps of the South African War 1900-1902: www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/
19 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 42.
20 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 146.
21 British concentration camps of the South African War 1900-1902, www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 272.
22 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 320.
23 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 295.
24 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 306; British concentration camps of the South African War 1900-1902, www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/
25 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 230.
26 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., brief van predikant se vrou, p. 362.
27 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., skrywes van me. Roux en ’n onbekende dame, pp. 304, 307.
28 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 78.
29 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 306.
30 E. Neethling, *Mag ons vergeet*? (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), ’n beskrywing van die konsentrasiekamp op Volksrust deur ’n anonieme inwoner, p. 176.
31 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., skrywe van me. Roux, p. 304.
32 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., verslag van ’n anonieme dame, p. 307.

bewaak.[33] Die Aliwal-Noord-konsentrasiekamp[34] was ook baie deeglik omhein en die Vredefortweg-konsentrasiekamp was met verskeie drade omhein en deur militêre wagposte bewaak.[35]

Konsentrasiekampe wat nie met doringdraad omhein was nie, is wel deur wagte bewaak. Die Nylstroom-konsentrasiekamp was nie omhein nie, maar die kampowerhede het ses Zoeloes aangestel om die kamp te bewaak.[36] Die Balmoral- en Belfast-konsentrasiekampe was nie omhein nie, maar die kamp en die gebied daaromheen is egter vanuit blokhuise bewaak.[37]

Die krygsgevangenes is dus onder streng en uitgebreide veiligheidsmaatreëls aangehou om ontsnappings, aansluiting by kommando's en die heropneem van wapens te verhoed.[38] Wat die konsentrasiekampe betref, het die Britse militêre owerheid verskeie redes aangevoer waarom die vroue en kinders in kampe aangehou is waar streng veiligheidsmaatreëls gegeld het. Dit is aan die konsentrasiekampbewoners voorgehou dat die kampe opgerig is om hulle – die inwoners – teen die vyand te beskerm.[39] In die Kimberley-konsentrasiekamp is aangevoer dat die omheining van die kamp noodsaaklik was om die kampadministrasie te vergemaklik.[40] J.C. Otto voer aan dat verskeie mense gedink het dat die omheinings rondom die konsentrasiekampe uitsluitlik bedoel was om burgers en selfs Boerekommando's se binnekoms in die kampe te verhoed, maar dit was egter gou duidelik dat die omheinings ontsnappings van kampbewoners moes verhoed.[41] Otto wys ook verder daarop dat lede van die opposisie in die Britse Laerhuis spottenderwys op dié teenstrydigheid gewys het,

---

33 OM, Bloemfontein, 6214/1: Herinneringe van M.A. de Jager, pp. 41, 43, 50.

34 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 78; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 42. Volgens Raath is die kamp met veertien drade omhein en is nog verder deur wagte bewaak.

35 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 313; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 78.

36 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 257; J.C. Otto, *Die konsentasiekampe*, pp. 78-79.

37 British concentration camps of the South African War 1900-1902: www.lib.uct.ac.za/mss/bccd/

38 F. Jacobs, "Krygsgevangenekampe: "Die persepsie en die werklikheid", E. Wessels e. a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., pp. 22-23; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 12.

39 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., herinneringe van J.P. Wapenaar, p. 101; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 47.

40 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 146; E. Hobhouse, *The brunt of the war and where it fell* (London, Methuen, 1902), p. 148; J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, pp. 77-78.

41 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 78.

naamlik dat nie-vegtendes na kampe vir beskerming geneem is en dan in omheinde kampe geplaas is om ontsnappings te voorkom.[42] Die noodlottige ontsnappingspoging van Harmpie Coetsee is ’n bewys van hoe lewensgevaarlik dit vir kampbewoners was om te probeer ontsnap.[43]

Bogenoemde veiligheidsmaatreëls het beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes laat besef dat enige ontsnappingspoging lewensgevaarlik was. Daar was immers weinig of geen kans op enige sukses in hierdie verband nie. Die vraag wat onwillekeurig by ’n mens opkom, is: Wat het enkele kampbewoners dan tog gedryf om lewensgevaarlike en bykans onmoontlike ontsnappingspogings aan te pak sonder enige versekering van sukses?

6.3 Beweegredes vir ontsnappings

6.3.1 Gevangenes terdeë bewus van die gevare

Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het besef dat ontsnapping in die meerderheid gevalle ’n onbegonne taak was, dat dit gevaarlik was en selfs tot die dood kon lei.

De Villiers skryf in sy boek oor sy suksesvolle ontsnapping uit die Trichinopoly-krygsgevangenekamp dat ’n ontsnappingspoging uit hierdie kamp groot gevare ingehou het, aangesien die kamp met ’n dubbele doringdraad omhein was en die gebied tussen die twee drade met doringtakke en turksvybosse gevul was.[44]

Ruijssenaers, ’n krygsgevangene op St. Helena, het kommandant Eloff, ’n kleinseun van president Kruger, se ontsnappingspoging van St. Helena af as waaghalsig, gevaarlik en kinderagtig beskryf. Hy was verder van mening dat die plan van die begin af tot mislukking gedoem was weens die onuitvoerbaarheid daarvan.[45] Die nag nadat

---

42 J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe*, p. 79.

43 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902: ’n Gedenkboek* (Bloemfontein, Dreyer-uitgewers, 1982), herinneringe van P.J. Fourie, p. 9.

44 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte: Verhaal van een merkwaardige ontsnapping van een Boer uit Engelsch-Indië* (Amsterdam, Höveker & Wormser, 1903), p. 18.

45 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O.Ferreira}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), pp. 158-159.

Eloff na die Deadwood-krygsgevangenekamp teruggebring is, het Ruijssenaers en ’n paar medekrygsgevangenes ’n groot donkie op sy tent geteken om die spot met sy gevaarlike en onbesonne ontsnappingspoging te dryf.[46]

Ook die konsentrasiekampbewoners het besef dat enige ontsnappingspoging lewensgevaarlik was, maar tog het sommige steeds planne beraam om uit die kamp “weg te loop”. Volgens Bettie Grobbelaar het hulle – ’n klompie vroue – beplan om een nag met donkermaan stilletjies tussen die blokhuise deur te loop, maar Mieta Rheeder het geweier om aan die plan mee te doen. Sy het aangevoer dat dit te gevaarlik was en dat die Engelse hulle sou skiet.[47]

Ten spyte van al die veiligheidsmaatreëls en die gevare verbonde aan ontsnapping het drie-en-veertig vroue en agt-en-veertig kinders uit die konsentrasiekampe ontsnap.[48] E. Wessels toon aan dat daar een-en-twintig pogings was om uit die krygsgevangenekampe op Ceylon te ontsnap, waarvan net een suksesvol was.[49] Volgens R.L. Brohier, die Ceylonse historikus, was vanuit die Diyatalawa-krygsgevangenekamp op Ceylon twee-en-twintig pogings om te ontsnap.[50]

Die oorlogskampbewoners was dus bewus van die lewensgevaar wat enige ontsnappingpoging vir hulle ingehou het. Die vraag wat onwillekeurig ontstaan, is wat sommige oorlogskampbewoners desnieteenstaande daartoe gedryf het om des ondanks die hindernisse uit kampe te probeer ontsnap en sodoende hulle eie en selfs hulle kinders se lewens in gevaar te stel.

6.3.2 Dryfvere vir ontsnappings

Redes vir ontsnappingspogings is selde gegee, aangesien net enkele oorlogskampbewoners self hulle ontsnappings of ontsnappingspogings beskryf het.

---

46 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 159.
47 Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 60.
48 S.B. Spies, “Women and the War”, P. Warwick & S.B. Spies (eds.), *The South African War: The Anglo-Boer War* ..., p. 171.
49 E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 290.
50 R.L. Brohier, “The Boer prisoner-of-war in Ceylon (1900-1902): vi: The guards of the Boer camps, and escapees”, *Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon*, vol. xxxvii, no. 4, April 1947, pp. 101-120.

Indien 'n krygsgevangene[51] of konsentrasiekampbewoner[52] wel oor hulle ontsnappings geskryf het, het hulle die klem op hulle planne en op die ontsnapping laat val en nie op die beweegredes vir hulle ontsnappingspogings nie.

Uit die enkele redes wat wel in sommige herinneringe en dagboeke genoem word, blyk dit dat die onvermoë om by die lewenswyse en omstandighede in die kampe aan te pas een van die belangrikste redes vir die ontsnappingspogings was. Die ingekerkerde lewe was vir sommige krygsgevangenes van die begin af ondraaglik.[53] S.P.R. Oosthuizen wys ook daarop dat die krygsgevangenes se aanpassingsvermoë by die omstandighede en lewe in die kampe van deurslaggewende belang vir 'n lewe van inkerkering was.[54] Willie Steyn, wat vanaf die boot in Colombo ontsnap het, is 'n voorbeeld van 'n krygsgevangene wat nie by die omstandighede en leefwyse in die krygsgevangenekampe kon aanpas nie. Steyn skryf: "Ik hield my steeds onledig met plannen te beramen om te ontsnappen."[55] Johnnie de Villiers skryf ook dat die burgers ná 'n paar maande in die Trichinopoly-krygsgevangenekamp planne begin beraam het om uit die gehate gevangenskap met al sy onaangenaamhede te ontsnap.[56] De Villiers skryf dat veral die gedagte aan die naderende somer, die hitte, die stofstorms en die onaangenaamhede van 'n ingekerkerde gemeenskapslewe vir hom die dryfveer geword het om te ontsnap.[57] Vir Smorenburg, wat vanaf St. Helena probeer ontsnap het, was die slepende ure onuithoudbaar en hy skryf: "Time dragged and the idle life of a prisoner of war did not suit me."[58] Sommige krygsgevangenes het uit die kampe in Suid-Afrika probeer ontvlug uit vrees vir verbanning na oorsese kampe. George Robertson

---

51 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* ..., pp. 18-93.

52 H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou!* ..., pp. 184-219.

53 L.A. Changuion, "Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, p. 68.

54 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 192. Hierdie feit is ook waar vir die konsentrasiekampbewoners.

55 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 225.

56 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* ..., p. 18. Vergelyk C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*, p. 15; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), p. 51.

57 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* ..., p. 24.

58 J.C.G. Kupferman, *The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg,* Christiaan de Wet-annale nr. 6 {versorg deur C. de Jong}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1984), p. 111.

en sy vriende het byvoorbeeld nie kans gesien om na St. Helena te gaan nie.[59]

Net soos die krygsgevangenes, kon sommige konsentrasiekampbewoners glad nie by die omstandighede en lewe van inkerkering aanpas nie. Bettie Boschoff is deur 'n Britse kommandant beveel om in die kamp by Heilbron, wat met doringdraadversperring omhein was, te bly en op bestemde tye by die magistraat aan te meld. Boshoff kon egter nie aanpas nie en sy meld in haar herinneringe dat sy vir maande die gedagte gehad het "Ek gaan ontsnap" – hierdie gedagte het nooit uit haar gedagtes gewyk nie.[60] Sarah Raal wat op 'n stadium in die Springfontein-konsentrasiekamp aangehou is, kon glad nie die lewe en omstandighede tydens aanhouding verduur nie. Sy skryf in haar boek oor haar ervarings gedurende die Anglo-Boereoorlog:[61]

> *Intussen het ek al die lewe in die kamp goed gadegeslaan, maar dit was my te magtig. Ek besef dat ek dit nooit sal uithou nie; die ellende is te onbeskryflik. Die sterfte en siekte onder die mense, en die vreeslike ontberings wat hulle moet deurmaak, sou my mal of dood maak.*

Sommige gevangenes kon gewoon net nie hierdie traumatiese gebeure hanteer nie en hulle sou ter wille van oorlewing konstruktiewe planne maak om daaraan te ontkom.

Verder was daar ook heelwat krygsgevangenes wie se einddoel dit was om weer by die Boeremagte aan te sluit en die oorlog voort te sit. Charles von Maltitz en Piet Möller, wat uit die Trichinopoly-krygsgevangenekamp probeer ontsnap het, het generaal Wolff, stafoffisier Murray, majoor Ivatt en kaptein Maxwell meegedeel dat hulle na Afrika wou terugkeer om weer in die Oorlog te gaan veg.[62] Daar was ook enkele konsentrasiekampbewoners wat net soos die krygsgevangenes wou ontsnap om in die Oorlog diens te gaan lewer. Hendrina Rabie-Van der Merwe, wat in die Port Elizabeth-

---

59 P.J. Nienaber, "Hoe krygsgevangenes ontsnap het", *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, p. 11.

60 VAB, Bloemfontein, A-119.27: Brief, gedateer 9.7.1950, wat herinneringe van B. Boschoff bevat.

61 S. Raal*, Met die Boere in die veld: Die ervarings van die skryfster* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), p. 36. Vir soortgelyke dryfvere wat tot ontsnappingspogings gelei het, vergelyk A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 156, 239; E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., beëdigde verklaring deur P.J. van Staden, p. 343.

62 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 161.

konsentrasiekamp aangehou is, het saam met Hannie Marais beplan om te ontsnap om gewondes te gaan verpleeg.[63]

Hierdie dryfvere het sommige gevangenes met waaghalsige en vindingryke planne vorendag laat kom om die Britse militêre owerheid te uitoorlê.

6.4 Waaghalsige ontsnappings

Alhoewel ontsnappings nie gereeld voorgekom het nie, was daar tog sekere gevangenes wat net nie kans gesien het om vir ’n onbepaalde aantal maande en selfs jare tussen “vier mure” aangehou te word nie – gevolglik is pogings aangewend om te ontsnap. Enkele van hierdie ontsnappingspogings gaan vervolgens bespreek word. Die gevangenes het egter nie almal om dieselfde redes of op dieselfde wyse probeer ontsnap nie. Sommige gevangenes sou op die ingewing van die oomblik, sodra die geleentheid hom voordoen, probeer ontsnap, terwyl ander alle denkbare moontlikhede ondersoek en hulle ontsnappingspogings deeglik beplan het.[64]

Dit moet net weer beklemtoon word dat al die ontsnappings waaghalsig was, aangesien so ’n gevangene sy of haar lewe op die spel geplaas het – nie net om deur die wagte doodgeskiet te word nie, maar ook om ander gevare te trotseer, soos om onder andere in die see te swem wat van haaie gewemel het of ’n tonnel te grawe wat op die gevangenes kon instort.[65] Dit wil dus blyk dat individuele belewenisse van om geestelik en fisies gegrendel te wees in ’n beperkte ruimte wel persone gedruk het om drastiese besluite te neem om uit ’n staat van inkerkering te kom, ongeag die gevolge.

6.4.1 Ontsnappings uit die konsentrasiekampe

Ná die toepassing van ’n verskroeideaardebeleid deur die Engelse, was daar vir die oorgrote meerderheid vroue, kinders en bejaardes geen ander heenkome as die kampe nie. Tog was daar sommige gevangenes wat nie ’n ingekerkerde gemeenskapslewe

---

63 H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou!* ..., pp. 184-185.

64 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 384.

65 J.G. Boje, “Winburg’s war : An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district” (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), pp. 258-259; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 60; J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* , p. 18; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 87.

kon hanteer nie. Hierdie gevangenes het as ’n poging tot oorlewing uit aanhouding probeer ontsnap.

Die maklikste en algemeenste manier om uit die konsentrasiekampe te ontsnap, was om wettig uit te gaan en vervolgens te probeer om die wagte af te skud. So, byvoorbeeld, het me. Cornelius en haar vriendin, Anna van der Hoven, besluit om weens hulle swak omstandighede uit die Klerksdorp-konsentrasiekamp “weg te loop.” Hulle het daarin geslaag om onder toesig die kamp te verlaat en ná ’n rukkie die wagte af te skud. Hulle het voorgegee dat hulle hout op die rantjie bymekaar sou maak, maar toe die ander houtsoekers na die kamp terugkeer, het die twee agtergebly. Al vlugtend het hulle ook ander vroue teëgekom om uiteindelik ’n groepie van sewe vroue en vier kinders uit te maak. Na ’n tyd het dié groepie die huis van me. Le Roux wat Britsgesind was, bereik. Die vroue het aanvanklik met die werker gepraat. Met die opwagting van twee wagte het Cornelius saam met die werker by die agterdeur ingespring terwyl die res van die groepie deur die wagte gevange geneem is. Die huismense was nie bereid om Cornelius tot hulp te wees nie. Sy het ewe gedweë teruggeloop kamp toe, waar sy die ander vroue en kinders by die hek aangetref het. Hulle het elfuur die nag voor die magistraat verskyn. Hulle is tot sewe dae tronkstraf gevonnis en is ná hulle vonnisuitdiening na die Merebank-konsentrasiekamp oorgeplaas.[66]

Die ontsnapping van kinders uit die konsentrasiekampe was nie ’n seldsame verskynsel nie. Van die seuns het by die kommando’s aangesluit, maar ander is vinnig weer gevang. Volgens me. Els het haar broertjie uit die Vredefortweg-konsentrasiekamp ontsnap. Hy is ná twee dae gevang, teruggeneem kamp toe en is vir agt dae in die strafkamp toegeluit.[67]

Enkele ontsnappings het met hulp van buite geskied. Jan Botha het nie op hom laat wag nie en het sy vrou persoonlik uit die Kroonstad-konsentrasiekamp gaan haal. Een nag het Botha en sy agterryer in die amper droë bedding van die Valsrivier tot by die

---

66 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 156-157.

67 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 317-318. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), pp. 53, 55; M.A. Fischer, *Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman’s Vlei te Ermelo op 31ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964), pp. 21, 23.

kamp gery. Die agterryer het die perde opgepas terwyl Botha teen die wal uitgeklim, deur die draadheining gekruip en tussen die wagte deurgesluip het. Hy het sy vrou gekry, teruggesluip en die perde weer veilig bereik. Mevrou Botha het die res van die oorlog saam met haar man op kommando deurgemaak.[68]

Vanselfsprekend was daar ook noodlottige ontsnappings. Volgens P.J. Fourie is sy speelmaat, Harmpie Coetsee, tydens ’n ontsnappingspoging buite die Bethulie-konsentrasiekamp doodgeskiet. Met die oorplasing van die Rooibultkamp na die Moerasvlakte is ’n groot stuk veld aan die oostekant of bergkant van die kamp geskoffel. Ses Tommies het dag en nag by dié veld waggestaan. Gedurende die nag is die stuk veld verlig en die kampbewoners is verbied om daaroor te beweeg. Een nag het Adriaan Dippenaar in die kamp ingesluip en by die Coetsee-familie gekuier. Hulle het besluit dat die Coetsees die volgende nag uit die kamp sou wegloop, waarna hulle deur burgers na veiligheid geneem sou word. Soos afgespreek, het die Coetsees die volgende nag uit die kamp ontsnap en oor die verbode grasstrook beweeg. Die soldate het op hulle geskiet. Levina Coetsee en haar dogters het platgeval, maar Harmpie het bly staan en sy arms in die lug gesteek. Hy is raakgeskiet en is drie dae later oorlede.[69]

Aangevuur deur die begeerte om vry te wees, het Bettie Boschoff ’n oorspronklike en vindingryke plan beraam om uit die Heilbron-konsentrasiekamp te ontsnap. Sy was ook een van die weinige vroue wat suksesvol in haar ontsnappingspoging was. Boshoff, die vrou van veldkornet Boshoff, het hulle bywoner se saak in Heilbron gaan bepleit waarop sy deur die Britse offisier beveel is om in die dorp te bly en haar op bepaalde tye by die magistraat aan te meld. Heilbron was met doringdraadversperrings omhein. Net aan die buitekant van die versperrings is ’n swart vlugtelingkamp opgerig. Vanuit haar blyplek kon Boshoff sien hoe swart vroue deur ’n hek verby die wagte stap om na die dorp toe te kom. Nadat sy hulle lank dopgehou het, het sy besluit om te ontsnap. Sy het dieselfde ontsnappingstrategie as die krygsgevangene Johnnie de Villiers gevolg – sy het haar soos ’n swart vrou vermom. Boshoff het haar kind op haar rug vasgemaak, haar bondeltjie klere in ’n doek op haar kop gedra en ’n bruin tafeldoek om haar lyf

---

68 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., vertelling deur C.C.B. Lochner, p. 28.

69 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van P.J. Fourie, p. 9.

gebind. Sy het saam met ’n paar swart vroue na die hek gestap. Die soldate het haar vir ’n swart vrou aangesien en laat deurstap. Uit vrees dat die wagte haar sou sien, het sy in ’n sloot in die rigting van Vegkop gestap. Dit was winter en fyn sneeuhael het geval. Sy het die nag in skanse by die koppie deurgebring. Gelukkig het burgers die volgende oggend daar verbygery, haar gevind en Bettie Boshoff het haar vryheid herwin.[70]

Ná Sarah Raal se gevangeneming is sy weens verskeie oortredinge tot veertien dae tronkstraf of veertien dae arbeid – sy moes die wagte in die kamp se wasgoed was – gevonnis. Raal het besluit dat die enigste manier om hierdie straf vry te spring, was om uit die Springfontein-konsentrasiekamp weg te loop. Sy het haar twee vriendinne voortdurend op die onhoudbare kamplewe, die treurige behandeling en swak kos gewys en hulle op hierdie wyse omgehaal om saam met haar te ontsnap. Die drie meisies het ’n pas bekom om hout in die berg te gaan haal. Die oomblik toe hulle oor die tweede bult was, het die meisies hulle sakke en byle neergegooi en na die rantjie begin hardloop. Die Boere het die meisies teen die rant uitgehelp en op die aankomende Engelse geskiet. Hulle het die hele nag oor slote en rante tot op die plaas Ribboksfontein gevlug waar die Van Heerdens hulle versorg het. Raal en Jacobs het daarna by hulle broers op kommando aangesluit, terwyl Van Schalkwyk agtergebly het.[71]

Hendrina Rabie-Van der Merwe was een van die konsentrasiekampbewoners wat vasbeslote was om te ontsnap. Sy het vir Hannie Marais, wat baie opstandig oor hulle gevangenskap was, genader om saam met haar uit die Port Elizabeth-konsentrasiekamp te ontsnap om by die Boerekommando uit te kom. Hierdie ontsnappingspoging het egter misluk. Hierdie mislukte poging was egter nie die einde van Hendrina se begeerte om vry te wees en gewondes te gaan verpleeg nie. Sy het gevoel dat sy reeds soveel deurgemaak het dat sy net sowel nog een maal kon probeer om die vyand te ontduik.[72] Die twee vroue se tweede ontsnappingpoging sou per trein plaasvind. Van der Merwe het haar soos ’n dogtertjie aangetrek waarna die twee vroue naweek-reiskaartjies na Uitenhage gekoop het. Op Uitenhage het Van der Merwe

---

70 VAB, Bloemfontein, A-119.27: Brief, gedateer 9.7.1950, wat herinneringe van B. Boschoff bevat.
71 S. Raal, *Met die Boere in die veld* ..., pp. 38-41.
72 H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou!* ..., pp. 184-219.

spesiale vergunning gekry om na Graaff-Reinet te reis nadat sy voorgegee het dat sy na haar niggie se troue gaan en dat sy die strooimeisie is. Die vroue het Graaff-Reinet veilig bereik, maar is daar gevange geneem nadat iemand in die Port Elizabeth-konsentrasiekamp hulle verraai het.[73]

Talle konsentrasiekampbewoners het hulle nooit met hulle lot versoen nie. Die nie-huislike, en, dikwels haglike omstandighede in die kampe, en ’n verlies van vryheid het ’n motivering vir ontsnappingspogings geword.

Dieselfde gees van verset en ’n versugting na vryheid het ook onder die krygsgevangenes posgevat. Die krygsgevangenes sou, net soos die konsentrasiekampbewoners, ten spyte van groot lewensgevaar, groot waagmoed aan die dag lê deur te probeer ontsnap.

6.4.2 Ontsnappings uit die krygsgevangekampe

Onsekerheid oor wat die toekoms vir hulle mag inhou, onaanpasbaarheid by ’n ingekerkerde gemeenskapslewe, die moontlikheid om na ’n oorsese kamp gestuur te word, en die versugting om weer by die kommando’s uit te kom en vir die onafhanklikheid van hulle land te veg het sommige krygsgevangenes selfs meer vasberade gemaak om te probeer ontsnap.

Tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog het sommige krygsgevangenes, ten spyte van lewensgevaar, baie durf aan die dag gelê en probeer ontsnap. In teenstelling met die konsentrasiekampbewoners wat in die algemeen net uit die kampe “weggeloop” het, het die krygsgevangenes verskeie metodes beproef om te ontsnap en baie waaghalsige en vindingryke planne gesmee. Soos in die geval van die konsentrasiekampbewoners, was weinig van die ontsnappingspogings egter suksesvol.

6.4.2.1 Ontsnappings uit kampe in Suid-Afrika

Van die begin af sou sommige gevangenes daartoe gedwing voel om van die frustrasie en ellende van inkerkering bevry te word. Weens die deeglike en streng veiligheidsmaatreëls in die krygsgevangenekampe was een van die aangewese

[73] H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou!* ..., pp. 184-219.

ontsnappingsmetodes die grawe van tonnels. Volgens Willie van den Berg het hy en elf ander krygsgevangenes in die Simonstad-krygsgevangenekamp besluit om ’n tonnel vanuit ’n gemakhuisie (toilet) te grawe, aangesien hulle die hele nag toegang tot die toilet gehad het en dat dié plan die minste agterdog sou wek. Die groepie krygsgevangenes het die toiletemmer geskuif en met tafelmesse en blikborde die tonnel begin grawe. Die krysgevangenes het met kouse en sakdoeke die sand weggedra en dit tussen die tente in die kamp gestrooi. Hulle het drie volle nagte gewerk en elke oggend met ligdag is die tonnelbek met ’n plank bedek, grond daaroor gestrooi en die emmer weer op sy plek teruggesit. Op die vierde dag van hulle werksaamhede het die krygsgevangenes kennis ontvang dat hulle oor twee dae na St. Helena sou vertrek. Hierdie nuus het hulle gedwing om ook gedurende die dag te werk, wat uiters onaangenaam en gevaarlik was, aangesien hulle die tonnelbek met die plank en die toiletemmer moes bedek. Beide lig en lug het ontbreek en die hitte was bykans ondraaglik. Dié nag het hulle die laaste 4,5 meter gegrawe en die sand op die toiletvloer uitgegooi. Tot hulle groot verligting het die Engelse offisiere niks verdag tydens inspeksie opgemerk nie. Die gevangenes is om tienuur getel waarna hulle onmiddellik sou ontsnap.[74] Kort na die bestemde tyd het ’n groepie soldate na die kamp teruggekeer en die hond wat saam met hulle geloop het, het die tonnelopening buite die kamp ontdek en dit begin oopgrawe. Die tonnel is ontdek en die krygsgevangenes se ontsnappingsplan is gefnuik.[75]

Volgens Ruijssenaers, wat onder andere in die Simonstad-krygsgevangenekamp aangehou is, is die tente van offisiere naby aan die kampomheining opgeslaan. ’n Klompie krygsgevangenes – meestal Skandinawiërs onder toesig van baron Fägerskjöld – het dadelik begin om vanuit een van dié tente ’n tonnel te grawe. Hulle het slegs in die nag gewerk en die grond is tydens hulle swemsessies in die see gegooi. Na ’n maand was die tonnel van 25,5 meter lank gereed en die tonnelgrawers het besluit om die aand al die ander krygsgevangenes in die kamp in hulle vertroue te neem en almal wat wou, kon saam ontsnap. Die tonnelgrawers is egter verraai en die middag

---

74 P.J. Nienaber, “Hoe krygsgevangenes ontsnap het”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, p. 11.

75 P.J. Nienaber, “Hoe krygsgevangenes ontsnap het”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, p. 11; H.H. van Niekerk*, Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 74.

voor die ontsnapping is al die tente geïnspekteer en verder van die kampheining af opgeslaan.[76]

Talle krygsgevangenes het tonnels gegrawe en op dié wyse probeer ontsnap.[77] Op 24 Januarie 1901 meld Charles von Maltitz in sy dagboek dat die sesde tonnel in die Groenpunt-krygsgevangenekamp gevind is. Die tonnelgrawers se sukses was egter beperk, aangesien daar heelwat verraaiers en spioene in eie geledere was.[78]

Die begeerte om te ontsnap het die krygsgevangenes aangespoor om ander maniere van ontsnapping te ondersoek. Willie Steyn, een van die vyf swemmers, het op 'n dag gemerk – nadat 'n derde poging om 'n tonnel te grawe misluk het – dat die buitenste heining van sinkplaatstroke op 'n sekere plek oor 'n holte in die grond gespan was. Die holte onder die heining was met klippe toegepak, maar as die klippe verwyder sou word, sou die opening groot genoeg wees vir 'n persoon om deur te kruip.[79] Willie Steyn het die opening aan Piet Botha en Tielie Roos gaan wys en glo gesê: "Ons het gevroetel soos springhase, en daar oorkant is al die tyd 'n hek."[80] Hulle grootste probleem was egter om oor die *dodenlijn* te beweeg om die klippe onder die buitenste draad weg te rol. Die drie maats het deur die lot vir Tielie Roos aangewys om die klippe weg te rol.[81] Tielie het sy taak suksesvol voltooi, maar sy makkers die slegte nuus meegedeel dat die opening steeds deur twee drade wat daaroor gespan was, versper is. Die krygsgevangenes was egter vasbeslote om met hulle plan deur te druk. Weer het hulle geloot en Willie Steyn is aangewys om met 'n juweliersvyltjie die twee drade deur te vyl. Uiteindelik, na baie gesukkel, het die twee drade gebreek. Die krygsgevangenes het egter besef dat dit te laat was om te ontsnap. Daar was nie meer mense in die

---

76 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 97-98. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 16; H.H. van Niekerk*, Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 53.

77 S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, pp. 112-113; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 71. Op p. 70 van sy dagboek het Teengs 'n kaart geteken van die Simonstad-krygsgevangenekamp en daarop het hy aangetoon van waar die tonnel gegrawe is; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 6.

78 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 66.

79 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers: Die ontsnapping van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes uit Ceylon 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1988), p. 51; L.A. Visagie, *Terug na kommando: Avonture van Willie Steyn en vier ander krygsgevangenes* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1932), p. 50.

80 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., p. 51.

81 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., p. 52; L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 50-51. Volgens Visagie het die drie krygsgevangenes 'n ene Van Aswegen ook in hulle vertroue geneem en die lot het op Van Aswegen geval.

straat tussen wie hulle net sou kon verdwyn nie. Die volgende dag het hulle die opening elke oomblik dopgehou om te sien of die Engelse dit moontlik sou ontdek. Die aand is daar weer geloot en Tielie Roos is aangewys om die ontsnapping te lei. Hy het versigtig deur die eerste draadheining geklim en oor die *dodenlijn* gekruip. Een van die wagte het sy kop gedraai en stip in Tielie se rigting gekyk. Hy het dadelik teruggekruip na sy maats toe. Ná beraadslaging is daar besluit om met die ontsnapping voort te gaan. Hulle sou al drie saamgaan. Net toe Steyn deur die eerste doringdraad wou klim, het ’n Britse offisier en ’n aantal manskappe opgedaag. Steyn se ontsnappingspoging het weer eens as gevolg van verraad skipbreuk gely.[82]

Mislukte ontsnappingspogings was nie die einde van sommige krygsgevangenes se begeerte om te ontsnap nie. So byvoorbeeld het George Robertson en sy vriende herhaalde pogings aangewend om te ontsnap. Nadat die tonnel wat deur hulle gegrawe is deur ’n hond ontdek is, het hulle besluit om daardie selfde aand te ontsnap omdat hulle nie na St. Helena wou gaan nie.[83] Gert Jooste het die ontsnapping aanskou en hy vertel hoe Willie van den Berg en George Robertson op ’n Vrydagaand, 6 April 1900, na die binnedraad van hulle kamp gestap het. Van den Berg het oor die binnedraad van ongeveer 0,9 meter hoog geklim en op sy maag oor die *dodelijn* na die buitenste omheining geseil. Terwyl Charlie Smit die een wag met allerhande praatjies oor die Oorlog besig gehou het, het Van den Berg met ’n haarskêrtjie ’n gat van ongeveer 0,9 meter breed en vyf-en-veertig sentimeter hoog in die ogiesdraad geknip. Willie het die ogiesdraad boontoe gebuig en ’n grondseiltjie oor die onderste doringdraad gegooi sodat sy maats die gat in die draad kon sien. Daarna het hy na sy tent teruggekeer, nog ’n seiltjie gekry wat hy oor sy skouers gegooi het en weer doodluiters deur die drade geklim en na vryheid ontsnap. Hy is vinnig deur George Robertson en Keppel de Meillion gevolg. Dit het nie lank geduur voor ses-en-twintig ander krygsgevangenes ook ontsnap het nie. Twee (waarskynlik Britse) vroue het van die krygsgevangenes gesien en die Engelse dadelik daarvan in kennis gestel. Veertien van die ontsnaptes is weer

---

82 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., pp. 53-55; L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 51-54.
83 P.J. Nienaber, “Hoe krygsgevangenes ontsnap het”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, p. 11.

gevange geneem.[84]

Twee Skandinawiese krygsgevangenes, Johanson en Pietersson, het op ’n vindingryke wyse uit die Bellevue-krygsgevangenekamp ontsnap. Die krygsgevangenes kon in die middae in die see gaan swem waar hulle deur soldate opgepas en deur draad afgekamp is. Wanneer ’n gevangene beplan het om te ontsnap, het ’n klompie van sy vriende naby ’n wag gaan sit en ’n gat in die sand met hulle voete gemaak. Later het die gevangene wat wou ontsnap tussen hulle kom val en tussen die gestoeiery en gespelery deur is die gevangene met sand toegegooi. Die begraafde gevangene het gewoonlik ’n rietjie in sy mond gehou wat bo die sand uitgesteek het. Nadat almal na die kamp teruggekeer het, het die begraafde gevangene ’n ruk gewag; onder die sand uitgekruip en strand langs ontsnap.[85]

Die krygsgevangenes wat enigiets sou doen om weer vryheid te smaak, was dapper en onverskrokke. Die meeste van hulle se einddoel was om weer by die Boerekommando’s aan te sluit om vir die onafhanklikheid van hul land voort te veg, ander sou uit Suid-Afrikaanse kampe probeer ontsnap uit vrees vir internering in onbekende oorsese kampe, terwyl ander gewoon van die frustrasies en ellende van inkerkering bevry wou word. Hulle kon hulle nie met ’n staat van inkerkering versoen nie en het ten spyte van streng veiligheidsmaatreëls ter wille van oorlewing probeer ontsnap.

6.4.2.2 Ontsnappings vanaf Britse gevangenisskepe

Die pogings om hul vryheid te herwin het selfs aan boord van gevangenis- en transportskepe plaasgevind. Een van die eerste ontsnappings het reeds so vroeg as 19 Desember 1899 vanaf die transportskip, die *Penelope*, plaasgevind.[86] Britse wagte het diens op skepe gedoen, maar hulle was daarvan oortuig dat die Boere swak swemmers

---

84 G.H. Jooste, “Byna dertig ontsnap”, *Die Brandwag*, 10 Mei 1946, p. 19; D.J. du Toit, “Mededelings van ’n gewese Boerekrygsgevangene -1: Wil julle Boere sien wegloop?”, *Die Huisgenoot*, 22 Maart 1946, p. 38; P.J. Nienaber, “Hoe krygsgevangenes ontsnap het”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, p. 11.

85 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 17-18; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 72; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 53-54; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 98-99. Volgens Ruijssenaers het daar vyf Skandinawiërs op dié wyse ontsnap en hulle het, volgens hom, ’n dun sakdoek oor hul gesig gesit om die sand uit hul oë en neus te hou.

86 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 83; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 10. De Graaf gee die ontsnappingsdatum as 18 Desember aan.

was of selfs glad nie kon swem nie en daarom het hulle gedink dat ontsnappings vanaf die transportskepe hoogs onwaarskynlik was.[87] Een van die krygsgevangenes het die wag op die *Penelope* besig gehou, terwyl Keppel de Meillion met 'n dik skeepstou deur een van die groot skietgate in die see afgesak en die driehonderd meter na die strand aangedurf het. De Meillion se ontsnapping is eers die volgende oggend om nege-uur met die telling van die gevangenes ontdek.[88] Volgens Du Toit het Henry de Meillion, 'n neef van Keppel, aan die Britse offisier gesê dat daar iemand by die dokter is. 'n Sersant is na die dokter gestuur, maar Keppel was skoonveld.[89] 'n Tweede telling is gehou waarna die Britse offisier en die tafelhoof oral op die skip na De Meillion gesoek het. Die soektog het vanselfsprekend niks opgelewer nie waarna Smith die gedagte uitgespreek het dat De Meillon moontlik verdrink het en dat hy in die laaste tyd baie swaarmoedig was. Twee ander krygsgevangenes het bygevoeg dat hulle die vorige nag teen elfuur iemand om hulp hoor roep het. Daarna was dit egter doodstil en hulle was daarvan oortuig dat dit slegs 'n gevangene was wat gedroom het. Verskeie ander krygsgevangenes het verklaar dat De Meillion glad nie kon swem nie en die goedgelowige Britse offisiere was oortuig dat De Meillion verdrink het. 'n Duiker is gestuur om na De Meillion te soek, maar na ongeveer twee ure is die soektog na De Meillion se lyk gestaak. De Meillion is egter ná 'n paar dae gevang, maar hy het later uit die Simonstad-krygsgevangenekamp ontsnap en uiteindelik by generaal Chris Botha se kommando aangesluit om tot die bitter einde te veg.[90] Hoewel daar verraaiers onder die krygsgevangenes was, het die meerderheid gevangenes diegene wat wou ontsnap gehelp en beskerm.

Volgens Ruijssenaers het die krygsgevangenes se verlange daagliks groter geword om uit die ellende waarin hulle hul bevind het, te ontsnap.[91] Ene Hulting (Hultein of Hultin)

---

87 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 395.

88 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 83-84; D.J. du Toit, "Mededelings van 'n gewese Boerekrygsgevangene -1: Wil julle Boere sien wegloop?", *Die Huisgenoot*, 22 Maart 1946, p. 19.

89 D.J. du Toit, "Mededelings van 'n gewese Boerekrygsgevangene -1: Wil julle Boere sien wegloop?", *Die Huisgenoot*, 22 Maart 1946, p. 19.

90 D.J. du Toit, "Mededelings van 'n gewese Boerekrygsgevangene -1: Wil julle Boere sien wegloop?", *Die Huisgenoot*, 22 Maart 1946, pp. 19, 38-39. Vergelyk C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan*…, p. 112; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 6; G.H. Jooste, "Ontsnapping van 'n skip", *Die Brandwag*, 17 Mei 1946, p. 45. A. Blake, *Ontsnap!*...,pp. 11-16.

91 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 87.

het aan dieselfde tafel as Ruijssenaers aan boord van die transportskip, die *S.S. Manila*, gesit. Ten spyte van die feit dat die *S.S. Manila* ongeveer ’n duisend meter van die strand af gelê het en die see van die haaie gewemel het, het Hulting een aand met ’n tou van die skip afgesak. Twee medekrygsgevangenes het die wagte op die skip se brug besig gehou terwyl twee ander vir Hulting gehelp het om in die see af te sak. Gewapen met ’n broodmes teen moontlike haai-aanvalle en met twee swemgordels aan het hy die swemtog na die land aangepak. Die krygsgevangenes het Hulting se ontsnapping vir twee dae geheim gehou om hom soveel moontlik tyd te gee om weg te kom.[92] ’n Paar dae later het agt krygsgevangenes probeer ontsnap, maar slegs ene Bothma was suksesvol.[93]

Bogenoemde krygsgevangenes het hulle deur niks laat stuit nie – nie deur ’n see vol haaie of enige lewensgevaar nie. Om te keer dat gevangenes ontsnap en weer by Boerekommando’s gaan aansluit, het die Britse militêre owerheid hulle so ver as moontlik van die oorlogsterrein verwyder en hulle na kampe oorsee gestuur.

6.4.2.3 St. Helena – ’n natuurlike gevangenis

Alhoewel baie van die krygsgevangenes in die Broadbottom- en Deadwood-krygsgevangenekampe net soos hulle landgenote in ander kampe ’n brandende begeerte gehad het om te ontsnap, was St. Helena ’n natuurlike gevangenis.[94] Dit was slegs moontlik om die eiland as verstekeling op ’n skip te verlaat (kyk kaart 6-1).

---

92 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 87-88. Carl Hultein of Hultin was ’n Sweed. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 12; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 12; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 6.

93 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 12; OM, Bloemfontein, 6675/3; Dagboek van C. Schabort, p. 6; L.C. Ruijssenaers*, Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 88.

94 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 141.



Kaart 6-1: Krygsgevangenekampe op St. Helena

Volgens H. Scholtemeijer, ’n krygsgevangene op St. Helena, het die gevangenes hulle inkerkering as ondraaglik beleef. Hulle het hulle ongelukkigheid met die inkerkering getoon deur lydelike verset en herhaalde “volksvergaderings”, maar sommige het hulle ongelukkigheid met die daad getoon by wyse van waaghalsige ontsnappingspogings.[95]

Die krygsgevangene Nicolet het herhaalde kere probeer ontsnap, maar die geluk het hom bly ontwyk. Nadat ’n Amerikaanse walvisvaarder in die hawe anker gegooi het, het Nicolet, John Balderacchi en ’n ene Wagenaar probeer ontsnap. Die drie krygsgevangenes het in Jamestown gewerk en het met een van die werktuigkundiges aan boord van die walvisjagter kennis gemaak. Hy was bereid om hulp met hulle ontsnapping te verleen, maar hulle moes self tot by die skip swem. Met die eerste poging kon die drie krygsgevangenes nie die skip haal nie, aangesien Nicolet nie ’n goeie swemmer was nie. Die volgende aand het die drie die skip met behulp van ’n

95 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 51.

sinkvat bereik en die werktuigkundige het hulle tussen die olievate versteek.[96] Volgens Minnaar is die drie krygsgevangenes se afwesigheid die volgende oggend in Jamestown ontdek waarna die skip deursoek en hulle gevind is.[97] Volgens Ruijssenaers was Balderacchi wel later gelukkig genoeg om suksesvol vanaf St. Helena te ontsnap. ’n Spaanse oorlogskip het by St. Helena aangedoen. Balderacchi het van die bemanningslede in Jamestown ontmoet en met hulle afgespreek dat hy die volgende aand na die skip sou swem. Dit was ’n groot waagstuk, aangesien Balderacchi ongeveer 6,4 kilometer moes swem in ’n see wat vol haaie was. Hy het wel die skip bereik en was ’n vry man.[98]

Mislukte ontsnappingspogings het sommige van die ander krygsgevangenes egter nie ontmoedig nie. Gedurende Oktober 1901 het twee Hollanders, De Haas en Mulder, met ’n baie ambisieuse ontsnappingsplan vorendag gekom. Nog vier ander krygsgevangenes was deel van die komplot. Dié groepie het gedurende die voorafgaande maande kos in ’n blik in ’n rotsspleet weggesteek. Daar naby was twee ou seilbote wat deur ’n firma gebruik is om varswater na die stoomskepe te neem. De Haas en Mulder het een nag na die bote geswem en met een van die bote na die ander vier krygsgevangenes probeer vaar. Die wind en seestroom het dit ongelukkig vir die twee krygsgevangenes onmoontlik gemaak om hulle medekrygsgevangenes en die kos te bereik. Die volgende oggend is hulle deur die Engelse opgemerk en ’n stoomboot van die Engelse oorlogskip *Doris* is gestuur om hulle te red. De Haas en Mulder kon nie vir hulle ontvlugting gestraf word nie, maar die Engelse kolonel het die firma aan wie die boot behoort het, verplig om ’n klag van diefstal teen die twee te lê. Mulder en De Haas

---

96 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 58; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 167; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 98; I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Pogings tot ontvlugting”, *Die Huisgenoot*, 18 Desember 1936, p. 85; P.J. Nienaber, “Hoe krygsgevangenes ontsnap het”, *Die Huisgenoot*, 10 November 1944, pp. 11, 45.

97 I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Pogings tot ontvlugting”, *Die Huisgenoot*, 18 Desember 1936, p. 85. Minnaar maak nie melding van die sinkbad nie. Volgens hom het een van die krygsgevangenes sy reddingsgordel, wat van beskuitblikke gemaak is, op die agterdek van die skip opgehang en een van die offisiere op die Niobe het dit raakgesien. De Graaf skryf egter dat van die offisiere op die Niobe die sinkbad opgemerk het.

98 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 177. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 259; P.o.W., “Krygsgevangenes op St. Helena”, *Die Huisgenoot*, 27 Mei 1932, p. 43.

is tot ses weke hardepad of ’n boete van £10.10.0 gevonnis.[99] Die boete is gou deur medekrygsgevangenes betaal.[100]

’n Besondere vindingryke, maar tog gevaarlike en waaghalsige ontsnappingspoging was dié van kommandant Andries Smorenburg – ’n gevangene in die Deadwood-kamp op St. Helena. Dit was gebruiklik vir die Britse offisiere om van die gevangenes se artefakte te koop en dit na Engeland te stuur. Smorenburg het hierin ’n ontsnappingsgeleentheid raakgesien. As skrynwerker het hy ’n houtkas van 1,2 meter lank, 0,6 meter hoog en 0,6 meter breed gemaak. Hy het ongeveer 11,34 kilogram weermagbeskuitjies, bottels water, blikkiesvleis, stukkies kerse, vuurhoutjies en ’n kaart van Southampton se dokke gekry. Sy geleentheid om te ontsnap het uiteindelik aangebeek toe ’n Britse offisier ’n groot aantal artefakte gekoop het wat met die *R.M.S. Goth* na Engeland gestuur moes word. Smorenburg het op sy kas laat skryf: *Prisoner of War souvenirs Glass. This side up. With care*. Dié kas en die ware Jakob is na Jamestown vir verskeping gestuur. Smorenburg het onder die kampdraad deurgekruip, na Jamestown geloop en die nag na ’n vragskip waarop sy kas gelaai is, geswem. Hy het in die kas geklim en op dié wyse deel van die skeepsvrag geword. Volgens Smorenburg het die verraad van ’n Nederlander tot sy ontdekking aan boord van die *Goth* gelei. Hy het tot by die eiland Ascension in die binneruim van die posboot gereis en is met die *H.M.S. Gibraltar* na St. Helena teruggestuur.[101]

Sommige van hierdie ontsnappingspogings was naïef, ondeurdag en waaghalsig, maar dit dien nogtans as voorbeeld van die gevangenes se onvermoë om by die kampe se omstandighede aan te pas, hulle gees van verset en hulle verwerping van inkerkering.

---

99 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 174-175. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 59; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 53.

100 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 185.

101 J.C.G. Kupferman, *The life of a Boer commandant, Andries Smorenburg*, pp. 108-115. Medekrygsgevangenes het ook oor Smorenburg se ontsnappingspoging geskryf. Vergelyk L.C. Ruijssenaers*, Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 176-177; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 59-60; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 227; R.F. Aling, “Ontsnap van St. Helena!”, *Die Brandwag*, 8 November 1940, p. 15; P.o.W., “Krygsgevangenes op St. Helena”, *Die Huisgenoot*, 27 Mei 1932, p. 43; A. Blake, *Ontsnap!…,* pp. 207-215*.*

6.4.2.4 Bermuda – die byna onmoontlike?

Die geografiese ligging van Bermuda het dit vir die krygsgevangenes bykans onmoontlik gemaak om uit die kampe op die verskillende eilande te ontsnap (kyk Kaart 6-2). Die gereelde aankoms en vertrek van skepe in en uit die hawe van Hamilton het vir sommige waaghalsige krygsgevangenes of diegene wat glad nie met hulle gevangenskap kon vrede maak nie ’n geleentheid vir ontsnapping gebied.[102]



Kaart 6-2: Krygsgevangenekampe op Bermuda

Verskeie pogings om te ontsnap, is opgeteken maar die verkreë vryheid was gewoonlik van korte duur en as straf is diesulkes in afsondering in ’n hok op Tuckers- en Hawkins-eiland aangehou. So byvoorbeeld het ’n krygsgevangene ’n heel oorspronklike en waaghalsige ontsnapping beplan. Hy het gate aan die bokant en een sykant van ’n lampoliekas geboor en helder oordag, met die kas oor sy kop, vanaf die eiland begin wegswem. ’n Wag het agterdogtig geraak toe die kas teen die wind en gety in goeie

---

102 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 37. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 214; S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 404.

vordering gemaak het! Die krygsgevangene is by sy aankoms op die strand deur soldate ingewag.[103]

Op moedverloor se vlakte, was hierdie gevangenes klaarblyklik nie, en vasbeslote om te ontsnap. Op 5 Julie 1901 het een van die twee Du Plooy-broers, waarskynlik Sarel Daniël, sy karige besittings in ’n sak gepak en na die hoofeiland geswem. Volgens hom het hy sy kop met ’n klomp gras bedek om só ongemerk verby die wagte en die oorlogskepe se soekligte te kom. Teen dagbreek het Du Plooy reeds dwarsoor die hawe geswem en die *S.S. Trinidad* bereik waar hy hom in die steenkoolruim versteek het. Hy is eers ontdek toe die skip by New York aangekom het. Hy is vir twee weke op Ellis-eiland aangehou terwyl sy saak ondersoek is. Mense wat die Boere se saak goedgesind was, het sy boete van $10 betaal en Du Plooy was ’n vry man.[104]

Die krygsgevangenes Abraham de Wet en August Albrecht het ook daarin geslaag om suksesvol te ontsnap. De Wet het homself op ’n skip versteek en met hulle aankoms in New York was hy ’n vry man. Albrecht het vanaf Darrell-eiland van een eiland na die volgende geswem. In die hawe het ’n soekgeselskap hom vir die stoker van die *S.S. Trinidad* aangesien. Op dié wyse het hy ontsnap en New York bereik.[105]

Fritz Joubert Duquesne het reeds in Suid-Afrika op verskeie maniere probeer ontsnap en is gevolglik na ’n krygsgevangenekamp in die Bermudas gestuur. Met die krygsgevangenes se aankoms in die hawe by Hamilton, het Duquesne weer probeer ontsnap. Hy was die hele reis onder toesig en vroegoggend het hy die wag versoek om na die toilet te gaan. Hy het vinnig van die beddegoed, kussing en klere ’n pop in sy bed gemaak. Die wag het later kom kyk of Duquesne terug is, en het die pop vir die krygsgevangene aangesien. Teen opstaantyd het die wag egter sy fout agtergekom en die ontsnapping dadelik aangemeld. Duquesne is later gevang waar hy aan die voorkant van die skip by die steenkool en ankerketting weggekruip het. Hy is na die

---

103 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 38.

104 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 37. Vergelyk E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 215; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, p. 64 . Daar bestaan meer as een weergawe van Du Plooy se ontsnapping. Volgens Du Plooy self het hy vyf kilometer na ’n Russiese skip geswem. Hulle het hom versteek en in Amerika afgelaai. Vergelyk VAB, Bloemfontein, A-119.1155: F. Combrinck aan Renier, 22.3.1966; VAB, Bloemfontein, A-119.1163: F. Combrinck aan Renier, 21.11.1959.

105 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, p. 38.

spesiale hok op Tuckers-eiland geneem. Ná vredesluiting het Dequesne en ene Du Toit – ook Oosthuizen genoem – besluit om self Bermuda te verlaat. Hulle het na Hamilton geswem en me. Outerbridge gaan besoek. Sy was deel van ’n groep wat saam met Amerikaners gewerk het om Boerekrygsgevangenes na Amerika te smokkel. Outerbridge was bereid om een van die krygsgevangenes te help, maar die ander een moes aan die owerhede uitgelewer word om nie agterdog te wek nie. Dequesne is na ’n Duitse vriend op St. Georges gestuur wat hom gehelp het om op ’n skip te kom en Du Toit is aan die militêre owerhede oorhandig.[106]

Al was hulle kans op ’n suksesvolle ontsnapping baie gering, het sommige krygsgevangenes nie maklik moed opgegee nie; inteendeel, niks kon hulle vryheidsdrang aan bande lê nie. ’n Gees van verset het sommige byna die onmoontlike laat vermag.

6.4.2.5 Ceylon – verskeie waaghalse

Die streng veiligheidsmaatreëls by die kampe, die gevangenes se onbekendheid met die inheemse tale en die land het dit vir die krygsgevangenes op Ceylon bykans onmoontlik gemaak om te ontsnap (kyk Kaart 6-3).

---

106 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), pp. 55-56, 85-86. Dequesne se van word op verskeie wyses gespel.



Kaart 6-3: Krygsgevangenekampe op Ceylon

Japie de Villiers vat die gevangenes se situasie goed saam as hy skryf: “Waarlik, hier is ons gebêre soos vrugte in ’n bottel, hier kom ons nie uit voor die Engelse vir ons oopmaak nie.”[107] Tog sou sommige krygsgevangenes hulle egter deur niks laat stuit nie. Oor die ontsnappings op Ceylon en spesifiek vanuit die Diyatalawa-krygsgevangenekamp, skryf Brink:[108]

> *... en toch zijn er van onze buitenlandsche vrienden, die herhaaldelijk geslaagd zijn om de draden door te komen zonder opgemerkt te worden. Zij zijn echter allen weer gepakt, meestal door gedienstige koelies [sic] die er wat voor krijgen*

107 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 11.
108 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 122.

R.L. Brohier toon ook aan dat daar baie min suksesvolle ontsnappingspogings was. Van die 22 ontsnappings vanuit die Diyatalawa-krygsgevangenekamp is 20 van die krygsgevangenes weer in die onmiddellike omgewing van die kamp gevang.[109]

Die wyse waarop die twee krygsgevangenes Reinhardt en Perchland ontsnap het, was eweneens vernuftig. Die twee het op ’n dag hulle beste klere aangetrek en voorgegee dat hulle op parool uitgaan. Hulle het verby die kamp se wagte gestap, na die stasie geloop en eersteklas-reiskaartjies na Colombo gekoop. Etenstyd is hulle na die eetwa waar hulle ’n maaltyd saam met twee regeringsamptenare genuttig het. Reinhardt en Perchland het Rangoen in Birma (Myanmar) sonder enige voorval bereik. Hier is hulle egter uitgevang en gearresteer aangesien hulle onder vals name gereis het.[110]

Die krygsgevangenes Thomasse en Cronje het hulle ontsnapping uit die Diyatalawa-krygsgevangenekamp fyn beplan, maar ook húlle vryheid was van korte duur. Dié twee krygsgevangenes het ’n hospitaalassistent om hulp genader tydens hulle ontsnappingspoging. Die hospitaalassistent het die dokter versoek om die twee “siek” krygsgevangenes onder sy toesig en behandeling te neem. Die dokter het toestemming verleen; die “pasiënte” elke aand besoek en na ’n paar dae bevind dat hulle byna gesond is. Thomasse en Cronje het besef dat die tyd aangebreek het om hulle ontsnappingsplan in werking te stel en ’n dag of twee later is hulle die aand met klere en al bed toe. Ná die dokter se besoek het hulle rooikruisarmbande om hulle arms gesit en saam met ander hospitaalassistente by die hospitaalhek uitgestap. Hulle het ongemerk deur die kampomheining geklim en na Colombo begin aanstap waar hulle hulleself op ’n skip wou versteek. Thomasse en Cronje was reeds aan die buitewyke van Colombo toe hulle gearresteer is.[111]

Tillie Roos en Japie van Straten het daarin geslaag om suksesvol uit die Diyatalawa-krygsgevangenekamp te ontsnap, maar naby Colombo is hulle deur hulle Indiër-gids

---

109 R.L. Brohier, “The Boer prisoner-of-war in Ceylon (1900-1902): vi: The guards of the Boer camps, and escapees”, *Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon*, vol. xxxvii, no. 4, April 1947, pp. 101-120.

110 R.L. Brohier, “The Boer prisoner-of-war in Ceylon (1900-1902): vi: The guards of the Boer camps, and escapees”, *Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon*, vol. xxxvii, no. 4, April 1947, pp. 101-120.

111 E. Rörich, “Ontsnapping uit Diyatalawa-kamp”, *Die Huisgenoot*, 3 Oktober 1941, pp. 19, 51; A. Blake, *Ontsnap!...,* pp. 226-228.

verraai. Dié twee krygsgevangenes het hulle, met die medewete van die oppasser by die hospitaal en die Indiërs wat die mandjies vol vuil wasgoed moes wegdra, in die hospitaal se wasgoedmandjies versteek en is op dié wyse uit die kamp uitgedra. Roos en Van Straten het Singalese drag aangetrek en 'n Indiër gehuur om hulle na Colombo te neem. Halfpad na Colombo het die Indiër al groter eise begin stel, aangesien dit te ver was om om te draai en die krygsgevangene nie die pad na Colombo geken het nie. Hulle het hulle horlosies en kettings aan die Indiër gegee in die hoop dat hy hulle nie in die steek sou laat nie. Die Indiër het hulle verlaat met die verskoning dat hy vir hulle kos gaan haal. Hy het egter later saam met die polisie teruggekom. Roos en Van Straten is na "Willacardy"-tronk (waarskynlik Welikada) gestuur en later na Diyatalawa.[112]

Een van die merkwaardigste suksesvolle ontsnappings was dié van Willie Steyn en vier medekrygsgevangenes. Toe die *S.S. Catalonia* op 22 November 1900 vanuit die Kaap met 600 krygsgevangenes aan boord na Ceylon vertrek het, was Steyn, die twee broers Steytler, Haüsner en Piet Botha ook aan boord.[113] Dieselfde middag, met hulle aankoms in die hawe van Colombo, is daar met die ontskeping van die krygsgevangenes begin. Willie Steyn en sy vriende sou eers met die laaste groep krygsgevangenes na Diyatalawa vertrek. Die skip is baie goed bewaak: agt soldate en die skip se wag het op die dek gestaan. Om die *Catalonia* het vyf skuite gelê – elk met vyf soldate daarin en elke skuit met 'n lamp toegerus waarmee die sykante van die skip verlig is.[114]

Steyn het intussen geleentheid gehad om sake, natuurlik met die oog op 'n moontlike ontsnappingsgeleentheid, goed deur te kyk. Aan die bakboordkant van die skip het 'n groot stroom water met 'n groot geraas vanaf 'n hoogte van 7,8 meter in die see gestort. Steyn het besef dat indien hy ongemerk oor die reling kon klim, hy in die see sou kon spring sonder dat die wagte hom hoor. Sy beste vriend, Piet Botha, sou saam ontsnap en intussen het drie ander krygsgevangenes – die twee Steytler-broers en Haüsner – wat ook planne beraam het om te ontsnap, by Steyn en Botha aangesluit. Om sy plan te kon uitvoer, het Steyn toestemming by majoor Bishop gekry om die nag op die dek te

---

112 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, pp. 18-19.

113 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 124; L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 71-73.

114 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., p. 78; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 124-125; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., p. 76.

slaap. Hy het sy kombers langs ’n groot rol klappertou oopgegooi, 7,8 meter op die tou afgemeet en die tou styf aan een van die skip se relings vasgemaak.[115]

Die vyf krygsgevangenes het besluit dat hulle na verskillende skepe sou swem sodra hulle in die water was. Die twee Steytler-broers sou na ’n Duitse skip aan stuurboord, Haüsner na ’n ander Duitse skip aan bakboord en Steyn en Botha na ’n Franse skip swem.[116] Die vyf swemmers het in die skeepsruim op ’n geskikte geleentheid gewag, terwyl ene Van Aswegen waggestaan het. Op ’n teken van Van Aswegen, het die een na die ander met die tou na benede gesak.[117] Uiteindelik het Steyn se beurt aangebreek en ook hy het geruisloos met die tou na benede gegly. Dit was twaalfuur in die nag. Toe hy ’n klein entjie van die Franse boot af was, het hulle die anker gelig en weggevaar. Daar was wel baie ander skepe binne sy bereik, maar dit was te donker om die name te kon lees of kenmerkende kleure te sien, sodat die gevaar groot was dat hy op ’n Engelse skip kon beland.[118]

Steyn het land toe begin swem met die voorneme om ’n Indiër om te koop om hom na ’n bevriende skip te neem. Naby die land het hy besef dat die plan hopeloos was en het hy besluit om rond te swem totdat hy by die regte skip uitkom. Na meer as twee en ’n half uur het hy uiteindelik die *Gherson*, ’n Russiese skip, bereik waarop die vier ander krygsgevangenes hulle reeds bevind het. Steyn se plan het geslaag.[119] Nadat die vyf swemmers halfpad om die wêreld gereis het, het hulle uiteindelik weer in Afrika aangekom.[120]

Hierdie verhale van sommige krygsgevangenes se ontsnappingspogings weerspieël

---

115 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., p. 78; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., pp. 83-86.

116 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 81-82.

117 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., p. 83; C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., pp. 88-90.

118 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 86-88.

119 L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 90-91. Die ander krygsgevangenes het hulle in die ontsnapping van hul vyf medekrygsgevangenes verlustig. Volgens S.J. Burger het die vyf krygsgevangenes van die matrose op die Catalonia omgekoop om na die Russiese skip te kan swem. Volgens J.N. Brink was daar krygsgevangenes wat beweer het dat die Russe ’n boot laat afsak het om die krygsgevangenes halfpad te gaan haal. Steyn self het egter glad nie hiervan melding gemaak nie. Die ander krygsgevangenes het waarskynlik tot hierdie gevolgtrekking gekom omdat dit ongelooflik was om sonder hulp te kon ontsnap. Vergelyk S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, pp. 138-139; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 124-125.

120 C.J. Barnard, *Die vyf swemmers* ..., pp. 96-107; L.A. Visagie, *Terug na kommando* ..., pp. 155-164; R.L. Brohier, “The Boer prisoner-of-war in Ceylon (1900–1902): vi: The guards of the Boer camps, and escapees”, *Journal of the Dutch Burger Union of Ceylon*, vol. xxxvii, no. 4, April 1947, p. 108.

hulle verrassende reaksie op ’n ingekerkerde gemeenskapslewe en hoe hulle as deel van ’n poging om te oorleef uit die kampe probeer ontsnap het.

6.4.2.6 Indië – ’n merkwaardige ontsnapping

Ook in Indië het die gevangenes se isolasie, verlies aan vryheid, gepaard met verlange, onaanpasbaarheid, verveling, vreemde en uiters onaangename omstandighede ’n dryfveer vir ontsnapping geword (kyk Kaart 6-4).



Kaart 6-4: Krygsgevangenekampe in Indië

P.H.C. Pohl skryf dat die nabyheid van Franse gebied waar die krygsgevangenes op goeie gesindheid kon reken, baie krygsgevangenes tot ontsnapping aangespoor het.[121] Dertien krygsgevangenes waaronder Pohl, landdros Munnik en kommandant Krause het besluit om ’n tonnel vanuit die Trichinopoly-krygsgevangenekamp te grawe en te ontsnap. Die gevangenes se hut was ongeveer 9 meter van die dubbele draadheining af. Aan die buitekant van die heining, reg oorkant die krygsgevangenes se hut, was die

121 P.H.C. Pohl, “Lewe van die Boere-krygsgevangenes in Indië: Ons grawe ’n tonnel”, *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949, p. 40.

soldate se kaserne waar hulle gewere en ammunisie gebêre is. Hulle het begin om ’n tonnel van 12 meter te grawe en het beplan om, as hulle eers buite die kamp was, die Engelse te oorrompel en van al die gewere en ammunisie besit te neem. Hulle het geglo dat ’n paar honderd gewapende krygsgevangenes Pondicherry veilig sou kon bereik. Die tonnelgrawery is gedurende die nag gedoen en bedags is die grond in die kamp rondgestrooi. Met slegs 3,6 tot 4,2 meter oor om te grawe, het die majoor een oggend tydens telling die krygsgevangenes se hut besoek. ’n Soldaat het met ’n houtpaal oral op die vloer begin stamp, maar kon nie die tonnel vind nie. ’n Paar dae later het die majoor weer opgedaag en reguit na die tonnel se bek geloop. Hulle is verraai en hulle plan het misluk.[122]

Ander se mislukte ontsnappingspogings uit die Trichinopoly-krygsgevangenekamp het tot veel meer verbeeldingryke planne aanleiding gegee. Hendrik Wessels en Daniël O’Donald wat as mediese ordonnanse in die hospitaal in die Trichinopoly-krygsgevangenekamp werksaam was, het een aand net doodluiters uit die kamp geloop. Hulle is eers agt dae later ongeveer 136 kilometer van die kamp af gevang en vir 54 dae in die militêre tronk in Poona aangehou.[123]

Alle moontlike maniere van ontsnapping is beproef. Ongeveer vyftig treë van die Trichinopoly-krygsgevangenekamp se hek af was ’n waterput waar die krygsgevangenes water gaan haal het. Volgens Von Maltitz het ene Wernher saam met vyf ander krygsgevangenes na die waterput gegaan. Die ander vyf het na die kamp teruggekeer, maar Wernher het in die put afgeklim en daar geskuil. Hy het vyf uur lank daar weggekruip, maar is gevind en in ’n sel toegesluit.[124]

Ook Charles von Maltitz het beplan om te ontsnap. Hy skryf op 25 Desember in sy dagboek: “Kommandant Piet Möller en Ik hadt er veel gesproken en plannen gemaakt om te ontsnappen.”[125] Met dié doel voor oë het Von Maltitz £3.0.0 by Jan Steyl geleen en op die een of ander manier ’n verdere 75 roepees bymekaar gemaak. Von Maltitz en

---

122 P.H.C. Pohl, “Lewe van die Boerekrygsgevangenes in Indië: Ons grawe ’n tonnel”, *Die Huisgenoot*, 30 Desember 1949, p. 53.

123 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië* ..., p. 22; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde* ..., p. 396.

124 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, pp. 173-174.

125 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 145.

Möller sou hulle plan op 27 Desember 1901 kort na middernag uitvoer met Pondicherry as hulle bestemming. Naby die Trichinopoly-krygsgevangenekamp was daar ’n omheinde terrein waar die krygsgevangenes voetbal, krieket en ander speletjies kon speel. Die hek na die terrein is in die oggend oopgemaak en teen sononder moes almal weer in die kamp terug wees. ’n Ou geboutjie het as bêreplek vir die sporttoerusting gedien. Piet Möller het gou agtergekom dat die wagte nie die krygsgevangenes in die oggende en middae tel nie. Op die bestemde dag het Von Maltitz en Möller in die geboutjie agtergebly, terwyl die ander krygsgevangenes na die kamp teruggekeer het. Von Maltitz en Möller se plan was om onder dekking van die nag te ontsnap.[126] Die gewoel by die wagte se kwartiere – naby aan die twee gevangenes se wegkruipplek – het verhoed dat hulle vroeg die aand kon ontsnap sodat hulle ’n goederetrein om tienuur kon haal.[127]

Hulle kon gevolglik eers ná middernag ontsnap. Op pad na die stasie het hulle ’n soldaat teëgekom wat die ontsnapping dadelik aangemeld het. Hulle het die hele volgende dag in die omstreke van Trichinopoly rondgedwaal. Hulle kon die lansiers ontwyk. Die aand het hulle by die Fort-stasie kaartjies na Madras gekoop om die Franse gebied te bereik. Von Maltitz en Möller is egter by die Trichinopoly-aansluitingspunt gevange geneem en na die krygsgevangenekamp teruggestuur.[128] As deel van hulle straf is hulle vir ’n maand tot hulle tent beperk en kon hulle nie sonder toestemming met die ander krygsgevangenes praat nie.[129]

Die ontsnapping van Johnnie de Villiers uit die Trichinopoly-krygsgevangenekamp was merkwaardig, suksesvol en het die verbeelding aangegryp. Ná verskeie mislukte ontsnappingspogings deur ander krygsgevangenes, het De Villiers planne begin beraam om te ontsnap. Hy skryf:[130]

> *Geenszins ontmoedigd door het weinige succes dat anderen vóór mij hadden, begon ik er dus ernstig over te denken mijn voornemen tot ontsnappen uit te voeren*

---

126 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 145.
127 H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië* ..., p. 21.
128 H.L. van Rooyen, Ek was ’n krygsgevangene in Indië ..., p. 22.
129 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, pp. 146-148.
130 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* ..., p. 24.

Hy sou alleen ontsnap en dit moes binne die bestek van een enkele aand kon geskied, naamlik tussen tellingtyd in die aand en tellingtyd in die oggend. Ná baie bepeinsing en fyn waarneming, het De Villiers ’n moontlike ontsnappingsgeleentheid raakgesien. ’n Aantal Indiërs wat in ’n winkeltjie in die kamp gewerk het, het laatmiddag die kamp deur die hek verlaat. Hy het besef dat as hy hom as een van die plaaslike bevolking kon vermom, hy ongesiens die kamp saam met die werkers kon verlaat, aangesien die hekwagte reeds so gewoond aan die werkers en hulle karretjie was dat hulle dit nie eens meer deursoek het of die werkers getel het nie. De Villiers het uiters versigtig te werk gegaan en die nodige klere bekom. Ná proefnemings het hy besluit om swartgebrande kurk te gebruik om sy vel swart te smeer. Hy het ’n tydrooster vir die plaaslike trein bekom en het die korrekte uitspraak van die woord *Villuparam*, die naam van die stasie waar hy van die trein wou afklim, geleer ten einde sy weg na Pondicherry te vind. Om geld te bekom, het De Villiers papiergeld wat net in die kamp gebruik kon word, vir annas en roepees verruil. Teen 10 Maart 1902 was De Villiers gereed om sy ontsnappingsplan uit te voer. Met behulp van ’n paar vriende wat hy verplig was om in sy vertroue te neem, het hy homself vermom en ongeveer halfsewe, net ná die telling, het hy agter die Indiërs se waentjie die kamp na die stasie uitgestap wat ongeveer ’n uur se stap van die kamp af was. By die stasie het hy ’n kaartjie na *Villupuram* gekoop. Uit vrees dat sy spraak hom kon weggee, het De Villiers voorgegee om doof-stom te wees. Op *Villupuram* het hy afgeklim en na Pondicherry begin aanstap. Ná meer as vyf uur se stap was hy op Franse gebied en ’n vry man. Ná vele omswerwinge het hy Suid-Afrika bereik en weer aan die Oorlog deelgeneem.[131]

Vir sommige konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes was die gekluisterdheid ten opsigte van hulle innerlike welstand dikwels net te oorweldigend, en was pogings om te ontsnap deel van ’n wyse van psigiese ontvlugting.

6.5 Samevatting

In Hoofstuk Ses is bevind dat ontsnappings uit die konsentrasie- en krygsgevangenekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog in vele opsigte

---

131 J.L. de Villiers, *Hoe ik ontsnapte* ..., pp. 23-93. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C von Maltitz, pp. 172-173; H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangne in Indië* ..., pp. 27-35 & 39-53; A. Blake, *Ontsnap!...,*pp. 270-279.

ooreenkomste toon. Lede van die burgerlike bevolking en krygsgevangenes is beide onder streng bewaking in kampe aangehou om enige ontsnappings te verhoed. Nóg die konsentrasiekampbewoners nóg die krygsgevangenes was daarmee gediend om met die frustrerende onsekerheid rakende die oorlog en aanhouding, met hulle verlies van vryheid en die swaarkry en ellende in die kampe saam te leef. Sommige van beide groepe het as deel van ’n manier om psigies te oorleef, ongeag die moontlikheid om dit fisies nie te maak nie, uit aanhouding probeer ontsnap. ’n Verdere ooreenkoms is dat albei hierdie groepe groot waagmoed aan die dag gelê het deur hulle lewe op die spel te plaas en vir die duur van hulle gevangeneskap daarna te strewe om weer hulle vryheid te verkry.

Opvallende verskille tussen die twee groepe kampbewoners is daar ook. Anders as in die geval van die konsentrasiekampbewoners, was een van die belangrikste dryfvere van die meeste Boerekrygsgevangenes om na hulle ontsnapping weer by die Boerekommando’s aan te sluit en die Oorlog voort te sit. Om hierdie rede was die veiligheidsmaatreëls by die krygsgevangenekampe baie strenger, meer uitgebreid en is die gevangenes selfs na kampe oorsee gestuur. Hierdie uitgebreide veiligheidsmaatreëls het tot gevolg gehad dat die krygsgevangenes se ontsnappingsplanne noodwendig baie gevaarliker en meer vindingryk as dié van die konsentrasiekampbewoners was.

Uit die voorafgaande bespreking skemer dit deur dat ontsnappingspogings van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners ’n verhaal vertel van menslike veerkragtigheid in ’n vorm van ’n vasberade vryheidsgees wat dikwels daartoe gelei het dat ontsnappings beplan is, en bykans die onmoontlike vermag is.

In sowel die krygsgevangene- as die konsentrasiekampe het patriotisme gedy. In Hoofstuk Sewe is die kollig op dié oorlogskampbewoners wat, ten spyte van haglike omstandighede en hulle traumatiese ervarings, nogtans trou aan hulle vaderland gebly het. Op welke wyse die oorlogskampbewoners se liefde vir en trou aan die onderskeie Boererepublieke in die kampe gemanifesteer het, is dan ook ter sake.

Hoofstuk 7: Patriotisme gedy in die kampe

7.1 Inleiding

Die Afrikaners het eers gedurende die negentiende eeu as herkenbare groep ten opsigte van taal, godsdiens en afkoms begin ontwikkel.[1] Met die aanvang van die Suid-Afrikaanse Oorlog in 1899, was die burgers van die twee Boererepublieke eerder republikeine as nasionaliste, aangesien hulle mettertyd 'n lojaliteit teenoor en 'n liefde vir hulle onderskeie republieke ontwikkel het.[2] Die meerderheid krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se gevoel van patriotisme het vanselfsprekend nie die hele Suid-Afrika ingesluit nie, maar slegs die twee Boererepublieke en die behoud van hulle onafhanklikheid en vryheid.[3] In 1899 was die Afrikanerbevolking in die twee Boererepublieke klein, maar met 'n "onuitblusbare liefde vir die Republieke en hul vryheid."[4]

Hoewel die konsentrasiekampbewoners asook die krygsgevangenes hulle lewe tydens inkerkering as ontwrigtend – fisiek en geestelik – en ondraaglik beleef het, het dit nie hulle patriotiese gevoelens ten opsigte van liefde en trou teenoor die Republieke laat taan nie.[5] Inteendeel, volgens 'n Duitser wat saam met die Vrystaters geveg het, het die belangrikste gebeurtenis van die Oorlog teen September 1900 plaasgevind, naamlik die geboorte van 'n nasie van broers.[6] 'n Eenheidsgevoel het onder die Afrikaners ontstaan. Aangesien die verskroeideaardebeleid toe reeds in die Republieke toegepas is, het die

---

1 H. Giliomee, "Afrikanernasionalisme, 1875-1899", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* (Kaapstad, Tafelberg, 2012), p. 220. Vergelyk F.A. van Jaarsveld, *Die ontwaking van die Afrikaanse nasionale bewussyn 1868-1881* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1957), pp. 53-170.

2 H. Giliomee, "Afrikanernasionalisme, 1875-1899", F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika…*, p. 222. Vergelyk F. Pretorius, "Afrikaner nationalism and the burgher on commando", G. Cuthbertson, A. Grundlingh & M. Suttie (eds.), *Writing a wider war: Rethinking gender, race, and identity in the South African War, 1899-1902* (Cape Town, David Philip publishers, ca. 2002), p. 67.

3 F. Pretorius, "Afrikaner nationalism and the burgher on commando", G. Cuthbertson, A. Grundlingh & M. Suttie (eds.), *Writing a wider war* ..., p. 67.

4 Vergelyk L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p. 28.

5 Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* [uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe], (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 80.

6 H. Bradford, "Die durf van die bittereinder-vrou", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg, 2013), p. 64.

vernietiging van alle eiendom die inwoners van die twee Boererepublieke se gevoel van patriotisme versterk.[7]

Volgens Ramsay MacDonald was veral die Boerevroue besonder patrioties. Hy skryf:[8]

> *It was in her (die Boerevrou) heart that patriotism flamed into an all-consuming heat.*

In hierdie hoofstuk word die manifestasie van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se patriotisme, met ander woorde hulle liefde vir en trou aan die twee Boererepublieke, ondersoek. Die gevangenes se vasberadenheid om trou te bly, hulle bereidheid om inkerkering nog langer te verduur indien nodig en hulle voorneme om niks te doen wat die Boerestryders se saak skade kon berokken nie, word bespreek. Laastens word die gevangenes se optrede teenoor die "verraaiers", hulle viering van Afrikanerfeesdae en die oprigting van skole as uitvloeisel van hulle patriotisme onder die loep geneem.

7.2 Krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners patrioties

Dit blyk dat die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se gevoel van patriotisme in baie opsigte ooreenkomste toon. Alhoewel hulle nie verder aan die oorlog kon deelneem nie, was beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes vasbeslote om tot die einde aan die Boererepublieke getrou te bly.[9] Dit is wel waar dat sommige "verraaiers" saam met die Britse owerheid gewerk het om wapenneerlegging te bevorder,[10] maar die morele verpligtinge en die eenheidsgevoel deur die kamplewe bewerkstellig, het die meerderheid oorlogskampbewoners trou laat bly.[11] Uitsprake van liefde en trou kom in talle dagboeke voor. Bettie Grobbelaar, 'n gevangene in die Brandfort-konsentrasiekamp, skryf in haar dagboek dat hulle ter wille van hulle vryheid

---

7 H. Bradford, "Die durf van die bittereinder-vrou", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe*…, p. 64.

8 J.R. MacDonald, *What I saw in South Africa, September and October, 1902* (London, Echo, 1902), p. 24.

9 Vergelyk Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 37; E. Neethling, *Mag ons vergeet*? (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), herinneringe van J. Kriegler, p. 135.

10 B. Nasson, *The war for South Africa* (Cape Town, Tafelberg, 2010), pp. 222-223; V.E. Solomon, "The Hands-uppers", *Military History Journal*, vol. 3, no.1, June 1974, pp. 6-8.

11 B. Nasson, *The war for South Africa*, p. 223.

ly en dat nie een van die vroue ooit die Boere aangemoedig het om oor te gee nie.[12] Ná ’n “geveg” tussen krygsgevangenes en potensiële wapenneerlêers kom D.W. Steyn, ’n gevangene in Ahmednagar-krygsgevangenekamp, tot die gevolgtrekking:[13]

> *Het is een bewys dat de Afrikanders al is zy ook in ballenschap, hunne harten nog reg is voor hunne land en volk.*

Die ontwrigting en lyding meegebring deur inkerkering het nie die meerderheid gevangenes se liefde vir en trou aan die Republieke laat verflou nie; inteendeel, dit het hulle skynbaar net nog meer vasberade gemaak dat die stryd voortgesit moes word.

7.2.1 Die Boerekrygers moes die stryd voortsit

Ten spyte van onhoudbare omstandighede in die kampe, het beide groepe gevangenes se gevoel vir vryheid, onafhanklikheid en patriotisme hulle onwrikbaar in hulle oortuiging gemaak dat die burgers wat nog in die veld was, moes aanhou veg vir hulle onafhanklikheid. Hulle was bereid om die lyding en swaarkry van ’n lewe van inkerkering geduldig te verduur, ongeag hoe lank dit die burgers sou neem om die stryd op die slagveld voort te sit.[14] J. Teengs, ’n krygsgevangene in die Deadwood-kamp, skryf dat hy en duisende ander krygsgevangenes bereid was om nog tien jaar op die eiland te bly solank die burgers net kon aanhou met veg.[15] Die rol wat patriotisme in die krygsgevangenes se hantering van hulle gevangenskap gespeel het, word bevestig deur Cornelis Schabort se inskrywing in sy dagboek:[16]

> *... I have full hopes yet for the independence & freedom of our Country dear... I for one, will bear my banishment with pleasure as long I am convince that my fellow brotheren are fighting.*

---

12 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 80. Vergelyk K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter* (Bloemfontein, N.G.-Sendingpers, 1965), p. 29; Oorlogsmuseum (OM), Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 67.

13 OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, pp. 24-25. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 80.

14 Vergelyk E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van J. Kriegler, p. 135; VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 37; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 31.

15 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 166.

16 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 28.

Ook Miem Fischer was bereid om liewer vir nog een of twee jaar hout en water in die kamp aan te dra om te verhoed dat hulle hul onafhanklikheid en vryheid verloor.[17]

Die oorlogskampbewoners se vermoë om in weerwil van die stres van inkerkering voort te gaan, was nie net van hulle eie innerlike krag en vermoëns of godsdienssin tekenend nie, maar ook van hulle liefde vir en trou aan die Boererepublieke. Liefde en trou was immers ook ’n faktor wat tot hulle veerkragtigheid bygedra het. Die meerderheid krygsgevangenes, asook die konsentrasiekampbewoners, het nie vir een oomblik hulle eie belange bo dié van die volk en die Republieke gestel nie.

7.2.2 Die Boere se saak mag nie skade berokken word nie

Beide groepe gevangenes was nie net bereid om langer in aanhouding te bly uit liefde vir die Republieke nie, maar hulle was ook baie versigtig om nie die Boere se saak deur hulle optrede skade te berokken nie. Miem Fischer skryf in haar dagboek dat as dit sou gebeur dat hulle wel hulle land moes verloor, sy dit nie op haar gewete sou wou hê dat sy dalk in selfs die geringste mate daartoe bygedra het nie.[18] Op ’n latere stadium skryf sy dat die vroue nie sal “bewe” vir die ongerief wat op hulle wag nie en dat hulle nooit iets sal doen wat die burgers afvallig sou maak nie.[19] Dominee Pienaar wou byvoorbeeld by ’n sterwende vrou in die Brandfort-konsentrasiekamp weet of hy iets besonders vir haar kon doen. Haar antwoord was dat sy haar man graag net vir vyf minute sou wou sien. Sy het egter bygevoeg dat as dit sou beteken dat haar man nie weer na die slagveld sou kon terugkeer nie, sy hom liewer nie wou sien nie.[20]

Die krygsgevangenes het dieselfde sienswyse as die konsentrasiekampbewoners gehuldig. Hugo van Niekerk, ’n krygsgevangene in die Broadbottom-kamp, het ’n

---

17 M.A. Fischer, *Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman’s Vlei te Ermelo op 31ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964), p. 100. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog ...,* p. 83. P.J. Botha skryf vanuit die Bloemfontein-konsentrasiekamp dat sy trots is om saam met haar volk te ly.

18 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 7.

19 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 41.

20 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003), p. 86.

aanbod van kolonel Wright om Australië en Kanada te besoek om boerdery daar te gaan bestudeer van die hand gewys. Hy skryf:[21]

> *Ik wil echter niet een titel of haartje doen om mijn land, volk en Regeering afbreuk te doen.*

Die oorlogskampbewoners se eie belange het inderdaad nooit die swaarste geweeg nie, en hulle patriotisme is eerder deur die trauma van ’n oorlog en die gepaardgaande ontwrigting, ontbering en lyding van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe aangewakker.

7.2.3 “Ik heeft vast besloten om standvastig te blyven tot het einde toe...”[22]

In die konsentrasiekampe is daar dikwels druk op lojale vroue uitgeoefen om hulle vegtende mans tot oorgawe te oorreed.[23] Z, ’n predikantsvrou, het vertel dat die militêre owerheid hulle twee maande tyd gegee het om aan hulle mans te skryf en hulle tot oorgawe te oorreed. Nie ’n enkele vrou het geskryf nie, alhoewel elke vrou geweet het watter verskil dit aan hulle omstandighede sou maak.[24] Me. Terblanche, ’n gevangene in die Pietermaritzburg-kamp, het gevoel dat sy, haar kinders en skoonouers eerder kon sterf as om haar man tot wapenneerlegging te oorreed.[25] Me. Collins se antwoord op druk deur die Britse owerheid om haar man tot oorgawe te oorreed, was ondubbelsinnig:[26]

---

21 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 166. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena* (Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950), p. 34.

22 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 103.

23 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., herinneringe van Z, p. 283. Vergelyk M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899-1902* (Potchefstroom, s.n., 1925), ondervindinge van J.F. Vercueil, p. 79.

24 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog*..., herinneringe van me. Z, p. 283; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van H.R. Collins, p. 83; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 35.

25 E. Neethling, *Should we forget*? (Cape Town, HAUM, 1902), herinneringe van me. Terblanche, p. 88. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5848/22: Brief van Jole aan me. Van Niekerk, Johannesburg, 12de December 1900.

26 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., p. 83. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 35.

Hier is my regter arm, sny dit lid vir lid af, en julle sal sien dat daar nie 'n druppel engelse bloed in my is nie. Waarom sal ek julle orders uitvoer terwyl my man sy plig vir sy land doen. Ek sal trou bly.

Die Boerevroue was tot die bittereinde die sterkste voorstanders van die stryd en sou eerder hulle mans na die slagveld toe terugstuur as om hulle tot wapenneerlegging te oorreed.

Net soos in die konsentrasiekampe, was daar ook in die krygsgevangekampe verskeie pogings deur Britsgesinde mense en die Britse militêre owerheid om die lojale krygsgevangenes tot die eed van getrouheid oor te haal.[27] Hierdie pogings het min gevangenes mislei, maar dit het hulle eerder woedend en oproerig gemaak. Die krygsgevangenes het niemand wat enige teken van ontrouheid getoon het, gespaar nie.[28]

Die gevangenes se vasberadenheid om tot die einde trou aan die Republieke te bly, was nie bloot 'n uitvloeisel van hulle patriotisme nie, maar het ook nou met hulle Christelike sienswyse saamgehang.

7.2.4 Samehang tussen patriotisme en Christelike geloof

Soos algaande in Hoofstuk Agt uitgewys sal word, was die gemiddelde Afrikaner geneig om sy of haar Christelike en politieke identiteit met mekaar te vereenselwig.[29] Die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se godsdiensbeskouing tesame met hulle gevoel van patriotisme het 'n skynbare spontane bereidwilligheid by die meeste geskep om 'n lewensomstandigheid van inkerkering met lydsaamheid te verduur. Hulle

---

27 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 59; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 78; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland: My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), p. 66.

28 Vergelyk J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 66; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 62; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 96.

29 H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), pp. 32, 209. Vergelyk T.A.H. Labuschagne, "The Aliwal North concentration camp during the Anglo-Boer War 1899-1902: Glimpses from an anthology", *South African Journal of Cultural History*, vol. 25, no. 1, June 2011, p. 57.

was daarvan oortuig dat die Here op Sy tyd hulle uit hierdie ellende sou verlos,[30] daarom dat hulle tevrede moes wees met teenslae en op die Here gewag moes word soos wagters op die môre wag.[31] Sommige het ook die vergeldingsdogma as verklaring vir hulle ellende gebruik, en geglo dat hulle gesondig het en dat die Here diegene kasty wat Hy liefhet.[32] Hierdie sienswyse van beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het van hulle "bittereinders" in die kampe gemaak. Onder uiters moeilike omstandighede het die meerderheid verkies om getrou te bly.

Beide groepe gevangenes het op 'n oorwinning bly hoop, asook dat hulle hul vryheid mag behou.[33] Cornelis Schabort, 'n krygsgevangene op St. Helena, se grootste versugting was dat die Here tog die Oorlog sal beëindig en hulle geliefde land aan hulle sal teruggee.[34] Die oorlogskampbewoners se reaksie op vredesamesprekings en die uiteindelike vredesluiting toon hoe belangrik die behoud van hulle onafhanklikheid en vryheid vir hulle was. Die verlies van hulle onafhanklikheid op 31 Mei 1902 was vir Miem Fischer skokkend en onaanvaarbaar. Sy het gevoel dat die inkerkering met al sy verskrikkinge vir haar verkiesliker was.[35]

Patriotisme het dus in beide die krygsgevangene- en konsentrasiekampe gedy, aangesien volgens Helen Bradford "... die Britse leër gehelp het om 'n volk van

---

30 OM, Bloemfontein, 5690/9: Brief van J.A.C. Erasmus aan J.C. Erasmus, S.S. Armenian, Simons stat, Den 12 my 1901; OM, Bloemfontein, 5592/8: Brief van F.M.A. du Toit aan G.S. du Toit, Belle Vue Kamp, Simonstad, 9de February 1902; OM, Bloemfontein, 4663/4: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 14 Mei 1902; OM, Bloemfontein, 4663/21: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 10 April 1902; OM, Bloemfontein, 4663/122: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, St. Helena, den 3 Febriari 1901; OM, Bloemfontein, 4663/43: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 3/8/1900.

31 OM, Bloemfontein, 4663/124: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Bavarian, 23ste Janiari 1901.

32 OM, Bloemfontein, 4663/51: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Rustplaats, 3/5/1900. Vergelyk K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 25.

33 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter* , p. xii; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 80; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 67.

34 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 67.

35 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 119. Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939), p. 309.

broeders in die twee Republieke te smee deur die materiële basis van die landelike patriargie te erodeer."[36]

Beide groepe gevangenes het hulle blykbaar volgens verskeie dagboekskrywers[37], kyk na die literatuurbespreking in Hoofstuk Twee, dus psigologies gestaal om ter wille van hulle vryheid en onafhanklikheid die gegewe van inkerkering met geduld en lydsaamheid te hanteer en selfs langer in aanhouding te bly indien nodig. Hulle patriotisme is ook in hulle behandeling van en optrede teenoor die "verraaiers" te bespeur.

7.3 Patriotisme en die wapenneerlêers

7.3.1 Ontrouheid 'n skande

As uitvloeisel van hulle patriotisme het die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes ontrouheid aan die Republieke as 'n skande beskou. Gevolglik was hulle afkerig van wapenneerlegging.

Volgens die gemiddelde Afrikaner se godsdiensbeskouing, sou 'n oorgawe aan die Britte nie net verraad teenoor die Boere se saak beteken nie, maar dit sou ook 'n daad van ongeloof wees.[38] Hugo van Niekerk, 'n krygsgevangene in die Broadbottom-krygsgevangenekamp, verwys in sy dagboek na 'n kennisgewing waarin gemeld word dat 'n persoon wat aan sy aardse regter ontrou is, ook aan sy hemelse Regter ontrou is.[39] Gevolglik het die oorlogskampbewoners 'n afsku in wapenneerlegging en ontrouheid gehad.[40]

Diegene wat die wapen neergelê het, is bespot en geminag. Baie van die wapenneerlêers is deur die vroue se beledigings, bespotting en minagting na die

---

36 H. Bradford, "Die durf van die bittereinder-vrou", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 68.

37 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 37; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 80; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 67; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 100.

38 H. Giliomee, *Die Afrikaners* ..., pp. 32, 209.

39 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 130.

40 J. Grobler & M. Grobler, *Women's Camp Journal: The concentration camps of the Anglo-Boer War* (Pretoria, Heroloda Wordworx cc, 2013) p. 41. Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal*..., p. 337.

kommando's teruggedryf. Die meeste vroue in die konsentrasiekampe – so wil dit voorkom – was vasberade dat hulle mans moes aanhou veg of die gevaar loop om hulle liefde te verbeur.[41] 'n Inwoner van die Merebank-konsentrasiekamp het byvoorbeeld geweier om haar man te sien nadat hy sy wapen neergelê het. Dit het mooipraat van die predikant en vriende gekos voordat sy bereid was om hom wel te ontvang.[42] C.P. Pretorius, 'n krygsgevangene in die Diyatalawa-kamp, skryf in sy dagboek dat sommige krygsgevangenes briewe van hulle vroue ontvang het waarin die vroue skryf dat hulle mans se name op 'n lys van eedafleggers voorgekom het en gevolglik is hulle nou as die vyand beskou en moes daarom liefs nie na Suid-Afrika terugkeer nie.[43] Die Boerevroue was tot die bittereinde die sterkste voorstanders van die stryd.

Die oorlogskampbewoners se gevoel van patriotisme het ook tot die bemoediging en vermaning van familie en vriende gelei om steeds te volhard en nie die eed van getrouheid af te lê nie.[44] C.P. Pretorius skryf:[45]

> *... en ont vang veele Brieffen van zuitafrika veele waarschuwen om niet in tezweer van alle plekken India, St. Heleena, Sumonstat waarchuw een den ander*

Kortom, die belange van die twee Boererepublieke het duidelik swaarder geweeg as die gevangenes se ontwrigting en lyding.

In die Deadwood-krygsgevangenekamp is daar, volgens H. de Graaf, ná pogings om krygsgevangenes tot eedaflegging oor te haal, kennisgewings in die kamp opgeplak om die inwoners teen so 'n afkeurenswaardige daad te waarsku en om die wankelmoediges te versterk. Die krygsgevangenes is gemaan om liewer hul hande af te kap voor hulle dit gebruik om te teken en om nie hul hande met die bloed van gesneuwelde broers te

---

41 J.G. Boje, "Winburg's war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district" (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), p. 248.

42 E. Neethling, *Mag ons vergeet?*, herinneringe van J. Kriegler, p. 135.

43 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 151.

44 J.G. Boje, "Winburg's war...", p. 280. Vergelyk K. Schoeman, *Witnesses to war: Personal documents of the Anglo-Boer War from the collections of the South African Library* (Cape Town, Human and Rousseau, 1998), p. 87.

45 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 151. Vergelyk H.L. van Rooyen, *Ek was 'n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, Model-Drukkers, 1962), p. 38.

bevlek nie.[46] In ’n verdere kennisgewing is die krygsgevangenes daarop gewys dat diegene wat die eed van getrouheid afgelê het hulle landgenote ’n skande aangedoen het, en dat hulle verder nie moet vergeet dat hulle eiendom verwoes en hulle vroue en kinders beledig is nie. Laastens is beklemtoon dat al die krygsgevangenes sielsgraag uit hulle ballingskap verlos wil word, maar dat hulle nie hulle vryheid deur landsverraad kan verkry nie.[47]

7.3.2 Minagting van “verraaiers” ’n weerspieëling van trou

In die oorlogskampe was daar voortdurend spanning tussen diegene wat vrywillig die wapen neergelê en die eed van neutraliteit afgelê het en diegene wat lojaal aan die republikeinse saak gebly het.[48] In die oorlogskampe het die lojale republikeine diegene wat met die vyand geheul het, geminag en het gewoonlik nie gehuiwer om hulle afsku van hierdie mense openlik te toon nie. Volgens H. Scholtemeijer, ’n krygsgevangene op St. Helena, het die krygsgevangenes se bloed gekook net by die gedagte dat daar “landsverraaiers” in hulle midde was. Die krygsgevangenes was, volgens hom, vasberade om op ondubbelsinnige wyse hulle afsku in dié mense te toon.[49] Vir Rensche van der Walt, ’n gevangene in die Bethulie-konsentrasiekamp, was die “verraaiers” ’n “spyker in die oog” en sy het gevoel dat dit beter sou gewees as diesulkes nooit gebore was nie.[50]

Daar was wel die enkele vrou in die konsentrasiekampe wat sommige “verraaiers” jammer gekry het. Johanna Brandt-Van Warmelo skryf dat nadat sy, as verpleegster, sommige “verraaiers” beter leer ken het, besef het hoe spyt sommige van hulle oor hulle dade was en dat hulle enigiets denkbaar sou doen om hulle daad ongedaan te maak.[51] Die meerderheid vroue en krygsgevangenes het egter “verraaiers” gehaat en geminag, veral weens hulle hulp aan die Britse magte met die uitwys van vroue se

---

46 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 78.
47 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 86-87.
48 J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal* ..., p. 41.
49 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van ’n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), p. 46; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905), p. 9.
50 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 20.
51 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 7. Vergelyk E. van Heyningen, “Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 102.

wegkruipplekke en hulle aandeel in die afbrand van huise en die wegvoering van vroue en kinders na die konsentrasiekampe.[52] Die medeverantwoordelikheid van "verraaiers" vir die vernielsug van republikeinse burgers se eiendom en hulpbronne het die res van die ingekerkerde burgers se trou aan en liefde vir die republikeinse state aangevuur.

'n Vrou het haar minagting byvoorbeeld duidelik getoon deur 'n ene Piet Cloete, wat saam met die Britse magte by haar huis opgedaag en haar as "Niggie" aangespreek het, met die vuis in die gesig te slaan. Sy het hom verder toegevoeg dat sy nie sy "Niggie" is nie, maar dat hy wel 'n "verraaier", renegaat en 'n hond is.[53]

Dit was veral die vroue wie se mans nog geveg het wat die "verraaiers" met groot minagting bejeën het.[54] Indien die "verraaiers" die vroue durf groet het, is hulle toegesnou dat hulle glad nie "verraaiers" groet nie.[55] Volgens J.P. Swart wat saam met sy ma 'n gevangene in die Standerton- en Merebank-konsentrasiekampe was, was daar genoeg "bitterbekke" en kwaai vroue in die kamp wat die mans wat wel die vroue wou help om pale (vuurmaakhout) aan te dra, beledig het en met die volgende woorde afgejak het: "Jou geweer was te swaar vir jou, nou wil jy vir my hout dra! Loop!"[56]

Die lojale krygsgevangenes het net soos die konsentrasiekampbewoners haat, minagting en bitterheid teenoor diegene wat nie trou aan hulle land gebly het nie, gekoester.[57] Die ontroues is as onnosel en lafhartig beskryf.[58] Die krygsgevangenes

---

52 S.L. Le Clus*, Lief en leed: 'n Verhaal van huis- en kamplewe gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, s.j.), p. 43; J. Grobler & M. Grobler, *Women's Camp Journal* ..., p. 41; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942), pp. 99-100; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 117.

53 J. Grobler & M. Grobler, *Women's Camp Journal* ..., p. 41. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed, of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), p. 44; VAB, Bloemfontein, 155/134/1: Vrouweverdriet: Persoonlike herinneringe uit die laaste oorlog en die konsentrasiekampe, van wijle mevr. P.J. van der Walt (gebore Olivier).

54 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902: 'n Gedenkboek* (Bloemfontein, Dreyer-uitgewers, 1982), herinneringe van J.P. Swart, p. 35.

55 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*..., p. 59. Vergelyk S.L. Le Clus, *Lief en leed*..., p. 27.

56 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902*..., herinneringe van J.P. Swart, p. 35; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 241. Vergelyk E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding, 1899-1902,* 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2012), herinneringe van C. Otto, p. 202.

57 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 54; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 103-105.

58 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 22.

was van mening dat, deur die eed van getrouheid af te lê, hulle die Afrikaner 'n oneer met so 'n skandelike daad aangedoen het.[59] Dit is as 'n daad gereken waarvoor die "verraaiers" nooit vergewe kan word nie.[60] Ruijssenaers, 'n krygsgevange op St. Helena, was van mening dat die ontroues hulle land uitverkoop het en dat hulle nie eens die tou waarmee hulle opgehang moes word, waardig was nie.[61]

Volgens P.A. van Jaarsveld, 'n krygsgevangene in die Kakool-kamp, was die "verraaiers" sonder vriende en moes hulle altyd soos uile wegkruip.[62] Die verdeeldheid, tweespalt en verbittering tussen die republikeine en "verraaiers" het toenemend al erger afmetings aangeneem. Chris de Wet het, volgens Hugo van Niekerk, geweier om sy neef Jan de Wet met die hand te groet, aangesien laasgenoemde 'n "verraaier" was,[63] terwyl Thomas Brain geweier het om 'n erediens by te woon weens die teenwoordigheid van 'n verraaier met die naam Muller. Hy wou nie met Muller geassosieer word nie – selfs nie in die kerk nie.[64]

Die krygsgevangenes was nie so skerp van tong soos van die konsentrasiekampbewoners nie, maar hulle het wel hulle minagting deur lied en vers te kenne gegee. H. Scholtemeijer was een aand baie gebelgd oor die gedrag van die klomp Engelsgesindes en "verraaiers" in die kamp, waarop hy die volgende versie geskryf en dit teen die tent opgeplak het. Afskrifte van die versie is gemaak en onder die krygsgevangenes versprei. Die eerste strofe lui soos volg:

't Is schande, 't is schande, 't is driedubbele schande
Dat Boeren in 't kamp, van soort allerhande
Als armen en rijken, zelfs voorgangers der kerk
Op 't voorhoofd graag dragen het Engelsche merk.[65]

---

59 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 166; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 22, 103.
60 J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, (Pretoria, Höveker & Wormser, s.j.), p. 39.
61 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* , p. 134.
62 P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië*: *Anglo-Boereoorlog* (Port Shepstone, P.A. Coetzee, 1999), p. 14.
63 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 134.
64 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 36.
65 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 50.

In die volgende gedig word die krygsgevangenes se veragting en haat vir die "verraaiers" nog sterker uitgedruk:[66]

Op een Verrader
Verrader monster, vloek der aarde,
Vernederd schepsel der natuur;
Gods wraak die uw tot heden spaarde
Verdelg uw eens deur de helse vuur.
Neen. Hy doet uw slechts bezeffen
Hoe verachtelik uwe daden zyn
Geen blikzemstraal kan sneller treffen,
Geen donder meer verschriklik zyn.
Dan zal uw ziel zich krimpend wringen,
Gevoelen wat haar waarde was.
Op de jongste dag die eens zal dagen
Zal men lezen op uw graf:
"Hier legt de vloek van vriend en maagd
Wat Vaderland de doodsteek gaf."

Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes se gevoel van patriotisme het tot beledigende benaminge aan diegene wat nie hulle trou aan en liefde vir hulle onderskeie Republieke gedeel het nie, gelei. In die konsentrasiekampe het die lojale republikeine in die algemeen na die "verraaiers" as die "Rooipootjies" verwys, omdat hulle volgens die inwoners die oorlede ounooi (koningin Victoria) se merk met die rooi band om die arm met die wit letters "R.C.P." (Refugee Camp Police) daarop gedra het.[67] Ander neerhalende benaminge deur die lojale burgers was "kakieridder,"[68]

---

66 OM, Bloemfontein, 6289/3: Manuskrip: Gedig deur ene Cronje. Onderaan die gedig is in dieselfde handskrif geskryf dat die gedig deur Cronje geskryf is. Hy het tot op die laaste op die slagveld gebly, maar moes uiteindelik oorgee as gevolg van verraaiers. Volgens die skrywe is Cronje se vrou en kinders almal in 'n konsentrasiekamp dood en sy plaashuis is afgebrand. Vergelyk W. Jonckheere (samesteller), *Die platgetrapte kroontjie: Afrikaanse en Nederlandse gedigte oor die Anglo-Boereoorlog* (Pretoria, Protea Boekhuis, 2001), p. 126; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (D.Phil-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), p. 229.

67 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 147.

68 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902*..., herinneringe van J.F. van Schalkwyk, p. 27.

"handsuppers,"[69] "slange,"[70] "witdoeke,"[71] "camp leggers"[72] en "khakiboer,"[73] Beledigende benaminge het ook uitdrukking aan die krygsgevangenes se minagting gegee. De Villiers, 'n krygsgevangene op die Bermuda-eilande, het na die "verraaiers" as "blinkes" verwys.[74] Ander neerhalende benaminge was onder andere "vuilgoed,"[75] "brandziek schapen"[76] en op die Bermuda-eilande is een van die kampkommandante, ene Schonke wat ontrou aan sy land was, se naam na "Skunk" (muishond, vuilgoed of lae hond) verander.[77] J.S. van der Watt, 'n krygsgevangene in die Kakool-kamp, het die "verraaiers" aan Esau gelykgestel: "Ezau heeft zijn geboorterecht verruild voor een vat boonensoep."[78]

Verbale beledigings het dikwels in die oorlogskampe voorgekom. "Verraaiers" is egter ook fisies verneder deur die toedien van vorme van straf. In byvoorbeeld die Brandfort-konsentrasiekamp het van die Boere wat van die gevegsfront teruggekeer het, die aand van 6 Junie 1902 'n verraaier uit sy tent gehaal en hom 'n pakslae gegee.[79]

Enige teken van ontrouheid onder die krygsgevangenes het die meerderheid krygsgevangenes woedend en oproerig gemaak.[80] Elke gevangene wat sleg of beledigend van die presidente of republikeinse regerings gepraat het, die eed van getrouheid afgelê of ander daartoe probeer oorreed het, wat die vroue in die Republieke se eiendom verwoes of hulle besteel of hulle na die konsentrasiekampe weggevoer het,

---

69 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 49; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 7.

70 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van M. Ferreira, p. 197.

71 M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 41; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van A. Wessels, p. 143.

72 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 49; M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902*..., herinneringe van J.F. van Schalkwyk, p. 27.

73 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe*..., herinneringe van E.J. van Rensburg, p. 32; S.L. Le Clus, *Lief en leed*..., p. 43.

74 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 77. "Blinkes" is diegene wat teenoor Brittanje lojaalgesind was en dit "blink" of beter as die ander gehad het.

75 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 69.

76 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 119; M.C.E. van Schoor (ed.), *The diaries and recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 8 (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Oorlogsmuseum, 1990), p. 82.

77 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, p. 69.

78 J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, p. 29.

79 VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 113; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 92-93.

80 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 66; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 87.

is swaar gestraf en fisies verneder.[81] Klagtes teen ontroue krygsgevangenes is ondersoek, 'n waarskuwing is gegee en, indien nodig, is die persoon verhoor en gestraf.[82] Die straf het gewissel na gelang van die oortreding wat begaan is.[83] Strawwe het ingesluit die afskeer van 'n persoon se hare en baard,[84] die verpligte sing van volksliedere,[85] 'n aantal houe met 'n riem,[86] die afbrand van hutte[87] tot indompeling in die rioolsloot.[88]

In die Deadwood-krygsgevangenekamp het die lojale burgers op 'n aand drie "verraaiers" se huis afgebrand. Die onrus het die volgende dag voortgeduur. Gedwonge groepslojaliteit blyk dus al 'n eeuelange vereiste te wees, en sou dit nie wees nie, is die gevolge dikwels ernstig tot noodlottig. "Verraaiers" is vir hulle eie veiligheid onder luide uitjouery deur soldate uit die kamp geneem. Die aand het die lojale burgers met 'n strooipop op 'n draagbaar deur die kamp gestap. Die pop was met 'n *Victoria Cross* versier om so die "verraaiers" voor te stel. Die pop is later onder luide toejuiging aan die brand gesteek.[89] Op die plek waar die "verraaier", Jooste, se huis gestaan het, is 'n graf met die volgende opskrif gemaak: "Tergedachtenis van de overleden Republikein 'N. Jooste & Co.'"[90] Daar is ook 'n paar geel vlaggies by die "graf" geplant om die krygsgevangenes teen dié besmette plek te waarsku.[91]

---

81 H. de Graaf, *Boere op St. Helena* , pp. 53-54; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 99-102; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 155; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 89.

82 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 53-54; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 47.

83 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 43.

84 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., pp. 43, 47-49; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 68-69.

85 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 53-54; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., p. 43; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 81; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 110; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 52.

86 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 98, 101; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 89; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 74-75.

87 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 168-170; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 169-170; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 87-89; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see*..., pp. 48-49.

88 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 66; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 110, 119; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 69, 81.

89 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 169-171; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 87-89.

90 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 171.

91 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 169-171; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 87-89.

Die vernederendste straf wat die “verraaiers” ondergaan het, was die sogenaamde *Perry’s Dip*. Dié straf het die indompeling van ’n “verraaier” in ’n kamp se rioolsloot (toilet) beteken en so ’n persoon is gewoonlik verhoed om dadelik te was.[92] Volgens Teengs, ’n krygsgevangene in die Deadwood-krygsgevangenekamp, het hierdie straf vir ewig ’n skandvlek op ’n “verraaier” se naam gebring.[93] Die krygsgevangenes het geglo dat *Perry’s Dip* die beste afskrik- en geneesmiddel vir “verraaiers” was.[94]

Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners se patriotisme het minagting en haat tot gevolg gehad teenoor diegene wat ontrou aan hulle land was. Met die kwetsende opmerkings, benaminge en optrede het hulle nie net hulle minagting teenoor die “verraaiers” getoon nie, maar dit het ook van hulle patriotisme gespreek.

7.4 Nasionale herdenkings as uitvloeisel van kamppatriotisme

Die nasionale feesdae van die twee Boererepublieke is, sover moontlik, in beide die krygsgevangene- en konsentrasiekampe herdenk en gevier. Die verskil in die omvang van die herdenkings en feesvieringe is egter opvallend. Die vroue in die konsentrasiekampe het hierdie gebeure op ’n gans ander wyse as die krygsgevangenes gevier. Die viering van die Afrikanerfeesdae was egter, ongeag die aard van feesvierings, ’n aanduiding van die oorlogskampbewoners se liefde vir en trou teenoor die Boererepublieke.

7.4.1 Presidente Kruger en Steyn se verjaardae

In die krygsgevangenekampe is daar jaarliks vreugdevolle herdenkings van presidente M.T. Steyn en Paul Kruger se verjaardae gehou.[95] Hierdie feesvieringe is deur godsdiensoefeninge, sportbyeenkomste en konserte gekenmerk. In die Deadwood-

---

92 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 69; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap* van *L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 155.

93 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 138.

94 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 54: OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 138; *Kamp Kruimels*, no. 4, Donderdag 10de Jan. 1901 in OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 155.

95 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 39; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 141-144; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 3; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), p. 131; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 115; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 146; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 113-114; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 43, 107-113.

krygsgevangenekamp is president Kruger se verjaardag in Oktober 1901 oor ŉ tydperk van drie dae gevier. Op 9 Oktober 1901 is Republikeinse vlaggies van papier oral in die kamp uitgedeel en op 10 Oktober het daar op elke burger se bors ŉ Vierkleur of Vyfkleur gepryk.[96] Die feesvieringe is met ŉ godsdiensoefening deur ds. A.F. Louw begin. Die sportbyeenkoms het oor twee dae gestrek en het ŉ verskeidenheid items soos naellope, gewigstoot, krieketbalgooi, hoog- en verspring staande en met ŉ aanloop, toutrek, hinderniswedloop, kruiwastoot, aartappelwedloop, skerm, te perd stoei, paalspring, hanegeveg en skilpad-trek ingesluit.[97] Twee konserte is ook op 10 en 11 Oktober aangebied. Op die 10de Oktober het die leerlinge van die hoogste twee standerds aan al die leerlinge, 350 in getal, ŉ konsert bestaande uit ernstige en geestige voordragte, aangebied. De Graaf toon aan dat dié konsert uiters geskik was om by leerlinge vaderlandsliefde in te skerp, aangesien gedigte soos *Onze Oom Paul* en *De Slag bij Nieuwpoort* voorgedra is. Die volgende aand is ŉ konsert in die lokaal van "Tot Nut en Vermaak" gehou. Die saal is met varsgesnyde blomme en groen takke versier en op die verhoog was daar ŉ skildery van elk van die twee presidente. Die program het uit uitvoerings deur ŉ strykkwartet, sang, voordragte en ŉ klugspel bestaan. Van die krygsgevangenes het hulle hand aan die dig- en skryfkuns gewaag. Tom Moodie het ŉ voordrag, deur homself gedig, "Mijn land, mijn volk, mijn taal" gelewer. Kaptein De Witt Hamer het in sy toespraak die hoop uitgespreek dat solank as wat die krygsgevangenes op die eiland moes bly hulle steeds soos broers sal saamwoon, getrou aan land en volk.[98]

Selfs die vereniging "All Deutchland" het ŉ feestelike samekoms in sy klub gehou waar onder andere die lied "Kom dan broeders Afrikaners", geskryf deur J. Teengs, uit volle bors gesing is. Tydens dié geleentheid het die heer Schulte-Brocker die hoop uitgespreek dat die krygsgevangenes die volgende jaar dié dag in ŉ vrye Transvaal sou vier. Die feesvieringe is op 12 Oktober met ŉ dag van verootmoediging afgesluit.[99]

---

96 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 108. Vergelyk H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 39.

97 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 108. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 197.

98 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 109, 112. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 200.

99 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 109, 111.

Dié herdenkings was nie net ’n uitvloeisel van die krygsgevangenes se patriotisme nie. Dit het ook ’n belangrike bydrae gelewer om ’n solidariteitsgevoel onder die gevangenes te versterk en lewend te hou.

Die konsentrasiekampbewoners het – net soos die krygsgevangenes – presidente Steyn en Kruger se verjaardae herdenk, maar hierdie herdenkings het nie met soveel feestelikhede gepaard gegaan nie. In die Merebank-konsentrasiekamp het ’n groot aantal vroue en kinders op die middag van 10 Oktober 1901 die Vierkleur gehys en daarmee deur die kamp gestap.[100] In die Bethulie-konsentrasiekamp het sommige gevangenes op 2 Oktober 1901 na die Grootrivier gegaan om president Steyn se verjaardag daar te vier. Volgens Rensche van der Walt sou hulle ’n groot fees by die rivier gehou het. Die feesvieringe is egter laat vaar, aangesien hulle te bedruk gevoel het. Gebede het wel opgegaan dat die Here die twee presidente sal spaar en krag sal gee om hulle groot taak met trou en lus tot heil van die volk en land uit te voer.[101]

Die feesvieringe in die konsentrasiekampe het in groot teenstelling met die feesvieringe in die krygsgevangenekampe gestaan, maar die eenvoud en erns daarvan weerspieël juis die vroue se liefde vir en trou aan die Republieke.

7.4.2 Dingaansdagvieringe

Die krygsgevangenes het Dingaansdag in die plaaslike en oorsese kampe gevier.[102] Die verskeie verenigings, maar veral die debatsverenigings wat in die krygsgevangekampe gestig is, het die vierings van Afrikanerfeesdae op ’n gepaste wyse gereël.[103] Die godsdienselement het altyd sentraal in die Dingaansdagvieringe gestaan. Debatte, toesprake en voordragte was ’n verdere kenmerk van die herdenkingsgeleenthede.[104]

---

100 E. Hobhouse, *War without glamour – or – women’s war experiences written by themselves, 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1924), Joernaal van die oorlog vanaf Oktober 12 1900 deur A.M. van den Berg, p. 34.

101 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 21.

102 VAB, Bloemfontein, A-261: Dagboek en briewe van F.P. Venter, pp. 54-55; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 108; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 31; OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G. E Greyling, pp. 3-4.

103 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 65; VAB, Bloemfontein, A-261: Dagboek en briewe van F.P. Venter, pp. 54-55.

104 OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling, p. 4; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 108-109.

In die krygsgevangenekamp in Groenpunt het sommige krygsgevangenes die oggend van 16 Desember 1901 byeengekom. Tydens die byeenkoms het H. Theron oor getrouheid gepraat en J. Pretorius het ’n gedig met die titel “Dingaansdag” voorgedra. ’n Debat met die tema “Is die sedes en gewoontes van die hedendaagse beskawing verkiesliker as dié van die Voortrekkers en Piet Retief?” is gehou en die oorgrote meerderheid het ten gunste van die outydse sedes gestem. Ná die sing van die volksliedere het die byeenkoms verdaag, maar om halftwee het die krygsgevangenes weer byeengekom. Veldkornet Helmboldt het tydens hierdie byeenkoms oor die geskiedenis van hulle voorvaders in Holland, Duitsland en Frankryk gepraat. Ná ’n voordrag is die onderwerp “Wat kan gedoen word om die Afrikanervolk eendragtig te laat saamwerk en ’n gesonder nasionaliteitsgevoel te kweek?” deeglik bespreek. Voor die sing van die volksliedere en die afsluiting het die heer Pretorius wat self die Slag van Bloedrivier beleef het, ’n kort beskrywing van die slag gegee.[105]

Dingaansdag is ook op plegtige wyse in die ander krygsgevangenekampe gevier. In die Diyatalawa-krygsgevangenekamp het die krygsgevangenes alreeds op 15 Desember 1900 in die ontspanningsaal byeengekom. Generaal P.H. Roux het die vergadering gelei en na aanleiding van Openbaring 2:5 die krygsgevangenes vermaan om hulle voorouers en herkoms in gedagte te hou. Hy het verder daarop gewys dat “Ons bloed is verdund geworden” en dat die Afrikaner van sy voorouers se weë afgedwaal het. Ander sprekers het die geskiedenis van die Slag van Bloedrivier in herinnering geroep. Laastens is daar gedebatteer oor of Nederlands of Afrikaans die taal van die toekoms behoort te wees. Die oorgrote meerderheid het ten gunste van Afrikaans gestem.[106]

Op Sondag 16 Desember 1900 is die feesvieringe met ’n preek deur ds. G. Murray en ’n redevoering deur generaal Roux voortgesit. Ds. Murray het Sefanja 3 vers 19 as teks geneem en die krygsgevangenes op die Afrikaner se verlossing en roemryke oorwinning by Bloedrivier en op die nageslag wat bannelinge in ’n vreemde land is, gewys. Hy het ook aangetoon dat God die volk straf omdat hulle gesondig het maar dat, as hulle hul sonde opreg bely, Hy hulle weer na hulle land sal terugneem. Generaal Roux het in sy redevoering op die Afrikaner se voorgeslagte gewys en aangedui hoe

---

105 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 108-109.
106 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 168-173.

hulle afgedwaal het, waarna hy ’n beroep op almal gedoen het om weer op die goeie en ou bekende Bybelse weë te wandel.[107]

’n Aantal predikante het die Oorlog en hulle lewe van inkerkering as ’n straf uit die hand van die Here gesien omdat die volk die herdenking van Dingaansdag verwaarloos het. In die Ahmednagar-krygsgevangenekamp het ’n aantal krygsgevangenes besluit om ’n nuwe gelofte af te lê. Die nuwe gelofte is na ’n maand van voorbereiding en ’n week van verootmoediging en gebed op 16 Desember 1901 in Hut 7 afgelê. Ds. Viljoen het diegene wat nie geneë was om ’n nuwe gelofte af te lê nie, die geleentheid gegee om die hut te verlaat. Die gelofte het soos volg gelui:[108]

> *Wij belijden voor den Heer onze zonde dat wij Dingaansdag of zoo zeer verwaarloos hebben of hem niet hebben gevierd als een Sabbath volgens de gelofte door de Vaderen gedaan, en doen hem heden de plechtige belofte dat wij met zijne hulp met onze huisgezinnen van nu af deze 16de dag van December altoos als een Sabbath tot zijn eer zullen vieren, en dat als Hij ons leven spaar en ons en ons volk de verlangende verlossing geeft, wij hem zullen dienen zoolang wij leven.*

Benewens die Geloftefeesvieringe is ander Afrikanerfeesdae ook herdenk. H Scholtemeijer maak verder melding daarvan dat hulle in die Deadwood-krygsgevangenekamp ook Amajuba-dag gevier het met die bede dat die Oorlog in die Afrikaner se guns sal verloop.[109] Die onafhanklikheidsdag van die Republiek van die Oranje-Vrystaat is in die Broadbottom-krygsgevangenekamp met ’n konsert en redevoerings deur luitenant Kolbe, die heer Van der Wath en Hugo van Niekerk, gevier.[110]

---

107 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 173-183. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, p. 11; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 221; OM, Bloemfontein, 6776/1: Dagboek van C.G.E. Greyling, pp. 3-4.

108 F.A. van Jaarsveld & F.J. Pretorius, “Tussen lewe en dood: Briewe uit die Bloemfonteinse ‘Refugee Kamp’, 1901-1902”, *Historia,* jg. 28, nr. 1, Mei 1983, pp. 43-44. Vergelyk A. Bailey, “Die gelofte van 16 Desember 1838: Die herdenking en betekenis daarvan, 1838 tot 1910” (M.Hsc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2002), p. 80.

109 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 43.

110 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 161.

Geloftedag is ook in die konsentrasiekampe gevier, maar op ’n gans ander wyse.[111] Dingaansdag is op 16 Desember 1901 in die Merebank-konsentrasiekamp herdenk. Dié herdenking het egter nie met groot feesvieringe gepaard gegaan nie. Me. A.M. van den Berg skryf in haar joernaal dat elke vrou dié dag in haar tent of kamer herdenk het deur daaraan terug te dink hoe God hulle voorvaders ryklik geseën en gehelp het. Verder was almal se bede dat God hul ook sal verlos.[112]

In die Howick-konsentrasiekamp het agt vroue besluit dat Dingaansdag, ondanks die kampowerhede se vyandige houding jeens Boerepatriotisme, nie ongemerk mag verbygaan nie. Slegs dié agt vroue het die feesvieringe beplan, aangesien hulle bevrees was dat indien meer mense van die feesvieringe kennis dra, spioene die kampowerhede daaroor sou inlig. Die feesvieringe is met ’n erediens deur ds. Van der Horst geopen. Die erediens is deur toesprake oor die Slag van Bloedrivier opgevolg. Ná die laaste gesang het die agt dames volksliedere begin sing en ’n Vyfkleurvlag omhoog geswaai – ’n samestelling van die Vierkleur en die Vrystaatse vlag – en uitgeroep “Al wat Afrikaners zijn volg ons.” Die vroue en meisies het lang rye gevorm en die kamp deurkruis en ’n optog na die kampkommandant se kantoor gehou. Die Britse kommandant het sy kwartiermeester, ene Ellewee, bevel gegee om die vlag af te neem. Ellewee het die vlag gegryp, maar me. Erasmus het dit uit sy hande gepluk waarna hy deur die vroue toegetakel is. Ná hierdie insident het die vroue ongestoord met die optog voortgegaan.[113] Die vroue het met hulle beskeie feesvieringe Dingaansdag herdenk en hulle samehorigheidsgevoel met die Boere se saak getoon.

Die Geloftedagherdenkings het beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se trou, liefde en patriotisme teenoor die onderskeie republieke getoon en versterk en dit het hulle met moed vir die toekoms besiel.

---

111 D.W. Kruger, *Die viering van Dingaansdag 1838-1910* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1935), p. 51.

112 E. Hobhouse, *War without glamour* ..., Joernaal van die oorlog vanaf Oktober 12, 1900 deur A.M. van den Berg, p. 37; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 66.

113 L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., pp. 70-71; A. Bailey, “Die gelofte van 16 Desember 1838 ...”, pp. 79-80; D.W. Krynauw, “Nageslag se ere aan die heldeskaar”, *Die Brandwag*, 15 Desember 1944, p. 15.

7.4.3 Verdere opwellings en uitinge van patriotisme

Die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se gevoel van patriotisme het in die sing van beide die Republieke se volksliedere en die vertoon van vlae na vore gekom. Tydens die verwydering van krygsgevangenes uit die kampe as straf vir oortredings, of met hulle terugkeer na die kampe, het groot groepe krygsgevangenes by die hek byeengekom, drie hoera's vir presidente Steyn en Kruger geskree en die onderskeie volksliedere uit volle bors gesing.[114]

Goeie nuus oor die Oorlog het die krygsgevangenes se gevoelens van patriotisme laat opwel. Die ontvangs van 'n telegram met die nuus dat vier Britse generaals by Elandsrivier gevang is, het tot die heen en weer stappery in die kamp gelei, terwyl uitroepe van hoera en die sing van die Transvaalse volkslied weerklink het.[115] Selfs met die ontvangs van slegte nuus het die krygsgevangenes steeds hulle trou aan die Republieke bevestig. Op St. Helena het die Britse soldate die anneksasie van Transvaal luidkeels gevier, waarop die krygsgevangenes die Transvaalse volkslied so hard as moontlik gesing het.[116]

Die geweldige lyding van die vroue en kinders in die konsentrasiekampe het geensins hulle liefde vir en hulle landslojaliteit aangetas nie. Sommige vroue en kinders is onder baie moeilike omstandighede in oop veetrokke na ander konsentrasiekampe soos Merebank en Colenso vervoer, maar hulle het hulle lyding met die sing van psalms[117] en volksliedere en die swaai van die republikeinse vlae begroet.[118] Klagtes oor die swak gehalte vleis wat die konsentrasiekampbewoners in die Bloemfontein-konsentrasiekamp ontvang het, het op dowe ore geval en die vroue is met beledigings na hulle tente

---

114 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 80-81, 134; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 52; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 216.

115 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 28.

116 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 34. Die nuus was nie altyd korrek nie. Kyk Hoofstuk Vyf, pp. 169-170.

117 E. Neethling, *Mag ons vergeet*? Van Pietersburg na Pinetown deur me. B. Hofmeyr, p. 216. Op Glencoe se stasie het 'n paar Engelse die vroue bespot waarop hulle geantwoord het met die sing van Psalms.

118 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., My ondervinding gedurende die Driejarige Oorlog deur E.J. van Rensburg, pp. 35-36; M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van H. Schneider, p. 26; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 295; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 65; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 4.

teruggestuur. Met skemer het die vroue en kinders hulle gees van verset opnuut getoon en in lang rye deur die strate gemarsjeer en volksliedere gesing.[119]

Die krygsgevangenes het ook in die traumatiese gebeure ’n geleentheid gesien om Afrikanernasionalisme te versterk en die Afrikaner op te bou om ná die Oorlog ’n sinvolle bestaan te kan voer. Voortdurende besprekings is in die kampe gehou oor onafhanklikheid, die versterking van Afrikanernasionalisme en die opbou van die Afrikaner en die twee Boererepublieke. In die Diyatalawa-krygsgevangenekamp het ds. Roux op 23 Februarie 1901 tydens ’n byeenkoms die krygsgevangenes geleer wat onafhanklikheid werklik beteken. Roux se rede is deur ’n toespraak oor presidente Steyn en Kruger, generaal De Wet en al die burgers wat nog steeds veg, opgevolg. Laaste op die program was ’n besprekingspunt oor wat werklik noodsaaklik is vir die vooruitgang van die twee Boererepublieke en hoe die Afrikaner se nasionaliteitsgevoel versterk kon word. In hulle bespreking het die krygsgevangenes die klem op die belangrikheid van skole en die inhoud van die leermateriaal laat val. Die krygsgevangenes het verder gevoel dat elke kind vir twee jaar – van ouderdom sestien tot agtien jaar – staatsdienspligte moes verrig om met die landswette en gehoorsaamheid vertroud te raak.[120]

In die Deadwood-krygsgevangenekamp het ’n klompie krygsgevangenes “De Zuid-Afrikaansche Nationale Beschermings-Vereniging” gestig met die doel om samewerking tot die vooruitgang en ontwikkeling van die Afrikaners in die algemeen te bevorder; om politieke eenheid te bevorder deur die regering in die daarstelling en uitvoering van nuttige wette te ondersteun; om die opvoeding en onderwys te bevorder deur toe te sien dat die jeug tot nuttige onderdane van die staat opgelei word en om eenheid onder die Afrikaners te bevorder. Die groepie krygsgevangenes was van plan om met hulle terugkoms in Suid-Afrika oral takke van die vereniging te stig om sodoende die land weer op te bou.[121]

---

119 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp: Jeugherinneringe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944), pp. 22-23. Vir ’n soortgelyke optrede in die Brandfort-konsentrasiekamp vergelyk S.L. Le Clus, *Lief en leed* ..., pp. 63-64; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, pp. 78-79.

120 OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 243-244.

121 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 130-131.

7.5 Die vestiging van kampskole

Die groot aantal kinders en jongmense in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe het spoedig tot die stigting van privaatskooltjies gelei.[122] In die kampe is sulke skooltjies deur versiende en patriotiese leiers, predikante en oud-onderwysers gestig.[123]

Die doel van die kampskole was om te verhoed dat die kinders al hulle tyd ledig deurbring, maar ook om die kinders te help ontwikkel. Volgens H. de Graaf moes die kinders met hulle terugkeer na Suid-Afrika kon sê:[124]

> *Die noodlot van 'n oorlog het van my 'n krygsgevangene gemaak, maar ek het my bes gedoen en geleer, sodat ek 'n onafhanklike man geword het*

Die gevangenes se veerkragtigheid blyk ook uit hulle vermoë om hulle inkerkering as 'n geleentheid tot persoonlike groei te sien. Die krygsgevangenes het self in die Groenpunt-krygsgevangenekamp 'n skool begin. Daar was uit die krygsgevangenes nege vrywilliger-onderwysers van wie vyf gesertifiseer was, naamlik mnre. Herholdt, Theron, Malherbe, De Witt en Thom. Aanvanklik was daar slegs 60 leerlinge, maar teen April 1901 het die leerlingtal tot 130 aangegroei. Daar is van die substanderds tot matriek klas gegee. In die grade was die gemiddelde ouderdom vyftien jaar en vir die matrikulasieklas was dit twee-en-twintig jaar.[125] Die aanvanklike onderwys in die

---

122 E.H. Hudson, "Die geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg met verwysing na die maatskaplike verband" (D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1948), pp. 177-178; E.G. Malherbe, *Education in South Africa (1652-1922)*, (Cape Town, Juta, 1925), pp. 297-298; M.A. Basson, "Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 1836-1907", A. Kieser e.a. (red.), *Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis*, jg. 19, deel 2 (Kaapstad, Staatsdrukker, 1956), p. 153; J.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat", *Historiese Studies,* jg. v, 1944, pp. 8- 9; J. Grobler & M. Grobler, *Women's Camp Journal* ..., p. 118.

123 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 65; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 35-36.

124 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 197.

125 J.C. Symington, "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat", *Historiese Studies*, jg. v, 1944, p. 10; OM, Bloemfontein, 4305/73: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groen Punt Kamp 1, tent 191, 17.12.00. Joubert beskryf in die brief oor die skool, onderwysers en ds. Alheit se toesighouding oor die skool.

Groenpunt-krygsgevangenekamp is op die onderrig van lees en skryf toegespits. Later is ook klem op die onderrig van vaderlandse geskiedenis en rekenkunde gelê.[126]

In die Deadwood-krygsgevangenekamp is die Boereskool of kampskool op 23 Julie 1900 gestig. Onderrig het die Nederlandse taal, skrif, rekenkunde, aardrykskunde van die Republieke en die Kaapkolonie en die vaderlandse geskiedenis ingesluit. In die onderrig van geskiedenis is daar veral aandag aan die tydperk sedert die Groot Trek van 1836 gegee.[127] Die skool het ook gereeld konserte gehou, gesellige aande gereël en met die Afrikanerfeesdae het die leerlinge ook ’n bydrae gelewer. Met die herdenking van president Kruger se verjaardag in 1901 is ’n nuwe skoolsaal ingewy en van die agtien items op die program is sestien deur die leerlinge gelewer. Op Amajuba-dag in 1902 het die leerlinge ’n gesellige aand gehou waartydens die openingsrede, opstelle en toesprake deur die kinders gelewer is.[128]

In die Broadbottom-krygsgevangekamp het ’n ene Proctor aangebied dat die here Burt en Donald die onderwysers sal help sodat ’n pragtige nuwe skool met die hulp van ’n paar bekwame onderwysers tot stand gebring kon word. Die nodige geld, toerusting en voorraad sou ook voorsien word. Die onderwysers het egter die aanbod van die hand gewys. Meneer Lijell (Lyell) het daarop gewys dat die skool reeds vir twee jaar sonder hulp van ander bestaan en dat dit baie goed funksioneer.[129]

Die kampskole was van onskatbare waarde om die Afrikaner – jonk en oud – op die nuwe en vreemde omstandighede wat daar op hulle in die voormalige Boererepublieke gewag het, voor te berei. De Graaf het die kampskole as een van die nuttigste instellings in die krygsgevangenekampe beskou, aangesien die skole almal toegerus

---

126 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, pp. 355-357; K. Rood-Coetzee, “Die lief en leed van die bannelinge”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 527; L.A. Changuion, “Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, p. 67.

127 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 66.

128 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., pp. 67-68.

129 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 167-168.

het om by hulle terugkeer na die voormalige Boererepublieke betrekkings te beklee waarvoor hulle andersins nie sou gekwalifiseer het nie.[130]

Private skooltjies is ook in die konsentrasiekampe gestig. Net soos in die krygsgevangenekampe, het oud-onderwysers en predikante die leiding geneem. Daar is onder meer privaatskooltjies in kampe soos Mafeking, Vryburg, Norvalspont, Howick, Nylstroom, Pietermaritzburg, Klerksdorp, Winburg en Port Elizabeth gestig.[131]

In die Howick-konsentrasiekamp was die privaatskool van ds. Van der Horst in volle swang. Die volgende vakke is onderrig: lees, skrif, rekenkunde, Bybel, Hollands, Engels, aardrykskunde en geskiedenis.[132] Maggie Brink het in dié kamp skool gehou en sy skryf dat die kleintjies soggens van agt- tot tienuur onderrig ontvang het en die groter leerlinge van tien- tot eenuur.[133] Oor die skool in die Kroonstad-konsentrasiekamp skryf Lottie Rossouw dat hulle onder vier seilskuilings en in twee steengeboue skoolgehou het. Die hoogste klas was standerd vier. Sy het vir 162 leerlinge skoolgehou.[134]

Die doel van privaatskooltjies in die konsentrasiekampe was ook om die kinders besig te hou en om die duisende Boerekinders vir ’n jaar of twee onderwys te laat geniet. Hierdie privaatskooltjies het egter die Britse owerheid laat besluit om regeringskole in die konsentrasiekampe tot stand te bring om die Afrikanerkinders ten gunste van die Britse saak te beïnvloed.[135] Hoewel van die kinders wel dié skole bygewoon het, was hulle, net soos hulle ouers, lojaal aan die Republieke. M.E. Joubert vertel dat die kinders tot ergernis van die onderwysers nie *God save the King* gesing het nie, maar wel *God save oom Paul*.[136] Baie konsentrasiekampbewoners was vyandiggesind

---

130 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 35. Vergelyk L.A. Changuion, “Die lewe in die Groenpuntkrygsgevangekamp tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, jg. 10, nr. 2, November 1996, p. 71.

131 J.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat”, *Historiese Studies*, jg. v, 1944, pp. 35-54.

132 J.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat”, *Historiese Studies*, jg. v, 1944, p. 53.

133 OM, Bloemfontein, 5848/28: Brief van M. Brink aan Maria, “Howick”, April 28 1901.

134 OM, Bloemfontein, 6344/53: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 6th Nov. 1901.

135 J.C. Symington, “Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje-Vrystaat”, *Historiese Studies*, jg. v, 1944, p. 12.

136 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van M.E. Joubert, p. 30.

teenoor die Engelse skole en het hulle kinders juis daarom nie na dié skole gestuur nie.[137]

Die verwoesting van hulle eiendom, die inkerkering van duisende inwoners van die twee Boererepublieke en die ontstaan van patriotisme het hand aan hand gegaan. Die herdenking van Afrikanerfeesdae, die toesprake, konserte, debatte, die waai van landsvlae, die sing van die volksliedere en die kampskole toon nie net dat patriotisme in die kampe gedy het nie, maar het ook ten doel gehad om beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se liefde vir en trou aan die Republieke te versterk.

7.6 Samevatting

In Hoofstuk Sewe is beklemtoon dat, namate die Oorlog voortgeduur en ’n verskroeideaardebeleid hardnekkig deur Brittanje toegepas is, ’n ongekende samehorigheidsgevoel onder kampbewoners voorgekom het: ’n Standvastigheid en liefde vir die Boererepublieke en die wil om onafhanklik van Brittanje te wees, het by beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes voorgekom, is versterk en hulle is toenemend daardeur besiel.

Dit blyk dat patriotisme in die krygsgevangene- en konsentrasiekampe in verskeie opsigte ooreenkomste toon. Verskeie inskrywings in dagboeke spreek van die gevangenes se liefde vir en trou aan die Republieke. Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners se gevoelens van patriotisme het hulle vasberade gemaak om vir selfs nog langer onder moeilike omstandighede te bly solank as wat die “bittereinders” net die stryd om hulle onafhanklikheid op die slagveld kon voortsit. Hulle wou ook nie deur enige woord of daad die Republieke se saak skade aandoen nie.

In albei kampsituasies was gevangenes se optrede teenoor “verraaiers”, die herdenking van Afrikanerfeesdae, die waai van landsvlae, die sing van volksliedere en die vestiging van skole ’n weerspieëling van hulle lojaliteit aan die Republieke, en het hierdie groepsverbondenheid waarskynlik meegehelp om inkerkering te hanteer as ’n “mind

---

137 J. Grobler & M. Grobler, *Women’s Camp Journal* ..., p. 122.

over matter"-omstandigheid.[138] Feesvieringe in konsentrasiekampe is weens omstandighede nie op so 'n groot skaal aangepak soos in krygsgevangenekampe nie. Dit het egter allermins beteken dat die konsentrasiekampbewoners minder patrioties opgetree het.

Nog 'n opvallende verskil is dat die krygsgevangenes in hierdie moeilike omstandighede en traumatiese gebeure 'n geleentheid gesien het om op velerlei wyses die gevangenes se gevoel van patriotisme te versterk en hulle te help om te groei en te ontwikkel ter voorbereiding op die veranderde omstandighede in die Republieke ná die Oorlog.

Die meerderheid konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het opvallend onwankelbaar trou gebly aan die Republieke – wat dit ook al aan persoonlike opoffering gekos het.

Hierdie twee groepe patriotiese oorlogskampbewoners het egter nie sonder geestelike letsels uit hulle inkerkering gekom nie. Hoofstuk Agt ondersoek eerstens hoe afsondering, die verlies aan erkenning en sosiale status, onsekerheid oor die tydsduur van hulle aanhouding en 'n algemene onsekerheid 'n psigies-vernietigende uitwerking op beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes gehad het. In die tweede deel van die hoofstuk word die gevangenes se oorlewingsmeganismes soos 'n gesonde sin vir humor, verskeidenheid van aktiwiteite, 'n diepe godsdienssin en onderskraging deur vriende en familie as 'n besliste vorm van veerkragtigheid uitgewys.

---

138 S.A. Lloyd, *Ideals as interest in Hobbes's Leviathan: The power of mind over matter* (New York, Cambridge University Press, 2002).

Hoofstuk 8: Geestelike ontwrigting en oorlewingsmeganismes

8.1 Inleiding

Tydens inkerkering het die omgewing waarin konsentrasie- en krygsgevangenekampe geleë was, asook die toestande in hierdie oorlogskampe aan die een kant tot fisieke ontberinge en gebrek – soos aangedui in Hoofstuk Vier – en aan die ander kant tot geweldige psigologiese spanning en trauma aanleiding gegee.[1] Daar moet natuurlik beklemtoon word dat net soos wat ander aspekte van menslike gedrag betref, die reël eerder verskeidenheid as konsekwentheid is. Elke belewing van inkerkering is uniek in terme van die aard van die gevangene, die kultuur van die gevangene, die termyn en omstandighede van inkerkering en die algemene gesindhede teenoor die oorlog.[2] Nogtans kan daar, volgens Bondy, in die algemeen gesê word dat dit egter haas onmoontlik is om fisies, psigologies of sosiaal ongedeerd uit 'n tydperk van inkerkering te kom.[3]

Oor dié aspek van inkerkering het daar ná die twee wêreldoorloë asook ander oorloë heelwat werke die lig gesien. Sommige is in die vorm van persoonlike ervarings en dagboeke soos byvoorbeeld die werke van C. Ten Boom en V.E. Frankl.[4] Artikels deur oudkrygsgevangenes het ook in joernale verskyn.[5] Ná die Tweede Wêreldoorlog is die

---

1 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity: Stress reactions among divergent populations of prisoners of war and their families", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 594; C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 461.

2 J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal, "Universal consequences of captivity ...", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 594.

3 C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 461.

4 C. Ten Boom, E. Sherrill & J. Sherrill, *The hiding place* (Grand Rapids, USA, Chosen Books, 2006); V.E. Frankl, *Man's search for meaning* (New York, Washington Square Press,1984).

5 J.K. Drucquer, "Experiences as an officer in medical charge of British prisoners of war in Italy and Germany", *Journal of the Royle Army Medical Corps*, vol. 85, Oct. 1945; W.A. Lunden, "Captivity psychoses among prisoners of war", *Journal of Criminal Law and Criminology*, vol. 39, no. 6, 1949.

gevolge van trauma grootliks in terme van posttraumatiese stres bestudeer.[6]

Soos reeds uitgewys, het die meerderheid konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog min oor die psigologiese impak van inkerkering op hulle lewens gepraat of geskryf.[7] Johan Snyman beklemtoon in sy werk die feit dat die Boerevroue hoofsaaklik uit 'n agrariese kultuur gekom het en dat die skryf van briewe beperk was tot "elementêre kommunikasie oor waar hulle hul bevind en hoedanig hulle welstand was. Welsprekende betoë oor hulle toestand en ervarings was nie die reël nie."[8] Beide dominee A.F. Louw[9] en Emily Hobhouse[10] wys in hulle skrywes daarop dat dit volgens die gevangenes altyd goed gegaan het en dat hulle niks gehad het om oor te kla nie. Die manne onder die oorlogskampbewoners het ook min met hulle innerlike trauma te koop geloop weens die Afrikaner se kultuur om nie openlik oor sy emosies te praat en te skryf nie.[11] J.N. Brink het telkemale in sy boek sy verwondering oor die krygsgevangenes se geduld en blymoedigheid uitgespreek.[12] Volgens Brink het hy met sy aankoms as gevangene in Diyatalawa op 16 Mei 1901, 'n baie sombere atmosfeer verwag, maar hy was verras deur die gevangenes se

---

6 J.T. Shuval, "Some persistent effects of trauma: Five years after the Nazi concentration camps", *Social Problems*, vol. 5, no. 3, Winter 1957-1958; J. David, "Posttraumatic stress disorder among survivors of Cambodian concentration camps", *American Journal of Psychiatry*, vol. 141, no. 5, May 1984; C.L. Port, B. Engdahl & P. Frazier, "A longitudinal and retrospective study of PTSD among older prisoners of war", *American Journal of Psychiatry*, vol. 158, no. 9, September 2001; B. Engdahl, T.N. Dikel, R. Eberly & A. Blank, "Posttraumatic stress disorder in a community group of former prisoners of war: A normative response to severe trauma", *American Journal of Psychiatry*, vol. 154, no. 11, November 1997.

7 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War: A social history* (Auckland Park, South Africa, Jacana Media, 2013), p. 311.

8 J. Snyman, "Die politiek van herinnering: Spore van trauma", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog: Herdenkingslesings aan die Randse Afrikaanse Universiteit,1999* (Johannesburg, Randse Afrikaanse Universiteit, Departement van Historiese Studies, 1999), pp. 38-39. Vergelyk Oorlogsmuseum (OM), Bloemfontein, 5592/11: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 10de Oct. 1901.

9 J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena: Briewe en belewenisse* (Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers, 1963), p. 38.

10 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog en wie dit gely het* {uit Engels vertaal deur N.J. van der Merwe}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1923), p. 386.

11 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1904), p. 163; E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., pp. 315-316.

12 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 148-149.

tevredenheid en blymoedigheid en skryf dat die Afrikaner waarlik nie met sy hart op sy mou loop nie.[13]

Ten spyte van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se swye oor hulle psigiese verwonding tydens inkerkering, gee kampbriewe en -dagboeke die meeste inligting oor en insig in hulle bewuswording van innerlike aandoeninge en hulle sienings van hulle lyding.[14] Daar kan derhalwe aanvaar word dat Bondy se stelling, soos in paragraaf een genoem, ook vir beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes geld. Elizabeth van Heyningen beklemtoon ook die gedagte dat, alhoewel die psigologiese skade van hulle aanhouding tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog nie dadelik waarneembaar was nie, het die belewenisse in die kampe – veral dié ten opsigte van lewensverlies – 'n geestelike letsel op die gevangenes gelaat.[15]

In Hoofstuk Vier is die fisieke ontwrigting van die oorlogskampbewoners en hulle veerkragtige reaksie daarop bespreek. Hoofstuk Agt is meer oor die gevangenes se belewing van emosionele trauma. In die eerste deel van die hoofstuk gaan gekyk word hoe afsondering, die verlies aan erkenning en sosiale status, die onsekerheid oor die duur van hulle gevangenskap en 'n algemene onsekerheid bygedra het tot die verwonding van hulle gees, emosies en waardigheid. In die tweede deel van Hoofstuk Agt val die kollig op die gevangenes se verskillende oorlewingsmeganismes wat tot hulle welsyn en innerlike krag tydens hulle spanningsvolle en traumatiese omstandighede meegewerk het.

8.2 Die menslike gees agter doringdraad

Hoewel elke belewing van inkerkering uniek is, is daar sekere faktore wat kenmerkend is van al die kampe en wat die gevangenes se lewens ontwrig en geestelik 'n

---

13 J.N. Brink, *Ceylon en de bannnelingen,* p. 163. Vergelyk J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland*: *My herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, A.A. Balkema, 1949), p. 48. Ds. Van Blerk skryf dat 'n mens slegs 'n floue denkbeeld kan vorm van wat daar in die gemoed van die bannelinge omgegaan het.

14 J. Snyman, "Die politiek van herinnering: Spore van trauma", G. Verhoef (samesteller), *Die Anglo-Boereoorlog* ..., p. 38.

15 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., p. 311.

vernietigende uitwerking op hulle gehad het.[16] Verskeie dagboeke en briewe weerspieël die psigiese lyding wat beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners in die kampe deurgemaak het soos duidelik waarneembaar is in hulle gevoelens van moedeloosheid,[17] depressie,[18] hartseer,[19] skuldgevoelens,[20] angs,[21] haat en bitterheid.[22]

8.3 Spore van trauma

8.3.1 Afsondering

In Hoofstuk Vyf is uitgewys dat die internering van duisende burgerlikes en krygsgevangenes tot die skeiding en versplintering van familie- en gesinslede gelei het en hoe dié skeiding 'n verlange na nuus van geliefdes en die Oorlog tot gevolg gehad het. Gevangenskap het egter ook afsondering van hulle normale omgewing, hulle lewenswyse, kultuur en sosiale lewe meegebring.Konsentrasiekampbewoners sowel as

---

16 L. Eitinger. "The concentration camp syndrome and its late sequelae", J.J. Dimsdale, *Survivors, victims and perpetrators: Essays on the Nazi Holocaust* (Baskerville, USA, Hemisphere Publishing Corporation, 1980), p. 129. Vergelyk J. Segal, E.J. Hunter & Z. Zegal, "Universal consequences of captivity ...", *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, p. 598; W.A. Lunden, "Captivity psychoses among prisoners of war", *Journal of Criminal Law and Criminology*, vol. 39, no. 6, 1949, p. 724.

17 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 48. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed*, *of 18 maande in die konsentrasiekampe* (Pretoria, Noordelike Drukpers, 1921), p. 49; Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 85.

18 I.J. Minnaar, "Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene: Erns en luim van die kamplewe", *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6252/13: Brief van C.S. aan Matty, Refugee camp, 19th May 1902; M.A. Fischer, *Kampdagboek: Een en ander uit myn leven en lyden zedert ek als krygsgevangenen weggevoerd werdt van Bührman's Vlei te Ermelo op 31ste Mei 1901* (Kaapstad, Tafelberg, 1964), p. 103; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., p. 49; VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 85.

19 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter* (Bloemfontein, N.G.-Sendingpers, 1965), pp. 21-39. Vergelyk A.D.L., *Woman's endurance*, 2nd ed. (Pretoria, Protea Book House, 2006), pp. 9, 32, 40, 57; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 71.

20 OM, Bloemfontein, 4305/40: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Ceylon, Diyatalawa, Hut 67, 24.7.1901.

21 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2: Kampsmarte (Bloemfontein, Volkskomitee vir die herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog, 2003), pp. 59, 144; OM, Bloemfontein, 6765/3: Brief van J. Boshoff aan F.P. Pieterse, Shahjahanpur, 1st April 1902.

22 J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne* (Amsterdam, Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij, 1905), p. 9. Vergelyk H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see: Uit die dagboek van 'n krygsgevangene* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1949), p. 46; L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., pp. 15, 43-44; C.R. Kotzé, *My ballingskap*: *St. Helena* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1942), pp. 99-102; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902* {geredigeer en geannoteer deur O.J.O. Ferreira}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), p. 134; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 38, VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 25.

die krygsgevangenes het hulle afsondering as ondraaglik beleef.[23] Hierdie afsondering van geliefdes het by sommige krygsgevangenes wat aan hulle gesinne en families verknog was, erge skuldgevoelens tot gevolg gehad omdat hulle nie hulle vroue in dié tyd van ellende, hartseer, siektes en sterftes kon bystaan nie.[24]

Die oorheersende probleem waarmee die krygsgevangenes in hulle afgesonderde bestaan te doen gehad het, was egter ledigheid.[25] Soos in Hoofstuk Vier uitgewys is, het die krygsgevangenes min dagtake gehad. Die feit dat hulle baie min te doen gehad het, was vir hulle 'n marteling en 'n ingekerkerde gemeenskapslewe het spoedig vir hulle bykans onhoudbaar geword. Die eentonige reëlmaat van hulle daaglikse roetine – hulle het opgestaan, geëet, rondgelê, gesels, baie gedink en dan weer gaan slaap – het mettertyd sieldodend geword.[26] Thomas Brain, 'n krygsgevangene in die Bermudas, beskryf die eentonigheid van die kamplewe as hel en op Sondag, 9 Maart 1902, skryf hy:[27]

---

23 Anon, "Lewe op St. Helena", *Die Huisgenoot*, 7 Oktober 1949, p. 25. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, p. 23; I.J. Minnaar, "Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland", *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 37; H. Dampier, "Women's testimonies of the concentration camps of the South African War: 1899-1902 and after" (Ph.D.-thesis, University of New Castle, 2005), p. 186; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 19; OM, Bloemfontein, 4663/61: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 24/12/9 (waarskynlik 1899); OM, Bloemfontein, 6344/25: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, 16th Feb. 1902.

24 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal: Die dagboek van Alie Badenhorst* {uit die oorspronklike Nederlandse vorm in Afrikaans oorgesit deur M.E. Rothmann}, (Kaapstad, Nasionale Pers, 1939), p. 232. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4305/74: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt, 26.12.1900; OM, Bloemfontein, 4305/40: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Ceylon, Diyatalawa, Hut 67, 24.7.1901.

25 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 48. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, pp. 12, 25. W.A. Lunden, "Captivity psychoses among prisoners of war", *Journal of Criminal Law and Criminology*, vol. 39, no. 6, 1949, p. 730.

26 I.J. Minnaar, "Op St. Helena: Herinneringe van 'n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland", *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 95. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4305/60: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt, Kamp No. 1, Tent No. 191, 1.12.00; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, Christiaan de Wet-annale nr. 1 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1972), p. 52; R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, Christiaan de Wet-annale nr. 3 {versorg deur M.C.E. van Schoor}, (Bloemfontein, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; Oorlogsmuseum, 1975), p. 71.

27 VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, p. 85 (eie numering). Vergelyk L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 126. Volgens Ruijssenaers was hulle geïrriteerd met medekrygsgevangenes wat vroegoggend al begin sing het, aangesien hulle nie 'n uur vroeër wou wakker word, en so die lang en eindelose dae nog langer maak nie.

Were it not for the wife & children I might do something rash and end this weary, monotonous life I am forced to live.

Liggaam en gees het dus spoedig die nadele van opsluiting en gedwonge ledigheid gevoel.

Anders as in die krygsgevangenekampe, was die konsentrasiekampbewoners tydens die eerste maande van inkerkering selde ledig. Hulle moes rantsoene, water en hout gaan haal; kos voorberei; wasgoed was en siekes vir lang ure versorg wat daartoe gelei het dat hulle in die aande doodmoeg was.[28] Maria Pretorius skryf vanuit die Bloemfontein-konsentrasiekamp aan haar pa, “En is ik ook zoo moeg, want van die morgen tot die avond moet ik werk.”[29] Van ledigheid en verveling was daar gevolglik geen sprake nie. Later egter, ná die afname in siektes en sterftes aan die begin van 1902, het die konsentrasiekampbewoners net soos die krygsgevangenes met die spook van verveeldheid geworstel. Emily Jansen wat in die Johannesburg- en Irene-konsentrasiekampe aangehou was, meld dat die dae lank en vervelig was, aangesien daar geen huishoudelike take was om hulle mee besig te hou nie – nie ’n bed om op te maak, ’n vloer om skoon te maak of ’n enkele meubelstuk om in stand te hou nie. Daar was selfs nie ’n enkele boek waarmee hulle die tyd kon verwyl nie.[30]

By beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het die psigologiese uitwerking van hulle afsondering, ledigheid en verveeldheid mettertyd op verskeie maniere tot uiting gekom. Terneergedruktheid en depressie se omvang was veral redelik groot.[31] Daar was krygsgevangenes wat merendeels gelê het, hulle aan alle aktiwiteite onttrek het en in niks belanggestel het nie.[32] Daar was ook diegene wat so swaarmoedig was dat hulle met niemand wou praat nie en wanneer hulle ’n tydjie alleen

---

28 OM, Bloemfontein, 5848/25: Brief van ’n vriendin aan Maria, Howick Vrouwen camp, Dec 1901. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., brief van Maggie aan haar vorige onderwyseres, Pietermaritzburg-kamp, Nuwejaarsdag 1901, p. 268.

29 OM, Bloemfontein, 5747/12: Brief van M. Pretorius aan J.L. Pretorius, Refugee Camp, Bloemfontein, 21/1/1902.

30 W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp”: Het leven en lijden van een Boerengezin in Transvaal tijdens den laatsten oorlog met Engeland* (Rotterdam, A.A. Daamen, 1902), p. 108.Vergelyk E. Neethling, *Mag ons vergeet?* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1938), herinneringe van J. Kriegler, p. 134; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S.. Grobbelaar, p. 100.

31 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 236.

32 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 137.

was ’n traan of twee gestort het.[33] In die konsentrasiekampe het daar in die algemeen ’n bedrukte stemming en ’n gees van neerslagtigheid geheers.[34] Miem Fischer, ’n gevangene in die Merebank-konsentrasiekamp, beskryf haar eie neerslagtigheid as ’n ellendige gevoel wat sy nooit kon afskud nie en wat sy nie ’n naam voor gehad het nie.[35]

Dit is ook opvallend dat die psigologiese uitwerking van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se ontberinge in die kampe ook in hulle drome en nagmerries tot uiting gekom het.[36] Miem Fischer, S.J. Burger, F.N. Joubert en Alie Badenhorst se drome en nagmerries suggereer die angs wat hulle in die kampe beleef het.[37] So byvoorbeeld het Alie Badenhorst herhaaldelik gedroom dat iemand haar om hulp smeek, maar dat sy glad nie kon help nie.[38]

Die aanhouding van die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners honderde en duisende kilometers weg van hulle geliefdes, hulle normale omgewing, werk en lewenswyse moes noodwendig sy letsels op die gevangenes laat.

8.3.2 Die verlies aan erkenning en sosiale status

Benewens die verlies aan persoonlike vryheid en die afsondering van geliefdes en hulle bekende omgewing het die verlies aan erkenning, persoonlike waardigheid en sosiale status erge psigiese gevolge vir beide groepe gevangenes ingehou.[39] Volgens Bondy is die gevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog behandel asof hulle tot ’n laer

---

33 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 61.

34 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 24. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* ..., pp. 56-57; M.A. Fischer, *Kampdagboek*..., p. 103.

35 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 84. Vergelyk L. Boshoff-Liebenberg, *Moedersmart en kinderleed* p. 49; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 330.

36 E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War* ..., p. 311. Vergelyk A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 236-237.

37 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 36, 78; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger* {geredigeer en geannoteer deur T. van Rensburg}, (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977), pp. 127-128, 173-174; OM, Bloemfontein, 4305/40: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Ceylon, Diyatalawa K., Hut 67, 24.7.1901; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., pp. 261-262, 298. Vergelyk VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 74; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 236-237.

38 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., pp. 261-262.

39 L. Eitinger, “The concentration camp syndrome and its late sequelae”, J.J. Dimsdale, *Survivors, victims and perpetrators: Essays on the Nazi Holocaust*, p. 129.

klas behoort het. Gevolglik het die gevangenes geweldig verneder gevoel en het haat teenoor diegene ontwikkel wat hulle so swak behandel het.[40]

Bogenoemde bevindings van Bondy en Eitenger was ook op die oorlogskampgevangenes van toepassing. Gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog was daar onder die Engelse die implisiete sienswyse dat die Britse beskawing meerderwaardig was.[41] Met hierdie sienswyse as uitgangspunt is die Boere as diewe, plunderaars, moordenaars, struikrowers en rebelle voorgehou. Die vroue is as lui, vuil, onverskillig teenoor hulle kinders en leuenaars uitgebeeld.[42] Die Britse militêre owerhede het dus die oorlogskampbewoners as van ’n laer klas beskou en hulle ook as sodanig behandel.[43] Verskeie konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes het na hulle verlies aan erkenning en sosiale status verwys. Hulle het geskryf dat hulle slegter as “honde” of as “kaffers” [sic] behandel is.[44] Al die kampbewoners, maar veral die konsentrasiekampbewoners, het gevoel dat die Britse owerhede hulle beledig, gekrenk, verag en verguis het.[45]

Hierdie opvattings of persepsies van en behandeling deur die Engelse het ’n blywende letsel gelaat. Volgens P. Alberts kon die Afrikaners mettertyd hulle materiële besittings herwin, maar hulle wantroue, haat, bitterheid en minagting teenoor die Engelse was ’n

---

40 C. Bondy, “Problems of internment camps”, *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 463.

41 E. van Heyningen, “Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe: Vroue en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 2013), pp. 98-99.

42 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 381. Vergelyk A. Grundlingh & B. Nasson, *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 14.

43 E. van Heyningen, “Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 98-99.

44 E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van P. Botha en M. Els, pp. 14, 27; E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding*, *1899-1902*, 2de uitgawe (Centurion, Kraal-uitgewers, 2012), herinneringe van A.M. du Toit, p. 107; P.J. van der Walt, *Vrouweverdriet: Herinneringe uit die konsentrasiekampe* (s.l., Volkstem-drukkerij, 1914), p. 12; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 119.

45 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van J. Kriegler, p. 175.

blywende emosie.[46]

Volgens navorsing was die gevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog ook jaloers op die wagte wat beter geleef en veral meer kos as hulle gehad het. Dié jaloesie het vinnig in haat verander.[47] Van hierdie verskynsel kan daar ook in die Suid-Afrikaanse oorlogskampe 'n parallel gevind word. Die oorlogskampbewoners het die verraaiers gehaat onder andere omdat hulle gevoel het dat die verraaiers voorkeurbehandeling in die kampe ontvang het.[48] Die konsentrasiekampbewoners het dit nie betwyfel dat die verraaiers meer kos as hulle ontvang het nie – daarvan het 'n verraaier se rantsoenkaart getuig,[49] asook die uie en aartappels wat die verraaiers in die vuilgoedgate weggegooi het.[50] Die krygsgevangenes wat die eed van getrouheid in die kampe onderteken het, het net soos die verraaiers in die konsentrasiekampe, ook ekstra kos soos melk, brood en konfyt ontvang.[51]

In die konsentrasiekampe het die begunstiging van die verraaiers egter veel verder as die kosvoorsiening gestrek. Hulle het ten alle tye in alle sake voorkeur geniet: by die

---

46 P. Alberts (samesteller), *Die smarte van die oorlog: Verontregting van Boerevroue en -kinders tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Brandfort, Kraal-uitgewers, 2005), p. 25. Vergelyk S.L. Le Clus, *Lief en leed: 'n Verhaal van huis- en kamplewe gedurende die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902* (Bloemfontein, Nasionale Pers, s.j.), p. 57; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, pp. 10-11; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 135; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, {Die oorlogsdagboek van H. de Graaf verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber}, (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1950), p. 47; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 146; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, p. 25.

47 C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 463.

48 J. Grobler & M. Grobler, *Women's Camp Journal: The concentration camps of the Anglo-Boer War* (Pretoria, Heroloda Wordworx cc, 2013), p. 41. Vergelyk D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp: Jeugherinneringe* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1944), p. 34; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902" (D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1975), p. 228; J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon* (Pretoria, Höveker & Wormser, s.j.), pp. 29, 40; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 99.

49 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee, (samestellers), *Kampkinders 1900-1902: 'n Gedenkboek* (Bloemfontein, Dreyer-uitgewers, 1982), p. 27.

50 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tussen Boer en Brit van 1899-1902* (Potchefstroom, s.n. 1925), p. 38. Vergelyk E. van Heyningen, *The concentration camps of the Anglo-Boer War*..., p. 124; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. xiii, xiv, 111.

51 J.S. van der Watt, *Het leven der Boeren-krijgsgevangenen op Ceylon*, pp. 29, 36, 40. Vergelyk P.A. van Jaarsveld, *My ballingskap na Indië: Anglo-Boereoorlog* (Port Shepstone, P.A. Coetzee, 1999), p. 14; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 132; E. Wessels e.a. (reds.), *Bannelinge in die vreemde: Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, 2de uitgawe, (Centurion, Kraal-uitgewers, 2010), p. 106.

waterput is verraaiers begunstig,[52] groot tente is aan hulle voorsien[53] en die verraaiers se vrouens kon baie meer besittings na die kampe bring. Volgens De Waal, 'n konsentrasiekampbewoner, het die verraaiers 'n deel van haar huisraad vir hulleself geneem en die res van haar meubels verbrand.[54]

Hierdie voorkeurbehandeling van diegene wat ontrou aan hulle land was, het beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se haat en verbittering jeens die verraaiers laat toeneem. Hierdie haat sou nog lank ná die vredesluiting in 1902 voortduur.[55]

8.3.3 Onsekerheid oor die tydsduur van gevangenskap

Een van die belangrikste faktore wat tot die negatiewe gemoedstoestand van oorlogsgevangenes bygedra het, was die feit dat hulle geen idee gehad het van hoe lank hulle gevangenskap sou duur nie.[56] Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het slegs geweet dat repatriasie ná afloop van die Oorlog sou plaasvind. In sommige gevalle is daar selfs oor die repatriasie twyfel gesaai. 'n Voorbeeld hiervan is kolonel Cooper wat aan 'n Boereoffisier in die Diyatalawa-kamp gesê het dat hy nou in die Engelse se hande was en dat hulle nie verplig was om hom na Suid-Afrika terug te stuur nie.[57]

Min pos, briewe wat gesensoreer is en die verbod op sekere koerante het gerugte oor die oorlog en die sluit van vrede laat floreer. Hierdie onsekerheid oor die duur van hulle gevangenskap het beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes

---

52 D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., p. 34.

53 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee, (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van A.E.C. Viljoen, p. 39; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., pp. 281-282.

54 M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van M.J.J. de Waal, p. 26. Vergelyk M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 25.

55 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., pp. 364, 379. Vergelyk M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., getuienis van H.H. du Plessis, p. 59; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 4; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 112.

56 E.A. Cohen, *Het Duitse concentratiekamp: Een medische en psychologische studie*, 2de druk (Amsterdam, H.J.Paris, 1952), p. 107. Vergelyk C. Bondy, "Problems of internment camps", *Journal of Abnormal and Social Psychology*, vol. 38, no. 4, October 1943, p. 464.

57 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, pp. 211-212.

tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog tot neerslagtigheid gestem.[58] In Desember 1901 skryf A. Badenhorst dat sy sielsmoeg was van die gewag op vrede.[59] Jacob Teengs, 'n gevangene in die Deadwood-kamp, skryf oor die uitwerking van hierdie onsekerheid op die gevangenes soos volg:[60]

> *... en als er nu niet gauw een einde aankomt, ten minste aan deze onzekere staat van zaken ben ik bevreesd dat het op anderen ook eene nadeelige uitwerking zal hebben, want veelen hechten te veel waarde aan al de geruchten die er rondgaan.*

Hierdie onsekerheid oor die duur van hulle gevangenskap het beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners geestelik ontwrig. Tesame met die neerslagtigheid oor hoe lank die oorlog nog sou voortduur het baie gerugte aangaande die verloop en die beëindiging van die oorlog verdere teleurstelling, depressie, moedeloosheid en selfs kranksinnigheid tot gevolg gehad.[61]

8.3.4 Algemene onsekerheid

'n Algemene onsekerheid het met die onsekerheid oor die tydsduur van die Oorlog gepaardgegaan. Verskeie van die gevangenes het nie die vaagste benul gehad oor wat vir hulle voorlê of wat van hulle gaan word nie, of wat presies tuis op hulle sou wag nie.[62]

Onsekerheid oor geliefdes se lot het 'n groot uitwerking op die gevangenes se gemoedstoestand gehad. Soos daar reeds in Hoofstuk Vyf uitgewys is, was baie van die oorlogskampbewoners vir maande en jare van geliefdes geskei en maande het

---

58 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 41, 56. Vergelyk VAB, Bloemfontein, A-186: Dagboek van T. Brain, pp. 50, 61; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 330.

59 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 330. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 47.

60 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 297.

61 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 24, 40. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 119, 280, 297; M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., pp. 94, 96, 161; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 93, 163; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 74; A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 289.

62 OM, Bloemfontein, 3688/15: Brief van Michael van der Merwe aan sy pa, Diyatalawa Kamp, 16-10-1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/130: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groen Punt, 27ste Augus 1900; R.C.. Gräbe, Writing between the lines: Perspectives on the Anglo-Boer War in letters from detention camps, http://www.pala.uk/resources/proceedings/1999/pdf/grabe.pdf , p. 45.

dikwels sonder enige nuus verbygegaan. Sommige het nie geweet waar geliefdes hulle bevind nie en het selfs nie geweet of hulle nog lewe nie.[63] Die negatiewe uitwerking wat dié onsekerheid op die gevangenes se gemoedstoestand gehad het, blyk duidelik uit Miem Fischer se dagboek wanneer sy skryf dat sy die een oomblik boos was, die volgende verdrietig, dan het ’n moordlus haar oorval en nog later het sy gevoel of daar ’n nat sak oor haar kop getrek is.[64] Op 14 Maart 1902 skryf sy in haar dagboek: “O, dit is dus wat gevangenis beteken; nie die lawwe hopbrood, min kos of die kleinsieligheid van die vangers nie, nee, maar hierdie niks weet nie!”[65]

Die onsekerheid en vertwyfeling oor wat die toekoms vir hulle mag inhou, veral wat die gesondheid en lewe van geliefdes betref, het ’n chroniese angs en vrees by beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes laat posvat rakende hulle geliefdes se welsyn. Hulle het briewe wat hulle ontvang het meestal vreesagtig oopgemaak en gelees, aangesien briewe dikwels slegte nuus gebring het wat hartverskeurend was.[66]

Alhoewel beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes vir hulle geliefdes se lewe gevrees het, het die vroue veral, in die lig van die talle sterftes in die kampe, in vrees gelewe dat hulle kinders kon siek word en sterf. Volgens Emily Jansen, ’n gevangene in die Johannesburg- en Irene-konsentrasiekampe, wou sy waansinnig word by die blote gedagte dat haar laaste kind ook kon sterf.[67] Die psigologiese effek van al die siektes en sterftes in die kampe het ook by die kinders ’n chroniese vrees tot

---

63 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 52. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747/2: Brief van G. Pretorius aan J.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemvontyn, Sipt. 12 1901; OM, Bloemfontein, 3667/2: Brief van M.C. de Jager aan Jiems de Jager, Bethulie refugee camp, den 13.2.1902; W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., pp. 111, 140. OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 165.

64 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 97.

65 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 97. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/5: Brief van C.E.M. Erasmus aan haar broer, Bloemfontein. Erasmus het nie geweet of haar broer nog leef nie of waar haar ouers of suster is nie; OM, Bloemfontein, 5747/3: G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, 15 Oct. 1901. Me Pretorius skryf aan haar man dat sy gedurig bid vir die kinders se gesondheid.

66 OM, Bloemfontein, 6765/3: Brief van J. Boshoff aan F.P. Pieterse, Shahjahanpur, 1st April 1902. Vergelyk Brief van C.F. Rademan aan sy suster, Greenpoint, 30 sten Jan 1901; brief van J. Rademan aan sy suster, P.O.W. Tent 152, Greenpoint Track, 7 Feb 1901. (Laasgenoemde twee briewe is in besit van prof. en me. S.A. Strauss), K. Hamman (samesteller), *Dagboek van ’n Bethulie-kampdogter*, p. 21; OM, Bloemfontein, 2040/6: Brief van C.E. van Aardt aan J.M. Triegaardt, Hut 67, krijgsgevangenen- Kamp, Diyatalawa, Oct. 17th 1901.

67 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., p. 134.

gevolg gehad.[68] Me. M.E. Kilian (gebore Stoltz) vertel dat haar ma se tante en vier kinders almal binne twee dae gesterf het. Verder het hulle daagliks gesien hoe baie kinderlykies in seepkissies of net toegedraai in kombersies en lappe na die begraafplaas weggedra is.[69] Die kinders se vrees vir die afsterf van geliefdes sou later ook in hulle skoolopstelle na vore kom.[70]

Hierdie traumatiese gebeure het ná die Oorlog by beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes erge depressie tot gevolg gehad.[71] Boerekrygsgevangenes was skynbaar na hul terugkeer uit ballingskap moeiliker van geaardheid as van tevore vanweë hulle traumatiese ervarings.[72]

8.4 Die menslike gees se wapens in ’n oorlewingstryd

’n Ingekerkerde gemeenskapslewe het dus erge psigiese lyding vir beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners tot gevolg gehad. Die vrae waaraan aandag geskenk moet word, is: Hoe het die gevangenes op die traumatiese ervarings gereageer? Hoe het hulle oorleef? Een van die grootste uitdagings wat beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes in die gesig gestaar het, was hoe om sin van hulle inkerkering te maak.

In die res van die hoofstuk gaan uitgewys word hoe die krygsgevangenes sowel as die konsentrasiekampbewoners nie deur die traumatiese ervarings lamgelê is nie, maar konstruktiewe maniere gevind het om die gevolge van ’n traumatiese ingekerkerde gemeenskapslewe te verwerk en op ’n sinvolle wyse te bly voortleef.

---

68 A.W.G. Raath, *Die Boerevrou, 1899-1902*, deel 2 ..., p. 59. Vergelyk W. Riem Vis, *Tien maanden in een “vrouwenkamp*” ..., p. 134.

69 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van M.E. Kilian, p. 15. Vergelyk W. Riem Vis, *Tien maanden in een* “*vrouwenkamp*” ..., p. 134. Volgens Emily Jansen wou haar dogtertjie na haar boetie se dood weet of die Here haar ook gaan kom haal.

70 E. Riedi, “Teaching empire: British and dominions women teachers in the South African War concentration camps”, *The English Historical Review*, vol. 120, no. 489, December 2005, p. 1340.

71 J.G. Boje, “Winburg’s war: An appraisal of the Anglo-Boer War of 1899-1902 as it was experienced by the people of a Free State district” (D.Phil.-thesis, University of Pretoria, 2009), pp. 393-394.

72 Die helpende Hand, “Na jare agter die doringdraad”, *Die Brandwag,* 26 April 1946, p. 9.

8.4.1 Veerkragtigheid en menslike welsyn

S.M. Southwick & D.S. Charney[73] dui die faktore wat tot veerkragtigheid bydra en die metodes wat veerkragtige mense aanwend om erge trauma te oorkom, aan as die behoud van ’n gesonde humorsin, morele krag, godsdiens en geloof wat help om sin te vind in die lewe, die vermoë om in die erge omstandighede ’n geleentheid te ontdek en om die traumatiese gebeure as ’n geleentheid tot persoonlik te groei te beskou. Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners het die volgende strategieë aangewend om die stresvolle gevolge van hulle internering teen te werk en sin te maak selfs uit ’n ingekerkerde gemeenskapslewe.

8.4.2 Humor

Navorsers[74] toon aan dat humor baie belangrik is in die hantering van enige teëspoed. V.E. Frankl het ná die Tweede Wêreldoorlog aangetoon dat humor een van die menslike gees se wapens in ’n oorlewingstryd is.[75] In haar navorsing het Linda Henman bevind dat humor ’n effektiewe oorlewingsmeganisme is. Dit is ’n manier om terug te veg en weer beheer te neem. Sy toon verder aan dat as humor as ’n element van kommunikasie en veerkragtigheid as ’n kommunikasieverskynsel gesien word, die verband tussen humor en veerkragtigheid duideliker word.[76]

Die gebruik van humor as effektiewe oorlewingsmeganisme het ook in beide die krygsgevangene- en konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog voorgekom. K. Rood-Coetzee en S.P.R. Oosthuizen wys albei daarop dat die Boere se sin vir humor

---

73 S.M. Southwick & D.S. Charney, *Resilience: The science of mastering life’s greatest challenges* (New York, NY, Cambridge University Press, 2012), p. 13. Vergelyk C.D. Ryff, “Self-realisation and meaning making in the face of adversity: A eudaimonic approach to human resilience”, *Journal of Psychology in Africa*, vol. 24, no. 1, 2014, pp. 1-2.

74 J. Segal, E.J. Hunter & Z, Segal, “Universal consequences of captivity ...”, *International Social Science Journal*, vol. 28, no. 3, 1976, pp. 605-606; L.D. Henman, “Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs”, *Humor: International Journal of Humor Research*, vol. 14, no. 1, 2001, pp. 89-94; J.E. Nardini, “Survival factors in American prisoners of war of the Japanese”, *American Journal of Psychiatry*, vol. 109, no. 4, Oct. 1952, pp. 241-248; S. Swart, “Die Boere se ‘verskriklike gelag’: Humor in die oorlog”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., pp. 197-209.

75 V.E. Frankl, *Man’s search for meaning* , p. 63.

76 L.D. Henman, “Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs”, *Humor: International Journal of Humor Research*, vol. 14, no. 1, 2001, pp. 83-94.

bygedra het tot die gevangenes se heil en om hulle benarde posisie draagliker te maak.[77]

Oor die konsentrasiekampbewoners se sin vir humor skryf Emily Hobhouse dat sy die vroue bewonder het, aangesien hulle steeds kon lag en soveel vermaak moontlik uit hulle ontberings gehaal het.[78] Verder is daar genoeg voorbeelde in die herinneringskrifte en dagboeke van die oorlogskampbewoners se gebruik van humor. Enkele kampgevangenes het hulle wel oor die waarde van humor uitgelaat. So byvoorbeeld het 'n konsentrasiekampbewoner aan Emily Hobhouse gesê:[79]

> *Ons het te veel gely, te veel is dood, te veel trane gestort. Ek kan nie meer huil nie: Ek moet soms lag. Daar is niemand om ons te help nie, en dus moet ons maar mekaar opbeur.*

Hierdie uitspraak deur 'n onbekende gevangene beklemtoon die belangrikheid van humor en van die ondersteuning deur medegevangenes in die vroue se stryd om oorlewing.

Selfs in die konsentrasiekampe waar hulle soveel traumatiese gebeure beleef het, het die vroue desnieteenstaande hulle fyn sin vir humor behou. Die gelag het gehelp om hulle op te beur en hulle moreel 'n hupstoot gegee.

Lag was ook vir die krygsgevangenes goeie medisyne. In 'n artikel in 1949, het J.N. Brink ook op die waarde van humor as oorlewingsmeganisme gewys deur te beklemtoon dat Mot Smit se talle grappe die eentonige kamplewe onderbreek en die tyd verkort het.[80]

Die belangrike rol van humor om spanningsvolle situasies te hanteer, is oorbekend.[81] Sarie Roos, 'n gevangene in die Bethulie-konsentrasiekamp, het wel die belangrikheid

---

77 K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1949), p. 525. Vergelyk S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 203.

78 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 215.

79 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., gesprek met 'n Afrikaanse vrou, p. 379.

80 J.N. Brink, "Mot Smit: Harlekyn in die kamp", *Die Huisgenoot*, 21 Januarie 1949, p. 19.

81 L.D. Henman, "Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs", *Humor: International Journal of Humor Research*, vol. 14, no. 1, 2001, p. 87.

van humor besef. Sy skryf dat ’n windstorm die konsentrasiekamp getref het en die tente is die een na die ander omgewaai. Een ou tannie, wat besig was om brood te knie, se tent het ook op haar inmekaargeval. Sy het handeviervoet onder die tentseil uitgekruip met haar hande vol deeg en haar hare wat woes in die lug gestaan het. Dit moes ’n kostelike prentjie gewees het. Die jongklomp het lekker gelag. Sy skryf verder dat, alhoewel die ou tannie kwaad was, hulle almal saam gelag het aangesien hulle almal saam in die verdrukking was.[82]

Die bak van poetse het ontvlugting van die onaangename werklikheid gebied en gehelp om die voortdurende spanning van inkerkering te hanteer.[83] William Emmett het beskryf hoe ’n buitengewone springgety een aand dele van Darrell-eiland onder water gelaat het. Van die krygsgevangenes het hulle paar besittings gegryp en na veiligheid gehardloop. ’n Ene Van Zyl wou weet wat aangaan waarop ’n krygsgevangene hom ingelig het dat die eiland besig was om te sink. Van Zyl het summier ineengestort, maar ná sy herstel is daar heerlik oor dié grap gelag.[84] Selfs die Britse wagte het onder die gevangenes se poetse deurgeloop wat die gevangenes vir kort rukkies laat vergeet het van die by tye onuithoudbare ellende waarin hulle verkeer het. Een aand het van die krygsgevangenes op Darrell-eiland ’n lewensgrootte pop met die naam “Joe Chamberlain” op ’n vlot, van tentvloerplanke gemaak, geplaas en in die see ingestoot. Soldate op ’n Britse wagskip het vinnig die “ontsnapper” raakgesien en ’n boot vol gewapende soldate het die vlugteling, tot pret en plesier van die gevangenes, agterna gesit.[85]

In teenstelling met die krygsgevangenes, het die konsentrasiekampbewoners mekaar weinig poetse gebak. Die redes hiervoor is waarskynlik die daaglikse siekte- en sterfgevalle en hulle veelvuldige pligte. Hendrina Rabie-Van der Merwe het wel die

---

82 OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 6. Vergelyk E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van M. Kriel, p. 4; S.L. Le Clus, *Lief en leed…* pp. 43-44.

83 S. Swart, “Die Boere se ‘verskriklike gelag’: Humor in die oorlog”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 198.

84 W.A.C. Emmett, “Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda”, *Africana Notes and News*, vol. 28, no. 1, March 1988, pp. 18-19. Vergelyk H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 117, 163. Volgens Van Niekerk is daar altyd baie grappies in die biblioteek gemaak en die 1ste April het ook nie sonder die gebruiklike grappies verbygegaan nie.

85 C.H. Benbow, *Boer prisoners of war in Bermuda*, 4th ed. (Bermuda, The Island Press, 2006), p. 31.

superintendent van die Port Elizabeth-konsentrasiekamp ’n poets gebak. Van der Merwe vertel dat Malie Theron se babatjie die vorige aand gebore is waarna sy (Van der Merwe) ’n brief aan die superintendent geskryf en hom meegedeel het dat ’n Boer die vorige aand in die kamp ingekom het en dat hy deur ’n familielid beskerm word. Indien die superintendent en sy lyfwag dadelik kom, was sy bereid om die tent uit te wys op voorwaarde dat die spioen geen leed aangedoen word nie, behalwe om hom krygsgevangene te neem. Die superintendent, kaptein Fenner, en sy lyfwag was soos blits daar en het die tent omsingel. Van der Merwe het die babatjie gaan optel en aan die superintendent oorhandig. Die vroue het heerlik gelag:[86] weer eens bewys van hoe ’n grap ’n geestelike uitlaatklep was wat daartoe bygedra het om hulle swaarkry te verlig.

Volgens S. Swart het die Boere met hulle fyn humorsin se selfvertroue toegeneem en het hulle die vyand, die Engelse, meermale bespotlik gemaak.[87] Die krygsgevangenes het gespot en gesê dat die Engelse in die oggende bid dat die Here tog vir generaal De Wet in hulle hande moet gee en in die aand dank hulle die Here dat hulle nie die dag vir De Wet ontmoet het nie.[88] Met hulle fyn humorsin het die oorlogskampbewoners mekaar met grappe opgebeur soos om “roll call” na “roukool” te verander[89] en deur benaminge vir hulle tente sowel as vir Britse amptenare te gee, soos byvoorbeeld “Very Sorry Villa”,[90] “Bellevue-Tent” en “Belltent View”[91]en “Snelvuur” vir sersant-majoor Skirving.[92]

Daar is met tye droë en gevatte opmerkings gemaak wat groot gelag ten koste van die Engelse tot gevolg gehad het. Taffy Borcherd en Nic Jooste het ’n miniatuurkanon en ammunisiewa in die Deadwood-konsentrasiekamp gebou. In opdrag van Borcherd, het I.J. Minnaar die kolonel van dié kanon in kennis gaan stel. Die kolonel het dadelik kom

---

86 H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou! In die skaduwee van die galg* (Bloemfontein, Nasionale Pers, 1940), pp. 173-174.

87 S. Swart, “Die Boere se ‘verskriklike gelag’: Humor in die oorlog”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 201.

88 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 100.

89 H. Rabie-Van der Merwe, *Onthou!* ..., p. 170.

90 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 46.

91 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., brief van Lottie Rossouw aan ’n vriend “Refugee”-kamp, Kroonstad, 2 Februarie 1902, p. 369.

92 I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Aan boord skip en die eerste dae op die eiland”, *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 97.

ondersoek instel en op sy vraag aangaande kruit vir die kanon het Borcherd ewe droog en gevat geantwoord dat hulle gaan probeer om kruit van die harde “klinkers” te maak.[93] In die konsentrasiekampe is daar, net soos in die krygsgevangenekamp, droë en gevatte opmerkings ten koste van die Engelse gemaak. Miem Fischer skryf dat die mans in die Merebank-konsentrasiekamp opdrag ontvang het om bymekaar te kom waarna ’n swart man aan hulle vertoon is met die opdrag om hom te vang of selfs te skiet as hy naby die tente sou kom. ’n Vrou wat die petalje aanskou het, vra toe ewe droogweg: “Kommandant – waarmee?”[94]

Satiriese verse en raaisels het ’n soortgelyke doel gedien.[95] Een van die gunsteling raaisels wat tot baie vermaak in die krygsgevangenekampe gelei het, lui soos volg:

> *Wat is die onderskeid tussen die treinwet van die Oranje-Vrystaat en dié van ander lande?*
>
> *In die ander lande laat die wet die treine loop – in die Vrystaat “stop” De Wet die treine.*[96]

Volgens L.D. Henman, word humor ook as ’n magtige wapen beskou om angs en spanning te ontlont, aangesien dit ’n baie meer positiewe reaksie as verbale aggressie tot gevolg het.[97] Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes het dié “wapen” gebruik om hulle angs en spanning te verlig. Op St. Helena is kommandant Sarel Eloff en ander rebelse krygsgevangenes in *Fort High Knoll* opgesluit. Een aand het die gevangenes ’n gat in die muur gemaak waardeur hulle ontsnap het. Hulle het na Jamestown gestap en by ’n medekrygsgevangene gaan kuier. Ongeveer twaalfuur die volgende dag het die groepie na *Fort High Knoll* teruggekeer. Hulle het egter by die voordeur gaan aanklop om ingelaat te word. Volgens Schabort het hulle gesê hulle wou

---

93 I.J. Minnaar, “Op St. Helena: Herinneringe van ’n oud-krygsgevangene: Erns en luim van die kamplewe”, *Die Huisgenoot*, 4 Desember 1936, p. 37.

94 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 72.

95 S. Swart, “Die Boere se ‘verskriklike gelag’: Humor in die oorlog”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 201.

96 E. Wessels (samesteller), *Kwinkslag: Humor in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1999), p. 154.

97 L.D. Henman, “Humor as a coping mechanism: Lessons from POWs”, *Humor: International Journal of Humor Research*, vol. 14, no.1, 2001, pp. 89-90.

die Engelse wys hulle kan wegloop as hulle wil.[98] Die krygsgevangenes het hierdie optrede van Eloff-hulle grappig gevind en vir ’n kort rukkie was hulle swaarkry vergete.

Soms was die grapmakery net pure lawwigheid, maar dit het nogtans welkome tydelike ontvlugting van die harde werklikheid meegebring.[99] In die Diyatalawa-kamp het die inwoners vir Mot Smit met sy humorsin baie vermaaklik gevind. Smit se optrede het dikwels gesorg vir insidente wat grappig was. Hy moes onder andere, as straf vir ’n oortreding, ’n klomp boompies plant. Hy het ywerig aan die werk gespring, maar al die boompies onderstebo, met die wortels na bo, geplant. Tydens inspeksie van sy werk het hy die kolonel ewe vroom verseker dat bome op dié wyse in Afrika geplant word, aangesien dit dan vinniger groei.[100]

Om die tyd te verdryf is daar soms selfs van ernstige sake grappe gemaak. Volgens W.A.C. Emmett, ’n krygsgevangene op Morgan-eiland, het ’n gerug van beri-beri die rondte begin doen en een gevangene, wie se bene geswel was, is na Port-eiland gestuur. Hulle het gehoor dat dié siekte eers die een been en dan die ander laat swel. Emmett skryf dat hulle ’n groep van sestien vriende was wat dit grappig gevind het om elke oggend een van die groep te probeer oortuig dat sy been geswel was. Volgens Emmett het hulle een oggend amper vir ene Willem van Zyl sover gekry om die dokter te gaan spreek.[101] Van dié grapmakery skryf Emmett: “This sounds tame, but was great fun at the time, and heaven knows we had a lot of that to spare.”[102]

Lesers mag die gevangenes se tipe humor moontlik nie altyd snaaks vind nie, maar dit het aan die oorlogskampbewoners ligter oomblikke besorg, hulle opgebeur en vir kort tydjies is hulle ellende en lyding op die agtergrond geskuif.

---

98 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 129-130. Vir die vind van humor deur die konsentrasiekampbewoners vergelyk M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van M.E. Joubert, p. 31.

99 S. Swart, “Die Boere se ‘verskriklike gelag’: Humor in die oorlog”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 200.

100 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, pp. 19-21. Vergelyk J.N. Brink, “Mot Smit: Harlekyn in die kamp”, *Die Huisgenoot*, 21 Januarie 1949, pp. 19, 58-60; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 60-61; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 101.

101 W.A.C. Emmett, “Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda”, *Africana Notes and News*, vol. 28, no. 1, March 1988, p. 19.

102 W.A.C. Emmett, “Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda”, *Africana Notes and News*, vol. 28, no. 1, March 1988, p. 19.

Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners – laasgenoemde in 'n minder mate weens al die siektes en sterftes – het dus wel humor as 'n "uitlaatklep" gebruik om geestelike lyding tydelik te verlig.[103] Hulle dagboeke is ook vol voorbeelde van gesonde humor en grappige insidente wat die gevangenes self geskep het om die oplaaiende spanning te verlig.

Om geestelik gesond te bly, het die krygsgevangenes ook 'n verskeidenheid aktiwiteite beoefen.

8.4.3 'n Verskeidenheid aktiwiteite

8.4.3.1 Aanvanklike tydverdrywe

Navorsers het getoon dat ledigheid een van die grootste knelpunte in die lewe van ingekerkerde gemeenskappe is.[104] Hulle het ook bevind dat dié gevangenes wat gewerk, sport- of kulturele aktiwiteite beoefen of gelees het, se aandag afgelei is van hulle ellende en lyding en dié afleiding het daartoe meegewerk om hulle "normaal" te hou.[105]

Bogenoemde bevinding van Lunden en Davison is ook op die gevangenes tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog van toepassing. Herbert Everitt, redakteur van die kampkoerant in Deadwood, het byvoorbeeld uitgewys dat weinig gevangenes wat gereeld sport beoefen het, siek geword het.[106] Die verskeidenheid aktiwiteite wat in die kampe beoefen is, was 'n belangrike oorlewingsmeganisme en 'n teenvoeter vir die gevangenes se ledigheid, heimwee en swaarmoedigheid. Dié aktiwiteite het bygedra

---

103 S. Swart, "Die Boere se 'verskriklike gelag': Humor in die oorlog", A. Grundlingh & B. Nasson (reds.), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 198.

104 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (Stellenbosch, Universiteit van Stellenbosch, 1995), p. 1. Vergelyk K. Rood-Coetzee, "Die lief en leed van die bannelinge", J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog ,* p. 522.

105 W.A. Lunden. "Captivity psychoses among prisoners of war", *Journal of Criminal Law and Criminology*, vol. 39, no. 6, 1949, p. 729. Vergelyk B.J. Davison, "Forechecking in captivity: Sport in the lives of Canadian prisoners of war at three German camps during the Second World War" (M.A.-dissertation, University of Windsor, 2006), p. 187; F.J.G. van der Merwe, "Sport in Ruhleben: 'n Toonbeeld van oorlewing in krygsgevangeskap", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, vol. 35, no. 1, 2013, p. 166.

106 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe* ..., p. 88.

om die moraal van die gevangenes te verbeter,[107] hulle op te beur[108] en hulle ervaring van die ballingskap draagliker te maak.[109] Hierdie bevindinge geld in 'n minder mate vir die konsentrasiekampbewoners.[110]

Gedurende die vroeë bestaan van die kampe het die verantwoordelikheid by elke krygsgevange gelê om die ledige ure te verdryf.[111] Hierdie aanvanklike ongeorganiseerdheid van hulle ingekerkerde lewe het tot spontane vermaak gelei. Volgens Hugo van Niekerk het ene Jan du Plessis en Hans Human in die aande meerkat en hond gespeel. Hans was die meerkat wat in sy gat skuil, terwyl Jan die hond was wat die meerkat moes vang. Soms het die "meerkat" die "hond" bevlieg en dit was kostelik hoe Jan nes 'n hond kon blaf en tjank. Die speletjie het 'n klompie krygsgevangenes in die Groenpunt-krygsgevangenekamp gehelp om van hulle tyd te verdryf en verveling teen te werk.[112] Die krygsgevangenes het selfs kinderspeletjies soos "Bok, Bok sta stijf, Hoeveel vingers op jou lyf" en "Caps on the back" gespeel om die tyd om te kry.[113]

Soos reeds aangetoon, het die konsentrasiekampbewoners in vergelyking met die krygsgevangenes aanvanklik baie min ledige ure gehad en van spontane vermaak was daar nie juis sprake nie. Volgens A.J.S. Heyns se herinneringe het hulle nie werklik tydverdrywe gehad nie, aangesien al hulle tyd deur kosmaak, skoonmaak en die versorging van siekes in beslag geneem is.[114]

Sommige krygsgevangenes het veerkragtig gereageer en besef dat hulle gedurende hulle inkerkering self iets sou moes doen om al hulle ledige ure te verdryf anders sou die dae oneindig lank en eentonig gewees het en net uit eet, drink en slaap bestaan

---

107 B.J. Davison, "Forechecking in captivity ...", p. 17.
108 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 114.
109 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 184.
110 F.J.G. van der Merwe, "Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 26, nr. 2, 2004, p. 126.
111 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe* ..., p. 88.
112 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 61.
113 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 49.
114 OM, Bloemfontein, 3924/2: Oorlogsherinneringe van A.J.S. Heyns, p. 4. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 268. OM, Bloemfontein, 5747/12: M. Pretorius aan J.L. Pretorius, Refugee Camp, Bloemfontein, 21/1/1902. Maria skryf aan haar pa dat hulle van die oggend tot die aand werk en gevolglik baie moeg is in die aande.

het.[115] Een van die pogings wat krygsgevangenes aangewend het om hulle lewe tydens inkerkering te verbeter, was om dagboek te hou.[116] Rocco de Villiers, 'n krygsgevangene op die Bermuda-eilande, het sy selfopgelegde taak om dagboek te hou as 'n aangename tydverdryf beskryf.[117] Hy het verder besluit om al sy ledige ure tot sy eie voordeel te benut en het vir homself 'n rooster opgestel om sy tyd sinvol te bestee. Hy het onder andere snelskrif bestudeer en Franse klasse bygewoon.[118] Talle krygsgevangenes het hulle tyd op dieselfde wyse verdryf en het onder andere lesse in viool, Duits, Sotho, Geskiedenis, Dierkunde, Internasionale Reg en Rekene gekry.[119] Cornelis Schabort het byvoorbeeld as tydverdryf mooi psalms afgeskryf en 'n stuk oor die Slag van Paardeberg geskryf.[120]

Sommige konsentrasiekampbewoners het net soos die krygsgevangenes dagboek gehou, maar soos reeds in Hoofstuk Twee aangedui, gewoonlik nie met die doel om tyd te verdryf nie, maar om hul lewe en ervaringe in die kampe altyd te kan onthou.[121] Uit die min inligting wat beskikbaar is, wil dit tog voorkom asof sommige konsentrasiekampbewoners, net soos die krysgevangenes, hulle vrye tyd sinvol probeer benut het. In die Pietersburg-konsentrasiekamp het van die volwassenes 'n versoek aan mnr. Fairhurst, die skoolhoof, gerig om in die aand deur hom onderrig te word.[122] Watter vakke onderrig moes word, word nie gemeld nie. Nog 'n voorbeeld is dat een van die

---

115 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, p. 17.

116 H.O. Bluhm, "How did they survive? Mechanisms of defence in Nazi concentration camps", *American Journal of Psychotherapy*, vol. 2, no. 1, Jan. 1948, pp. 3-32.

117 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, p. 17. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 1, 34, 127, 255, 342. Teengs het plek-plek in sierskrif geskryf en sketse gemaak wat beslis moes meegehelp het om sy tyd te verdryf en te oorleef.

118 R. de Villiers, "*Dagboek*" *van Rocco de Villiers*, pp. 17, 69-70.

119 OM, Bloemfontein, 4663/125: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groenpunt, 1ste October 1900. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3688/15: Brief van M. van der Merwe aan sy pa, Diyatalawa, 16.10.1901; OM, Bloemfontein, 4305/78: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Groenpunt, 21.1.1901; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. Van Niekerk*, p. 125; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 163, OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, pp. 22-23; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 236, 288.

120 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 39.

121 A.D.L., *Woman's endurance*, p. 1. Vergelyk K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 2; OM, Bloemfontein, 6455/1: Sarie Roos: Bethulie Koncentratie Kamp, April 1901-Nov. 1902, p. 3; J. Brandt-Van Warmelo, *Het concentratie-kamp van Iréne*, p. 11.

122 Nasionale Argiewe van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, Cd. 902: *Further papers relating to the working of the refugee camps in South Africa (1902)*, p. 96; NASA, Pretoria, DBC: 12: *Director of burgher camps, March 1900-August 1905, Monthley Report 31st October 1901*; J.E. Krugell, "Die Pietersburgse konsentrasiekamp" (M.A.-verhandeling, PU vir CHO, 1988), p. 98.

Britse verpleegsters, me. Keat, met ’n naaldwerkklas wat deur 80 persone bygewoon is, begin het.[123]

8.4.3.2 Sport en spel in die oorlogskampe

Die genoemde spontane vermaak en individuele krygsgevangenes se pogings om hulle tyd positief te benut, was nie voldoende om al die krygsgevangenes fisies en geestelik gesond te hou nie. Menige liggaam en gees het spoedig die nadele van inkerkering gevoel. Gelukkig het leiers in die onderskeie krygsgevangenekampe die gevaartekens van ledigheid raakgesien en het, ter wille van oorlewing, ’n infrastruktuur van “selfregering” geskep. Hieruit het ’n verskeidenheid aktiwiteite voortgespruit.[124] Herbert Everitt, redakteur van die kampkoerant in die Deadwood-kamp, het die gevangenes gewaarsku dat om soos beeste in ’n beeskraal te leef en slegs te eet en slaap, die mens geestelik en liggaamlik aftakel. Everitt het beklemtoon dat gevangenes hulle plig versuim as hulle nie self iets doen om hulle lewe te verbeter en op te vrolik nie.[125] Gevangenes is ook aangemoedig om hulle tyd te benut en hulle op ’n veranderde Suid-Afrika voor te berei deur te studeer of ’n ambag aan te leer.[126]

In die konsentrasiekampe het die omstandighede baie van dié in die krygsgevangenekampe verskil. Anders as in die krygsgevangenekampe, het die volwassenes in die konsentrasiekampe nie self die inisiatief geneem nie – waarskynlik weens ’n gebrek aan tyd, die haglike omstandighede en omdat die vroue nie soveel opleiding as sommige krygsgevangenes gehad het nie. Die opgevoede middelklasmeisies wat wel moontlik die leiding kon neem, het probeer om geld te verdien deur wasgoed te was en naaldwerk te doen of het as verpleegsters en onderwysers gewerk.[127] In die konsentrasiekampe het die inisiatief, in teenstelling met die krygsgevangenekampe, meestal vanuit Britse geledere gekom. Emily Hobhouse het

---

123 NASA, Pretoria, Cd. 893: *Report on the concentration camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War containing reports on the camps in Natal, the Orange River Colony and the Transvaal(1902): Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901*, pp. 206-207; J.E. Krugell, “Die Pietersburgse konsentrasiekamp”, p. 97.

124 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 88.

125 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 88.

126 K. Rood-Coetzee, “Die lief en leed van die bannelinge”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 516.

127 S.E. Duff, “*Faded flowers?* Kinders in die konsentrasiekampe”, A. Grundlingh & B. Nasson (reds), *Die oorlog kom huis toe* ..., p. 158.

byvoorbeeld na afloop van ’n besoek aan die Bloemfontein-konsentrasiekamp haar kommer oor die eentonige en saai kamplewe uitgespreek.[128] Die heer Rowntree het ná ’n besoek aan die Port Elizabeth-konsentrasiekamp ook sy kommer oor die geestelike gesondheid van die gevangenes uitgespreek. Hy skryf dat daar goed voorsiening in die liggaamsbehoeftes gemaak is, maar dat die probleem is om die gees gesond en besig te hou en te keer dat inwoners nie van verdriet wegkwyn in die kamplewe van gedwonge werkloosheid nie.[129]

Aangesien die krygsgevangenes soveel vrye tyd op hande gehad het, het sport en spel ’n belangrike oorlewingsmeganisme tydens hulle tydperk van inkerkering geword. Sport in die krygsgevangenekampe het meegehelp om die verveling, weemoed en verlange teë te werk en ’n groepsgees (*esprit de corps*) te ontwikkel.[130] ’n Groot verskeidenheid sportsoorte is in die onderskeie krygsgevangenekampe beoefen, soos byvoorbeeld rugby, swem, tennis, sokker, krieket, voetbal, gimnastiek, skerm, boks, kegelspel en atletiek.[131] (kyk Foto 8-1).

Die verskeidenheid aktiwiteite was nie net vir die deelnemers ’n oorlewingsmeganisme nie, maar ook vir die duisende toeskouers. H.P. van der Merwe skryf in sy dagboek dat hy elke middag sport gaan kyk het. Gesonde kompetisie het meegewerk om die nie-deelnemende krygsgevangenes se belangstelling te prikkel. Die gepaardgaande humor tydens sommige kompetisies – soos die pyprokers teen die sigaret-rokers en die Ooms

---

128 F.J.G. van der Merwe, “Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning,* jg. 26, nr. 2, 2004, pp. 120-121.

129 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 212.

130 F.J.G. van die Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 88.

131 OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 16. Vergelyk H.H. van Niekerk: *Dagboek van Hugo H. van Niekerk,* pp. 49, 119-120, 132; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, pp. 3-4; OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, pp. 97, 149, 171; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan: Boerekrygsgevangenes 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1992), p. 40; W.A.C. Emmett, “Reminiscences of a Boer prisoner of war at Bermuda”, *Africana Notes and News*, vol. 28, no. 1, March 1988, pp. 18, 20; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 57, 83-84; L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 27, 144; R. de Villiers, “*Dagboek*” *van Rocco de Villiers*, pp. 65, 73; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 108, 111, 184, 190; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 113, 116-117, 157, 213, 233, 250; H.L. van Rooyen, *Ek was ’n krygsgevangene in Indië in 1902* (Senekal, Model-drukkers, 1962), p. 35; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 141, 162; OM, Bloemfontein, 3554/1: Dagboek van F.L. van Biljon, pp. 22, 24; D.J. du Toit, “Mededelings van ’n gewese Boerekrygsgevangene – II: Sport en sportspanne op St. Helena”, *Die Huisgenoot*, 5 April 1946, p. 19.

teen die Zoons – het groot getalle nie-deelnemers laat saamtrek.[132]

Foto 8-1: OM, Bloemfontein, 01471: 'n Sokkerspan in die Ahmednagar-kamp in Indië

Die krygsgevangenes het as 'n verdere tydverdryf 'n verskeidenheid binnenshuise aktiwiteite beoefen soos byvoorbeeld skaak, biljart, kaartspel, bordspele soos dambord en domino's, lees, briefskryf en slaap.[133] Deur vir gereelde ontspanning te sorg, is die moreel van die krygsgevangenes hoog gehou.[134]

In die konsentrasiekampe, daarteenoor, was daar weens 'n gebrek aan vrye tyd en persone om die leiding te neem baie minder georganiseerde aktiwiteite. Daar was dus vir alle praktiese doeleindes geen ontspanningsaktiwiteite vir die vroue en ouer mans

---

132 F.J.G. van der Merwe, Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe..., p. 88. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6102/1: Dagboek van T.J. Curren; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 184; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 16. De Villiers skryf dat die ondersteuners ook in die oorwinnaars se piesangfees gedeel het.

133 OM, Bloemfontein, 4789/3: Dagboek van C. von Maltitz, pp. 49, 148-150, 172. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 192; OM, Bloemfontein, 3079/3: Dagboek van H.P. van der Merwe, pp. 4, 13, 20-22; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 57; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 133, 141.

134 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 27.

nie. Hulle moes self die eentonigheid van hulle ingekerkerde bestaan probeer hanteer.[135] Alhoewel die kampowerhede die belangrikheid van geestelike- en ontspanningsaktiwiteite om die gees en liggaam gesond te hou besef het, het hulle nie volle beheer van dié aktiwiteite geneem nie; inteendeel, hulle het hierdie aspekte van die kamplewe grootliks in die hande van die kampbewoners gelaat.[136]

Volgens herinneringe van vroue kampbewoners blyk dit dat die belewenisse van kinders gewissel het. Volgens M.E. Kilian het konsentrasiekampkinders min tydens hulle tydperk van inkerkering gespeel, aangesien hulle voortdurend bang was, en tekens van onsekerheid getoon het. Wanneer byvoorbeeld moeders hulle kinders met 'n opdrag gestuur het, het hulle so gou moontlik daarmee gemaak en weer by hul moeders gaan sit.[137] Volgens Emily Jansen het die meeste kinders geen speelgoed gehad om mee te speel nie.[138] Sommige kinders het egter wel aan fisieke aktiwiteite deelgeneem wat onder andere voetbal (rugby en sokker), atletiek, krieket, tennis, swem en kroukie ingesluit het.[139] Tipiese kinderspeletjies was ook gewild. Dogtertjies het wel hulle tyd met klippiesgooi, popspeel, touspring, volkspele en tiekiedraai verdryf.[140] Die seuntjies het baie meer speletjies gespeel: voetbal, kennetjie, perdeskoengooi, albaster- en knoopspel, ghoen-gooi, tolgooi, kleilatgooi, oorlogspeletjies, slingervel en om op stelte te loop was onder die seuns gewild.[141] Kinderspeletjies het soms die ingekerkerde lewe vir die kinders veraangenaam. Volgens Jannie Scheepers, wat op

---

135 A. Wohlberg & A. Wessels, "Religion and recreation in the Merebank concentration camp", *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, p. 65.

136 A. Wohlberg & A. Wessels, "Religion and recreation in the Merebank concentration camp", *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, p. 64.

137 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van M.E. Kilian, p. 15.

138 W. Riem Vis, *Tien maanden in een* "*vrouwenkamp*" ..., p. 108.

139 F.J.G. van der Merwe, "Die aard van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 27, nr. 2, 2005, p. 130.

140 A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, konsentrasiekamp-gedenkreeks 1 (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1991), p. 63. Vergelyk VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 6.

141 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van P.E. Kruger, pp. 6-7; herinneringe van P.I. Geyer, p. 16. Vergelyk D.H. van Zyl, *In die konsentrasiekamp* ..., pp. 42-43; A.W.G. Raath & R.M. Louw, *Die konsentrasiekamp te Bethulie* ..., p. 63; J.J. Roodt, "Die Port Elizabethse konsentrasiekamp, 1899-1902" (M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1990), p. 135; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 6.

sesjarige ouderdom saam met sy ma in die Middelburg-konsentrasiekamp was, was dit soms lekker in die kamp as hy saam met sy maats albaster, ghoen-gooi of blikaspaai gespeel het, of as hulle met “Kwien Viktorie” se verjaarsdagfeesvieringe, koek gekry het.[142]

In die konsentrasiekampe het die Britse regering met spesiale geleenthede soos Kersfees, die kroning of verjaarsdag van koning Edward VII, geld vir feestelikhede bewillig.[143] Nie al die kampbewoners het egter hierdie feesgeleenthede bygewoon nie weens hulle bittere gevoelens teenoor die Engelse. Maria Pretorius verseker haar pa in ’n brief dat nie een van sy kinders die feesgeleentheid bygewoon het nie.[144] Van dié sportgeleenthede wat deur die kampowerhede gereël is, skryf Miem Fischer as volg:[145]

> *... die aardigheid sal weer aan ons vyande die geleentheid gee om die nadelige sy van die kampbestaan goed te maak. Natuurlik sal die kiekies wat daarvan geneem word, die wêreld ingaan om die geselligheid en vryheid van die kampbestaan, van al die vroue te bewys.*

Hierdie aktiwiteite het moontlik vir sommige kampbewoners vir kortstondige afleiding gesorg, maar vir die verbitterdes het dit nie die verveling en depressie verlig nie. Die intensiteit van sportbeoefening was nie by alle individue en kampe dieselfde nie, maar dit het waarskynlik wel in ’n mate gehelp om die konsentrasiekampbewoners se oorlogslot te verlig.

Benewens die verskillende aktiwiteite het beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes die voorreg gehad om met parool uit die kamp te gaan. Hierdie uitstappies was nie net gesonde vermaak nie, maar het ook die gevangenes verkwik en

---

142 M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van J. Scheepers, p. 51.

143 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 194. Vergelyk A.W.G. Raath, *Die konsentrasiekamp te Springfontein gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, konsentrasiekamp-gedenkreeks 2 (Bloemfontein, Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1991), p. 162. M.C.E. van Schoor & C.G. Coetzee (samestellers), *Kampkinders 1900-1902* ..., herinneringe van P.E. Kruger, p. 7; OM, Bloemfontein, 5747/8: Brief van M. Meyburg aan J.P.L. Pretorius, Refugee camp, Bloemfontein, 10 Nov. 1901.

144 OM, Bloemfontein, 5747/8: Brief van M. Meyburg aan J.P.L. Pretorius, Refugee camp, Bloemfontein, 10 Nov. 1901.

145 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 103.

'n dag buite die kamp het vir afwisseling in hulle eentonige kamplewe gesorg.[146] Ds. Lückhoff meld dat 'n uur se wandeling in die natuur sy gemoed verlig het, aangesien hy alle gedagtes oor die kamp, siektes, hospitale, die dood en begrafnisse tydelik kon verban.[147]

Hierdie groot aantal aktiwiteite – in 'n meerdere mate in die krygsgevangenekampe – was belangrike oorlewingsmeganismes wat elkeen op sy bepaalde terrein 'n bydrae gelewer het om liggaamlike passiwiteit teë te werk en die gees gesond te hou.[148]

Dis nie net sport en spel wat beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes in staat gestel het om hulle omstandighede beter te verwerk nie, maar ook die kultuuraktiwiteite het 'n opbeurende rol in die gevangenes se lewens gespeel.

8.4.3.3 'n Opbloei in kultuuraktiwiteite

Hoewel beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes aan kultuuraktiwiteite deelgeneem het, was daar 'n groot verskil in skaal en intensiteit. Gedurende die Oorlog het feitlik alle kultuuraktiwiteite in die twee Boererepublieke tot stilstand gekom, maar in die oorsese krygsgevangenekampe was daar veral, en op 'n ongeëwenaarde skaal, 'n opbloei in kultuuraktiwiteite.[149] Volgens 'n oudkrygsgevangene was daar 'n verskeidenheid talente in die kamp wat baie daartoe bygedra het om die krygsgevangenes se eentonige lewe draagliker te maak.[150]

---

146 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 27. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 157; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 49, 58; I.J. Minnaar, "Op St. Helena: Herinneringe van 'n oudkrygsgevangene: Aan boord skip en eerste dae op die eiland", *Die Huisgenoot*, 27 November 1936, p. 99; M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van E.J. Janse van Rensburg, p. 36; E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van J. Kriegler, p. 134; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 24.

147 A.D.L., *Woman's endurance*, p. 55.

148 F.J.G. van der Merwe, "Bepalende faktore met betrekking tot die voorkoms van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 26, nr. 2, 2004, p. 126. Vergelyk P. Zietsman, "The concentration camp schools – beacons of light in the darkness", F. Pretorius (ed.), *Scorched earth* (Cape Town, Human & Rousseau, 2001) , pp. 87, 107-108.

149 F.J.G. van der Merwe, *Sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe*..., p. 88.

150 P.o.W., "Krygsgevangenes op St. Helena", *Die Huisgenoot*, 27 Mei 1932, p. 43.

Gesamentlike sang, veral gewyde liedere, was waarskynlik die mees algemene vorm van ontspanning in die krygsgevangenekampe.[151] Musiek-entoesiaste se ywer het tot gevolg gehad dat kampe soos Shahjahanpur, Deadwood, Ragama en Diyatalawa in sang en musiekuitvoerings uitgetroon het. Werke van Grieg, Beethoven, Mascagni en Schubert is uitgevoer.[152] Tydens spesiale feesvieringe, soos die verjaarsdae van presidente Kruger, Steyn en koningin Wilhelmina en die Nuwejaarsvieringe, is nie net sportbyeenkomste gehou nie, maar ook konserte. Tydens die konserte is daar gesing, gedigte voorgedra en kleiner samesprake, eenbedrywe, langer toneelstukkies en ’n pantomime is geskryf en opgevoer.[153] Volgens Kotze het al die verenigings die lewe van die ingekerkerdes veraangenaam en sang het hulle moed vir die toekoms gegee.[154] Schabort skryf in sy dagboek dat die doel van al hierdie opvoerings was: “to cheer the people a little specially those, that are so down hearted, lowspirited ...”[155]

’n Ander aktiwiteit wat daartoe bygedra het om die krygsgevangenes se lewens draagliker te maak, was die verskeie debatsverenigings. Debatsverenigings het in die kampe gefloreer en menige verdienstelike skryfstuk het in die joernale verskyn.[156] Verskillende onderwerpe is gedebatteer, byvoorbeeld:

> *Moet die doodstraf afgeskaf word?*
>
> *Het die Kolonialers die volle reg om aan die oorlog deel te neem?*[157]

---

151 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 26.

152 K. Rood-Coetzee, “Die lief en leed van die bannelinge”, J.H. Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 519-521; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 16.

153 OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, pp. 113-114, 174-175, 179-184, 217. Vergelyk L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 151; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 106-109; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 83, 132; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 28.

154 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 74, 77.

155 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 57. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 114. De Graaf was ook van mening dat die musiek ’n baie groot rol gespeel het om die krygsgevangenes op te beur.

156 P.o.W., “Krygsgevangenes op St. Helena”, *Die Huisgenoot*, 27 Mei 1932, p. 43. Vergelyk C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 65; C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 71; J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena* ..., p. 81; OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 41; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 78.

157 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 65.

Wat is sterker: liefde of plig?[158]

Volgens P.H.C. Pohl het die debatslewe daartoe bygedra om hulle ingekerkerde bestaan minder eentonig te maak en het dit ook as teenvoeter teen verveling en heimwee gedien.[159] H. de Graaf beklemtoon in sy dagboek dat die debatsverenigings nie net bygedra het om die krygsgevangenes te vermaak, op te beur en die eentonige kamplewe te verlig nie, maar dat dit naas die skole een van die nuttigste instellings tydens hulle ingekerkerde bestaan was. Die debatte was volgens hom 'n leerskool; dit het die krygsgevangenes tot nadenke en ondersoek gestem; dit het jong Afrikaners gevorm om 'n nuttige plek in die na-oorlogse Suid-Afrika in te neem.[160]

'n Verdere besonder gewilde en vormende kultuuraktiwiteit in die onderskeie krysgevangenekampe was die uitgee van verskeie kampkoerante, soos *Kamp Kruimels*, *De Krijgsgevangene*, *Burt's Trumpet*, *De Strever*, *De Prikkeldraad*, *Diyatalawa Dum-Dum* en *The Skyview Parrot*.[161] Die doel van die kampkoerante was om 'n paar uur se plesier aan die krygsgevangenes te verskaf[162] en om die verveling en dadeloosheid van die kamplewe te verdryf.[163]

Die kulturele aktiwiteite in die krygsgevangekampe was dus talryk en het 'n groot rol in die geestelike en psigologiese welsyn van die krygsgevangenes gespeel. In teenstelling met die krygsgevangenekampe, was daar baie minder kulturele aktiwiteite in die konsentrasiekampe – dit was eintlik nie deel van hulle daaglikse oorlewingskrisis nie.

Die daaglikse lewe in die konsentrasiekampe het wel nie net uit werk, skool, die versorging van siekes en godsdienstige aktiwiteite bestaan nie – veral nie teen die einde van hulle gevangenskap nie. Die eentonige roetine van 'n ingekerkerde bestaan is af en toe deur ontspanningsaktiwiteite onderbreek. Sommige gevangenes het by 'n

---

158 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 119.

159 P.H.C. Pohl, "Boerekrygsgevangenes in Indië: Ons protesteer – en word weggestuur", *Die Huisgenoot*, 6 Januarie 1950, p. 38.

160 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 181, 184, 186-188.

161 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 48-49. Vergelyk C.R. Kotzé, *My ballingskap: St.Helena*, p. 82; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 255-256; OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 17; E.J. Conradie, "De Krijgsgevangene", *Die Huisgenoot*, 8 Januarie 1932, p. 27; P.o.W., "Krygsgevangenes op St. Helena", *Die Huisgenoot*, 27 Mei 1932, p. 43.

162 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 151.

163 S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 257.

koor aangesluit.[164] Sangklasse is bygewoon[165] en die gevangenes het ook aan georganiseerde konserte deelgeneem.[166] Meer formele konserte het koorsang, klavieruitvoerings, sang en voordragte ingesluit.[167] Nuwejaarsdag in die Kroonstad-konsentrasiekamp het ook uit die vuis vermaak opgelewer. Vrywilligers het voordragte gelewer en musiek-items het sangduette, viool- en orrelspel ingesluit.[168] Hierdie konserte was baie gewild onder die kampbewoners. Volgens J. Kriegler is daar ’n konsert in die Merebank-konsentrasiekamp se skoolsaal gehou. Sy skryf dat, aangesien die gevangenes so daarna verlang het om musiek te hoor, hulle mekaar amper by die deur vertrap het. Daar was slegs vir ’n kwart van die mense staanplek, maar tog het almal gebly – selfs al moes hulle buite die tent staan.[169] Die Theron-gesin het hulle ou klavier by hulle in die kamp gehad. Me. Theron het gereeld haar liedere geoefen en dit was ’n aardigheid in die kamp.[170] Hoewel op ’n baie kleiner skaal as in die krygsgevangenekampe, is daar tog op verskillende wyses geprobeer om die geestestoestand van die konsentrasiekampbewoners te verbeter. In die Kroonstad-konsentrasiekamp het ’n Britse orkes elke Donderdagmiddag, tot vermaak van die kampbewoners, musiek gemaak.[171] In die Pietermaritzburg-konsentrasiekamp het enkele vroue probeer om die kinders op te beur deur op Kersdag ’n geskenkie aan elke kind te gee en op Oujaarsdag het dié vroue die aand deur die kamp gestap en by elke tent liedere gesing.[172]

---

164 OM, Bloemfontein, geen nommer: Brief van L. Rossouw aan ’n vriend, “Refugee”-kamp, Kroonstad, 2 Febr. 1902.

165 OM, Bloemfontein, 4150/29: Brief van L. Diedericks aan A. Diedericks, Springfontein, 15 Oct. 1901. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 262.

166 OM, Bloemfontein, 6344/56: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 4th Jan. 1902. Vergelyk E. Neethling, *Mag ons vergeet*?, herinneringe van J. Kriegler, p. 135.

167 A. Wohlberg & A. Wessels, “Religion and recreation in the Merebank concentration camp”, *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, pp. 60-61.

168 OM, Bloemfontein, 6344/56: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 4th Jan. 1902.

169 E. Wessels & A.W.G. Raath (samestellers), *Onthou!* ..., herinneringe van J. Kriegler, p. 178. Vergelyk A. Wohlberg & A. Wessels, “Religion and recreation in the Merebank concentration camp”, *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, pp. 60-61.

170 OM, Bloemfontein, 6344/57: Brief van L. Theron aan haar broer, Women’s Camp, Ladysmith, 18 Febr. 1902.

171 OM, Bloemfontein, 6344/: Brief van L. Rossouw aan L. Theron, Refugee Camp, Kroonstad, 6th Nov. 1901.

172 J. Rijksen-Van Helsdingen, *Vrouweleed: Persoonlike ondervindingen in de Boereoorlog*, 2de uitgawe (Pretoria, De Bussy, 1918), pp. 148-149, 152.

In krygsgevangenekampe was daar geen gebrek aan kultuuraktiwiteite nie en tesame met al die sportaktiwiteite was dit ’n teenvoeter vir verlange en verveling. Hoewel daar baie minder kulturele aktiwiteite in die konsentrasiekampe plaasgevind het, het dit tydelike ontvlugting weg van die werklikhede van die kamplewe gebied. Nie al die krygsgevangenes was gemoeid met sport- en kultuuraktiwiteite nie. Talle het hulle met handwerk besig gehou om die tyd te verwyl.

8.4.3.4 Handwerk as oorlewingsmeganisme

Benewens die gewone roetinewerk om vir die kos te sorg en klere en komberse te was en te herstel, was die doen van handwerk ’n belangrike oorlewingsmeganisme vir talle krygsgevangenes.[173]

Volgens H.H. van Niekerk het die krygsgevangenes hulleself reeds in die Groenpunt-kamp met die maak van allerlei kunswerkies besig gehou. Hy skryf dat presidente Kruger en Steyn se gesigte op klip uitgesny is en dat die Vrystaatse vlag uit ou posseëls gemaak is.[174] Hierdie tipe handwerk is later in byna al die krygsgevangekampe beoefen. Met verloop van tyd is die kragte en vermoëns van al hoe meer krygsgevangenes ingespan om kunstige voorwerpe en dit van ’n verbasende hoë standaard, te maak.[175] Waar sommige krygsgevangenes hulle tyd aanvanklik in ledigheid deurgebring het, was ’n hele kamp mettertyd, van die oggend tot die aand, besig om kuriositeite te maak.[176]

Die sakmes was die vernaamste gereedskapstuk. Verder is die magdom kuriositeite met uiters eenvoudige, selfgemaakte gereedskap soos bore, beitels, sagies, skawe en draaibanke gemaak, terwyl enige denkbare materiaal gebruik is.[177] Die gevangenes het ’n verstommende hoeveelheid artikels soos ringe, penstele, slaaimesse en -vurke, servetringe, borsspelde, kelkies, eierkelkies, kissies met inlegwerk daarop, swepe,

---

173 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 35. Vergelyk H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, p. 36; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 100.

174 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 96.

175 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 58. Vergelyk S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 276.

176 J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 49. Vergelyk C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 58.

177 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 39. Vergelyk J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 48-50; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 38; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, p. 106.

wandelstokke, modelletjies van perdekarre, ossewaens en die kanonne wat aan Boerekant gebruik is, gemaak.[178] Met hierdie artikels het die krygsgevangenes uitdrukking aan hulle onuitgesproke heimwee, verlange, liefde vir en hunkering na al dié dinge wat hulle in hulle vaderland agtergelaat het, gegee.[179]

Bouwerke in die verskillende kampe, soos byvoorbeeld huisies,[180] sale en kerke[181] het talle gevangenes besig gehou en hulle geestelik opgebeur. Hierdie bouery en gewerskaf het ’n belangrike rol in die krygsgevangenes se ontvlugting aan hulle spanning en swaarmoedigheid gespeel.[182] Volgens H. de Graaf het die bouery ’n groot verandering in hulle eentonige lewe meegebring want dit het aan baie krygsgevangenes ’n werklus gegee sodat hulle die swaar ’n bietjie kon vergeet en die moedeloosheid tydelik kon afgeskud (kyk Foto 8-2). Meer as een het ’n deuntjie gefluit of die volksliedere begin sing terwyl hulle gewerk het.[183] Dié werkery het nuwe lewe in ’n kamp gebring, die aandag van die gedurige gepeins en gemymer oor die verloop van die Oorlog en die onsekere lot van die agtergeblewenes op die plase afgelei.[184]

Diegene wat hulle nie met die vervaardiging van artikels besig gehou het nie, het weer in ander behoeftes van die krygsgevangenes voorsien. Voorbeelde hiervan is die verskillende besighede wat hulle deure in die onderskeie krygsgevangenekampe geopen het. C.P. Pretorius het op ’n stadium 32 winkeltjies in Diyatalawa getel.[185] Daar

---

178 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, pp. 51-52. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 91, 128; H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, pp. 49, 96; H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 36, 57; OM, Bloemfontein, 4528/8: Dagboek van J. Teengs, p. 104; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 39, 47; OM, Bloemfontein, 4203/35: Dagboek van P.H.H. Fick, p. 236; C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 38.

179 C. Groenewald, *Bannelinge oor die oseaan* ..., p. 38. Vergelyk S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 283.

180 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 47; H. de Graaf: *Boere op St. Helena*, pp. 31-32.

181 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 48.

182 S.P.R. Oosthuizen, “Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...”, p. 290.

183 H. de Graaf, *Boere op St. Helena*, pp. 31-32. Vergelyk *St. Helena Guardian*, 17/05/1900. Volgens die berig het krygsgevangenes graag buite die kamp gewerk omdat dit afwisseling van hulle eentonige lewe in die kamp gebring het.

184 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 62.

185 OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 46, 72.

was onder andere koffiewinkels, pannekoekstalletjies, barbiers, fotograwe, kleremakers, skoenmakers, bakkers, wassers en strykers.[186]

Foto 8-2: OM, Bloemfontein, 02566: Blikkiesdorp in die Deadwood-krygsgevangenekamp op St. Helena

Ongeag beperkte tyd en geleenthede het die konsentrasiekampbewoners ook enkele artikels as tydverdryf gemaak en verkoop. Uit die enkele gegewens beskikbaar, wil dit egter voorkom asof hierdie tydverdryf nooit deur die meerderheid vroue beoefen is nie en dit het ook nie tot ’n soort tuisnywerheid ontwikkel soos wat dit in die krygsgevangenekampe die geval was nie. Miem Fischer skryf in haar dagboek dat sy ’n kleihond van ’n sekere me. Van der Walt uit die Vrystaat ontvang het. Fischer het self ook ’n kleihond gemaak wat sy na die kampkommandant, Bousfield, vernoem het.[187] Sommige inwoners het ook potte, panne, ornamente en krale van klei gemaak.[188] Daar

---

186 H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., p. 64. Vergelyk L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, pp. 26, 138; J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 128.

187 M.A. Fischer, *Kampdagboek* ..., p. 110.

188 A. Wohlberg & A. Wessels, “Religion and recreation in the Merebank concentration camp”, *South African Journal of Cultural History*, vol. 16, no. 2, November 2002, p. 60.

is ook in ander kampe voorwerpe van klei gemaak, soos honde, hoenders, potte en bakkies.[189]

In vergelyking met die krygsgevangenes, het die vroue in die konsentrasiekampe baie minder handwerk gedoen, maar dit het waarskynlik tog gehelp om die tyd te verdryf en die kamplewe draagliker te maak.

Oppervlakkig beoordeel en ook vir die oningeligte mag dit voorkom asof die krygsgevangenes in vergelyking met die konsentrasiekampbewoners 'n aangename tyd in die kampe gehad het. Al die aktiwiteite het die krygsgevangenes egter wel gehelp om die beste van 'n baie slegte saak te maak.[190] Hoewel die konsentrasiekampbewoners aan minder aktiwiteite deelgeneem het, het dit ook die eentonigheid en swaarkry van die konsentrasiekamplewe verbreek.[191]

8.4.4 Geloof as oorlewingsmeganisme

Oor die belangrikheid van geloof as oorlewingsmeganisme het E.A. Cohen na afloop van die Tweede Wêreldoorlog tot die volgende gevolgtrekking gekom:[192]

> *... we see in camp that anyone in whose life there are certain religious bonds, manages to recover the most quickly, after initial stupor. If a prisoner found himself unable to bear the reality of life in a camp, he found in his spiritual life a possibility of escape that cannot easily be overestimated – an escape into regions of the mind.*

---

189 P. Marais, *Die vrou in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, J.P. van der Walt, 1999), p. 97.

190 F.J.G. van de Merwe, "Sport in Ruhleben: 'n Toonbeeld van oorlewing in krygsgevangeskap", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 35, nr. 1, 2013, p. 177. Vergelyk OM, Bloemfontein, 1493/1: Herinneringskrif van J. de Villiers, p. 17. De Villiers skryf dat hulle probeer het om 'n alledaagse lewe te lei, maar dit het maar 'n prisonierslewe gebly; B.J. Davison, "Forechecking in captivity ...", p. 17.

191 F.J.G. van der Merwe, "Die aard van sport en spele in die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning*, jg. 27, nr. 2, 2005, p. 138.

192 E.A. Cohen, *Human behaviour in the concentration camp* {translated from the Dutch by M.H. Braaksma}, (London, H.J. Paris, 1953), pp. 148-149. Vergelyk J.L.Griffith, *Religion that heals, religion that harms: A guide for clinical practice* (New York, NY, Guilford Press, 2010), p. 13.

Geloof, godsdiens en persoonlike geloofsoortuigings is dus positiewe faktore wat tot die psigiese veerkragtigheid van gevangenes in situasies van erge lyding en ontwrigting bydra.

Sekerlik die belangrikste oorlewingsmeganisme wat kenmerkend van beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners tydens hulle inkerkering was, was hulle diepe godsdienssin en geloof.[193]

Oor die rol wat die krygsgevangenes se geloof en godsdiens in hulle aanpassing en oorlewing in die kampe gespeel het, laat J.N. Brink, 'n krygsgevangene in die Diyatalawa-kamp, hom soos volg uit:[194]

> *Wij spraken van den moedigen strijder, die ook met taai geduld kan dragen en dulden. Wat geeft hem die wonderbare lijdsaamheid? Hoe kan de man, die in zijn vrijheid zoo bedrijvig en actief was, thans maanden van werkeloosheid met stille berusting verdragen? Wat houdt hem staande zoodat zijn hart niet verteerd wordt, en zijn gestel niet verkwijnt? Het is de godsdienst, het is de kracht des geloofs ...*

Godsdiens en geloof het onmisbaar bygedra tot gevangenes se psigiese veerkragtigheid. Ook J.A. Hassell beskou die onvernietigbaarheid van die Afrikaner se gees as 'n regstreekse uitvloeisel van hulle geloof.[195]

Emily Hobhouse het dieselfde sienswyse omtrent die Afrikanervrou gehuldig. Sy skryf dat die meerderheid Afrikanervroue hulle ongekende beproewinge met 'n stille heldhaftigheid verduur het weens die diepte van hulle godsdienstige oortuigings.[196]

Dit is opvallend dat beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners tydens hulle inkerkering hulle godsdiens bly beoefen het. Nie alleen het hulle die

---

193 OM, Bloemfontein, 5747/16: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, Bloemvonteyn, 1902 Febrieary 14. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4305/44: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Diyatalawa Kamp, 28 Aug. 1901, Hut 67; OM, Bloemfontein, 4305/46: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Diyatalawa, Hut 67, 18.9.1901; OM, Bloemfontein, 5690/92: Brief van J.C. Erasmus aan E.P. Erasmus, Hut 56, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 17/10/1901; OM, Bloemfontein, 4663/18: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Bethulie camp, 25 Feb. 1902.

194 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 149.

195 J.A. Hassell, *The Boer concentration camps of Bermuda* (New York, J.A. Hassell, 1903), p. 13.

196 E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., p. 386.

godsdiensoefeninge, bidure en katkisasieklasse bygewoon nie, maar hulle het ook daagliks in hulle tente gesamentlike godsdiens gehou.[197] Die Bybel het natuurlik 'n baie belangrike rol in die oorlogskampbewoners se uitlewing van hulle geloof gespeel.[198] Die daaglikse lees van hulle Bybel en die opsê van Bybeltekste of Psalmversies het hulle gehelp om 'n lewe van inkerkering te hanteer. Op 10 Oktober 1900, skryf Hugo van Niekerk dat hy sy Bybel al twee keer deurgelees het.[199] Wanneer die krygsgevangenes slegte nuus ontvang het, het hulle die hele dag lank psalms gesing,[200] terwyl Alie Badenhorst dieselfde Bybelversie oor en oor herhaal het.[201]

Naas die vertroosting wat die Woord van God aan die oorlogskampbewoners gebied het, was gebed 'n belangrike oorlewingsmeganisme vir die gevangenes.[202] Hulle het in die krag van gebed geglo. Die oorlogskampbewoners het nie net vir hulle geliefdes gebid nie, maar het hulle ook bemoedig om aan die voete van die Here te bly en in gebed te volhard.[203] Hulle het ook vir hulle geliefdes om voorbidding gevra om al die beproewinge te kan dra. In 'n brief op 15 Oktober 1901, versoek me. G. Pretorius haar man om tog in sy gebede aan hulle te dink, maar ook aan al die moeders wat hulle kinders hospitaal toe moet neem om daar verpleeg te word.[204] M. du Toit skryf ná die

---

197 OM, Bloemfontein, 5592/14: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 19 Jan. 1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4150/29: Brief van L. Diedericks aan A. Diedericks, Springfontein, 15 Oct. 1901; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., pp. 251, 291; A.D.L., *Woman's endurance*, pp. 42-43; VAB, Bloemfontein, A-248: Dagboek van G.E.S. Grobbelaar, p. 73; OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 27, 41, 50; H. Scholtemeijer, *Die balling oor die see* ..., pp. 27-28; J.A. van Blerk, *Op die Bermudas beland* ..., p. 100.

198 P.G.R. de Villiers, Tranquillity in the face of death: Calvinist spirituality in war,uir.unisa.ac.za/xmlui, p. 9.

199 H.H. van Niekerk, *Dagboek van Hugo H. van Niekerk*, p. 95.

200 L.C. Ruijssenaers, *Krijgsgevangenschap van L.C. Ruijssenaers 1899-1902*, p. 126.

201 A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 292. Vergelyk M.M. Postma (samesteller), *Stemme uit die vrouekampe* ..., herinneringe van G.W. Joubert, p. 43; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 21; OM, Bloemfontein, 4663/74: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 22/10/99.

202 C.R. Kotzé, *My ballingskap: St. Helena*, p. 69. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5592/14: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 19 Jan. 1902; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 251.

203 OM, Bloemfontein, 5747/3: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, 15 Oct. 1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4663/122: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, St. Helena, de 3 Febriari 1901; OM, Bloemfontein, 6252/12: Brief van Anna aan haar broer, Refugee Camp, 15/5/02;OM, Bloemfontein, 5960/9: Brief van J.A.C. Erasmus aan J.C. Erasmus, S.S. Armenian, Simons stat, den 12 my 1901; OM, Bloemfontein, 5747/18: Brief van J.P.L. Pretorius aan G. Pretorius, Ahmednagar, Hut 7, India, Bombay, 12.5.1902; OM, Bloemfontein, geen nommer, Brief van L Rossouw aan Oomie, Refugee Camp, Kroonstad, 15 Oct. 1901; OM, Bloemfontein, 6252/21: Brief van A.S. Viljoen aan Mat, Morgans Eiland, 11.4.02.

204 OM, Bloemfontein, 5747/3: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Kamp, 15 Oct. 1901.Vergelyk OM, Bloemfontein, 5747: Brief van G. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, 22/10/01.

dood van hulle twee kinders aan haar man om tog baie vir haar te bid: "... vergeet niet voor my te bidden om geduld en tevredenheid."[205]

'n Belangrike en uitstaande kenmerk van die oorlogskampbewoners se geloof was hulle geloof in God se voorsienigheid. Hulle het geglo dat God oor die lewe van gelowiges beskik en daarom het hulle God se hand in al die gebeure gesien.[206] Die geloofsoortuiging dat die almagtige God met sy wil oor die lot van elke mens beskik, het sterk in die oorlogskampe voorgekom. Beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes kon dus die trauma van hulle inkerkering verwerk vanweë hulle geloof in God as die beskikker van hulle lewenslot.[207] Ná die plundering van hulle plaas, skryf Rensche van der Walt in haar dagboek dat hulle tevrede is, want die Here het 'n ander doel met hulle waarvan hulle nog nie weet nie en dat hulle hul lewe bedink en beplan het, maar uiteindelik is God die beskikker daarvan.[208]

Die oorlogskampbewoners het nie net geglo dat God die beskikker van hulle lewenslot is nie; hulle het ook geglo dat niks buite God se toelatende wil gebeur nie, Sy wil is goed, Sy weë is ondeurgrondelik[209] en dit wat God doen, is altyd tot hulle beswil.[210]

---

205 OM, Bloemfontein, 5592/13: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 2den Nov. 1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5592/17: Brief van M. du Toit aan haar man, Aliwals Kamp, 5de Maart 1902; OM, Bloemfontein, 5592/19: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 1ste Mei 1902.

206 P.G.R. de Villiers, Tranquillity in the face of death: Calvinist spirituality in war, uir.unisa.ac.za/xmlui, p.7.

207 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 148. Vergelyk E. Hobhouse, *Die smarte van die oorlog* ..., pp. 251, 386; OM, Bloemfontein, 4663/72: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Petrusburg, November 1899.

208 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 3. Vergelyk OM, Bloemfontein, 4150/16: Brief van J. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Morija B Basutuland, Feb. 18 1902: OM, Bloemfontein, 5747/21: Brief van M. Pretorius aan J.P.L. Pretorius, Refugee Camp, Bloemfontein, 2/5/1902; OM, Bloemfontein, 4305/30: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Stoom skip "City of Cambridge", 5.5.1901.

209 OM, Bloemfontein, 4150/14: Brief van H. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Kolo Dee, 5th 1901. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344/51: Brief van Gerty aan Lottie, Refugee Camp Winburg, Sep. 4 1901; S.J. Burger, *Oorlogsjoernaal van S.J. Burger 1899-1902*, pp. 113, 127.

210 K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, pp. 13, 17, 19, 31. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, pp. 22, 44, 134; A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 253; OM, Bloemfontein, 4305/30: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Stoom skip, "City of Cambridge, 5.5.1901; OM, Bloemfontein, 5592/8: Brief van F.M.A. du Toit aan G.S. du Toit, Belle Vue Kamp, Simonstad, 9 February 1902; OM, Bloemfontein, 6344/50: Brief van Nettie aan me. Theron, Refugee Camp, Harrismith, Sept. 1.1901; OM, Bloemfontein, 4663/64: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Petrusburg, 6/12/99; OM, Bloemfontein, 4663/72: Brief van B. Erasmus aan P.A. Venter, Petrusburg, November 1899; OM, Bloemfontein, 4663/124: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Bavarian, 23ste Janiari 1901.

Aansluitend hierby het die oorlogskampbewoners ook geglo dat God hulle beskermer is en hulle nooit sal verlaat nie.[211] Vanuit Shahjahanpur skryf Pieter Dippenaar aan sy suster dat daar geen familie saam met hom in die kamp is nie, maar hy verseker haar dat hy nie alleen is nie, want God is met hom en ondersteun hom met Sy regterhand.[212]

Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se Christelike geloof in die ewige lewe het hulle die krag gegee om, ten spyte van al die ontberinge, siektes en sterftes, hulle inkerkering te deurstaan. Die ewige lewe het vir die oorlogskampbewoners die vereniging met hulle geliefdes beteken en daarom het die oorlogskampbewoners ná die dood van dierbares nie getreur soos mense wat geen hoop het nie.[213] Die gevangenes is ook deur hulle geloofsoortuiging versterk en vertroos dat, al sou hulle mekaar nie weer op aarde sien nie, hulle mekaar wel in die hemel sal sien – verenig by God.[214]

Beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners was verder oortuig dat God sy kinders louter – selfs deur die verskriklike lyding wat deur die Oorlog en hulle inkerkering meegebring is. Dié oortuiging het vir hulle innerlike krag en vrede gegee om hulle inkerkering met geduld en lydsaamheid te verduur en te hanteer.[215] Oortuig van hierdie feit het beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes die

---

211 OM, Bloemfontein, 4305/44: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Diyatalawa Kamp, 28 Aug. 1901, Hut 67. Vergelyk OM, Bloemfontein, 3688/7: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, Krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 24/3/1902; OM, Bloemfontein, 5592/15: Brief van M. du Toit aan haar man, Kamp, 3de Feb. 1902; OM, Bloemfontein, 6252/12: Brief van Anna aan haar broer, Refugee Camp, Bloemfontein, 15/5/1902; OM, Bloemfontein, 4150/11: Brief van K. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Haltwhistle, 1ste Maart 1901; OM, Bloemfontein, 4663/53: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Pompfontein, 07/06/1900; OM, Bloemfontein, 4663/124: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Bavarian, 23ste Janiari 1901.

212 OM, Bloemfontein, 3688/5: Brief van P. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Shahjahanpur, 4 October 1902, Indië.

213 OM, Bloemfontein, 3688/7: Brief van S. Dippenaar aan C.G.S. Dippenaar, Hut 21, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 24/3/1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 5592/8: Brief van F.M.A. du Toit aan G.S. du Toit, Belle Vue Kamp, Simonstad, 9de February 1902; OM, Bloemfontein, 6252/21: Brief van A.S. Viljoen aan Mat, Morgans Eiland, 11.4. 02.

214 OM, Bloemfontein, 3688/18: Brief van P. Dippenaar aan J. Dippenaar, Shahjahanpur, Boer Camp, India, 21ste January 1902. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6344/51: Brief van Gerty aan Lottie, Refugee Camp, Winburg, Sep. 4. 1901; OM, Bloemfontein, 4150/4: Brief van J. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Mafeking, Sept. 7. 01; OM, Bloemfontein, 4150/19: Brief van K. Diedericks aan A.Diedericks, Morija, 17 April 1902.

215 OM, Bloemfontein, 4663/51: Brief van C.M.A. Venter aan P.A. Venter, Rustplaats, 3/5/1900. Vergelyk A. Badenhorst, *Tant Alie van Transvaal* ..., p. 340; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, pp. 20, 25; S.P.R. Oosthuizen, "Die beheer, behandeling en lewe van die krygsgevangenes ...", p. 328.

geestelike waarde van hulle inkerkering besef.[216] C. Schabort skryf in sy dagboek dat, alhoewel die inkerkering baie erg was, hy God daarvoor dank en, skryf hy verder, "... that all this long period of sorrow and sadness has done me simply a world of blessings."[217]

Die dagboeke en briewe van beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes openbaar hulle geloofskrag en hoe dit hulle gehelp het om geestelik te oorleef en sin van hulle inkerkering te maak.

8.5 Samevatting

Uit kampdagboeke, herinneringskrifte en kampbriewe wat bestudeer is, blyk dit dat beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners erge emosionele en psigiese trauma tydens hulle aanhouding in kampe beleef het. Die gevangenes se belewing van trauma stem ooreen met Curt Bondy se waarnemings soos aangetoon in Hoofstuk Twee. Bondy het bevind dat dit bykans onmoontlik vir enige mens is om sonder geestelike letsels uit 'n tydperk van internering te kom.

In beide die krygsgevangene- en die konsentrasiekampe was verskeie faktore soos die gevangenes se isolasie, die verlies aan erkenning en sosiale status, onsekerheid in die algemeen en ook die duur van hulle internering voldoende om psigies 'n vernietigende uitwerking op die gevangenes te hê. Uit die briewe en dagboeke waarna daar in Hoofstuk Agt verwys is, is voorbeelde geïdentifiseer waarin konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se onvergenoegdheid met 'n ingekerkerde lewensbestaan sigbaar is. Voorbeelde hiervan is reaksies van moedeloosheid, depressie, skuldgevoelens, angs, hartseer, kranksinnigheid, haat en bitterheid.

---

216 J.N. Brink, *Ceylon en de bannelingen*, p. 149. Vergelyk OM, Bloemfontein, 6024/1: Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 27, 70-72, 98; J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena* ... pp. 35, 56; OM, Bloemfontein, 4305/57: Brief van F.N. Joubert aan sy vrou, Ceylon, Hut 67, krijgsgevangenen-kamp, Diyatalawa, 7 Nov. 1901; OM, Bloemfontein, 4150/4: Brief van J. Diedericks aan A. & R. Diedericks, Mafeking, Sept. 7. 1901; OM, Bloemfontein, 4663/132: Brief van P.A. Venter aan C.M.A. Venter, Groenpunt, 20ste Augus, 1900.

217 OM, Bloemfontein, 6675/3: Dagboek van C. Schabort, p. 44. Vergelyk J. Louw (samesteller), *Ds. A.F. Louw op St. Helena* ..., p. 83; OM, Bloemfontein, 5774/1: Herinneringe en briewe van D.W. Steyn, pp. 24, 27; K. Hamman (samesteller), *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*, p. 55.

Nóg die krygsgevangenes, nóg die konsentrasiekampbewoners was egter tot so ’n mate ontwrig dat hulle nie met hulle lewens kon voortgaan nie. Hulle het ’n merkwaardige veerkragtigheid in reaksie op die trauma van inkerkering getoon. Faktore wat onder meer in ’n mindere of meerdere mate tot beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se veerkragtigheid bygedra het en die strategieë wat die gevangenes aangewend het om die teenslae van internering te bowe te kom, is hulle vermoë om hulle sin vir humor te behou, hulle deelname aan talle aktiwiteite, onderskraging deur familie en vriende, morele krag, hulle diepe godsdienssin wat hulle gehelp het om sin te maak uit ’n lewe van inkerkering en natuurlik hulle vermoë om hierdie inkerkering as ’n geleentheid tot persoonlike en geestelike groei te bejeën.

Tot welke mate alle ingekerkerde aktiwiteite, uitinge en belewenisse van oorlogskampbewoners geëvalueer kan word as vergelykend tot mekaar, uniek in die geskiedenis en verbandhoudend tot vorige studies, word in Hoofstuk Nege aangebied.

Hoofstuk 9: Oorlogsinkerkering tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog, 1899-1902: Terugskouend en vergelykend

Gedurende Oktober 1901 was daar 118 408 Boerevroue, -kinders en bejaardes in aanhouding in die konsentrasiekampe en nagenoeg 27 000 tot 34 359 krygsgevangenes is gedurende die Oorlog ingekerker. Beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners het hulle aanhouding, ongeag die aard daarvan, op fisieke asook op geestelike gebied as bykans vernietigend beleef. Desnieteenstaande het beide die groepe gevangenes merkwaardig op dié traumatiese gebeure gereageer – met geestelike veerkragtigheid op grond van hulle geloof.

9.1 Die kamplewe beleef as allerverskrikliks

Tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog is die meerderheid Afrikanerfamilies in die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat binne die bestek van enkele maande met radikale veranderinge en geweldige ontwrigting gekonfronteer wat hulle daaglikse lewe betref.

Die verskroeideaardebeleid en die inkerkering in oorlogskampe het diep letsels op die Afrikaner se lewe gelaat. Die uitbrand en afbrand van al hulle besittings en die uitwissing van veestapels het welgestelde, gegoede en ook gewone Boeregesinne wat voorheen genoeg gehad het aan wat vir hulle bestaan nodig was, skielik brandarm en behoeftig gelaat. Tonele van plundering en verwoesting het hulle gereeld in die twee Boererepublieke afgespeel. Die lyding en vernedering wat hierdie plundering en verwoesting meegebring het, het ’n vrugbare teelaarde vir Afrikaners se patriotisme en haat teen “die Engelse” geskep. Uit die dagboeke en beëdigde verklarings blyk dit dat beide die groepe gevangenes se lyding begin het met hulle gedwonge wegvoering na die kampe. Daar was in die meerderheid gevalle nie genoegsame voorrade vir die lang en uitputtende togte na die kampe nie, met die gevolg dat die gevangenes soms dae lank sonder voldoende water, kos, was- en toiletgeriewe moes klaarkom. Hierdie ritte, tesame met die gespot en uitjouery op stasies en in dorpe was vir beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes ’n uiters vernederende en ontstellende ervaring.

Hoewel die krygsgevangenes nie onder dieselfde swak omstandighede as die vroue en kinders aangehou is nie, was die toestande in hulle kampe ook ongunstig en het hulle net soos die konsentrasiekampbewoners hul inkerkering as onhoudbaar beleef. In die kampe is beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes met ’n vreemde en vyandige omgewing en lewenswyse gekonfronteer. Die kamplewe was uiters ontwrigtend: daar was swak huisvestingsgeriewe, oorbevolking, gebrek aan privaatheid, totaal ontoereikende en ongesonde rantsoene en ellendige en onhigiëniese lewensomstandighede. Die gevangenes moes dit en veel meer beproewinge beleef en leer verwerk.

Dit blyk duidelik uit die dagboeke, herinneringskrifte en beëdigde verklarings dat albei die groepe gevangenes (kyk na Hoofstuk Drie) wat voor die Oorlog relatiewe welvaart geniet en in behoorlike geboude en toegeruste huise gewoon het, die behuising in die kampe as ontwrigtend en bykans onhoudbaar beleef het. Die tente in die konsentrasie- en sommige krygsgevangenekampe het nie voldoende beskutting teen erge hitte, bittere koue, reën en wind gebied nie, aangesien die seile dun en later verslete was. Die verskil is dat die meerderheid konsentrasiekampbewoners se fisieke ontwrigting en lyding vererger is weens ’n gebrek aan meublement, voldoende klerasie en beddegoed. Die karige beddegoed wat hulle wel gehad het, het op die grond in die stof of nattigheid gelê.

In die studie is daar ook uiteengesit hoe beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes die samedromming en opeenhoping van die gevangenes in tente en hutte as ondraaglik beleef het. Voor die uitbreek van die Oorlog was die Afrikaner se bestaan meestal landelik van aard. Hulle het yl verspreid en oor lang afstande van mekaar in redelike afsondering gewoon (kyk na Hoofstuk Drie). Die gebrek aan lewensruimte in die kampe en die bedompige, oorvol tente of hutte is deur beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes as onaangenaam, onhoudbaar en ook skadelik vir liggaam en gees beleef. Dit was verder moontlik om uit die bronne vas te stel dat ongerief, gebrek aan privaatheid en stilte ’n direkte gevolg van die oorbevolking van die uiters gebrekkige huisvestingsfasiliteite was. Vir die Afrikaner wat gewoond was aan ruimte, privaatheid en ’n vrye, onafhanklike bestaan, was dié toestande onhoudbaar.

Uit die dagboeke, herinneringskrifte, briewe en beëdigde verklarings blyk dit verder dat die een aspek van ’n ingekerkerde bestaan wat die oorlogskampgevangenes die meeste gegrief het, gebrekkige voedselvoorsiening was. Die Boeregesin was gewoond aan ’n dieet wat uit ’n verskeidenheid voedselsoorte bestaan het, soos vleis, melk, botter, eiers, groente en vrugte. Die gevangenes het hulle gebrekkige, eentonige en ongesonde dieet wat slegs uit sout, suiker, koffie, vleis en meel of brood bestaan het, as uiters ongesond en onaanvaarbaar beleef. Hierdie dieet was onvoldoende en van swak gehalte, met die gevolg dat die gevangenes ’n stryd gehad het om aan die lewe te bly – veral die konsentrasiekampkinders vir wie die dieet glad nie geskik was nie. Talle sterftes was die gevolg van chroniese siektes wat met wanvoeding verband gehou het – waaronder liggaamlike verswakking,verhongering en diarree.

Die bronnemateriaal dui onteenseglik daarop dat die vroue in die konsentrasiekampe, in teenstelling met die krygsgevangenes, se fisieke ontwrigting vererger is deur ongerieflike en ontoereikende kosmaakgeriewe, brandstof- en vuurmaakbeperkinge en swak sanitêre geriewe. Die dagboeke weerspieël baie duidelik dat die voorbereiding van kos op oop vure voor hulle tente – en dit in alle weersomstandighede – vir die vroue ’n bittere beproewing was. ’n Algemene gebrek aan vuurmaakhout en onvoldoende watervoorsiening het die vroue se ontwrigting en lyding vererger. Besoedelde water en onhigiëniese toiletgeriewe het hulle kamplewe onhoudbaar gemaak. In hierdie ontoereikende omstandighede en ongesonde omgewing het aansteeklike siektes gefloreer en verswakte gevangenes het infeksies soos masels, witseerkeel, waterpokkies, longontsteking, buikloop en maagkoors opgedoen. Hierdie fisieke ontwrigting het ook langtermyn gesondheidsprobleme tot gevolg gehad.

Die kamp-ervaringe het ewe veel psigiese en liggaamlike trauma meegebring. Die dood van duisende gevangenes het tot onuitspreeklike verdriet gelei en die gevangenes sou lewenslank die geestelike letsels van die verlies van geliefdes dra. Die pyn en lyding van hierdie fisiek-ontwrigtende kamplewe, veral vir die konsentrasiekampbewoners, kan en mag nie ontken word nie.

9.2 Die sielkundige impak die ergste

’n Lewe in ’n ingekerkerde gemeenskap het wat die geestelike betref, baie hoë eise aan

beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes gestel. As ’n mens fyn tussen die reëls van die kampdagboeke en -briewe lees, is die psigologiese effek van beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners se ingekerkerde gemeenskapslewe duidelik sigbaar. Dit stem ooreen met C. Bondy se bevinding (kyk na Hoofstuk Agt) dat dit vir enige krygsgevangene en konsentrasiekampbewoner bykans onmoontlik is om sonder enige psigologiese skade uit ’n tydperk van inkerkering te kom.

Dit was weer eens moontlik om uit die dagboeke, briewe en herinneringskrifte van gevangenes ’n aantal aspekte van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe uit te lig wat tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog geestelik ’n vernietigende uitwerking op beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners gehad het. Hierdie faktore is in ooreenstemming met faktore aangedui deur navorsers soos L. Eitinger, J. Segal, E.J. Hunter & Z. Segal en W.A. Lunden (kyk na Hoofstuk Agt). Eerstens het beide groepe gevangenes die nuwe, vreemde lewe van inkerkering as uiters onaangenaam beleef vanweë hulle afsondering van geliefdes, hulle gedwonge verwydering uit hulle bekende omgewing, die vreemde lewenswyse in die kampe, asook pogings om hulle van kultuur te laat verander en hulle ontwrigte sosiale lewe.

Soos aangetoon (vergelyk Hoofstukke Drie en Vyf) was dié skeiding van geliefdes vir die Afrikaners wat baie nou met hulle mede-Afrikaners, hulle gesinne en familielede saamgeleef het en wie se lewens met mekaar, hulle huise en hulle grond vervleg was, die totale vernietiging van hulle ideaal van ’n vreedsame bestaan. Gevolglik het beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners die wrede ingryping deur ’n genadelose vyand in hulle daaglikse bestaan as een van die moeilikste aspekte van hulle ingekerkerde bestaan beleef. Daar moet beklemtoon word dat, hoewel die fisieke ontwrigting van hulle inkerkering erge lyding, siektes en talle sterftes tot gevolg gehad het, beide groepe gevangenes volgens hulle dagboeke en briewe hierdie skeiding van familie- en gesinslede en vriende as een van die aspekte uitgesonder het wat hulle ingekerkerde gemeenskapslewe bykans ondraaglik gemaak het.

Weens die omstandighede in die onderskeie kampe (kyk na Hoofstuk Vier), het beide die krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners hulle baie oor die lot van familie- en gesinslede bekommer. Op stuk van sake was alles rakende hulle dierbares vir hulle

onbekend. Die gerugte wat gedurig in omloop was, het veral tot geestelike spanning, uiterste bekommernis en swartgalligheid gelei. Hierdie skeiding van familie- en gesinslede het noodwendig intense verlange na en hoop op nuus van geliefdes en die verloop van die Oorlog meegebring. Hoewel geykte inleidings, afsluitings en ’n soort formalisme in sommige briewe voorkom, word die gevangenes se verlange na hulle geliefdes in hul briewe weerspieël.

Alhoewel die oorlogskampbewoners – en dan veral die krygsgevangenes – troos daarin probeer vind het dat geen nuus goeie nuus is, het die gebrek aan nuus ongetwyfeld daartoe bygedra dat beide groepe die ongevraagde lewe van gedwonge en meedoënlose inkerkering as selfs nog meer onhoudbaar beleef het. ’n Gebrek aan nuus en pos vanweë die opskorting van die posdienste; die vertraging van die pos of pos wat nie op die bestemde tyd uitgedeel is nie, het volgens albei groepe se dagboekinskrywings (vergelyk Hoofstuk Vyf) ’n enorme impak op hulle lewens gehad. Die gebrek aan pos het tot angs en depressie gelei en het die krygsgevangenes in die oorsese kampe laat voel of hulle totaal van hulle dierbares en hulle geliefde vaderland afgesny was. Die streng sensorering van briewe het so baie inligting uit briewe gehaal dat daar bitter min oor was om te lees. Hierdie “skending” van hulle briewe het tot groot ontevredenheid en ongelukkigheid onder die oorlogskampbewoners gelei. Dit was egter veral vir die krygsgevangenes wat met soveel verwagting uitgesien het na ’n brief van ’n geliefde, ’n eindelose bron van frustrasie.

Vir gevangenes wat vir maande lank geen tyding van hulle geliefdes ontvang het nie, het die bekommernis by tye onhoudbaar geword. Gevalle waar gevangenes kranksinnig geword het, is weliswaar gerapporteer. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die krygsgevangenes se verlange na nuus van hulle geliefdes waarskynlik baie groter as dié van die konsentrasiekampbewoners was vanweë hulle bekommernis oor hulle vroue en kinders se lot in die kampe.

’n Belangrike verskil is dat hierdie afsondering baie ledige ure vir die krygsgevangenes meegebring het, aangesien hulle nie naastenby soveel dagtake as die konsentrasiekampvroue gehad het nie. Inskrywings in dagboeke (vergelyk Hoofstuk Agt) wys daarop dat ledigheid ’n negatiewe uitwerking op gevangenes se

gemoedstoestand gehad het en tot geweldige neerslagtigheid en depressie aanleiding gegee het.

Beide die groepe gevangenes se dagboekinskrywings getuig van hulle verlies aan erkenning en van enige sosiale status hoegenaamd as negatiewe aspekte van die kamplewe wat erge psigiese gevolge vir hulle ingehou het. Dit is in ooreenstemming met C. Bondy se bevindinge (vergelyk Hoofstuk Agt). Hierdie gebrek aan erkenning en verlies van sosiale status het tot intense haat en bitterheid jeens die Engelse en verraaiers uit Boergeledere gelei wat nog lank ná die Oorlog voortgeduur het.

Een van die oorheersende emosies wat in beide groepe se dagboeke en briewe na vore kom, is dié van onsekerheid. Daar was onsekerheid oor die moontlike tydsduur van die Oorlog en van hulle gevangenskap, oor wat na afloop van die Oorlog op hulle sou wag, asook onsekerheid oor waar geliefdes hulle bevind het en wat hulle lot was. ’n Belangrike verskil is egter dat die krygsgevangenes se onsekerheid oor hulle geliefdes se lot waarskynlik baie groter was as dié van die konsentrasiekampbewoners. Die krygsgevangenes was deeglik bewus van die vernietiging van al hulle eiendom en die verskriklike ellende in die konsentrasiekampe en gevolglik het hulle kommer oor hul geliefdes se lot in die konsentrasiekampe hulle geestelik uitgemergel. As ’n mens tussen die reëls van briewe en dagboeke lees, blyk dit dat albei die groepe gevangenes dikwels deur moedeloosheid, depressie, hartseer, angs, wanhoop, skuldgevoelens, haat en bitterheid oorval is. Hierby kan ’n mens die duisende sterftes van meestal klein kindertjies voeg wat onuitspreeklike verdriet meegebring het.

Ook vir die kinders het die belewing van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe ewe veel psigologiese en fisieke trauma meegebring. Die haglike omstandighede, siektes en sterftes kon nie van hulle weerhou word nie.

9.3 Psigiese veerkragtigheid in reaksie op die trauma van inkerkering

Die fokus ná 1902 (vergelyk Hoofstukke Een en Twee) op die konsentrasiekampe en die gevangenes se geweldige lyding daar het tot gevolg gehad dat hulle feitlik uitsluitlik as slagoffers beskou is. Dit blyk egter meer as ’n eeu later uit die dagboeke, briewe en herinneringskrifte dat die Boerevroue in die kampe nie maar net weerlose en hulpelose

slagoffers was nie en dat die krygsgevangenes nie net ’n “lekker” lewe in die kampe gehad het nie. Verder blyk dit ook duidelik uit die bronnemateriaal dat die meerderheid van die gevangenes nie deur die effek van trauma in die kampe lamgelê is nie. Die meerderheid krygsgevangenes en konsentrasiekampbewoners het ’n merkwaardige veerkragtigheid aan die dag gelê in reaksie op die moeilike omstandighede, die trauma, tragedie, bedreigings en terugslae tydens inkerkering. Hierdie vermoë van beide groepe gevangenes om op konstruktiewe maniere met stres om te gaan, het wel afgehang van hulle innerlike krag en vermoëns, maar ook van eksterne hulpbronne soos ondersteuningsisteme soos byvoorbeeld dié van familie- en gesinslede en vriende, asook hulle onwrikbare geloof en standvastige kultuur (vergelyk Hoofstuk Drie).

Die gevangenes het uiteraard verskillend op die trauma van inkerkering gereageer. Vir sommige konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes was die gekluisterdheid ten opsigte van hulle innerlike welstand dikwels net te oorweldigend en was pogings om te ontsnap deel van ’n wyse van psigiese ontvlugting. Albei groepe gevangenes se dryfveer om te ontsnap blyk duidelik uit hulle dagboeke en herinneringskrifte (vergelyk Hoofstuk Ses). Sommige gevangenes het ’n lewe van inkerkering van meet af aan as onhoudbaar beleef. Hulle isolasie en die verlies van hulle vryheid, gepaardgaande met onsekerheid oor die lot van geliefdes en die moontlike duur van hulle gevangenskap, fisieke ontberinge en ontwrigting, verveling, asook patriotime, het sommige gevangenes aangespoor om te probeer ontsnap. Hierdie gevangenes kon hulle nie met hulle lot versoen nie en hulle wou net eenvoudig van die frustrasie en ellende van inkerkering bevry wees. Daar was gevolglik diegene wat inderdaad die gevolge van inkerkering probeer oorkom het deur hulle nie deur die vyand se veiligheidsmaatreëls en selfs deur lewensgevaar te laat stuit nie.

Die krygsgevangenes, net soos die konsentrasiekampbewoners, het hulleself in die ontwrigtende, ingekerkerde gemeenskapslewe laat geld en met vindingryke planne het hulle die fisieke impak van hulle inkerkering probeer versag. Albei die groepe het konstruktiewe maniere gevind om die stresvolle gevolge van hulle swak en gebrekkige skuiling teen die genadelose elemente teen te werk. ’n Goeie voorbeeld van die vroue se vindingrykheid is dat die bewoners wat oor meer komberse beskik het, hulle tente aan die binnekant met komberse uitgevoer het om die inwoners en veral kleiner kinders

teen die natuurlike elemente te beskerm. Ander het elke skeurtjie in die tentseile met ou klere probeer toestop en het slote met walle om die tent gegrawe in ’n poging om die water te probeer uithou. Om die stresvolle gevolge van oorbevolking en die totale gebrek aan privaatheid teen te werk, het die vroue ’n laken probeer hang of hulle trommels opgestapel om afskortings tussen hulle en hulle mede-tentbewoners te bewerkstellig. Op St. Helena het talle krygsgevangenes snags buite geslaap of selfs hulle eie blyplekkies opgerig. Die krygsgevangenes se veerkragtigheid word ook weerspieël deur die feit dat sommige van hulle selfs – ten spyte van totaal ontoereikende geriewe – ’n huislike atmosfeer probeer skep het.

Albei die groepe gevangenes het ook allerhande vindingryke take en werkies verrig, omdat geld dit moontlik gemaak het om hulle karige rantsoene aan te vul. Sommige vroue het uit desperaatheid by die slagplek derms en afval gaan probeer optel, terwyl die krygsgevangenes op allerlei vindingryke maniere die kos smaakliker en meer verteerbaar probeer maak het deur byvoorbeeld ’n pap van die harde beskuit te maak of geblikte vleis met vars vleis te meng. Benewens hierdie vindingryke planne, het beide groepe ook by talle geleenthede die kampowerhede uitgedaag en protes teen hulle swak behandeling en die onvoldoende en ongesonde dieet aangeteken.

Met ’n ondempbare geestesveerkragtigheid het die vroue ook hulle tekort aan voldoende vuurmaakhout en water probeer oorkom deur vuurmaakgoed te gaan soek – van beesmis tot ou skoene en droë skaapkoppe. Om meer water te kry, is daar byvoorbeeld vir elke kind ’n emmertjie uit ’n groot stroop- of konfytblik gemaak waarin hulle ook water na die tente toe moes help aandra.

Uit die voorafgaande navorsingsresultate blyk dit duidelik dat, alhoewel beide die konsentrasiekampbewoners en die krygsgevangenes die fisieke ontwrigting van ’n ingekerkerde lewe as onhoudbaar ervaar het, hulle wel in eie reg opgetree en beheer geneem het ongeag hulle bedenklike lewensomstandighede.

Die veerkragtige gevangenes het ook verskeie strategieë aangewend om die stresvolle gevolge van die skeiding van familie- en gesinslede te hanteer. Beide die groepe het hulle tot briefwisseling as enigste kommunikasiemiddel gewend. Selfs diegene wat normaalweg nie briefskrywers was nie, het waarskynlik nou begin skryf. Op dié wyse

het beide groepe gevangenes aan hulle intense verlange na geliefdes uiting probeer gee, die afstand tussen hulle en hulle geliefdes probeer oorbrug en hulle verhoudings en kontak met familie-, gesinslede en vriende in stand probeer hou. ’n Brief was vir die krygsgevangenes in die oorsese kampe hulle enigste kontak met hulle gesinne se ingrypende anderse sosiale en ruimtelike omgewing.

’n Verdere bepaalde ooreenkoms is dat beide groepe gevangenes ook sover moontlik foto's van hulleself laat neem en dit aan geliefdes gestuur het. Foto's het hulle gehelp om tyd en afstand te oorbrug en waarskynlik herinneringe te vestig en verdere ontwrigting van gesinsbande teen te werk. Die foto's en briewe is sorgvuldig gebêre en, wanneer die verlange na geliefdes te erg geword het, is briewe weer en weer gelees en is daar herhaaldelik na die foto's gekyk. Beide groepe het deur briefwisseling en die stuur van foto's mekaar aangemoedig om ’n veerkragtige innerlike te ontwikkel wat kon help om teenspoed en verlies op ’n konstruktiewe wyse te verwerk en te deurstaan.

Nie net het die gevangenes soveel as moontlik aan geliefdes probeer skryf nie, maar hulle het ook die sensors op vindingryke wyse probeer omseil – van die skryf van nuus in suurlemoensap of onder seëls tot die gebruik van metafore (vergelyk Hoofstuk Vyf). Verder het die gevangenes, net soos in die geval van posstukke, die reëls probeer omseil en op die een of ander manier verbode koerante in die hande probeer kry om te lees. Afgesien van geloof, was familie- en gesinslede die grootste bron van onderskraging vir die oorlogskampbewoners.

Uit die bronnemateriaal kom ’n verdere verrassende reaksie op die haglike en veeleisende omstandighede vanweë die verskroeideaardebeleid, brandstigting en hulle ingekerkerde bestaan na vore. Sodanige faktore het by beide groepe gevangenes ’n gemeenskaplike standvastigheid, vaderlandsliefde, patriotisme en die wil om onafhanklik van Brittanje te bly, versterk. Ten spyte van die ellende en swaarkry wat sowel liggaam as gees beproef het, het die meerderheid gevangenes se volksliefde deurentyd standvastig gebly. Buitestaanders was selfs van mening dat patriotisme die sterkste in die Boerevroue se harte gebrand het en dat hulle onverbiddelik in hulle aandrang was dat hulle mans en seuns vir hulle onafhanklikheid moes voortveg (vergelyk Hoofstuk Sewe).

Die meerderheid gevangenes het nie hulle eie belange bo dié van die volk gestel nie. Hulle was onwrikbaar in hulle oortuiging dat die burgers moes aanhou veg, terwyl hulle bereid was om hulle inkerkering nog langer te verduur. Uit die dagboeke van die gevangenes blyk dit baie duidelik dat die meerderheid oorlogskampbewoners ook vasberade was om niks tydens inkerkering te doen wat die Boere se saak enigsins skade kon berokken nie. Daarom het die lojale Boerevroue nie onder die druk van die kampowerhede geswig om hulle mans tot oorgawe oor te haal nie. Ook pogings deur die Britsgesinde en die Britse militêre owerheid om die lojale krygsgevangenes tot die aflê van die eed van getrouheid oor te haal, het weinig gevangenes mislei.

Soos daar in Hoofstuk Sewe aangedui is, het die Afrikaner se geneigdheid om hulle Christelike en politieke identiteit met mekaar te vereenselwig by beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners ’n bereidwilligheid geskep om hulle bittere bestaan van inkerkering met lydsaamheid te verduur. Volgens ’n gevangene in die Broadbottom-krygsgevangenekamp, sou ontrouheid nie net verraad teenoor die Boere se saak wees nie, maar dit sou ook ’n daad van ongeloof wees. Hierdie sienswyse het van die meerderheid oorlogskampbewoners “bittereinders” in die kampe gemaak. Hulle sou trou bly ten spyte van die geweldige lewensverlies en die allerhaglikste omstandighede. Hulle liefde vir en trou aan die Republieke het die meerderheid oorlogskampbewoners in staat gestel om hulle inkerkering so lank as nodig te verwerk en te verduur.

Beide die groepe se patriotiese gevoelens blyk ook uit hulle viering van die twee Boererepublieke se nasionale feesdae. In die krygsgevangenekampe is onder andere die twee presidente se verjaarsdae, Amajuba-dag, die onafhanklikheidsdag van die Republiek van die Oranje-Vrystaat en Dingaansdag gevier. Hierdie feesvieringe is deur godsdiensoefening, toesprake, sportbyeenkomste en konserte gekenmerk. Die toesprake, gedigte en konserte was ’n weerspieëling van die krygsgevangenes se liefde vir en trou aan die Republieke en terselfdertyd het die feesvieringe ’n vaderlandsliefde by die krygsgevangenes opgewek. Die konsentrasiekampbewoners het ook van die feesdae gevier, maar die verskil is dat dié feesvieringe weens omstandighede en toestande in die kampe met baie minder feestelikhede gepaard gegaan het. Dié beskeie feesvieringe beteken egter nie dat hulle minder patrioties was nie; inteendeel, die

Boerevroue was tot aan die einde van die Oorlog die grootste en getrouste voorstanders van die stryd. Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se vertoon van die Republikeinse vlae en die sing van volksliedere was ook ’n uitvloeisel van hulle patriotiese gevoelens en liefde vir die Republieke.

Beide die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se vermoë om in weerwil van die trauma van inkerkering daagliks voort te gaan, was nie net tekenend van hulle innerlike krag en vermoëns of godsdienssin nie, maar ook van hulle liefde en trou aan die Boererepublieke. Hulle liefde en trou was immers die hooffaktore wat tot hulle veerkragtigheid bygedra het.

Die krygsgevangenes se veerkragtigheid blyk verder uit hulle vermoë om ’n geleentheid raak te sien – selfs onder die allermoeilikste omstandighede – asook om traumatiese gebeure as ’n geleentheid vir persoonlike groei te sien. Die krygsgevangenes, met die tyd tot hulle beskikking en die aanwesigheid van verskeie leiersfigure, het debatte en besprekings oor onafhanklikheid, die versterking van Afrikanernasionalisme en die opbou van die Afrikaner en die twee Boererepublieke ná afloop van die Oorlog gehou. In die Deadwood-krygsgevangenekamp is selfs *De Zuid-Afrikaansche Nationale Beschermings-Vereniging* gestig met die uitsluitlike doel om die vooruitgang en ontwikkeling van die Afrikaner, politieke eenheid en opvoeding en onderwys te verbeter.

Privaatskooltjies het in beide die krygsgevangene- en konsentrasiekampe tot stand gekom danksy die versiendheid van patriotiese leiers, predikante en oud-onderwysers met die uitsluitlike doel om die kinders en ook volwassenes tot waardige burgers van die twee Republieke te ontwikkel en om hulle terselfdertyd voor te berei op die nuwe en vreemde omstandighede wat op hulle gewag het met hulle “tuiskoms”. In die konsentrasiekampe was die privaatskooltjies se bestaan egter van korte duur, aangesien die Britse owerheid regeringskole in die kampe gestig het om die Afrikanerkinders ten gunste van die Britse saak te beïnvloed. Kampdagboeke toon dat kampskole inderdaad een van die min ligpunte in beide krygsgevangene- en konsentrasiekampe was. Dit het ’n belangrike rol gespeel om die kinders en selfs ook volwassenes se ledige ure te vul. Talle kinders en ook krygsgevangenes het ’n bietjie skoolopleiding ontvang wat hulle andersins nie beskore sou wees nie. Die skole het

hulle positief besig gehou en die aandag van al die ellende van hulle inkerkering weggeneem en hulle vir ’n “nuwe lewe” na afloop van die Oorlog toegerus.

Soos deurgaans aangetoon is, weerspieël die dagboeke, briewe, beëdigde verklarings en herinneringskrifte nie net die oorlogskampgevangenes se fisieke en geestelike ontwrigting en lyding nie, maar dit weerspieël inderdaad ook hulle merkwaardige geestesveerkragtigheid in reaksie op die traumatiese gebeure. Beide groepe het die uitwerking van trauma ervaar, maar hulle is nie daardeur lamgelê nie. Albei die groepe het verskeie uiteenlopende maniere gevind om die stresvolle gevolge van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe te verwerk en dit sin te laat maak desnieteenstaande hulle ingekerkerde bestaan.

Die gawe van humor was een van die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se wapens in hulle oorlewingstryd. Hulle dagboeke en herinneringskrifte is vol voorbeelde van gesonde humorsin en insidente wat hulle self geskep het. Kommandant Eloff en medekrygsgevangenes se ontsnapping uit Fort High Knoll en hulle aanmelding die volgende dag by die tronk se voordeur is maar een van talle voorbeelde van die Boere se humorsin en dit bevestig V.E. Frankl, L. Henman en S. Swart se bevindinge dat humor een van die menslike gees se wapens in ’n oorlewingstryd is. Humor het ontvlugting van die onaangename werklikheid gebied; dit was ’n manier was om terug te veg en beheer te neem; dit het die oorlogskampbewoners gehelp om die voortdurende spanning van inkerkering te hanteer en die gevangenes met hulle fyn humorsin het hulle selfvertroue behou en hulle vyand, die Engelse, bespotlik gemaak (kyk na Hoofstuk Agt).

Die krygsgevangenes wat egter geen vorm van vertroosting kon vind nie, was meer geneig tot swaarmoedigheid en depressie. Nietemin was daar talle aktiwiteite wat gehelp het om hulle wanhoop te verlig, hulle aandag af te trek en ontvlugting te bied van ’n eentonige lewe. Sommige het dagboeke bygehou of gestudeer, ander het aan sport en spele en kultuuraktiwiteite deelgeneem, konserte geniet, gelees, handwerk gedoen of besighede bedryf.

Uit die dagboeke blyk dit dat daar ’n verskeidenheid sportsoorte beoefen is – van rugby tot boks en gimnastiek – wat ’n betekenisvolle rol in die krygsgevangenes se kamplewe

gespeel het. Dit het nie net die gevangenes gesond gehou nie, maar het verveling teengewerk en hulle moraal help bou. Hierdie bevinding stem ooreen met die navorsing en bevindinge deur B.J. Davison oor die rol van sport in drie Duitse kampe tydens die Tweede Wêreldoorlog en dié van F.J.G. van der Merwe oor sport en spel in die Boerekrygsgevangenekampe. Die krygsgevangenes het as ’n verdere tydverdryf aan ’n verskeidenheid binnenshuise aktiwiteite deelgeneem, soos byvoorbeeld skaak, kaartspel en bordspele. Hierdie aktiwiteite was nie net vir die deelnemers en toeskouers gesonde vermaak nie, maar dit het ook tot hulle geestelike behoud bygedra. Bykomend tot die sport het ander aktiwiteite soos koorsang, debatte, konserte en koerante ’n groot rol in die gevangenes se geestelike welsyn gespeel. Diegene wat nie veel sin in al dié aktiwiteite gesien het nie, het handwerk beoefen en die bedryf van besighede het gehelp om hulle wanhoop te verlig, hulle aandag van die negatiewe aspekte af te lei en hulle geestelik op te beur.

’n Belangrike verskil volgens die dagboeke, briewe en beëdigde verklarings van die konsentrasiekampbewoners is dat daar, in teenstelling met die krygsgevangenekampe, van ledigheid en verveling geen sprake was nie vanweë al hulle verpligtinge en dagtake. Die lewensomstandighede in die konsentrasiekampe en die kampbewoners se geestelike ingesteldheid het gevolglik ’n beperkende invloed op die gevangenes se sport- en spelkultuur gehad. Eers nadat kamptoestande aan die begin van 1902 begin verbeter het, het ledigheid ook vir hulle ’n probleem geword. Sport- en kulturele aktiwiteite is wel later in die konsentrasiekampe beoefen, al was dit meer op die kinders gerig en al was die intensiteit daarvan nie by al die individue en kampe dieselfde nie. Die kinders het ’n bietjie krieket en rugby gespeel, terwyl tipiese kinderspeletjies in die kampe baie gewild was. Die vroue het by kore aangesluit en die enkele konserte graag bygewoon. Hoewel daar baie minder ontspanningsaktiwiteite in die konsentrasiekampe was, het dit waarskynlik meegehelp om die eentonigheid van hulle kamplewe te verdryf en hulle moraal hoog te hou. Verder was daar wel sommige inwoners wat voorwerpe uit klei gemaak het. Dié handwerk het skynbaar nooit tot ’n soort tuisnywerheid ontwikkel soos wat in die krygsgevangenekampe die geval was nie, maar tog het die klein groepie vroue waarskynlik geestelik by hulle aktiwiteite gebaat.

Die beoefening van so ’n groot verskeidenheid aktiwiteite in die krygsgevangenekampe mag die indruk versterk dat ’n lewe van inkerkering nie so traumaties vir hulle was nie, maar dit was beslis nie die geval nie. Daar moet beklemtoon word dat hierdie verskeidenheid aktiwiteite moontlike kortstondige ontvlugting van die kampwerklikhede meegebring het. Die krygsgevangenes moes egter steeds ’n skrale dieet, verlies van vryheid en opeenhoping van mense, ’n gebrek aan privaatheid en stilte verduur, terwyl ledigheid, verlange na en bekommernis oor geliefdes soos ’n kanker aan hulle gevreet het.

Die geleentheid om die kamp vir ’n paar uur te verlaat, het aan albei groepe gevangenes welkome afwisseling van hulle eentonige en neerdrukkende kamplewe gebied. Die paar uur buite die kamp het hulle verkwik en hulle tydelik van hulle ellende laat vergeet.

Uit die briewe en dagboeke wat gedurende een van die mees vernietigende oorloë van die moderne tyd geskryf is, blyk dit dat die konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes se diepe godsdienssin en geloof hulle belangrikste oorlewings-meganisme was. Die meerderheid gevangenes se geloof het tot hulle psigiese veerkragtigheid bygedra en het ’n buffer gevorm wat beide die krygsgevangenes en die konsentrasiekampbewoners gehelp het om geestelik en fisies te oorleef in hulle situasie van erge ontwrigting en intense lyding. Die gevangenes se geloofsoortuiging dat God die beskikker van hulle lewenslot is, dat niks buite Sy wil gebeur nie en dat dit wat God doen tot hulle beswil is, het hulle in hulle lot laat berus en dié geloofsoortuiginge het hulle gehelp om sin te maak uit hulle inkerkering. Die gelowige gevangenes se oortuiging dat hulle krag van God kom, het tot hulle veerkragtige reaksie bygedra ten opsigte van die ellende en lyding en ontwrigting van ’n ingekerkerde gemeenskapslewe. Oor die belangrikheid van geloof as oorlewingsmeganisme stem die studie se navorsingsresultate ooreen met E.A. Cohen se bevindinge ná die Tweede Wêreldoorlog (kyk na Hoofstuk Agt). Hulle ingekerkerde gemeenskapslewe was vir die groot massa konsentrasiekampbewoners en krygsgevangenes ’n tydperk van geestelike verryking, soos onomstootlik uit hulle briewe en dagboeke bewys kan word. Die gevangenes se veerkragtigheid blyk ook uit hulle vermoë om hulle tydperk van inkerkering as ’n geleentheid tot persoonlike ontwikkeling en groei te beskou.

Hierdie verskeidenheid aktiwiteite (hoewel in mindere mate in die konsentrasiekampe) waaronder uitstappies, skoolbywoning en die gevangenes se sin vir humor, hulle diepe godsdienssin en hulle daaglikse godsdiensbeoefening was belangrike oorlewingsmeganismes in hulle hantering van ’n ingekerkerde lewe en dit het in meerdere of mindere mate tot hulle geestesgesondheid bygedra, hulle moraal gebou en afwisseling in hulle eentonige en troostelose ingekerkerde gemeenskapslewe gebring.

Was die gevangenes in konsentrasiekampe slegs slagoffers? Het die krygsgevangenes ’n gemakliker lewe in hulle kampe gelei? Beslis nie, volgens die oorlogskampgevangenes se dagboeke, briewe, herinneringskrifte en beëdigde verklarings nie. Die bronnemateriaal toon aan hoedat hulle, ten spyte van tallose verskrikkinge, angste, ontwrigting, ontberinge en verliese vanweë ’n ingekerkerde gemeenskapslewe, desnieteenstaande lewensmoed, geloof, durf, lojaliteit en hoop – ’n buitengewone geestesveerkragtigheid – aan die dag gelê het.

9.4 Betekenis, leemtes en waarde

